# DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP DIE VERWESTERSINGSPROSES BY DIE SWART ADOLESSENT

deur

CHRISTOFFEL CARSTENS

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

in die vak

SIELKUNDE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF H G VILJOEN

JANUARIE 1995

## *DANKBETUIGINGS*

*'n Besondere woord van dank en waardering word aan die volgende persone gerig:*

*My promotor, Prof H G Viljoen, vir sy besondere bekwame leiding, begrip en geduld. Sy professionele inslag en aanbevelings en uiters noukeurige beredenering was baie waardevol.*

*Dr P F Erasmus vir die inisiëring van hierdie ondersoek, vir bekwame, geduldige en inspirerende wyse waarop hy rigting en leiding gegee het. Sonder sy voortdurende aanmoediging, begrip en insig en onbaatsugtige hulp te alle tye, sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie.*

*Prof M Greenacre vir sy deskundige advies en hulp met die statistiese verwerking van die gegewens.*

*Suzette Grobbelaar vir haar netjiese en afgeronde tikwerk en persoonlike belangstelling.*

*My vrou Hanlie vir haar begrip, offervaardigheid, motivering en volgehoue aansporing.*

*Kollegas, vriende en familie vir hul hulp, belangstelling en aanmoediging.*

*Dank en eer aan my Skepper vir onverdiende seëninge.*

# OPSOMMING

## DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP DIE VERWESTERSINGSPROSES BY DIE SWART ADOLESSENT

Hierdie studie ondersoek die invloed van opvoedkundige televisie op 'n groep Swart adolessente onder omstandighede van versnelde verwestersing.

Die Swart adolessent word onder meer daardeur gekenmerk dat hy, in teenstelling met sy Blanke eweknie, aan beïnvloeding deur twee breë kultuurstrome blootgestel is, te wete:

(a) tradisionele kulture wat deel uitmaak van sy persoonlike lewe in Afrika; en

(b) die Westers georiënteerde (Blanke) kultuur wat veral in die stedelike omgewing die oorheersende lewenswyse uitmaak.

'n Kenmerk van die stedelike (Westerse) kultuur in die RSA is die dinamiese aard daarvan, wat versnelde verandering binne die Westerse leefwyse impliseer. Hierdie verandering is dikwels op die politieke, sosiale en ekonomiese terrein radikaal van aard en stel hoë aanpassingseise aan die verwestersende Swart adolessent. Die gevolg is dat die Swart adolessent in sy aanraking met die Westerse leefwyse gelyktydig aan sowel 'n kultuur- as toekomsskok blootgestel word.

'n Eksperimentele en kontrolegroep Swart adolessente is met die TAT-Z getoets. Hiema is die eksperimentele groep vir 'n tydperk van ses maande aan 'n reeks Westerse opvoedkundige televisieprogramme blootgestel. Die programme het bepaalde Westerse waardes, norme en gebruike gereflekteer. Die kontrolegroep is nie aan die televisieprogramme blootgestel nie.

Na verloop van ses maande is albei weer met die TAT-Z getoets. Die voor- en na-toetsresultate is vir ooreenkomste en verskille vergelyk. Betekenisvolle kwantitatiewe en kwalitatiewe veranderinge wat ingetree het, is oorweeg en bespreek aan die hand van 'n model vir verwestersing wat as deel van die ondersoek se teoretiese onderbou saamgestel is.

Die resultate het veral op die volgende gedui:

(a) Betekenisvolle verskuiwings het veral by die eksperimentele groep se persoonlikheidsareas van selfbeeld en houding teenoor/verhouding tot outoriteitsfigure ingetree.

(b) Kultuurverandering is nie 'n toestand nie, maar 'n proses. Dit is nie noodwendig 'n een- of tweerigtingproses nie, maar kan onder sekere omstandighede ook manifesteer as 'n rigtinglose proses op soek na 'n rigting.

(c) Blootstelling aan opvoedkundige televisieprogramme lei nie onvermydelik tot versnelde verwestersing nie. Sodanige blootstelling kan selfs die teenoorgestelde uitwerking tot gevolg hê, dit wil sê regressie in die rigting van 'n versterking van tradisionele gedrag.

## SUMMARY

## THE EFFECTS OF TELEVISION ON THE PROCESS OF WESTERNISATION AMONG BLACK ADOLESCENTS

This study investigates the effects of educational television on a group of Black adolescents under conditions of accelerated westernisation.

The Black adolescent - in sharp contrast to his White counterpart - is exposed to two broad cultural streams of influence, namely:

(a) traditional cultures which form part and parcel of his personal African existence, and

(b) Western-orientated (White) culture, which is the dominant way of life, especially in the urban areas.

Urban (Western) culture in the RSA is in essence dynamic, accelerated change being an integral part of its nature. This change is often of a politically, socially and economically radical nature, demanding considerable adjustment by Black adolescents who are in the process of westernisation. Black adolescents are consequently often exposed not only to Western culture but also to future shock.

Experimental and control groups of Black adolescents were tested by the TAT-Z. The experimental group was then exposed to a series of Western educational television programmes for a period of six months. These programmes reflected specific Western values, norms and practices. The control group was not exposed to these television programmes.

Both groups were retested by the TAT-Z after six months. The pre- and post-test results were then compared for similarities and differences. Significant qualitative and quantitative changes were considered and discussed in terms of a westernisation model which was developed as part of the study's theoretical frame of reference.

Amongst other things, the results reflected the following:

(a) In the experimental group significant changes were observed mainly in the personality areas of self-image and attitude towards/relationships with authority figures.

(b) Cultural change is not a condition, but a process. It is not necessarily a one-way or two-way process, but is sometimes a directionless process in search of direction.

(c) Exposure to educational television programmes does not necessarily result in accelerated westernisation. Such exposure sometimes even has a regressive outcome, ie reinforcement of tradition-orientated behaviour.

**KEY TERMS**

Adolescents; Television; Westernisation; Thematic Apperception Tests; Cultural change; Personality; Educational television programmes; Black Adolescents; Acculturation; Attitudes; Culture shock; Future shock; Projective techniques.

# DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP DIE VERWESTERSINGSPROSES BY DIE SWART ADOLESSENT

INHOUDSOPGAWE BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 1:** | **PROBLEEMSTELLING EN DOEL** | 1 |
| 1.1 | INLEIDING | 2 |
| 1.2 | AGTERGROND TOT DIE ONDERSOEK | 5 |
| 1.3 | PROBLEEMSTELLING | 8 |
| 1.4 | DOEL VAN DIE ONDERSOEK | 9 |
| **HOOFSTUK 2:** | **DIE PROSES VAN VERWESTERSING** | 11 |
| 2.1 | DIE VERWESTERSINGPROSES VAN DIE SWARTMAN IN SUID-AFRIKA | 12 |
| 2.2 | VOORGESTELDE MODEL VIR VERWESTERSING | 16 |
| 2.2.1 | Die praktiese toepassing van die model | 21 |
| **HOOFSTUK 3:** | **DIE PROBLEMATIEK VAN DIE SWART ADOLESSENT IN DIE PROSES VAN VERWESTERSING** | 25 |
| 3.1 | INLEIDING | 26 |
| 3.2 | OMSKRYWING VAN ADOLESSENSIE | 27 |
| 3.3 | DIE INVLOED VAN KULTUUR OP ADOLESSENSIE | 29 |
| 3.4 | ADOLESSENSIE IN DIE TRADISIONELE GEMEENSKAP | 31 |
| 3.5 | DIE INVLOED VAN VERWESTERSING OP DIE SWART ADOLESSENT | 34 |
| 3.6 | DIE INVLOED VAN DIE VERANDERDE GESINSTRUKTUUR OP DIE SWART ADOLESSENT | 36 |
| 3.6.1 | Die ouer-adolessentverhouding | 38 |
| 3.6.2 | Die generasiegaping | 40 |
| 3.7 | ONTWIKKELINGSTAKE TYDENS ADOLESSENSIE | 44 |
| 3.7.1 | Die ontwikkeling van onafhanklikheid | 45 |
| 3.7.2 | Die ontwikkeling van heteroseksuele verhoudings en gedrag | 46 |
| 3.7.3 | Die vestiging van koöperatiewe en dinamiese verhoudings met die ouderdomsgroep | 47 |
| 3.7.4 | Die keuse van en voorbereiding vir 'n beroep | 49 |
| 3.7.5 | Die ontwikkeling van 'n eie waardestelsel en lewensfilosofie | 51 |
| 3.7.6 | Die ontwikkeling van 'n ego-identiteit | 53 |
| 3.8 | VERVREEMDING EN JEUGMISDAAD | 57 |
| 3.9 | GROEPSVOORGESKREWE TEENOOR INDIVIDUELE GEDRAG: DIE EIS IN DIE NUWE OMGEWING | 59 |

INHOUDSOPGAWE (Vervolg) **BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 4:** | **TEORETIESE PERSPEKTIEWE OOR TELEVISIE AS MEDIUM VAN BEÏNVLOEDING** | **62** |
| 4.1 | INLEIDING | 64 |
| 4.2 | MASSAKOMMUNIKASIE AS SOSIALE SUBSISTEEM | 65 |
| 4.3 | ENKELE BESKOUINGS OOR DIE INVLOED VAN MASSAKOMMUNIKASIE OP DIE WAARNEMER | 65 |
| 4.4 | SOSIALE LEERTEORIE | 67 |
| 4.4.1 | Komponente van leer | 68 |
| 4.4.2 | Gedragsmodelle | 68 |
| 4.4.2.1 | Soorte modelle | 69 |
| 4.4.2.2 | Karaktereienskappe van modelle | 69 |
| 4.4.3 | Die aanleer van gedrag deur middel van versterking | 69 |
| 4.4.4 | Die leerder se kognitiewe prosesse | 70 |
| | (a) Aandaggewende prosesse | 71 |
| | (b) Retensieprosesse | 71 |
| | (c) Motoriese reproduksieprosesse | 72 |
| | (d) Motiveringsprosesse | 72 |
| | (e) Opsommend | 72 |
| 4.4.5 | Die implikasies van die sosiale leerteorie vir die onderhawige studie | 73 |
| 4.4.6 | Opvoedkundige implikasies | 74 |
| 4.4.7 | Toepassing van die sosiale leerteorie | 74 |
| 4.4.7.1 | Nabootsing | 75 |
| 4.4.7.2 | Plaasvervangende versterking | 76 |
| 4.4.7.3 | Gedragstekste | 77 |
| 4.4.7.4 | Evaluering | 77 |
| 4.5 | GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSTEORIE | 78 |
| 4.5.1 | Behoeftetipologieë met betrekking tot mediagebruik | 80 |
| | (a) Kognitiewe behoeftes | 80 |
| | (b) Afleiding | 80 |
| | (c) Persoonlike behoeftes | 80 |
| 4.5.2 | Gebruike- en bevredigingsnavorsing in Suid-Afrika | 81 |
| | (a) Die bevredigende groep | 81 |
| | (b) Die onrealistiese groep | 82 |

INHOUDSOPGAWE (Vervolg) **BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| | (c) Die verrasde groep | **82** |
| | (d) Die passiewe groep | **82** |
| | (e) Opsomming van bevindinge | **82** |
| 4.5.2.1 | Selektiewe blootstelling | **83** |
| 4.5.2.2 | Doelgerigte en gewoonte-kykers | **84** |
| 4.5.2.3 | Ontwikkelingsveranderlikes | **84** |
| 4.5.3 | Evaluering van die gebruike- en bevredigingsteorie | **86** |
| **4.6** | **OPSOMMING VAN TEORETIESE PERSPEKTIEWE** | **87** |
| **HOOFSTUK 5:** | **EMPIRIESE NAVORSING OOR TELEVISIE AS MEDIUM VAN BEÏNVLOEDING** | **90** |
| **5.1** | **EFFEKNAVORSING: 'N OORSIG** | **91** |
| **5.2** | **FAKTORE WAT TELEVISIE SE EFFEK BEÏNVLOED** | **92** |
| **5.3** | **DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP DIE GESIN** | **94** |
| **5.4** | **TELEVISIE EN GESLAGSROLLE** | **97** |
| 5.4.1 | Hoe leer kinders geslagsrolle deur middel van televisie aan? | **100** |
| **5.5** | **TELEVISIE EN AGGRESSIEWE GEDRAG BY KINDERS** | **101** |
| 5.5.1 | Televisiegeweld en die invloed op die kind met spesifieke verwysing na die situasie in Suid-Afrika | **104** |
| **5.6** | **DIE AANWENDING VAN TELEVISIE IN OPVOEDING** | **106** |
| **5.7** | **SLOT** | **108** |
| **HOOFSTUK 6:** | **DIE METODE VAN ONDERSOEK** | **110** |
| **6.1** | **PROBLEEMSTELLING** | **111** |
| **6.2** | **HIPOTESE-STELLING** | **113** |
| **6.3** | **DIE ONDERSOEKGROEP** | **114** |
| **6.4** | **EKSPERIMENTELE ONTWERP** | **115** |
| **6.5** | **BLOOTSTELLINGSMATERIAAL** | **116** |
| **6.6** | **DIE MEETINSTRUMENT** | **117** |
| 6.6.1 | Die TAT-Z | **117** |
| 6.6.2 | Aard, ontleding en interpretasie van die TAT-Z protokolle | **121** |
| 6.6.3 | Betroubaarheid | **122** |
| 6.6.4 | Die nasiensleutel | **122** |
| 6.6.5 | Gebruik van die TAT-Z as meting vir verwestersing | **125** |

INHOUDSOPGAWE (Vervolg) **BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| 6.7 | **UITEENSETTING EN VERWERKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK** | **126** |
| 6.8 | **DIE RASIONAAL VIR DIE KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE ONTLEDING VAN DIE RESULTATE** | **127** |
| **HOOFSTUK 7:** | **RESULTATE EN DIE BESPREKING VAN RESULTATE** | **130** |
| **7.1** | **KWANTITATIEWE RESULTATE** | **131** |
| 7.1.1 | Kwantitatiewe ontleding van proefpersone se oriëntasie ten opsigte van die Westerse en Tradisionele kultuur | **133** |
| 7.1.2 | Verifiëring van hipoteses deur middel van toetsresultate | **135** |
| 7.1.3 | Kwantitatiewe ontleding van proefpersone se houding ten opsigte van die Tradisionele en Westerse kultuur | **136** |
| 7.1.4 | Verifiëring van hipoteses deur middel van toetsresultate | **138** |
| **7.2** | **GEVOLGTREKKINGS VAN KWANTITATIEWE ONTLEDINGS** | **139** |
| **7.3** | **KWALITATIEWE EVALUERING VAN ENKELE PROTOKOLLE** | **140** |
| 7.3.1 | Inleiding | **141** |
| 7.3.2 | Geval 1: Geïntegreerde persoonlikheid van 'n persoon wat verwestersing ondergaan | **143** |
| 7.3.3 | Geval 2: Geïntegreerde persoonlikheidsbeeld van 'n "ambivalente" persoon | **152** |
| 7.3.4 | Geval 3: Geïntegreerde responsontleding van 'n persoon wat geregresseer het | **159** |
| **7.4** | **GEVOLGTREKKINGS VAN DIE KWALITATIEWE ONTLEDINGS** | **167** |
| **HOOFSTUK 8:** | **GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS** | **169** |
| **8.1** | **INLEIDING** | **170** |
| **8.2** | **GEVOLGTREKKINGS VAN DIE BEVINDINGE VAN DIE ONDERSOEK** | **170** |
| 8.2.1 | Evaluerende beskouing van die kwalitatiewe bevindinge van die ondersoek | **170** |
| 8.2.1.1 | Betekenisvolle verskuiwings wat met outoriteit geassosieer word | **170** |
| 8.2.1.2 | Betekenisvolle verskuiwings ten opsigte van selfbeeld | **173** |
| 8.2.1.3 | Opvallende kwantitatiewe tendense | **174** |

8.2.2 Evaluerende beskouing van die kwalitatiewe bevindinge van die ondersoek 176

8.2.2.1 Algemeen 176
8.2.2.2 Gevallestudie 1: Verskuiwing van oorwegend Tradisionele oriëntasie (5T:3W) (Eerste toetsing) na oorwegend Westerse oriëntasie (1T:7W) (Tweede toetsing) 176
8.2.2.3 Gevallestudie 2: 4W:4T (Eerste toetsing) en 4W:4T (Tweede toetsing 178
8.2.2.4 Gevallestudie 3: Beweeg van oorwegend Westerse oriëntasie (5W:3T) (Eerste toetsing) na oorwegend tradisionele oriëntasie (2W:6T) (Tweede toetsing) 179

**8.3 INTEGREREND BESKOUING VAN DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK** 180

8.3.1 Teoretiese onderbou 180
8.3.2 Die invloed van blootstelling aan versnelde verwestersing 181
8.3.3 Verwestersing: 'n Samevattende beskouing 182

**8.4 AANBEVELINGS** 184

8.4.1 Leemtes van die ondersoek 184

8.4.1.1 Metodologiese beperkinge 184
8.4.1.2 Beperkinge van 'n Westerse sielkundige benadering 185
8.4.1.3 Beperking met betrekking tot die keuse van die ondersoekgroep en blootstellingsmateriaal 185

8.4.2 Die betekenis van die ondersoek gesien uit die massamedia-oogpunt 186

**8.5 SLOT** 187

**BIBLIOGRAFIE** 190

**BYLAE A: PROGRAMSKEDULE** 212

**BYLAE B: BESKRYWING VAN DIE TAT-Z PERSOONLIKHEIDS-AREAS SOOS VOORGESTEL OP DIE ONDERSKEIE KAARTE** 221

**BYLAE C: KWANTITATIEWE RESULTATE** 226

**BYLAE D: 'N KWALITATIEWE ONTLEDING VAN ENKELE PROTOKOLLE** 240

# HOOFSTUK 1

## PROBLEEMSTELLING EN DOEL

1.1 INLEIDING

1.2 AGTERGROND TOT DIE ONDERSOEK

1.3 PROBLEEMSTELLING

1.4 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

/...

## 1.1 INLEIDING

In die Suid-Afrika van môre staan die Swart adolessent kultureel "halfweg teen die helling" aan. Hý is die leier van môre, van die nuwe Suid-Afrika, van 'n Westers georiënteerde samelewing waarin snelle tegnologiese verandering en verhoogde kompetisie 'n veeleisende omgewing skep waar aanpassing die enigste oplossing vir oorlewing is.

Wie is hierdie adolessent en hoe opgewasse is hy as 'n oorwegend Derde Wêreldboorling vir die taak wat op hom wag? Voorts, hoe kan hy op massaskaal ondersteun word in sy versnelde verwestersing ten einde sy plek in 'n veeleisende, tegnologies veranderende Westerse omgewing vol te staan?

Die huidige ondersoek sentreer primêr om hierdie Swart adolessent op wie hierdie taak in die nuwe Suid-Afrika wag.

Vir die sielkundige is dit belangrik om hierdie problematiek te ondersoek. Die massamedia en by uitstek televisie, is primêr draers van verandering in gemeenskappe waar dit ingestel word. Televisie is die venster op 'n veranderende wêreld.

Die bekende futuroloë, Toffler (1971; 1980) en Naisbitt (1984) se siening van die tydperk waarin die mens opweg na die jaar 2000 homself bevind, en die kultuur- en toekomsskok wat die mens beleef, is reeds goed bekend. In 1971 het Toffler al reeds die stelling gemaak dat daar gedurende die laaste kwart van die huidige eeu meer ontwikkeling gaan plaasvind as in die totale bestaan van die mens sedert die geboorte van Christus en dat dít die mens aan die kragte van verandering gaan blootstel soos nog nooit voorheen in sy bestaan nie. Hierdie blootstelling van die mens aan versnelde verandering noem Toffler toekomsskok. Verandering staan dus in die teken van ons tyd. Naisbitt (1984) huldig 'n soortgelyke siening: "Change is occuring so rapidly that there is no time to react; instead we must anticipate the future" (p. 18). Daar kan met stelligheid gesê word dat geen ander massamedium soos televisie nie, die mens optimaal aan hierdie verandering bekend stel nie. In sy boek The Third Wave (1980) verwys Toffler soos volg na hierdie periode: "An information bomb .... exploding in our midst, showering us with a shrapnel of images and drastically changing the way each of us perceives and acts upon our private world. In shifting from a Second Wave (die sogenaamde tegnologiese golf)

/...

to a Third Wave info sphere, we are transforming our own psyches" (p.172). Naisbitt (1984) beskryf hierdie era as "The new wealth, know-how" (p. 15) waar hierdie magdom inligting 'n volgende krisis oplewer: "We are drowning in information but starved for knowledge" (p. 24). Tereg kan gesê word dat die massamedia veral skuldig is aan die oordra van inligting, eerder as aan die verspreiding van kennis. Ook Holdstock (1987) voorsien 'n probleem met die oordra van inligting: "It is not only the information explosion, but the rapidity with which information and knowledge changes or is rendered obsolete, that necessitates the development of skills rather than the acquisition of subject matter" (p. 23).

Om verskeie redes het hierdie ontwikkelinge en meer spesifiek die twee groot kulturele omwentelinge, te wete die landbou en industriële revolusies Afrika grootliks verbygegaan. Faktore soos klimaatomstandighede, tipografie en die inwoner van Afrika se unieke ingesteldheid teenoor probleemoplossing, is hier veral relevant. Die uitdaging is nou dat die mense van Afrika moet ontwikkel en aanpas by die snel veranderende omstandighede van die moderne tyd en die gepaardgaande "knowledge industry" (Garbers, 1984). Die kompleksiteit en dringendheid van die uitdaging word verder onderstreep deur die opmerking van President Kenneth Kaunda: "If I were, from my own observation, to try to summarise the difference between African and Western psychology I would say that the Westerner has a problem-solving mind whilst the African has a situation-experiencing mind. The Westerner has an aggressive mentality" (soos aangehaal deur Garbers, 1984, p. 17).

Biesheuvel (1987) bekyk hierdie versnelde verandering vanuit 'n sielkundige oogpunt. Waar die futuroloë hoofsaaklik die aspek van industriële en tegnologiese verandering in gedagte het, redeneer Biesheuvel vanuit die oogpunt of die sielkunde die gebeure of die gevolge daarvan enigsins kan verander of beïnvloed. "Society is constantly increasing the demands on people to adjust to its numerous requirements. Rapidity of change in these demands is a major problem. It compels people to change their habits, lifestyles, of their jobs and their expectations virtually throughout their life-span" (p. 1). Biesheuvel stel die vraag of die sielkunde 'n bydrae kan lewer tot die oplossing van konflikte wat die Suid-Afrikaanse samelewing versteur. Die stellings en konstrukte van die sielkunde word tans gesien as 'n weerspieëling van Westerse kulturele waardes en omstandighede. Dit het dus nodig geword om na begrippe te soek wat universeel geldend is, ongeag kultuur of waardes. Tegelykertyd moet die bestaan van kultuur-spesifieke konstrukte egter erken word. Biesheuvel is van mening dat die sielkunde 'n meer onmiddellike en nuttige bydrae kan lewer deur middel van korttermyn transkulturele studies oor

houdingstegnieke, konflikbeheer, leierskapontwikkeling en verrykingsprogramme vir jong omgewinggestremde kinders om bepaalde agterstande, wat hulle verhoed om in 'n mededingende omgewing te presteer, uit die weg te ruim. Terwyl die tegnoloë byna daagliks met nuwe uitvindings kom wat 'n voortdurende nuwe veranderende wêreld skep, is dit asof die geesteswetenskaplikes in 'n onrusbarende mate agterweë bly om die mensgerigte wetenskappe te laat voldoen aan die eise wat versnelde ontwikkeling skep. Biesheuvel se siening impliseer dat sielkundige navorsing daarop gemik behoort te word om die mens, en meer spesifiek die Derde Wêreldling, van hulpmiddels, tegnieke en metodes te voorsien om die konstante veranderingsproses en gepaardgaande aanpassing te vergemaklik en moontlik te fasiliteer.

Teen sodanige agtergrond kry die situasie in die Republiek van Suid-Afrika met betrekking tot die Swart adolessent en sy rol in hierdie veranderende omgewing besondere betekenis.

Die proses van verwestersing waaraan die Swartman in die RSA blootgestel word (kultuursskok) vind onder andere plaas in 'n tydvak van kulturele revolusie deur tegnologie (toekomsskok), maar ook in 'n tydvak van radikale politieke en sosiale hervorming, wat die toenemende deelname van almal, binne die raamwerk van 'n Eerste Wêreld-bestel en die Westerse norme en waardes wat daarmee saamhang vereis. Teen sodanige agtergrond bombardeer televisie die Derde Wêreld-adolessent met relatief onverteerde Eerste Wêreld-inligting oor sosiale en politieke aangeleenthede.

Versnelde ontwikkeling met die klem op tegnologiese verandering het ook kultureel help skep aan 'n nuwe samelewing wat nie meer langer doeltreffend en toereikend deur die gesin en formele opvoedkundige instansies voorberei kan word om doeltreffend aan die eise vir oorlewing te voldoen nie. Die behoefte aan wat Szczepanski (1979) as "extra-school educational institutions" (p. 35) beskryf, word in dié tydvak toenemend van kardinale belang indien die individu optimaal in terme van sy persoonlike vermoëns ontwikkel moet word. Soos Holdstock (1987) dit stel "Education, in South Africa and elsewhere, is in the process of becoming more open-ended, and is exploring all kinds of alternative methods and curricula. Material that is dated and no longer relevant needs to be replaced. Useful criteria for selecting material for inclusion or exclusion from curricular could be: nice to know, want to know, need to know, and absolutely have to know" (p. 22).

/...

Aanraking met die nuwe tegnologie en die nuwe samelewing wat dit tot gevolg het, het veral ook vir die ontwikkelende gemeenskappe van die wêreld 'n besondere behoefte aan ontwikkeling meegebring, binne 'n klimaat van sowel toekoms- as kultuurskok. Nie net neem leerbehoeftes van individu in sodanige klimaat toe nie, maar raak die behoefte aan ontwikkeling meer kompleks en divers van aard. Dit gaan nie net om behoeftes aan formele leer nie, maar sluit ook behoeftes aan sosiale en kulturele leer, aanpassing en volgehoue ontwikkling in. Die vraag wat hier ontstaan is: Watter rol speel, of kan 'n massamedium soos televisie speel om die kyker by te staan in die optimale vertering van sodanige verandering en die gerigte aanwending daarvan as 'n hefboom tot optimale ontwikkeling en opvoeding?

Dit gaan dus toenemend om die behoefte aan totaliteitsontwikkeling wat die individu in sy totaliteit as mens sal aanspreek, want die nuwe gekompliseerde samelewing met sy klem op volgehoue aanpassing en heraanpassing by verandering vereis dit.

## 1.2 AGTERGROND TOT DIE ONDERSOEK

Die instelling van televisie in Suid-Afrika op 5 Januarie 1976 het wêreldwyd belangstelling gewek. Harrison & Ekman (1976) skryf byvoorbeeld dat Suid-Afrika as "television's last frontier" beskou word.

In die Republiek van Suid-Afrika is die situasie ten opsigte van televisie in baie opsigte uniek. Suid-Afrika was nie net die laaste Westerse geïndustrialiseerde land wat televisie ingestel het nie, maar die kenmerkende diep-gesegmenteerde samelewing maak die rol wat die elektroniese massamedium hier speel, uiters kompleks.

Soos met baie ontwikkelende lande die geval is, is `n groot deel van die ontwikkelde bevolking van die land televisiebesitters. Daarenteen het 'n aansienlike deel van die onder-ontwikkelde bevolking egter nie elektrisiteit in hul huise nie en word hulle daardeur toegang tot televisie ontneem. Voorts dien die elektroniese massamedium vir die ontwikkelde deel van die bevolking in Suid-Afrika hoofsaaklik 'n vermaaklikheids- en inligtingsfunksie (Pitout, 1984), terwyl televisie by die ontwikkelende deel van die bevolking meerendeels 'n inligting- en opvoedkundige funksie vervul (RGN, 1984). Daar bestaan dus duidelike ontwikkelingsbehoeftes by die ontwikkelende gedeelte van die bevolking wat deur televisie bevredig kan word.

Die ontwikkelingsproses kan vanuit verskillende hoeke beskou word, wat telkens die fokus op ander dimensies van ontwikkeling plaas. Daar is byvoorbeeld die beskouings van Horowitz (1966), Morawetz (1977) en David (1986) wat ontwikkeling gelyk stel aan ekonomiese groei. Hiervolgens word ontwikkelingsgroei in terme van werklike rykdom, kapitale groei, verhoogde lewenstandaarde en veranderende omstandighede tussen sosiale groepe bepaal.

Tweedens is daar die beskouings wat ekonomie en politiek kombineer. Politieke-ekonomie is meer gemoeid met die aard van die proses waardeur groei en ontwikkeling bereik word. Beukes (1989) stel dit soos volg: "Development is thus seen as the unfolding, in human history, of the progressive emancipation of people and nations from the whims of nature and from oppression by other peoples and nations" (p. 221).

Derdens is daar die beskouing wat die menslike hulpbron as die faktor in dinamiese verandering van 'n gemeenskap se ontwikkeling beskou. Wilber (1979) skryf: "Development is not about index numbers of national income, it is not about savings ratios and capital coefficients; it is about people and for people. Development must therefore begin by identifying human needs. The objective of development is to raise the level of living of the masses of the people and to provide all human beings with the opportunity to develop their potential" (p. 283).

Vierdens is daar die meer holistiese benadering met 'n sosiale uitgangspunt tot ontwikkeling wat die volgende aspekte van ontwikkeling beklemtoon: "Development of every man and woman and not just the growth of things, which are merely means. Development geared to the satisfaction of needs beginning with the needs of the poor who constitute the world's majority; at the same time, development to ensure the humanization of man by the satisfaction of his needs for expression, creativity, conviviality, and for deciding his own destiny" (Nerfin, 1977, p. 7).

Ook Oluyitan (1980) se siening strook met Nerfin (1977) se benadering. Hy is van mening dat ontwikkeling nie tot stand gekom het om die mens te help om meer te produseer nie, maar om die mens te help om die wêreld waarin hy leef beter te verstaan. So kan die mens hiervolgens sy volle potensiaal uitleef - geestelik, intellektueel en materieel.

Watter van bogenoemde beskouings of kombinasie daarvan ookal gevolg word, kom ontwikkeling basies neer op die verkryging van kennis en vaardighede om aan die eise van die tyd te voldoen en om die welstand van die massas te verbeter.

Die Swart gemeenskappe van Suid-Afrika wat in 'n oorgangsfase verkeer en ontwortel voel van hulle tradisionele en bekende kultuur, bevind hulle grootliks in 'n vreemde wêreld met norme en waardes wat vir hulle relatief sinneloos voorkom. Ontwikkeling sou dan 'n soeke na betekenis in die nuwe situasie impliseer. Dit impliseer voorts ook die vestiging van bepaalde houdings, gedrag en denke wat die Derde Wêreldling in staat kan stel om optimaal aan die eise van die nuwe en veranderende omgewing te voldoen en daardeur lewensbetekenis onder die nuwe omstandighede te verwerf. Die bereiking hiervan vereis 'n bepaalde Westerse oriëntasie en ingesteldheid - iets waartoe die massamedia as belangrike prikkel kan dien. Die onderhawige studie het ten doel om te bepaal of 'n massamedium soos televisie kan help om wel vanuit 'n Westerse verwysingsraamwerk betekenis aan die lewe in die "nuwe kultuur" te gee.

Lerner (1958) beskou die massamedia as "a great multiplier in development" (p. 52) wat kennis en houdings onmeetbaar vinniger en wyer kan uitdra as enige ander vergelykbare medium. Lerner is van mening dat die media die Westerling geleer het om homself in ander rolle waarmee hy moontlik gekonfronteer mag word, te sien. Dit het ook gehelp met meningsvorming en in die ontwikkeling van die vermoë om bepaalde standpunte te begryp, te verdedig of te verduidelik. Volgens Oluyitan (1980) het die media op hierdie wyse die klimaat vir verandering geskep. Baie kykers wat op hierdie wyse deur die media meer ontvanklik vir verandering gemaak is, het nou hierdie idees en houdings oor verandering en sosiale mobiliteit wat deur die media gepopulariseer is begin verkondig en versprei. Cronin (1984) is van mening dat die media faktore soos verstedeliking, geletterdheid en nywerheidsontwikkeling vandag op so 'n wyse stimuleer, dat dit die totstandkoming van 'n veranderende, moderne samelewing op volgehoue skaal bevorder.

Ten opsigte van ontwikkelende gemeenskappe beklemtoon Kunczik (1984) die beïnvloedende krag van massamedia en hy is van mening dat: ".... the mass media in transitional societies are a particular factor fostering social change. In all social systems mass media are especially important as a factor in socialization" (p. 162).

Schramm het reeds in 1964 in 'n ondersoek wat hy vir UNESCO onderneem het die invloed van die massamedia beklemtoon. Van spesifieke belang is die bydrae wat

effektiewe kommunikasie tot ekonomiese en sosiale ontwikkeling lewer. Schramm (1964) beklemtoon veral die invloed wat die media op die mobilisering van die menslike hulpbron uitoefen. Hy stel dit soos volg: "There must be information designed to encourage productive attitudes, social patterns, and custom" (p. IX). Ten spyte van hierdie oorwegend positiewe evaluering van die effek van die media, waarsku Schramm teen die onkritiese gebruik van die sogenaamde invloed van die media indien dit sonder genoegsame kennis van die inheemse kultuur geskied.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Een van die mees opvallende kenmerke van die Suid-Afrikaanse Swart bevolking in teenstelling met hul Westerse eweknieë, is dat hulle mense van "twee wêrelde" is omdat hulle in 'n belangrike sin tot sowel 'n tradisionele (Derde Wêreld) as 'n moderne Westerse (Eerste) wêreld behoort.

Hierdie kulturele dualisme by die Swart bevolking is hoofsaaklik deur die verwestersingsproses veroorsaak, waardeur die Swartman aan tegnologiese ontwikkeling en die industrialiseringsproses blootgestel en daardeur beïnvloed is.

Gedurende hul leeftyd, óf die van hul ouers (wat op hulle beurt die kennis aan hulle kinders oorgedra het) is 'n Swart persoon 'n lid van sowel 'n tradisionele Derde Wêreldleefwyse, (gebaseer op 'n bestaansekonomie waarin ou stamgebruike relatief oorheers) sowel as 'n Westerse wêreld (gefundeer in die kapitalisme en industrialisasie, met relatief nuwe en vreemde Westerse gebruike van geld)(Steyn & Rip, 1968; Motshologane, 1974). Die Swartman word dus met 'n bykomende sielkundige las gekonfronteer om benewens sy "ware" tradisionele persoonlikheid (Derde Wêrelds), ook nog 'n "kunsmatige" nuwe persoonlikheid (Eerste Wêrelds) te handhaaf in terme van die verwagtinge van die Westersgeoriënteerde stedelike samelewing. So moet die Swartman dus 'n stel houdings aanvaar wat hom iewers op 'n kontinuum tussen tradisioneel en Westers plaas (Corner, 1985; Cross, 1981).

Dikwels is die eise wat die Swart persoon se eie kultuur aan moraliteit stel, in botsing met die morele eise van die Westerse samelewing. Byvoorbeeld, in die Westerse kultuur is die poligame gesin, soos die Swart kulture dit ken en aanvaar, iets wat moreel afgemaak word as veelwywery. Die Swartman is dus gekonfronteer met botsende morele maatstawwe. Houdings, waardes en opinies kan dus op 'n min of meer stamgeoriënteerde of op 'n min of meer Westers-georiënteerde wyse hanteer word (Biesheuvel, 1987). Die lewenswyse waarmee 'n Swart persoon ookal

mag identifiseer, hang grootliks af van die druk wat hy ervaar om te konformeer vanuit òf die Westerse, òf die tradisionele samelewing, asook van die mate waarin hy 'n sielkundige behoefte ervaar om hierdie oënskynlike konflikterende tradisionele en Westerse idees vir homself na die een of ander kant toe uit te maak.

Teen hierdie agtergrond sal die huidige ondersoek probeer vasstel in watter mate 'n massamedium soos televisie as 'n prikkel kan dien in die stimulering van 'n ontwikkelende groep om binne 'n opset van toekoms- en kultuurskok relatief toereikend by die eise van verandering aan te pas.

Die vraag is dus: Kan televisie 'n invloed uitoefen op die individu se "beweging" weg van 'n tradisionele na 'n Westerse leefwyse?

'n Verdere probleem hier is die vraag in watter mate die eise van twee dikwels weersprekende stelle norme en waardes by die individu die trauma van morele konflik tot gevolg sal hê en ook in watter mate sodanige trauma uitdrukking in onsekerheid en ambivalensie vind. Voorts is die vraag, indien daar wel 'n verskuiwing ten opsigte van kulturele oriëntasie intree, hoe onderskeie persoonlikheidsareas soos vader/kind-, moeder/kind-, gesin/kindverhoudinge asook verhoudinge tussen die geslagte, tussen lede van onderskeie ouderdomsgroepe, sosiale verhoudinge en die uitdrukking van aggressie daardeur geraak word.

Meer spesifiek is die ondersoek primêr met die vraag gemoeid of opvoedkundige televisieprogramme ontwikkeling kan optimaliseer en doeltreffender kan help verinnerlik. Hierdie vraag sal vanuit die sielkundige oogpunt met betrekking tot menslike aanpassing by versnelde verandering ondersoek word.

## 1.4 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Uit die voorafgaande blyk dit asof dat daar 'n behoefte is aan 'n studie na die verband tussen televisie en (versnelde) "persoonlikheidsaanpassing" by veranderde eise van die omgewing bestaan. Die verwysing na versnelde verandering hou hier meer bepaald met die proses van versnelde verwestersing in 'n "nuwe Suid-Afrika" verband.

Dit is belangrik om kennis te neem dat die ondersoekgroep van hierdie studie aan Westerse opvoedkundige materiaal blootgestel gaan word waarvan die oorsprong sekere Wes-Europese lande en die VSA is. Die vraagstuk wat dus hier ondersoek

gaan word, is pertinent die effek van blootstelling aan Westerse opvoedkundige materiaal en die invloed daarvan op versnelde verwestersing. Die betrokke materiaal sou nie enige direkte Afrikaniseringseffek kon uitoefen nie en word die kwessie van Afrikanisering (in teenstelling met verwestersing) dus nie hier ondersoek nie.

In die besonder is daar 'n leemte ten opsigte van empiriese gegewens oor die moontlike invloed van televisie op die proses van verwestersing by die Swart adolessent.

Die Swart adolessent is 'n Swart stedeling van die eerste geslag. Sý ouers was nog oorwegend mense vanuit 'n tradisionele agtergrond. Hy bevind hom dus midde-in hierdie kulturele dualisme, want ouers met sterk tradisionele verwysingsraamwerke tree as sy primêre opvoeders in die gesinsverband op. Daarteenoor word hy vanuit sy breëre omgewing wat onder andere die media insluit, blootgestel aan norme wat dikwels in skrille kontras met die ouerlike opvoeding staan. So gesien, is die eerste geslag adolessent dus 'n oorgangsgenerasie. Uit sy geledere kom die geslag van môre. Daarom is dit van groot belang om te bepaal watter rol televisie hier kan speel om die proses van oorgang te fasiliteer.

Voor- en na-ondersoeke met die instelling van televisie is volgens Harrison & Ekman (1976) maar yl gesaai. Dit geld ook vir die meer ontwikkelde, Westerse lande van die wêreld in die algemeen, en in die besonder vir ondersoeke na die invloed van televisie op verwestersing by nie-Westerse groepe. Gevolglik bestaan daar weinig of geen maatstaf elders wat as kontrole gebruik kan word vir vergelykingsdoeleindes nie. As televisie egter gesien kan word as een van die katalisators vir versnelde verandering, bestaan die moontlikheid dat dit 'n invloed op die persoon se oriëntasie ten opsigte van 'n Westerse of 'n tradisionele ingesteldheid tot gevolg kan hê.

In operasionele terme kan die doel van die ondersoek soos volg geformuleer word:

<u>Om vanuit 'n sielkundige oogpunt vas te stel wat die invloed van televisie op die proses van verwestersing by die Swart adolessent is</u>.

# HOOFSTUK 2

## DIE PROSES VAN VERWESTERSING

**2.1 DIE VERWESTERSINGPROSES VAN DIE SWARTMAN IN SUID-AFRIKA**

**2.2 VOORGESTELDE MODEL VIR VERWESTERSING**

2.2.1 Die praktiese werking van die model

## 2.1 DIE VERWESTERSINGSPROSES VAN DIE SWARTMAN IN SUID-AFRIKA

Tegnologiese ontwikkeling en die gepaardgaande industrialiseringsproses word vandag beskou as 'n belangrike faktor, indien nie dié belangrikste faktor nie, wat die mees grondliggende verandering in die Westerse beskawing die afgelope twee eeue veroorsaak het (Blumer, 1990).

Tydens hierdie proses is massas mense vanaf 'n landelike na 'n stedelike omgewing verskuif en terselfdertyd weggeskeur van die tradisionele bestaan en voortgesleur na 'n nuwe lewenswyse. 'n Wye reeks sosiale veranderinge word met hierdie verandering geassosieer; veranderinge in die werksorganisasie, in die tipe groepe waarin mense saamleef, in sosiale verhoudinge, woonplek, instellings, lewenstandaarde, belangstelling, doelwitte, waardes en ideale (Blumer, 1990).

Die onderontwikkelde lande van die wêreld het hierdie proses egter nie vrygespring nie. Hoewel die proses traag begin het, is die proses besig om te versnel. Veral in die Republiek van Suid-Afrika waar apartheidswetgewing die proses in die geval van die Swartman in die verlede grootliks gekniehalter het, is die proses sedert 2 Februarie 1990 met die wegbreek van apartheid af, nou onder besondere druk van versnelling.

Die verdwyning van diskriminerende rassewetgewing van die statuutboeke, bring mee dat die Swartman skielik oornag rolle moet aanvaar wat voorheen aan hom relatief "onbekend" was as deel van sy eie leefwyse. Dit is nie meer rolle wat net die "baas" mag speel nie, dit is nou ook so dat die stereotiep van die "baas" skielik nie meer langer daar is om die druk om persoonlike rolbesetting van die Swartman weg te neem nie. Terselfdertyd is die Swartman ook nog aan die normale dosis toekomsskok wat deur versnelde universele tegnologiese verandering veroorsaak word, blootgestel. Hy ervaar dus nou sowel kultuurskok (versnelde verwestersing) as toekomsskok (tegnologiese verandering). Sielkundig gesproke is dit die grondslag vir kommer, omdat hierdie opset trauma impliseer en trauma weer toenemende aanpassingsprobleme en moontlik ook geestespatologie kan beteken.

Hierdie druk om tegnologiese verandering en versnelde industrialisering is 'n dryfveer wat elke aspek van die lewe beïnvloed, byvoorbeeld die migrasie van mense, die disintegrasie van landelike nedersettings, die groei van stede, die aftakeling van gesagstrukture en tradisionele leierskap, die ondermyning van morele kodes en

/...

gevestigde waardes en die verbrokkeling van gesinstrukture en gemeenskappe. Dit gaan voorts gepaard met die skepping van problematiek kenmerkend van verstedeliking soos oorbewoning, ongesonde lewensomstandighede en misdaad. Voorts beïnvloed dit die vorming van 'n nuwe klassestruktuur, die verandering in bestaande instellings soos die gesin, geloof, opvoeding, regering, die reg, kunste, asook die ontwikkeling van nuwe vorme van sosiale mobiliteit, tesame met nuwe lewenstandaarde, die vorming van nuwe smake, voorkeure, aspirasies en die ontstaan van radikale bewegings (Blumer, 1990). Dit is duidelik dat tegnologiese ontwikkeling en die gepaardgaande industrialisering 'n magtige veranderingsagent is.

Die industrialiseringsproses het verder veroorsaak dat groot groepe mense vanuit verskillende kulture in dieselfde omgewings saamgetrek is. Dit is juis hierdie kontak wat van kritieke belang vir hierdie studie is. Volgens Ugboajah (1985) word die gevolge van hierdie kontak en veranderinge in die samelewing selde in ag geneem, veral in terme van die versteuring wat dit dikwels in die balans tussen uiteenlopende kulture veroorsaak. Voorts sê hy dat hierdie bedreiging reeds by UNESCO ter sprake gekom het, omdat dit 'n bedreiging vir die besondere aard van die Afrika-kulture inhou: "... that levelling forces at work in the world may be more powerful than the forces of differentiation and may thus wear away the specificity of the African personality" (p. 13). Die vrees vir die gelykmakingsproses is inderdaad 'n waarskuwingskreet teen kulturele imperialisme waar kulture van kleiner volkere, veral in die suidelike halfrond, deur die meer aggressiewe kulture van die noordelike halfrond ondermyn word (Holdstock, 1987).

Volgens Ugboajah (1985) is die konflik tussen die behoud van 'n nasionale kulturele identiteit en die druk vir kulturele samesnoering 'n verdere probleem. Hy is ook van mening dat nasiebou, ekonomiese uitdagings en modernisering almal kulturele implikasies het. Wanneer die dominante paradigma van ontwikkeling tegnologiese oordrag of konstante verandering impliseer, is daar 'n gevaar dat waardes wat oor eeue in Afrika-kulture ontwikkel en in persoonlikheid opgesluit lê, uitgewis sal word (Blumer, 1990).

Volgens Linton (1945) word patrone van 'n bepaalde kultuur* van geslag tot geslag oorgedra. Kultuur word nie "vergeet" of "agtergelaat" bloot as gevolg van die tydaspek nie. Voorts verander kultuur voortdurend. Dawns & Bleibtreu (1975) asook Herskovits (1967) is van mening dat geen lewende kultuur staties is nie. Selfs al sou buitefaktore dit nie verander nie, sal dit nogtans nie stagnant bly nie, omdat 'n kultuur oorgedra word deur die mens, wat in wese dinamies is. 'n Deel van die dinamika van 'n kultuur is die neiging om elemente uit 'n ander kultuur waarteenoor dit te staan kom, te integreer.

Die bymekaarkomproses van kulture en groepe en die gevolge daarvan word met 'n groot verskeidenheid terme, wat soms as sinonieme gebruik word, deur verskillende outeurs beskryf. Begrippe soos akkommodasie, assimilasie, diffusie of verspreiding, ontlening, ontstamming, akkulturasie, modernisering, verstedeliking en verwestersing kom algemeen voor (Haviland, 1974; Blumer, 1990). In die Suidelike Afrikaanse konteks impliseer terme soos akkulturasie, modernisering, verstedeliking en kultuurverandering meestal niks anders as verwestersing nie - met ander woorde, 'n beweging weg van die tradisionele Afrika-lewenswyse na 'n oorwegend Westerse lewenswyse waarin sekere elemente van die ou kulture heelhuids of in verwronge vorm as deel van die nuwe lewenswyse "opgeneem" kan word. In hierdie studie sal die term <u>verwestersing</u> gebruik word om na die verandering van 'n tradisionele lewenstyl na 'n lewenstyl te verwys wat tiperend is van dit wat in Wes-Europa en Noord-Amerika gevind en ontwikkel is.

Westerse lewenstyl wat geïmpliseer word in die proses van verwestersing word met sekere kenmerkende eienskappe geassosieer, te wete 'n hoë mate van industrialisering, 'n kerngesin as die mees algemene vorm van gesinslewe, dominering deur die Christelike geloof, 'n geneigdheid tot demokratiese regeringsvorme en bepaalde waardes, norme, tradisies en gebruike van 'n Westersreligieuse, -ekonomiese en politieke aard. Die essensie van verwestersing word nie slegs in die Vryemarkstelsel gevind nie, maar ook in die dinamika van voortdurend veranderende norme, waardes, tradisies en gebruike (Schoombee & Montzaris, 1986).

---

* Linton (1945) definieer kultuur as:

> *".... the configuration of learned behaviour whose components and elements are shared and transmitted by the members of a particular society" (p. 32).*

Verwestersing is voorts nie 'n eenrigtingproses nie. Die sosiale kontak wat in die daaglikse lewe tussen verskillende mense, etniese groepe en klasse gevind word, het 'n direkte invloed op hulle gedrag, gebruike, kulture en hul lewenswyse (Coetzee, 1989). Teoreties kan groepe mekaar "ewe veel" beïnvloed, maar in die praktyk domineer die een groep (dominante kultuur) gewoonlik die ander groep (akkulturerende) kultuur (Berry, Trimble & Olmedo, 1986). In Suid-Afrika word die Blank-Westerse kultuur as die dominante kultuur beskou en die Swart kultuur as die akkulturerende of veranderende kultuur. Verandering in die rigting van die dominante kultuur in Suid-Afrika sal dus toenemende verandering in die rigting van verwestersing impliseer. Daar bestaan gewoonlik ook bepaalde voordeel wat uit hierdie kontak met die dominante kultuur verkry word - met die gevolg dat veranderinge wat plaasvind uitsluitlik in die rigting van die dominante kultuur verloop. Volgens Holdstock (1987) het die Blank-Swart kontak in Suid-Afrika in 'n groot mate 'n gedwonge en 'n vinnige verloop. Die gevolg is dat die omgewing aan die Swartman toenemend die eis stel om kompromieë aan te gaan en 'n stel waardes en houdings te ontwikkel wat hom êrens op 'n tradisioneel-Westerse kontinuum plaas.

Die proses van verwestersing is egter minder gekompliseerd indien daar slegs twee enkelvoudige kulture by die proses betrokke is. Ook is dit veel minder gekompliseerd en traumaties waar dit in die relatiewe afwesigheid van drastiese politieke en sosiale hervorming verloop.

In Suid-Afrika met sy multikulturele bevolkingsamestelling is politieke verandering en sosiale hervorming aan die orde van die dag sodat die situasie hier hoogs gekompliseerd en traumaties is. Hier gaan dit in essensie om 'n Eerste Wêreld en 'n Derde Wêreld wat onder reeds veranderde sosio-politieke omstandighede in verskillende stadia van verwestersing verkeer. Daar kan met reg gepraat word van 'n relatief groot segment van die totale bevolking wat hulle gelyktydig binne sowel 'n Eerste Wêreld as 'n Derde Wêreldsituasie bevind, op weg na 'n Eerste Wêreld wat self ook konstante verandering ondergaan as gevolg van voortdurende tegnologiese en politieke invloede van 'n hoogs dinamiese aard.

Die belangrikheid van verwestersing lê teen sodanige agtergrond daarin dat dit vir die Swartman noodsaaklik is om sekere aanpassings te maak indien hy die nuwe Westerse omgewing suksesvol wil betree. As die Swartman verwag om by die Westerse ekonomie in te skakel, is die ideaal nie noodwendig dat hy totaal moet

verwesters nie. Volgens Coetzee (1989) moet daar gewaak word teen die benadering: "Look at us and do what we did; then you will become what we are now" (p. 23). Kulture wat met mekaar in aanraking kom, sal mekaar wel wedersyds beïnvloed. Herskovits (1967) skryf in die verband: "In essence, it means that whenever peoples having different customs come together, they modify their ways by taking over from those whom they newly meet. They may take over much or little, according to the nature and intensity of the contact, or the degree to which the two cultures have elements in common, or differ in basic orientations. But they never take over or ignore all; some change is inevitable" (p. 16).

## 2.2 VOORGESTELDE MODEL VIR VERWESTERSING


Die proses van verwestersing kan as 'n kontinuum voorgestel word (Tabel 2.1). Die ekstreme pole van hierdie kontinuum verteenwoordig teoretiese uiterstes, met die verabsoluteerde punt van verwestersing die absolute belewenis van die Westerse kultuur (WK) aan die een kant, teenoor die verabsoluteerde uiterste van tradisionalisme (TK) aan die ander kant. Weens die werklikheid van volgehoue kultuurkontak, bevind die Swartman hom tans nie by een van hierdie uiterste punte wat sy kultuurbelewenis betref nie, maar iewers op 'n verbindingslyn tussen die twee uiterstes. Verwestersing van een of ander aard is dus reeds 'n voldwonge feit, maar in baie gevalle het die stedelike Swartman egter steeds nog toegang en kontak met die tradisionele samelewing se seremonies, gebruike en tradisies (Van der Vliet, 1974). 'n Mate van beïnvloeding deur die tradisionele kultuur is dus eweneens ook 'n voldwonge feit.

Riegel (1979) onderskei verskillende waardes en waardesisteme onder die twee uiterste pole. Eerstens is die <u>etos</u> van die tradisionele kultuur dié van 'n stamgebonde en na-binnegerigte kultuur-belewenis. By die Westerse pool is dit eerder 'n individuele en na-buitegerigte etos.

Tweedens identifiseer Riegel 'n stel <u>waardes en norme</u> wat verskil. Saam met die tradisionele etos van stamgebondenheid gaan 'n stel waardes en norme wat 'n kollektivisme van sanksioneel voorgeskrewe gedrag aanvaar - sonder om dit te bevraagteken. Hierteenoor is norme en waardes van die Westerse individu-gerigte etos op individuele gedrag en kompetisie ingestel. Die Westerling is meer onafhanklik in vergelyking met die afhanklike posisie van die na-binnegerigte stamgeoriënteerde individu van die tradisionele kultuur. Volgens Riegel (1979) is die posisie van die tradisioneelgeoriënteerde persoonlikheid in die stamhiërargie relatief

staties. In die tradisionele kultuur berus die individu hom byvoorbeeld by die gemeenskaplike norme en voorgeskrewe posisies wat hy in die stam in terme van geslag en ouderdom beklee. Daarteenoor is die individu-gerigte Westerling oorwegend individualisties ingestel en sy posisie in die sosiale struktuur relatief vloeibaar.

**TABEL 2.1**




Verskuif posisie op kontinuum in 'n sekere rigting

'n Derde verskil word ten opsigte van overte gedrag gevind. Terwyl gedrag in die tradisionele kultuur voorskriftelike gedrag is en grootliks afhang van die hiërargiese geordenheid, is die Westerling se gedrag kenmerkend uniek en is dit relatief selfgekose.

Vierdens hou die Westerling volgens Corner (1985) redelik goed tred met verandering in 'n dinamiese kultuur. Die tradisionele mens daarenteen is weens sy relatiewe passiwiteit in 'n baie groter mate die prooi van verandering en word gelyktydig aan multikulturalisme (Corner, 1985), toekomsskok (Toffler, 1974), kultuurskok (Taft, 1977) en akkulturasiekonflik (Erasmus, 1975) blootgestel.

Multikulturalisme in Suid-Afrika is hoofsaaklik die gevolg van die verstedelikingsproses. Hierdie multikulturalisme word nie net deur aanraking tussen 'n Swart kultuur met die Blank-Westerse kultuur veroorsaak nie. Dit is veel meer kompleks. Binne Swart stedelike gebiede is daar byvoorbeeld inwoners wat groepe vorm op grond van etniese agtergrond en kenmerke byvoorbeeld Zoeloes, Tswanas, Pedis, ensovoorts. Hierbenewens is daar groepe wat gevorm en veroorsaak word deur aspekte soos beroep, opleiding, godsdiensopvattinge, ensovoorts. Wat dus ter sprake is, is 'n hoogs heterogene groep ten opsigte van identiteit. Met ander woorde, subkulturele groepe met eie subkulturele kenmerke wat dwarsoor die hele samelewing sny en saamgebind word, byvoorbeeld Zoeloe-, Sotho-, Venda-, Xhosa-, Tsonga- en Blanke-onderwysers, word gevorm. As gevolg van die relatiwiteit van norme en waardes binne sodanige multikulturalisme kan hierdie uiteenlopende dimensies inhiberend funksioneer op die individu se vermoë om effektief in die rigting van 'n Westers-georiënteerde industriële kultuur te beweeg.

Kultuurskok is die gevolg van 'n onvermoë om die Westerse industriële kultuur in sy onderskeie multi-dimensionele manifestasies met insig en begrip binne 'n omgewing te beleef. Hierdie nuwe komplekse kultuur vereis veelvuldige verwysingsraamwerke om die vereiste multi-dimensionele insette toereikend te kan hanteer. Soos Furnham (1988) dit stel: ".... the culture shock 'hypothesis' or 'concept' suggest that the experience of a new culture is a sudden, unpleasant feeling that may violate expectations of the new culture and cause one to evaluate one's own culture negatively" (p. 45). Voorts is dit ook die gevolg van aanraking tussen dikwels nie-komplementêre komponente van die tradisionele kulture self. Die Swartman beleef dus sy kultuurskok in hierdie multikulturele kookpot uit twee uiteenlopende oorde:

/...

vermenging binne die tradisionele kulture enersyds, en beïnvloeding deur die Westerse kultuur, andersyds.

Volgens Taft (1977) is die "skok" van kultuurskok simptomaties van 'n kombinasie van die volgende faktore:

- Die ervaring van spanning tydens die aanpassingsproses, iets wat as "culture fatigue" beskryf word en die gevolg is van die konstante bewustheid van prestasie-eise.

- 'n Gevoel van verlorenheid as gevolg van die ontworteling uit die oorspronklike omgewing en die deprivering aan onder andere 'n vriendekring, kulturele stimulasie, sosiale status, ensovoorts.

- Die verwerping van 'n nuweling deur die gasheerpopulasie of 'n moontlike teenoorgestelde proses waar die nuweling die gasheerpopulasie verwerp of 'n gevoel deur die nuweling dat hy deur die gemeenskap verwerp word.

- 'n Verwarring van rol en verwagtinge in sy waardes en gevoelens van selfidentiteit. Dit kan bestaan uit blote ambivalensie of onsekerheid van emosionele gedrag.

- Die besef van die verskille tussen kulture gepaardgaande met 'n gevoel van ongemaklikheid, angs, afsku, onsekerheid en 'n gevoel van skaamte.

- Laastens en moontlik die belangrikste faktor (wat inderdaad die gevolg is van een of meer van die voorafgaande), is die onvermoë om aan te pas.

Alhoewel die meerderheid skrywers insluitende Bock (1970), Toffler (1971), Taft (1977) en Warren (1977) kultuurskok hoofsaaklik met negatiewe gevolge assosieer, ken skrywers soos Zuckerman (1978) en Furnham (1988) ook positiewe gevolge aan kultuurskok toe. Hulle sien dit as 'n geleentheid vir selfontwikkeling en persoonlike groei. Hiervolgens word kultuurskok gesien as die ervaring wat tydens 'n oorgangsfase kan lei tot die aanvaarding van nuwe waardes, houdings en gedragspatrone. Die implikasie is dat hoewel dit vreemd en dikwels moeilik ervaar mag word, dit 'n persoon meer aanpasbaar en buigsaam maak en ook meer insig en begrip gee. Die oorspronklike ongemak kan dus tot persoonlike groei lei.

Die onvermoë om aan te pas waarna Taft (1977) verwys manifesteer volgens Erasmus (1975) by die Swartman in Suid-Arika in 'n ekstreme vorm as akkulturasiekonflik. Erasmus (1975) beskryf akkulturasiekonflik as 'n toestand wat volg wanneer 'n persoon vanuit een kultuur oorgaan na 'n ander kultuur en nie "suksesvol" is om by die eise van die nuwe kultuur aan te pas nie. Hy vind in sy ondersoek dat die Swartman kultuurskok oorweldigend beleef en die oorgang nie met bevredigende gevolge kan hanteer nie. Erasmus se ondersoek is onder omstandighede gedoen waar apartheid en die diskriminerende elemente van die stelsel op die Swartman nog ten volle in werking was, gevolglik kon dit tot die waargenome traumatiese gevolge van die kultuurkontak bygedra het. Met ander woorde, die ontwikkelling van geestesspanning en patologiese aftakeling (akkulturasiekonflik) is nie net die gevolg van "onsuksesvolle" akkulturasie nie, maar in 'n onbekende mate ook die gevolg van die trauma van die apartheidstelsel. Die Swart adolessent wat in baie gevalle reeds die tweede of derde generasie stedeling is en in effek weinig kontak met die tradisionele lewenstyl het, is egter nie gevrywaar van die akkulturasiesindroom nie, omdat sy kontak met die Blanke (Eerste Wêreldling) weens sosio-politieke omstandighede kwalitatief en kwantitatief beperk is (die psigologiese gevolge van apartheid); sy ouers self neigings tot akkulturasiekonflik mag ervaar; en die snelle veranderinge in die tegnokratiese era (Toffler, 1980) toenemende akkulturasie vereis wat dikwels as gevolg van die beperkinge wat op die Swartman gestel is, nie moontlik is nie. Die gevolg hiervan is dat die Swart adolessent, weens sy beperkinge, onvoorbereid is vir die eise wat toenemende verandering stel.

### 2.2.1 Die praktiese toepassing van die model

Die toepassing van die model soos in Tabel 2.1 uiteengesit, sou hipoteties soos volg geïllustreer kon word: 'n Swart adolessent sou byvoorbeeld in 'n gegewe stadium daadwerklik met die eis om versnelde verwestersing gekonfronteer kon word. Die denkbeeldige respondent sou argumentshalwe op die ouderdom van vyftien jaar deur skielike verstedeliking blootgestel word aan die eise van die Wester-industriële kultuur. In daardie stadium mag hy hom moontlik sowat 20% "in" die kontinuum weg van die teoretiese TK-punt bevind. Dit plaas hom steeds sowat 80% "weg" van die teoretiese WK-punt op dieselfde kontinuum.

Soos uit Tabel 2.1 blyk, vereis dit eerstens 'n aanpassing aan die etos van die na-binnegerigte stamkultuur indien die individu relatief vry van botsing met die eise van sy omgewing wil leef. Die individu moet, in terme van die behoeftes van die stametos en die konsep van sanksioneel voorgeskrewe gedrag, sekere aanpassings in die nuwe (Blank-Westerse) omgewing maak (Cross, 1980). So byvoorbeeld moet die verwesterende individu van 'n verwysingsraamwerk waar kompetisie sanksioneel belet word, beweeg na 'n verwysingsraamwerk waar dit vereis word vir individuele oorlewing. Hy moet ook begin "glo" dat die mens oor die natuur heers en nie die natuur (seremonieel-religieus) oor die mens nie. Kortliks vereis dit 'n verandering van die verhouding tot die lewensdekor waarteen die "drama" van sy persoonlike bestaan as mens afspeel. Hy moet besef dat die insette vir oorlewing in die nuwe kultuur deur hom gemaak moet word deur 'n persoonlike keuse uit die talle moontlike gedragsantwoorde uit te oefen. Voorts dat wat hy moet en mag doen, nie langer vanuit die stametos kategories vir hom voorgeskryf is nie. Die wesenlike verskil lê juis daarin dat sy nuwe kultuur na hom kyk as 'n individu met die reg tot eie keuses en nie langer as prooi van 'n voorgeskrewe stimulus-responssituasie nie. Dit is in wese die oorbrugbare essensie van verwestersing vir die Swartman in die heterogene Suid-Afrikaanse opset. Die verwesterende individu word dus voortdurend gekonfronteer deur twee botsende wêrelde. Die waarbinne sy (na-binnegerigte) persoonlikheid sy oorspronklike beslag gekry het en die nuwe na-buitegerigte kultuur wat nie-voorskriftelike gedragsantwoorde van 'n individuele aard en dus eie keuse en verantwoordelikheid impliseer.

So gesien beteken verwestersing dus vir die verwesterende Swart individu geïnternaliseerde konflik - 'n botsing binne 'n persoonlikheid wat die nuwe wêreld se eise moet versoen met die voorskrifte van sy relatief reeds "gevestigde" (ou wêreldse) persoonlikheid.

Dit is hier waar die relatiwiteit van norme en waardes in die kulturele sin pertinent na vore kom, soos Seward (1956) dit teen die agtergrond van die akkulturasie van die Amerikaanse Neger en ander minderheidsgroepe illustreer. Seward gebruik die voorbeeld van die Kwakiult-Indiaan wat in New York droom dat sy buurman sy pampoene steel. In die tradisionele verband sou moord op die dief 'n stamaanvaarde optrede wees, maar in die moderne Westerse kultuur sou soortgelyke optrede as ondenkbaar beskou word. Net so kan geredeneer word dat as Phineas Ndaba van Kwa-Zulu se buurman hom die stryd aansê om die hand van dieselfde nooi, hy hom nie in die moderne Westerse kultuur met 'n knopkierie kan bydam nie. In die

Zoeloekultuur is sanksioneel bepaal wie Phineas Ndaba se potensiële eggenote sal wees en as sy buurman hierdie sanksionele voorskrif oortree, soek hy om weerwraak en sal die stam Phineas Ndaba gelyk gee. In die Westerse kultuur sal sodanige optrede Phineas Ndaba beslis in die gevangenis laat beland, op dieselfde wyse as wat die bogenoemde voorbeeld van die Kwakiult-Indiaan in die moderne Amerikaanse kultuur hospitalisasie met die diagnose van paranoia tot gevolg sal hê.

Die kultuurskok waarmee verwestersing in die Suid-Afrikaanse samelewing Phineas Ndaba en sy buurman konfronteer, is juis die probleem dat die Westerse kultuur die keuse van die individu, bó die sanksioneel voorgeskrewe norm van gedrag stel.

Hierop kan Phineas Ndaba met kultuur- en toekomsskok reageer en regresseer na 'n byna patologiese vasklou aan die sekuriteit wat die voorskrifte en sanksies van sy stamkultuur met betrekking tot gedrag bied; of hy kan hom in die arms gooi van 'n totale idilliese belewenis van die skielike "vryheid" wat die nie-voorskriftelike Westerse kultuur hom bied. Albei "oplossings" sou in 'n mindere of meerdere mate 'n "oorreaksie" wees. Regressie sowel as oor-idealisering is alreeds deur Freud (1946) en die vroeë psigo-analiste as "siek" vorme van "aanpassing" by die eise van die omgewing beskryf. Sodanige regressie is abnormaal juis omdat dit neerkom op 'n ontvlugting van die werklikheid en die eie verantwoordelikheid om aan die nuwe eise te voldoen. Sodanige optrede maak die betrokkene eerder 'n "prooi" as 'n "meester" van die situasie.

Die idilliese, oorverheerliking van die nuwe eise is eweneens ook 'n uitlewering aan die situasie. So 'n benadering kyk die eie rol in die verinnerliking van die nuwe eise mis en is niks minder nie as 'n "oorgawe" aan die onvermydelike. Albei hierdie toestande lewer die betrokkene uit aan die aanslae van die stelsel. Die "waarheid" van sinvolle "verandering" sonder kultuurskok lê waarskynlik iewers tussen voorafgaande uiterstes. Dit is waarom antropoloë soos Corner (1985) effektiewe verwestersing beskryf as die situasie waar die verwesterende individu elemente van die oue en die nuwe kultuur tot 'n werkbare sintese in terme van die besondere eise van die gegewe situasie versoen. Uit verwestersing ontwikkel daar 'n nuwe kultuur wat nie alleen radikaal anders is as die tradisionele kulture nie, maar ook anders is as die Westerse kultuur waarheen die akkulturerende adolessent glo hy beweeg. Dit kan 'n kultuur wees wat in 'n groter mate oorheers word deur antisosiale gedragswyses of dit kan 'n kultuur wees waarin die tradisionele en Westerse kulture vermeng word tot iets anders as die som van daardie onderdele. Sodoende ontwikkel nuwe subkulturele belewenisse binne die Westerse kultuur wat as

/...

eindproduk 'n totaal nuwe dimensie impliseer. 'n Voorbeeld van sodanige eindresultaat van verwestersing is "Township jazz". Die resultaat van 'n vermenging tussen tradisionele Afrika-klanke en Amerikaanse (Westerse) jazz, wat 'n produk tot gevolg gehad het wat meer is as die som van daardie onderdele.

Uit die voorafgaande blyk dit dat drie moontlikhede by verwestersing, in terme van die geïllustreerde model, ter sprake kom:

(a) Verwestersing kan in so 'n mate traumaties ervaar word dat die individu "patologies" regresseer en beangs vasklou aan die sanksionele voorskrifte van die ou kultuur.

(b) Verwestersing kan 'n relatief sinvolle versoening van die norme en waardes van die oue en nuwe kulture (in terme van die eis om sinvolle gedragsantwoorde in die nuwe kultuur) tot gevolg hê.

(c) Verwestersing kan gedrag, wat op 'n byna "patologiese" oorgawe aan die idilliese elemente van die nuwe kultuur neerkom, tot gevolg hê.

Die betekenis van voorafgaande beredenering vir die huidige ondersoek is in die vraag geleë of die aanwending van die massamedia weens die geordende aard van hierdie media, die meer sinvolle verwerking van die kultuurskok (tweede moontlikheid) sal bevoordeel; of aan die anderkant, dit juis daartoe sal lei, weens die impak van die televisie-aanbieding, dat die minder gesonde aanpassings wat in die eerste en derde moontlikhede gestel is, bevorder sal word.

# HOOFSTUK 3

## DIE PROBLEMATIEK VAN DIE SWART ADOLESSENT IN DIE PROSES VAN VERWESTERSING

**3.1 INLEIDING**

**3.2 OMSKRYWING VAN ADOLESSENSIE**

**3.3 DIE INVLOED VAN KULTUUR OP ADOLESSENSIE**

**3.4 ADOLESSENSIE IN DIE TRADISIONELE GEMEENSKAP**

**3.5 DIE INVLOED VAN VERWESTERSING OP DIE SWART ADOLESSENT**

**3.6 DIE INVLOED VAN DIE VERANDERDE GESINSTRUKTUUR OP DIE SWART ADOLESSENT**

3.6.1 Die ouer-adolessentverhouding

3.6.2 Die generasiegaping

**3.7 ONTWIKKELINGSTAKE TYDENS ADOLESSENSIE**

3.7.1 Die ontwikkeling van onafhanklikheid

3.7.2 Die ontwikkeling van heteroseksuele verhoudings en gedrag

3.7.3 Die vestiging van koöperatiewe en dinamiese verhoudings met die ouderdomsgroep

3.7.4 Die keuse van en voorbereiding vir 'n beroep

3.7.5 Die ontwikkeling van 'n eie waardestelsel en lewensfilosofie

3.7.6 Die ontwikkeling van 'n ego-identiteit

**3.8 VERVREEMDING EN JEUGMISDAAD**

**3.9 GROEPSVOORGESKREWE TEENOOR INDIVIDUELE GEDRAG: DIE EIS IN DIE NUWE OMGEWING**

## 3.1 INLEIDING

Die laaste dekades van hierdie eeu verteenwoordig 'n oorgangstydperk tussen post-industrialisasie en 'n nuwe tydperk in die mens se bestaan. Dit is volgens Toffler (1980) 'n oorgang tussen twee ordes wat gekenmerk word deur omwenteling en verandering wat nooit voorheen in die geskiedenis deur die mens beleef is nie. Die nuwe era manifesteer in die vorm van eskalerende nuwe tegnologie wat selfs die Westerse kultuur soos ons dit tans ken, heeltemal in 'n kultuur van beheerstelsels gaan omskep.

Vir die Swartman in Suid-Afrika hou verandering verband met modernisering deur tegnologie (toekomsskok). Hierdie proses verloop hand-aan-hand met die proses van verwestersing (kultuurskok). Toekomsskok sowel as kultuurskok vind voorts in 'n klimaat van radikale politieke en sosiale hervorming plaas. Die Swart jeugdige is aan al hierdie verandering blootgestel in 'n lewensfase waar hy self as adolessent ook nog aan die "normale" fisiologiese en psigologiese veranderinge van adolessensie blootgestel is.

Oor die algemeen is adolessensie 'n periode met spesiale en eiesoortige aanpassingsprobleme. Soos Erikson (1968) dit sien, is adolessensie die laaste geleentheid vir "... significant psychological change and restructuring before the consolidation of personality and entrance into the world of work, marriage, and social and personal responsibility" (p. 35). Vir die Swart adolessent wat al hierdie veranderinge en aanpassings gelyktydig moet hanteer, is die ervaring dikwels traumaties. Die versnelde verandering op tegnologiese gebied skep 'n nuwe samelewing waar die gesin en gemeenskap die adolessent nie meer toereikend en doeltreffend kan voorberei vir die eise vir oorlewing waaraan voldoen moet word nie. Nie net neem die leerbehoeftes van die individu binne die veranderende omstandighede toe nie, maar ook hulle behoefte aan ontwikkeling en aanpassing raak meer ingewikkeld en omvangryker van aard. Dit gaan nie net om behoeftes aan formele leer nie, maar sluit ook behoeftes aan sosiale en kulturele leer en aanpassing binne 'n totale raamwerk van volgehoue ontwikkling in.

Teen sodanige agtergrond ontstaan die vraag:

(a) Wat is die invloed van die verwesteringsproses in die algemeen op die Swart adolessent?;

/...

(b) Watter rol kan 'n massamedium soos televisie speel om die adolessent by te staan in die hantering van sodanige verandering?; en

(c) Kan televisie aangewend word om aspekte van die adolessent se opvoeding en ontwikkeling in 'n bepaalde rigting te stuur?

Voorts: Kan die aanwending van televisie gerig word om as 'n hefboom tot optimale en omvattende ontwikkeling en opvoeding te dien?

## 3.2 OMSKRYWING VAN ADOLESSENSIE

Die term adolessensie is afgelei van die Latynse werkwoord "adolescere" wat beteken om tot volwassenheid te groei (Lloyd, 1985; Dreyer, 1980). In die periode strewe die individue na fisieke, verstandelike, emosionele en sosiale volwassenheid. Rice (1978) wys daarop dat daar onduidelikheid bestaan oor die aanvang en beëindiging van hierdie ontwikkelingsfase in moderne samelewings aangesien ontwikkeling 'n kontinue proses is en faktore soos biologiese, psigologiese en sosio-kulturele verskille die aard en tempo van ontwikkeling beïnvloed. Dit is daarom nie moontlik om vaste ouderdomsgrense wat die adolessente ontwikkelingsperiode afbaken, aan te dui nie.

Hierdie onduidelikheid kan volgens Haviland & Scarborough (1981) ook daaraan toegeskryf word omdat definisies van die tydperk vanuit mediese, juridiese, opvoedkundige of sielkundige perspektiewe geformuleer word. Hierdie inkonsekwente beskouinge oor adolessensie is 'n aanduiding van die onduidelike status en rolverwagtinge wat die hedendaagse adolessent beklee.

Daar bestaan ook 'n verskil tussen tradisionele en moderne samelewings se opvattings ten opsigte van die aanvang, aard en duur van die adolessente periode. In baie van die tradisionele samelewings is daar 'n afgebakende oorgang van die kinderstadium na volwassenheid tydens puberteit (Stone & Church, 1979). Volwasse-status word tydens puberteit na 'n kort inisiasie-tydperk seremonieel aan die jeugdige toegeken. Adolessensie is dus van korte duur en geskied deur duidelik omskrewe rites wat algemeen bekend is.

In moderne samelewings moet daar egter volgens Stone & Church (1979) tussen twee tipes adolessensie onderskei word, naamlik biologiese en kulturele

/...

adolessensie. Biologiese adolessensie is 'n universele verskynsel wat verwys na die fisiologiese veranderinge wat by 'n puber intree, terwyl kulturele adolessensie deur kulturele faktore bepaal word en dus van kultuur tot kultuur varieer ten opsigte van die aanvang, duur en inhoud daarvan.

English & English (1958) en Eysenck, Arnold & Meili (1975) stel die ouderdomsgroep waarop die konsep adolessensie by Westerlinge betrekking het, as 12-21 jaar vir dogters en 13-22 jaar vir seuns. By dogters begin en eindig adolessensie dus vroeër as by seuns. Sowel Garbarino (1985) as Manaster (1977) stel dat adolessensie begin met die aanvang van puberteit teen ongeveer 11-12 jarige ouderdom en eindig wanneer jeugdiges verantwoordelikheid aanvaar vir die rolle wat hulle in die samelewing moet vertolk. Die einde van adolessensie en die begin van volwassenheid word dus nie slegs volgens chronologiese ouderdom en biologiese rypheid bepaal nie, maar ook deur verskeie maatskaplike voorskrifte (Stevens-Long & Cobb, 1983; Thom, 1984). Volgens Barnard (1964) en Dacey (1982) word die ouderdom waarop adolessensie beëindig word deur faktore soos sosio-ekonomiese klas en status en sielkundige rypheid bepaal. Sommige sielkundiges is van mening dat adolessensie met biologiese rypheid begin en met psigiese rypheid eindig. Laasgenoemde kan baie laat of selfs nooit bereik word nie (Horrocks, 1976).

By die Swart adolessent is ouderdom belangrik omdat daar tradisioneel in die gemeenskappe sanksioneel rolle aan 'n betrokke ouderdomsgroep toegeskryf word. Dit bring mee dat 'n ontwikkelingstadium soos puberteit en adolessensie en die gedrag wat daarmee geassosieer word voorskriftelik van aard is en nie bloot na willekeur deur groei verander kan word nie. As voorbeeld word by die Zoeloe gevind dat die pre-adolessent die beeswagterstadium van die "Umfana" (seun) beleef (dit hou verband met die ontwikkelingsfase van die sewe- tot vyftienjarige manlike kind), wat kortliks in Afrikaans as "seun" vertaal kan word en rofweg die ouderdom 7-15 jaar, bepaal. Hierna volg die stadium van "Insizwa" (jongman) wat die ouderdom 16-24 behels. Albei hierdie ouderdomsgroepe het duidelike vrouelike eweknieë in die fases van "Intombazane" en "Intombi" respektiewelik. Hierdie stadia word in die Swart samelewing gekonkretiseer deur gedragsvoorskrifte wat in hierdie fases verwag word en toelaatbaar is in die gemeenskap. Voorts geld soortgelyke modelle met betrekking tot gedragsvoorskrifte vir ouderdomsgroepe vir al die ander etniese groepe van die Suid-Bantoe. Om die prentjie verder te kompliseer word die oorgang tussen die twee stadia by alle ander groepe behalwe die Zoeloe deur ingewikkelde inisiasieprosedures gekenmerk wat rituele-besnydenis van beide geslagte se geslagsorgane insluit. Eers nadat hierdie proses deurloop is,

/...

kan die persoon summier sy gedrag volgens die nuwe ouderdomsgroep se gedragsvoorskrifte rig (Dreyer, 1980; Krige, 1965).

Met die stedelike Swart adolessent wat meer en meer 'n adolessent ontwikkelingstadium beleef wat soortgelyk is aan dié van sy Blank-Westerse eweknie, kan verwag word dat die ouderdomme waar adolessensie by die Swarte begin en volwassenheid bereik word, baie sal ooreenkom met die Blank-Westerse ouderdomme.

In die lig van bogenoemde kenmerke van adolessensie in die Westerse samelewing, kan adolessensie beskryf word as 'n lewenstadium wat 'n aanvang neem met die begin van puberteit wat volgens biologiese of sosiale faktore bepaal word, en duur tot volle status oor outonomie en verantwoordelikhede van volwasse rolle aan die persoon toegeken is. Vir die huidige ondersoek gaan dit teen voorafgaande agtergrond nou dus oor die vraag wat die effek van die intervensie van versnelde verwestersing op die Swart adolessent se ontwikkeling is.

## 3.3 DIE INVLOED VAN KULTUUR OP ADOLESSENSIE

In die voorafgaande kriteria vir die afbakening van die adolessente periode is melding gemaak van die belangrike invloed van kultuur. Om die individu se ontwikkeling te verstaan moet die historiese ontwikkelinge wat 'n kultuur ondergaan en die tydperk waarbinne die individu ontwikkel, in ag geneem word. Benewens die historiese tydperk moet die aard van die kulturele milieu ook bepaal word, byvoorbeeld die gemeenskap, woonbuurt, geloof, gesin, skool, portuurgroep en die massamedia (Garrison & Garrison, 1975; Lloyd, 1985; Rogers, 1985).

In die **Westerse** samelewing bestaan daar slegs vae riglyne ten opsigte van die einde van adolessensie en die aanvang van volwassenheid. Namate die adolessent ouer word en rypheid ten opsigte van verskillende ontwikkelingsaspekte bereik, word volwassenheid stelselmatig bereik (Gardner, 1982). Sekere godsdienstige seremonies bestaan wel wat volwassenheid van geloof aandui, asook informele gebruike wat dui op toenemende volwassenheid soos die aflegging van matriek, die bereiking van skoolverlatingsouderdom of watter ouderdom heteroseksuele partytjies bygewoon of laat uitgebly kan word. Namate die adolessent ouer word en as meer volwasse beskou word, word egter meer vryheid toegelaat. Alhoewel daar dus informele aanduiders bestaan wat die oorgang na volwassenheid in die **Westerse** kultuur aandui, is dit oor die algemeen vaag en wissel dit as gevolg van sosio-

ekonomiese en opvoedkundige vlak, waardes en norme, asook die opvoedingstyl van die ouers.

In die veranderingsgeoriënteerde **Westerse** kultuur word van die individu verwag om self rigting te vind, keuses te maak, eie identiteit en status te bepaal. Die eis om individualisme, diversiteit, outonomiteit, kompetisie en prestasie kan baie spanning veroorsaak (Parson, 1977; Coetzee, 1989; Pearce & Kang, 1988).

In teenstelling met die Westerse kultuur bestaan daar in sekere **tradisionele** samelewings (dikwels in meer primitiewe gemeenskappe) egter duidelike riglyne in die vorm van inisiasie-rites wat die oorgang van die kinderjare na volwassenheid aandui. Dit geskied ondanks die feit dat 'n mate van verwestersing plaasvind. Hierdie rites neem verskillende vorms en gebruike aan, maar in alle gevalle word die puber voorberei vir die rolle en verwagtinge wat in die volwasse rol vervul moet word. Hierdie inisiasie-rites kom ook meer in kulture voor waar daar 'n duidelike verskil in status en rol tussen kind en volwassene is, asook duidelik tussen die rolle van die geslagte onderskei kan word (Forisha-Kovach, 1983).

Kultuur bied in die tradisionele samelewing aan die adolessent 'n duidelik omskrewe en relatief "konsekwente" stel waardes, norme en riglyne. Die adolessent bevind hom in 'n lewensstadium waar hy veral 'n behoefte daaraan het om geloof in iets of iemand, in sekere stelsels of ideale te hê. Indien die kultuur dit nie bied nie, kan die adolessent maklik die prooi van ekstremistiese bewegings word. Hierdie hoogs homogene en gesanksioneerde raamwerk is egter in die moderne, veral stedelike samelewing, relatief afwesig. In die stedelike verband kom die adolessent te staan voor 'n multikulturele opset. Nuwe groepe wat vreemd aan die tradisionele kultuur is, soos die skool, kerk, administratiewe en geregtelike instellings, is dikwels 'n integrerende deel van die nuwe stedelike kultuur (Mayer & Mayer, 1974). Binne hierdie stedelike kulture het hul eie Westersdominante tradisies norme, waardes en gewoontes waarop hulle sterk van die tradisionele kulture onderskei kan word. Selfs binne dieselfde kultuur kan sekere subgroepe onderskei word, soos Afrikaans- of Engelssprekendes. Die gevolg is dat die Swart stedeling as nie-Afrikaner en nie-Engelsman en dikwels as "nie"-blanke, enersyds as individu sterk verskil van die "prototipe" wat gewoonlik met die stedelike kulture geassosieer word; andersyds bring sy aanraking met die nuwe kultuur mee dat hy nou ook "anders" as sy landelike rasgenoot is. Voorts bevind hy hom in die stedelike Swart gemeenskap in 'n heterogene opset in dié sin dat Swart adolessente hul in verskillende stadia van

verwestersing bevind, elk met sy eie kenmerkende eienskappe van 'n vermenging tussen die oue en die nuwe.

Die multikulturalisme van Swart stedelinge vertoon dus 'n komplekse patroon van uiteenlopende idees oor bestaansvoering, politiek, godsdiens en die sosiale lewe. Die relatiwiteit van norme en waardes wat deur hierdie multikulturele opset en die heterogeniteit wat dit tot gevolg het meegebring word, speel 'n belangrike rol in die uiteenlopende patroon van die verwagtinge wat dit by die Swart adolessent skep.

Mayer & Mayer (1974) wys verder op die belangrike feit dat waar die tradisionele kulture self die sanksies en voorskrifte vir gedrag van binne die kultuur geskep het, gedrag in die Westerse kulture dikwels van buite deur sekere ontwikkelings van tegnologiese aard gepredisponeer word. Uiteenlopende redes bepaal dus die ontwikkeling van uiteenlopende kultuurwaardes. Grant (1969) skryf in die verband: "Cultural factors prescribe what shall be learned and at what age; consequently different cultural environments lead to development of different patterns of ability. Those abilities which are culturally valid, and correlate with numerous performances demanded by the culture, are those that show a marked increment with age ... if a child's environment is restricted with respect to certain activities, he may function well below the limit of his potentiality, in those activities at varying ages, and a permanent impairment at the adult stage may result" (p. 63-64).

Daar kan geredeneer word dat die tradisionele kulture beperkend is in Grant se bogenoemde sin, juis omdat hulle van binne en nie ook van buite beïnvloed word met betrekking tot gedragsvoorskrifte nie. Dit is dus duidelik dat daar 'n noue wisselwerking bestaan tussen die ontwikkeling van die adolessent en die kenmerke van die kultuur waarin hy hom bevind. Die tradisionele Swart kulture met sy voorskriftelike norme van binne, is dus gedragbeperkend teenoor die Westerse kultuurbelewenis wat gedrags-verskeidenheid verseker deur 'n veel groter verskeidenheid van faktore toe te laat wat gedrag bepaal. Die individu se status in die Swart gemeenskap word dus eerder toegeken as verwerf (Dreyer, 1980).

## 3.4 ADOLESSENSIE IN DIE TRADISIONELE GEMEENSKAP

Die tradisionele Swartman is 'n sosiale en gemeenskapsgeoriënteerde persoon. In die tradisionele gemeenskap bestaan 'n gevoel van solidariteit, sodat die meeste take deur die gemeenskap as 'n geheel uitgevoer word. In dieselfde verband behoort die kind nie net aan sy ouers nie, omdat die kind se opvoeding en

sosialisering die verantwoordelikheid van elke volwassene in die gemeenskap is. Ooms en tantes word 'moeder' en 'vader' genoem en die bejaardes word hoogs gerespekteer, nie net omdat hulle oud en wys is nie, maar omdat hulle ook "namens die hele familie kon aanbid" (Vilakazi, 1965). Indien 'n kind homself swak sou gedra, het enige volwassene die reg gehad om die kind tereg te wys of te straf.

In teenstelling met die Westerse samelewing met die verskillende sosialiseringsagente soos die gesin, skool, kerk en portuurgroep (met dikwels konflikterende doelwitte), bevind die kind in die tradisionele samelewing hom binne 'n homogene raamwerk wat dit ten doel het om 'n ideale gemeenskapslid te produseer. Omdat die hele gemeenskap belang het by die kind se vordering, vind die kind rondom hom gedragsmodelle en gesanksioneerde voorskrifte vir gedrag volgens 'n vaste ouderdomsgroep. Die kind word bekend gestel aan 'n enkele stel opinies, waardes en gedragskodes waarvan die aanvaarding die voordele van erkenning en status in die volwasse gemeenskap verseker. Daar is dus min probleme van rebellering of keuses - die individu moet normaalweg konformeer sonder dat hy dinge bevraagteken (Van der Vliet, 1974). Dit kan dus gestel word dat die kind in die tradisionele samelewing sy kultuur binne sowel as buite die huis leer deur vaste voorskrifte, observasie, nabootsing en spel eerder as deur verduideliking en uitleg in die kommunikasie tussen volwassene en kind.

Die rol van die vader in die tradisionele verband is dié van dissiplineerder en outoriteit. Hy is die toonbeeld van manlikheid en krag - 'n sterk en magtige persoon. Die seuns hou daarvan om die vaderfiguur se gedrag en spreekstyl na te boots. Daar is 'n aanvanklike noue identifikasie tussen vader en seun omdat 'n kind as 'n waardevolle aanwins beskou word wat nie net emosionele bevrediging bied nie, maar ook 'n ekonomiese bate is. Die noue kontak en identifikasie verminder egter in geesdrif en entoesiasme soos die kind uit vroeë kindskap groei en gedissiplineer word. Die vader word steeds geïdealiseer, maar word nou eerder op 'n afstand geadmireer. Byvoorbeeld, die norms van die Zoeloes bepaal dat die seun nie pyn en leiding gespaar word nie, maar dat hy soos 'n man gebrei word wat moeilikheid met vasberadenheid in die gesig moet kan staar (Vilakazi, 1965). Hierdie doelbewuste harde lewe word op die seun afgeforseer en dit veroorsaak dat daar 'n afstand tussen die seun en die vader ontwikkel. Die seun word gevolglik gedwing om baie gereserveerd in sy vader se teenwoordigheid op te tree en versigtig te wees in wat hy sê. Bryant (1967) wys daarop dat daar in die Zoeloegemeenskap een groot wet geld, naamlik dié van absolute onderdanigheid aan vaderlike outoriteit. Hy omskryf dit soos volg: "Unquestioning, unanswering obedience to the supreme power was

demanded without distinction of all alike; of mothers, of sons, of every child. Every failure to obey was immediately followed by drastic reprisals while open revolt might easily have terminated in the death of the transgressor" (p. 185). Die situasie waar die seun in sy vader se teenwoordigheid sou sit en verskillende sake sou bespreek of argumenteer bestaan dus basies nie. Binne die totale tradisionele Zoeloe gemeenskap meng mense van verskillende ouderdomme dus nie (Krige, 1965).

Aan die anderkant is moeder-dogter verhoudinge baie gemakliker en intiemer. Hierdie noue identifikasie gee gewoonlik daartoe aanleiding dat die dogter die moeder idealiseer. In die tradisionele gemeenskap word die vader-dogter verhouding gekenmerk deur 'n sagmoedigheid wat afwesig is in die vader-seun of moeder-dogter verhoudings. Die vader bederf gewoonlik die dogter terwyl die moeder die seun as toekomstige familiehoof behandel (Vilakazi, 1965). As die seun byvoorbeeld kos wil hê sal hy die moeder nader wat dan altyd gretiglik probeer om aan al sy behoeftes te voldoen. Die normale praktyk vir beide seuns en dogters is dat hulle die moeder nader indien toestemming vir iets verlang word. Indien die moeder dink dat daar meriete in die saak is word hulle na die vader verwys. Die kind nader nooit self die vader nie.

Vanaf vroeë kindskap word daar duidelik tussen die verskillende geslagte onderskei; die seuns se rolvoorskrifte stuur hulle noodwendig in 'n ander rigting as dié waarin die dogters gestuur word, afhangende van hulle eie posisie in die distrik waarin hulle woonagtig was en hulle posisie in die sosiale lewe.

Die Swart kind se vordering vanaf kindskap na volwassenheid in 'n tradisionele gemeenskap is vereenvoudig deurdat status toegeken eerder as verwerf word (Dreyer, 1980; Botha, 1977; Badenhorst, 1975). Die jeugdige self kon niks doen om sy status te 'verbeter' nie en word gebind aan tyd en gebruike. Dreyer (1980) meen dat die Swart (Zoeloe) adolessent hom in die dilemma bevind, dat hy sekere doelwitte, vaardighede en rolle in die volwasse gemeenskap nastreef, maar dat hy oënskynlik deur die volwassenes toegang daartoe geweier word. Die adolessent sien volwassenes as 'n groep wat oor die mag en vermoë beskik, maar nie oor die wil om hom te help om sy doelwitte te bereik nie. Die Swart adolessent beskou die portuurgroep as persone wat hom wil help om die status van volwassene te bereik. Die enigste oplossing vir 'n jeugdige in 'n tradisionele gemeenskap ten opsigte van hierdie probleem lê in kompetisie en vyandigheid jeens die ouer ouderdomsgroepe, selfs tot die punt van georganiseerde fisiese gevegte om sosiale status te verwerf, asook deur samewerking en vriendskap van die portuurgroep te beding om soveel

moontlike waardering binne die sosiale struktuur te verkry. As 'n funksionele reaksie op hierdie waargenome dilemma van die jeugdige, het die tradisionele samelewing eksplisiete en geïnstitusionaliseerde rolle, norme en simboliese rituele gebruike saamgestel om hierdie intergroepvyandighede te kontroleer ten einde beheersde en beheerde voortsetting van die kultuur te verseker. Die onderskeie geïnstitusionaliseerde rolle geld vir albei die geslagte, maar in geslagstiperende verband.

Die seun se puberteitseremonie in die tradisionele gemeenskap hou sterk verband met die puber se biologiese ontwikkeling en gaan gepaard met 'n periode van afsondering. Na hierdie tydperk word hy as 'n man beskou en begin hy meisies van sy ouderdomsgroep die hof te maak.

Die meisies se puberteitseremonie is in baie opsigte soortgelyk aan dié van seuns. Volgens Dreyer (1980) word die meisies se puberteit-seremonie gekenmerk deur "... separation rites, a period of seclusion, followed by aggregation into a new group" (p. 20). Na hierdie periode is die meisie as hubaar beskou.

Hierdie seremoniële oorgangsproses tussen kindskap en volwassenheid is dus heelwat korter en meer geformaliseerd en gekonkretiseer as in die Blank-Westerse samelewing. Die proses het 'n duidelike begin en einde waarna die persoon as volwasse beskou word en volwasse gedragsrolle kan aanneem.

## 3.5 DIE INVLOED VAN VERWESTERSING OP DIE SWART ADOLESSENT

Die hedendaagse Swart stedelike adolessent ervaar nie 'n duidelike oorgang tussen kindskap en volwassenheid soos wat dit bekend is in die tradisionele omgewing nie, omdat adolessensie geleidelik 'n Westerse karakter begin aanneem. Uit die verwarring wat uit hierdie verandering kan voortspruit, kan waarskynlik 'n "nuwe adolessent" na vore kom vir wie dit nie meer seker is of hy sy gedrag volgens die ou voorskrifte moet rig of nie, omdat dit in die nuwe samelewing nie noodwendig langer sin maak nie.

Verwestersing het 'n nuwe klem meegebring, waar die fokus verskuif word van algehele konformiteit na individualiteit - die adolessent is nou meer op hom self aangewese om hierdie tydperk te hanteer en te verwerk. Nel (1970) beskryf hierdie verandering soos volg: "In distinct contrast with the closed-world image of traditional societies and their collectivistic view of life, emerges a new image of

man, representing a westernized personality in the contemporary South African setting; a person with a more rationally objective and individualistic attitude to life" (p. 17).

Die koms van die industrialisering en die nuwe geldekonomie wat radikale veranderinge in die Swartman se tradisionele lewenswyse tot stand gebring het, het hierdie nuwe neiging tot individualisme ingelei. Volgens die nuwe geldekonomie word die verantwoordelikheid van die vader as voorsiener beklemtoon. Dit beklemtoon dus die verantwoordelikheid van die **individu** in teenstelling met groepsverantwoordelikheid waar die hele gemeenskap kollektief verantwoordelik is. Hierdie oorbeklemtoning van **individualisme** gee aanleiding tot 'n verlies aan solidariteit, sekerheid en 'n relatiewe onafhanklikheid van die gesin wat lei tot 'n verwaarlosing van familiebande en 'n klem op opvoedkundige en ekonomiese mag.

As gevolg van die groter belang van geldekonomiese eise en behoefte om **arbeid** aan die Westers-industriële samelewing, is groot getalle vaders vir lang tye weg van hul tradisionele **plattelandse** tuiste geneem. Die **jeugdiges** bevind hulle skielik sonder 'n sterk outoritêre vaderfiguur. Die lang tye van afwesigheid veroorsaak dat baie vaders minder en minder verantwoordelikheid vir hulle families neem. Die gevolg is dat vaders kontrole oor die **jeugdiges** begin verloor. Die jeugdiges ondermyn openlik die outoriteit van die vrouens èn bejaardes, wat nou die enigste bron van dissipline geword het. Die **jeug** ervaar gevolglik 'n geleidelike agteruitgang van tradisionele gebruike en groepswaardes. Die ou homogene patrone van die tradisionele samelewing verbrokkel algaande. Die **jeugdiges** beleef nie meer die gemaklike en egalige funksionering van die tradisionele sosialiseringsproses nie. Die gevolg is 'n algemene onsekerheid van wat as reg of verkeerd beskou word, gepaard met 'n algemene gevoel van verwarring en moedeloosheid wat tussen die jeug en hulle ouers ontwikkel.

As gevolg van hierdie groter selfgesentreerdheid en selfsugtigheid beskryf Vilakazi (1965) met teleurstelling die nuwe generasie as 'n generasie wat net aan hulleself dink en "refuse to have anything to do with those who are entitled to help from them by kinship code of behaviour" (p. 134). Hierdie gesindheid staan in felle teenstelling met die groepsgeoriënteerde tradisionele samelewing waarin individuele prestasie, persoonlike inisiatief en materialisme ontbreek.

In die **stede** word jong mense selfs meer drasties geaffekteer. Die tradisionele groep as 'n sinvolle entiteit is besig om te verdwyn; die familiestruktuur en huishouding

/...

neem al hoe meer 'n Westerse vorm aan waar Westerse klere, eetgerei, gebruike, ensovoorts algemeen is, terwyl 'n ferm en duidelike sosiale organisasie ontbreek om lede in hulle verwarring te rig. 'n Verdere probleem is dat die Swart ouer wat in die Westerse wêreld leef en werk in sommige gevalle so tradisioneel-georiënteerd is dat die ouer nie daarin kan slaag om die nuwe waardes en norme aan die kind beskikbaar te stel nie. Gevolglik is die ouer se optrede in baie opsigte dubbelsinnig, onseker en vaag (Badenhorst, 1975; Steyn & Breedt, 1977).

'n Verdere onduidelikheid en onbekendheid vir die Swartman is die feit dat die grense wat adolessensie en volwassenheid in die moderne gemeenskap skei uiters vloeibaar en dikwels baie vaag is (Dreyer, 1980; Mkhabela, 1984). Soos wat gemeenskappe vanaf 'n primitiewe na 'n tradisionele en uiteindelik Westerse lewenswyse vorder, vervaag die geformaliseerde grense tussen adolessensie en volwassenheid. Teen hierdie agtergrond skryf Dreyer (1980): "Since a large percentage of the rising generation no longer undergo the initiation ceremony, they truly become adolescents in the Western sense of the word. Their schooling and the education they seek force them to be dependent upon their parents and others for a much longer period than in the past. A change in adolescent views on and relationship with parents and adults under such circumstances, in contrast to traditional ways, can surely be expected to come about" (p. 26).

'n Verdere dilemma in 'n veranderde gemeenskap is dat verskillende grade vir kultuurverandering bestaan - vanaf sterk tradisioneel tot 'n sterk Westerse lewenswyse met verskillende graderings tussen-in. Hierdie aspek word later in die hoofstuk in meer diepte bespreek.

## 3.6 DIE INVLOED VAN DIE VERANDERENDE GESINSTRUKTUUR OP DIE SWART ADOLESSENT

Verstedeliking en groter geografiese mobiliteit het die aard van sosiale instellings soos die gesin, baie verander. Die gesinstipe waarin die adolessent in 'n tipiese Westerse samelewing groot word, is die kerngesin wat bestaan uit 'n vader, moeder en een of meer kinders (Kagitcibasi, 1990; Steyn, Van Wyk & Le Roux, 1978). Die uitgebreide gesin is egter ook 'n belangrike gesinstipe waarin adolessente van sommige tradisionele en moderniserende kulture groot word (Clausen, 1978; Kagitcibasi, 1990). Die uitgebreide gesin was die algemene gesinstipe in Westerse lande voor die Industriële Revolusie. Terwyl die moderne kerngesin gewoonlik uit twee generasies bestaan, bestaan die uitgebreide gesin uit drie of

/...

meer generasies met familielede wat in die nabye omgewing woon. Die uitgebreide gesin was dus ingebed in sy familie-verwantskapsisteem. Hierdie tipe gesin het as ekonomies interafhanklike sisteem gefunksioneer. Sedert die koms van die Industriële Revolusie het die kerngesin struktueel verwyderd geraak van die familieverwantskapsisteem (Steyn, Van Wyk & Le Roux, 1987). Dit het die stabiliteit en interafhanklikheid van gemeenskappe laat verswak; kommunikasie tussen die gesin en ander sosiale en politieke instelling belemmer; die grootte van die gesin laat krimp na 'n relatief geïsoleerde kerngesin, met die gevolg dat materiële en psigologiese bronne waaruit vroeër steun verkry is, beperk word. Die uitgebreide gesin se verlies van sy kohesie het meegebring dat die solidariteit van hierdie gesinslede met mekaar sterk afgeneem het. Die gesag vir besluitneming oor eie sake is nou by die kerngesin gesetel en so ook die verantwoordelikheid van elk van sy lede.

As gevolg van die strukturele verwyderdheid van die wyer verwantskapsisteem waarin die kerngesinne voorheen ingebed was, is die kerngesin in die moderne Westerse samelewing genoodsaak om adolessente self te sosialiseer sonder ondersteuning van die onmiddellike uitgebreide gesin (Conger & Petersen, 1984; Ngedane, 1985). Hierdie veranderinge asook verdelings binne 'n samelewing op grond van onder andere sosio-ekonomiese en rasseverskille het die aanpassingseise vir Swart ouers en hulle adolessente kinders bemoeilik, aangesien dit sosiale fragmentasie en disorganisasie in die hand werk (Ngedane, 1985). Hoewel die rol van die hedendaagse ouer in die kerngesin krities is vir volwaardige ontwikkeling van die kind, word ouers nie intellektueel en emosioneel deur die samelewing vir die taak toegerus nie. Die ouers bevind hulle in 'n vinnig veranderende samelewing waarin hulle "vriende" dikwels in hul kulturele belewenis van hul verskil en dus nie 'n kultuursinvolle ondersteunende rol as modelle van gedrag kan vervul nie. Verder word die ouer verwar deur konflikterende raad van bure en populêre media programme of artikels.

Die isolasie van die kerngesin dra by tot moeilik veranderbare intieme emosionele verhoudings tussen die gesinslede (Mkhabela, 1984). Wanneer die adolessent te staan kom voor die ontwikkelingstaak om onafhanklikheid te verwerf, vind die adolessent dit moeilik om bande los te maak en na sy ouderdomsgroep uit te beweeg. Sowel die gesin as die adolessent word dus aan groter spanninge onderwerp. Toenemende spanning binne die geïsoleerde gesin dra by tot 'n toename in egskeidingsyfers by getroudes, terwyl saamwonendes se weë eweneens op soortgelyke wyse uiteen mag loop.

/...

Hierbenewens is daar die toenemende probleem van die "afwesige" vader in die gesin. Alhoewel hy soms self fisies teenwoordig en dus nie weg van die huis af hoef te wees nie, het verwestersing hom losgemaak van 'n figuur wat 'n waardevolle rol as gesagsmodel kan speel. Die gevolg is 'n adolessent wat toenemend na modelle buite die gesinsverband, byvoorbeeld in televisie-sepies moet reik vir 'n voorbeeld van rolverwagting. Die adolessent moet dikwels in 'n vaderlose gesin, waar die moeder werk, die ontwikkelingstake self bemeester (Ausubel, Novek & Henesia, 1979).

Een van die mees basiese voorvereistes vir effektiewe en doelgerigte opvoeding is 'n stabiele en voorspelbare gesinsomgewing (Marjoribanks, 1974). Hierdie voorspelbare en betroubare omgewing vorm die basis waarvandaan die kind sy omgewing ontdek en uitdagings van die buitewêreld aanvaar. Onstabiliteit tuis veroorsaak dat die kind onseker en onveilig voel en onwillig is om nuwe uitdagings te aanvaar (Wahlberg, 1974). 'n Kind wat onveilig voel sal nie op skool tot sy optimale vermoëns presteer nie, omdat bekommernis rakende sy ouers en sibbe akademies gesproke 'n verlammende uitwerking op sy skoolwerk het (Van Niekerk, 1986). Ongelukkig is daar uitgebreide bewyse dat dit wel die geval is in die meeste Swart stedelike gebiede in Suid-Afrika en kan die swak skoolprestasie van veral matrikulante daaraan toegeskryf word (Van der Westhuizen, 1987; The Sowetan, 1 September, 1989)

### 3.6.1 <u>Die ouer-adolessent verhouding</u>

Die aard van die verhouding tussen ouers en adolessente word bepaal deur faktore soos die persoonlikhede van die betrokke persone, die interpersoonlike verhoudinge en kommunikasie binne die gesin, die ouderdomsverskil tussen die ouers en adolessente kind, die sosio-kulturele omgewing asook die opvoedingstyl van die ouer. Adolessente is in die algemeen beter aangepas indien hierdie faktore op 'n positiewe wyse gehanteer word (Moos & Moos, 1981a; 1981b; Hartup, 1979; Montemayor, 1983). Indien hierdie faktore swak hanteer word en 'n hoë mate van konflik en swak kontrole aanwesig is, is adolessente swak aangepas (Burt, Cohen & Bjorck, 1988). Ouerlike betrokkenheid en liefde bepaal die afstand tussen ouer en kind. Die nabyheid van die ouer is ook bevorderlik vir die toepassing van ouerlike outoriteit. 'n Ouer wat liefdevol en na aan sy kind is en die korrekte toepassing van outoriteit en straf verstaan, is in 'n beter posisie om die kind deur krisisse en beproewinge te lei.

Volgens Van der Walt (1991) is daar genoeg bewyse om te aanvaar dat daar nie genoegsame liefde en nabyheid tussen ouers en kinders in stedelike Swart gebiede bestaan nie. 'n Groot mate van verwydering het in baie gevalle ontstaan omdat die kind die ouer as agterlik, onkundig en outyds beskou. Die gaping tussen ouers en kinders het ook ontstaan as gevolg van politieke verskille. Wat die Swart adolessent se verhouding met die moederfiguur betref skryf Biesheuvel (1983): "Most of the attention given by the mothers to their children was of the physical kind, very little overt affection was apparant in their relationship, even with the youngest children. Their attitude was neither positive nor negative ... with older children there was very little personal relationship at all" (p. 42). Waar die Swart moeder vroeër bloot vir die opvoeding en versorging van haar kinders (in onderdanigheid aan haar man) verantwoordelikheid aanvaar het, het haar deelname as geëmansipeerde gesinslid in baie opsigte verander. Die moeder wat 'n onontbeerlike steunpilaar in die gesinsopvoeding behoort te wees, is dikwels nie opgewasse vir die behoorlike uitvoering van haar opvoedingstaak nie. Haar gedrag is wisselvallig en impulsief van aard en gaan veral mank aan beplanning (Botha, 1977). Die moeder kan te midde van die uiteenlopende en dikwels strawwe eise in 'n nuwe kultuurvreemde omgewing nie die kinders toereikend versorg, opvoed en liefde gee nie. Die groot kindertal maak dit ook moeilik om die kinders goed te versorg en om genoeg individuele aandag aan elkeen te gee. Haar tyd word voorts beperk deurdat sy dikwels self moet werk om die vader se swak inkomste aan te vul om die pot aan die kook te hou. Haar eie opvoeding is dikwels ontoereikend en haar skoolprestasies swak - dienooreenkomstig is daar van opvoeding wat op skoolprestasie en taakgerigtheid gemik is, min sprake.

In Swart gemeenskappe bring armoede dikwels 'n matrifokale ingesteldheid mee (Lötter, 1979; Cressey & Coleman, 1980; Du Toit, 1977). Die moeder word dus die gesagsfiguur en vorm die saambindende krag in die gesin. Hierdie matrifokale ingesteldheid word teweeggebring deur die afwesigheid van die vader, deels vanweë die lang ure wat hy moet werk om die gesinsinkomste te vergroot, of vanweë gesinsverlating of vanweë die feit dat hy 'n gas- of trekarbeider buite, veral die nasionale state, is en gevolglik selde die gesin besoek. Dikwels word die situasie vererger deur 'n moeder wat self werk en dus afwesig is. Die gevolg hiervan is dat die verhouding tussen ouers en kinders dikwels gekenmerk word deur 'n gebrek aan kontrole oor skoolgaande kinders en negatiewe gesinsomstandighede waar kinders verplig voel om vroeg die skool te verlaat ten einde die gesinsinkomste aan te vul (Kotze, 1983).

/...

Die afwesige vaderfiguur impliseer ook negatiewe gevolge vir die adolessent soos onsekere manlike identifisering en swak sielkundige aanpassing van die Swart manlike adolessent. Pleck, (1981), Blanchard & Biller (1971) en Santrock (1972) het gevind dat seuns intellektueel swakker vaar in die afwesigheid van 'n vaderfiguur. Waar die Swart vader wel teenwoordig is moet hy in die stedelike verband van sy amper despotiese outoritêre gesag afstand doen. Die Westerse wêreld het die tradisionele orde ingrypend verdemokratiseer sodat outoritêre gesagsvorme in die samelewing grootliks verwerp word (Botha, 1977). Aangesien die moeder ook buitenshuis werk ten einde die gesinsinkomste te verbeter, word die vader daartoe genoop om ander rolle in die gesin in te neem soos die algemene versorging van die kinders. In baie gevalle is die vader egter 'n swak rolmodel omdat vaders dikwels as broodwinner werkloos, werksku en swak opgelei is (ongeskoold of halfgeskoold), met 'n lae beroepstatus en 'n lae inkomste. Die vader se beroep het vir die adolessent ook ontoeganklik en onsigbaar geword, sodat die seun se geleenthede tot identifikasie met sy vader beperk word. Tesame met sy gesagsbasis, wat nou meerendeels na die skool, kerk, jeugklubs en portuurgroep verskuif het, neem die vaderfiguur toenemend die status van die afwesige figuur aan. In die tradisionele verband bestaan daar heelwat ander gedragsmodelle wat hiervoor kan kompenseer, maar in die stad is hulle egter relatief afwesig. Die gevolg hiervan kulmineer in 'n geweldige bevraagtekening van enige vorm van gesag omdat die adolessent geen konsep opgebou het van outoriteit en die aanvaarding daarvan nie. Die Swart adolessent het dus 'n onvermoë om met gesagsmodelle te identifiseer. Hierdie opstand teen gesag en outoriteit vind neerslag in die toenemende geweld en anargie wat 'n byna alledaagse verskynsel geword het in Swart stedelike gebiede.

Dit is insiggewend om daarop te let dat Strijdom & Van den Burgh (1979) in 'n studie rakende versorging, opvoeding en beheer van Swart kinders gevind het dat groot persentasies Swart mans sowel as vroue aangedui het dat nie een van hulle verantwoordelikheid vir hierdie rolle aanvaar nie. Die gegewens toon verder dat die weergawe van die mans insake rolverdeling, ten opsigte van die betrokke take, aansienlik verskil van dié van hul vrouens. Bogenoemde is ongetwyfeld belangrike faktore wat tot 'n groot mate aanleiding gee tot die maatskaplike disintegrasie en normloosheid wat onder die stedelike Swart jeug aangetref word.

/...

### 3.6.2 Die generasiegaping

Ouers is gewoonlik in hul middeljare wanneer hulle kinders adolessensie bereik. Terwyl die ouers deur die krisis van die middeljare gaan, deurloop hul kinders die krisis van adolessensie. Daar vind dus by albei groepe drastiese veranderinge plaas (Gerdes, 1988; Rice, 1984), onder andere: ingrypende seksuele en liggaamlike verandering; emosionele aanpassing by liggaamlike verandering; 'n herdefiniëring van die selfkonsep en eie identiteit; 'n herdefiniëring van waardestelsel en lewensfilosofie; 'n moreel-etiese evaluering van samelewingstendense; 'n herdefiniëring van eie rolle in die samelewing en 'n groter betrokkenheid by gemeenskapsake. Voorts word ouers gekonfronteer met fisiese en psigiese beperkinge en onvervulde ideale juis op 'n tydstip waar die fisiese en psigiese vermoëns van die adolessent vinnig toeneem (Rice, 1984). Hierdie gelyktydige veranderinge by albei groepe kan hewige konflikte tot gevolg hê. Die jeugdige laat hom byvoorbeeld nie geredelik deur die volwassene voorskryf nie, want sy ervaring van die lewe is verouderd in 'n snelveranderende wêreld (Roberts, 1983). Selfversekerde begeleiding deur die volwassene word al hoe moeiliker omdat hy hom as gedeeltelik vervreemd en onseker in 'n tegnologiese samelewing bevind (Stevens-Long & Cobb, 1983). By vroeëre generasies het die volwassenes 'n homogene groep gevorm. Wanneer die adolessent in tradisionele verband hom verset het teen die volwassene se idees, menings, waardes en optrede, het hy te staan gekom voor 'n verenigde, identifiseerbare front. Dit het meegebring dat die ouer 'n gesagsfiguur was, wat as 'n effektiewe model kon dien. Tussen die lede van hedendaagse volwassenes bestaan daar verdeelheid ten opsigte van prestige, politieke menings, persoonlike standaarde, waardes en moraliteit. Die gesag van die kultuur van volwassenes, en dus die ouer, het verminder. Dit veroorsaak dat albei ouderdomsgroepe 'n ambivalensie jeens mekaar openbaar (Stone & Church, 1979; Roberts, 1983; Mkhabela, 1984).

Motshologane (1974) beskryf die Swart ouer se dissiplineringstegnieke as laks, wisselvallig of oormatig streng. Die verhouding tussen ouers en kinders word gekenmerk deur wedersydse aggressie, gebrek aan samewerking, verwerping, afsydigheid en apatie. Die ouers koester nie hoë verwagtinge van hulle kinders nie, vertoon soms persoonlikheidsprobleme en het dikwels 'n kriminele rekord (Pretorius, 1979; 1986). Dit is dan te verwagte dat die Swart adolessent op grond van 'n sterk emansipasie strewe minder hegter gesinsbande sal hê, toenemend krities

teenoor die gesin sal staan en gesinsbeperkinge toenemend as stremmend sal ervaar (Roberts, 1983).

Die generasiegaping kan op grond van 'n aantal faktore verklaar word. **Eerstens** is die opvoedkundige gaping tussen ouer en kind (veral die laer sosio-ekonomiese groepe en moderniserende gemeenskappe) 'n belangrike rede vir die konflik en wedywering tussen die generasies (Roberts, 1983; Kitwood, 1980; Mkhabela, 1984). In Suid-Afrika het groot getalle Swart volwassenes òf geen formele opvoeding òf min skoolopleiding ondergaan. Hierdie mense bevind hulle in die situasie waar hulle 'n bestaan moet maak in 'n hoogs kompeterende en Westers-georiënteerde samelewing waar skolastiese kwalifikasies uiters noodsaaklik geag word om 'n goeie betrekking en bestaan te verseker. Die individu moet noodwendig baie weet van die Westerse kultuur en in staat wees om homself daarby aan te pas en te handhaaf. In hierdie samelewing met sy besondere eise van kundigheid en vaardighede, het die ongeskoolde en halfgeskoolde lede van die Suid-Afrikaanse samelewing 'n agterstand wat moeilik verbeter kan word. Pretorius (1986) beweer dat die onderwyspeil wat die ouers bereik bepalend is vir hulle vermoë om tuis stimulerende ervaringe aan hulle kinders te voorsien; vir hulle houding ten opsigte van die opvoeding en onderwys van hul kinders; en vir hulle begrip van wat die skool met die kind probeer bereik. Volgens Strijdom en Van den Burgh (1979) het baie Swart ouers uit onvermoë en omdat hulle self ook in die proses van kulturele ontwikkeling staan hul opvoedingstaak geabdikeer. Veral in tye van snelle maatskaplike verandering vind self tersiêr-opgeleide ouers dat hulle nie altyd die adolessent kan help met vakinhoud en skoolwerk nie (Garrison & Garrison, 1975).

**Tweedens** bring 'n versnelde tempo van maatskaplike verandering ook verskille in ervarings en waardes tussen ouer en kind teweeg wat kommunikasie beïnvloed. Die houdings en gesindhede van baie Swart ouers is byvoorbeeld nog oorwegend tradisioneel georiënteerd (Mkhabela, 1984; Van den Berg, 1980) en hulle het onaanvaarbare kultuurlose identiteitsfigure vir hulle kinders geword (Mkhabela, 1984; Badenhorst, 1975).

**Voorts** is daar op interpersoonlike vlak 'n gebrek aan begrip en aanvaarding van die adolessent as 'n mens met eie oortuigings en menings oor sake (Garrison & Garrison, 1975). Die feit dat adolessente in die moderne samelewing geïsoleer is, vererger die toedrag van sake. Adolessente ontwikkel in afsondering in skole, is afgesny van die volwasse wêreld van werk en word nie toegelaat om deel te neem aan die volwasse besluitnemingsproses nie. Hierdie isolasie lei tot vervreemding,

/...

skeptisisme en verwydering wat dan tot rebelsheid en konflik aanleiding gee (Santrock, 1983).

'n Verdere oorsaak van konflik kan geleë wees in die feit dat ouers hulle adolessente kinders uitbuit. In sulke gevalle stel die ouer sy behoeftes bo dié van die adolessent of hulle probeer hulle eie onvervulde behoeftes deur middel van die adolessente kinders bevredig. Soms word daar van die adolessent verwag om meer as sy deel aan gesins- en huishoudelike take en verantwoordelikhede te dra. Pretorius (1979) skryf dat baie Swart ouers so in hulle eie bestaansekonomiese leefwyse vasgevang is dat hulle slegs tot die basiese behoeftes georiënteerd is en stagnant geraak het, 'n toestand wat indruis teen hulle kinders se sienings, wense en aspirasies (Buxton, 1973; Mayer & Mayer, 1974). Die hoofrede lê in die feit dat die Swart kind hom in 'n omgewing bevind wat Westerse eise stel. Die Swart ouer wat in die reël sy rolmodelle in 'n tradisionele gemeenskap verwerf het, is in 'n totale onvermoë om vir sy kind 'n basis te bied vir effektiewe gedragsantwoorde in die nuwe omgewing. Die Swart ouer het dus niks wat hy sy kind kan bied nie - die kind word in 'n lugleegte groot. Die ouers mag wel fisies aanwesig wees, maar is as effektiewe modelle vir die eise van die nuwe samelewing relatief afwesig.

Konflik tussen adolessente en hulle ouers as gevolg van 'n sterk identifikasie met 'n alternatiewe kultuur waarmee die adolessent in kontak kom, is ook in navorsing deur Rosenthal (1984) bevind. Anglo-Australiese adolessente het minder konflik met hulle ouers gerapporteer as Grieks-Australiese en Italiaans-Australiese adolessente. Hierdie verskille toon volgens Rosenthal dat lidmaatskap van 'n minderheidsgroep gepaard gaan met 'n toename in konflik. Dit blyk uit die navorsing dat die konflik tussen adolessente en hulle ouers toegeskryf kan word aan 'n sterk identifikasie met die dominante sosiale groep en die verwerping van die eie oorspronklike kultuur. Die impak vir die Swart adolessent is dat terwyl die oorspronklike kultuur relatief verwerp word, die ouers in die meerderheid gevalle daaraan bly kleef. As gevolg van die relatiewe afwesigheid van effektiewe ouermodelle moet die Swart adolessent dus rolle van die nuwe kultuur waarin hy hom bevind aanneem. Die gevolg hiervan is noodwendig 'n opstand teen die oneffektiewe ouerfigure en rebellering teen gesag.

Sover vasgestel kon word, het slegs enkele ondersoeke wat onder 'n verteenwoordigende steekproef adolessente in die RSA gedoen is, betrekking op die generasiegaping. Dreyer (1980) rapporteer dat 60% van alle skoolgaande Zoeloe adolessente van mening is dat daar 'n behoefte aan beter kommunikasie tussen hulle

/...

en hulle ouers bestaan. In ongeveer 60% van die Zoeloe huisgesinne moet die adolessent steeds die vader deur die moeder nader om sy toestemming oor versoeke te bekom. Nogtans het die adolessent se mening tog 'n mate van gewig. Ongeveer 75% van die Zoeloe ouers laat die adolessent toe om sy mening oor 'n saak te gee voordat die ouers daaroor 'n besluit neem.

In 'n studie deur Garbers (1971) het die meeste konflik tussen Pedi-adolessente en hul ouers ten opsigte van die spandering van geld en rondlopery saam met vriende voorgekom. Konflikte oor rook en seun-meisie-verhoudinge het meer tussen die adolessente seuns en hul ouers as tussen dogters en hul ouers voorgekom. Ongelukkig is hierdie gegewens reeds lank gelede ingesamel en kan die situasie intussen ingrypend verander het.

Dit is belangrik om daarop te let dat wanneer konflik as gevolg van sekere verskille ontstaan, dit nie noodwendig die bande van liefde tussen die ouers en hulle kinders ondermyn nie (Thom, 1984). Inteendeel, volgens Santrock (1984) is 'n mate van konflik onvermydelik en selfs noodsaaklik vir persoonlike groei en die ontwikkeling van onafhanklikheid. In 'n konfliksituasie moet die adolessent leer om keuses te maak wat weer volwasse besluitneming bevorder. Deur oor waardes te redeneer, word die adolessent se begrip vir hierdie waardes bevorder en kan 'n persoonlike waardestelsel ontwikkel en geïnternaliseer word. Die adolessent se vlak van identiteitsontwikkeling hou ook volgens Santrock verband met die aantal kere wat die adolessent met sy ouers tydens 'n gesinsbespreking van 'n sekere saak verskil. Santrock kom tot die slotsom dat "a virtually conflict-free relationship may suggest that an adolescent has a fear of separation, exploration and independence" (p. 255).

In die Swart gemeenskap is die model van effektiewe wisselwerking afwesig. Dit is in hierdie sin waar vroeër geargumenteer is dat die ouer fisies teenwoordig, maar as rolmodel afwesig is. Geen opset soos deur Santrock beskryf bestaan onder die Swart oorgangsgemeenskap in die stede nie. Santrock impliseer juis toereikendheid aan die kant van die ouermodelle. Dit is presies hierdie toereikendheid wat in die Swart stedelike gemeenskap relatief ontbreek.

## 3.7 ONTWIKKELINGSTAKE TYDENS ADOLESSENSIE

In enige samelewing is daar sekere rolvaardighede wat van 'n persoon op 'n gegewe lewenstadium verwag word. Mussen, Conger & Kagan (1974) is van mening dat geen betekenisvolle sosiale en sielkundige volwassenheid bemeester kan word

alvorens die adolessent nie ook daartoe in staat is om die aantal kritiese interafhanklike ontwikkelingstake te bemeester nie. Havighurst (1982) definieër ontwikkelingstake soos volg: "A developmental task is a task which arises at or about a certain period in the life of the individual, successful achievement of which leads to his happiness and to success with later tasks, while failure leads to unhappiness in the individual, disapproval by society and difficulty with later tasks" (p. 2).

Deur 'n ontwikkelingstaak te bemeester word 'n persoon in staat gestel om aan die eise van 'n spesifieke lewenstadium te voldoen. Ontwikkelingstake word in 'n sosiale konteks aangeleer en nie in isolasie nie. Hierdie sosiale konteks word sosio-kultureel en sosio-histories bepaal en is dus dinamies van aard (Gerdes, 1981). Dit impliseer dat 'n snelveranderende samelewing teenstrydige rolverwagtinge aan sy lede kan stel en sodoende die bemeestering van ontwikkelingstake kan belemmer. Verder kan rolverwagtings vir sekere groepe in die samelewing duidelik of vaag wees. Vervolgens word die ontwikkelingstake vir adolessensie uiteengesit en die lewenstake waarop dit betrekking het kortliks genoem.

### 3.7.1 Die ontwikkeling van onafhanklikheid

In die Westersgeoriënteerde samelewing kan die adolessent slegs in staat wees om volwasse heteroseksuele verhoudings asook verhoudings met sy tydgenote aan te knoop, om 'n realistiese beroepskeuse te maak, om 'n persoonlike waardestelsel en 'n eie identiteit te ontwikkel as hy onafhanklik kan funksioneer - homself as 'n afsonderlike outonome individu kan waarneem (Mussen, Conger & Kagan, 1974; Stevens-Long & Cobb, 1983). Oor die adolessent se strewe na relatief "onvoorskriftelike" onafhanklikheid verskil hy en sy ouers dikwels van mekaar en ervaar spanning of het hewige konflik met mekaar daaroor (Petersen & Taylor, 1980). Aan die een kant wil die ouer hê die adolessent moet groot word, aan die ander kant is die ouer onwillig om sy gesag prys te gee. Die adolessent wil op sy beurt weer graag aan die omgewingseise voldoen deur onafhanklik van ouerlike gesag te word (Manaster, 1977; Mussen, Conger & Kagan, 1979; Noller & Callan, 1991). In die Westerse leefwêreld het hierdie onafhanklik-heid vir die adolessent egter problematies geword as gevolg van die minder voorskriftelike en dus meer onsekere aard van sy rol in die samelewing (Gordon, 1975). Om te ontwikkel van 'n posisie van algehele afhanklikheid tot een van volle onafhanklikheid is dus die reuse sprong wat die adolessent hier moet neem.

/...

Garbarino (1985) onderskei tussen drie tipes outonomie, naamlik gedragsoutonomie, emosionele outonomie en waarde-outonomie. Gedragsoutonomie verwys na selfverantwoordelikheid vir aktiwiteite binne en buite die gesinskonteks. Emosionele outonomie verwys na die verbreking en herdefiniëring van emosionele bande met die gesin. Waarde-outonomie hou verband met die keuse van eie lewenswaardes en normes wat alle aspekte van die adolessent se lewe raak. Volgens Garbarino is laasgenoemde waarskynlik die moeilikste outonomie.

Die Swart adolessent se oorgang na volwassenheid in die tradisionele kulture, was dikwels net 'n oorgang van een vorm van (ouderdom-groepsgebonde) gesanksioneerde gedrag, na 'n ander vorm van (ouderdom-groepsgebonde) gesanksioneerde gedrag. Daar was weinig sprake van enige waarde-outonomie. Ook wat betref emosionele en gedragsoutonomie, het die tradisionele kulture relatief min bewegingsvryheid toegelaat. Aanraking met die Westerse kultuur en sy voorskrif van individu-unieke outonome gedrag, het die Swart adolessent dus tot 'n "gedragsrevolusie" teen sy gedragsanksionerende (tradisionele) ouer aangespoor. Dit het waarskynlik ook die "jeugrebellie" vir gedragsvryheid gepredisponeer en die generasiegaping tussen Swart ouers en hulle adolessente kinders vererger.

### 3.7.2 Die ontwikkeling van heteroseksuele verhoudings en gedrag

Verhoogde seksuele drange wat beïnvloed word deur hormone en anatomiese veranderinge word gewoonlik met adolessensie geassosieer. Die vorm wat dit aanneem en die manier waarop uitdrukking daaraan gegee word, word bepaal deur die geslag van die persoon asook 'n wye verskeidenheid sielkundige en kulturele invloede (Stevens-Long & Cobb, 1983; Lloyd, 1985). Bemeestering van hierdie belangrike ontwikkelingstaak en die wyse waarop hierdie drange en behoeftes geïntegreer word, word bepaal deur die ouer-adolessentverhouding en die heersende sosiale standaarde en waardes. Volgens Garrison & Garrison (1975) word daar van die adolessent in hierdie ontwikkelingstaak verwag om op 'n volwasse wyse in 'n verhouding te tree teenoor lede van albei geslagte. Verder moet die adolessent leer om sy affiliasie-behoeftes op 'n toepaslike wyse in groepsverband te vervul en die rolvaardighede wat deur groepsfunksionering vereis word, te bemeester (Noller & Callan, 1991).

Seksuele gedragspatrone word grootliks aangeleer en dit verskil van kultuur tot kultuur. Sekere kulture beperk dit byvoorbeeld in so 'n mate dat dit slegs

volwassenes insluit, ander keur seksuele aktiwiteite goed ongeag die persoon se ouderdom.

Verhoudings in die tradisionele Swart gemeenskappe met die teenoorgestelde geslag is streng gereguleer en voorgeskryf deur tradisionele en sosiale gebruike; op 'n sekere ouderdom kan die vrou die hof gemaak word, seksuele praktyke word voorgeskryf en die huwelik voltrek slegs sodra alle voorgeskrewe voorvereistes afgehandel is (Lueptow, 1984).

Met die koms van die moderne Westerse kultuur het die baie nuwe en vreemde gewoontes en invloede soos die invloed van die Christendom, kerk, geregtelike aspekte, skool, ensovoorts, ook veranderinge in die ou en gevestigde sosiale tradisies veroorsaak (Lueptow, 1984). Baie van die ou gebruike is gevolglik geleidelik laat vaar en moes plek maak vir meer moderne idees en sienings rakende sosiale verhoudings. Verwarring en onsekerheid tussen baie jong mense is nie vreemd nie. Aan die een kant is daar die verslapping van tradisionele gebruike en taboes wat in meer ongeoorloofde verhoudings en seksuele praktyke ontaard het. Aan die ander kant het die Christendom nuwe beginsels vir verhoudinge uitgespel, naamlik seks met slegs een lid van die teenoorgestelde geslag. Hierdie onsekerheid en verwarring het veral tydens die kulturele oorgangsfase, waar van tradisionele na 'n Westersgeoriënteerde kultuur beweeg word, 'n merkbare invloed.

Dit wil voorkom asof die Swart adolessent nou as gevolg van die relatiewe "afwesigheid" van die Swart ouer in die rol van 'n toereikende model vir geslagsidentiteit, sy eie waardes op byna lukraakwyse moet vind, wat weer kan lei tot ongesonde sekspraktyke. Laasgenoemde kan weer aanleiding gee tot ongewensde swangerskappe op vroeë ouderdomme, verwaarloosde en weggooi kinders, verspreiding van geslagsiektes en Vigs, tesame met die hoë voorkoms van kindersterftes.

### 3.7.3 Die vestiging van koöperatiewe en dinamiese verhoudings met die portuurgroep

Die portuurgroep verwys na die adolessent se tydgenote waarmee binne of buite 'n spesifieke groep gekommunikeer word. Die portuurgroep word gekenmerk deur eie waardes en norme vir gedrag en funksioneer volgens bepaalde kriteria. In die algemeen bied die portuurgroep aan die individu die geleentheid om sosiale interaksie aan te leer, om sosiale gedrag te beheer, om ouderdomtoepaslike vaardighede en belangstellings te ontwikkel en om soortgelyke probleme en gevoelens te deel.

/...

Hierdie groepsdinamiese prosesse oefen 'n belangrike invloed op adolessent-ontwikkeling uit (Ngedane, 1985; Vander Zanden, 1989). Indien die invloede positief is, kan dit die adolessent toerus vir sekere volwasse rolle, terwyl negatiewe invloede die adolessent ernstig kan benadeel en selfs vervreem van die samelewing (Lloyd, 1985; Hurlock, 1973).

Daar bestaan heelwat faktore wat bepaal of 'n adolessent deur sy ouderdomsgroep aanvaar of verwerp word. Aan die begin van adolessensie bestaan groepe gewoonlik uit individue van dieselfde geslag, maar namate hulle ouer word, neem kontak met tydgenote van die teenoorgestelde geslag toe. Die adolessent vind dit moeilik om anders as sy tydgenote te wees aangesien uitsluiting deur die groep die straf is vir gebrek aan konformering. Dit verg gewoonlik 'n groot mate van moed om teen die voorskrifte van die groep op te tree of om houdings, menings en gedrag van die groep te probeer verander.

Die ouers moedig dit in die reël aan dat die adolessent met die tradisionele eise en voorskrifte van die ouderdomsgroep sal konformeer omdat verwestersing onsekerheid by die tradisioneel-georiënteerde ouer skep en die adolessent kultureel van die ouer vervreem. Ouers beklemtoon gewoonlik die voordele van gedrag wat aanvaarding deur die groep sal bevoordeel, omdat dit die groeplidmaatskap versterk. Die ouderdomsgroep sal ook 'n invloed uitoefen op aspekte soos verhoudings met die teenoorgestelde geslag, kleredrag en keuse van musiek. Slaafse konformering met die groep is egter dikwels die gevolg van te min aandag en belangstelling tuis, verwerping deur die ouers, of 'n gebrek aan warmte en begrip (Mussen et al, 1974).

Volgens Mkhabela (1984) is die aspek van konformering belangrik vir Swart adolessente. Probleme rondom effektiewe konformering is grootliks die gevolg van onsekerhede en konflikterende gedragsnorme wat deur 'n samelewing in verandering veroorsaak word. Die adolessent word byvoorbeeld deur 'n duisternis behoeftes en probleme gekonfronteer en gedwing om keuses uit 'n magdom onbekende alternatiewe te maak. Daar bestaan ook die teenstrydigheid tussen die "nuwe" omgewing wat konformering smoor, terwyl die 'ou' kultuur individualiteit ontmoedig. Die portuurgroep kan 'n belangrike hawe wees vir probleme wat deur roldiskon-tinuïteite veroorsaak is en kan status, duidelike waardes en stabiliteit en 'n gevoel van onafhanklikheid in die groep bied. Waar bogenoemde veral tussen Swart adolessente groepe problematies is, stel Dreyer (1980) dat gemeenskaplike gevoelens en onsekerheid in die portuurgroep 'n saambindende faktor kan wees. Die groep leer die adolessent hoe om gedurende hierdie oorgangs-periode op te tree,

aangesien die Westerse kultuur geen vaste gedragsnorme - wat veral kenmerkend vir die Swart kulture is - voorskryf nie. Gedrag word dus op sy tydgenote gegrond en ontwikkel.

Hierdie konformeringsdryfkrag het in die moderne samelewing 'n negatiewe invloed deurdat groepsintimidasie 'n oop gewete en oordeel smoor. Dreyer (1980) skryf: "One can therefore understand why adolescents are particularly susceptible to absolutistic systems of thinking and why they would blindly follow their manner of acting. Adolescents in general and Zulu adolescents in particular, are in need of firm and definite guidelines, clear norms and values, and above all realistic goals and ideals" (p. 78). 'n Duidelike weerspieëling van hierdie invloed is die intimidasie wat baie Swart skoliere van 'n normale onderwys weerhou het (Beeld, 31 Januarie 1990; Brynard, 1989; DET, Februarie, 1990). Volgens Kruger (1991) het 'Comrades' Swart jeugdiges aangepor om in hul massas skole aan te val en af te brand. Van der Walt (1989) skryf hieroor: "In his own personal search for stability and support the Black child frequently turns to the peer group, a group whose members more often than not also experience feelings of frustration towards the school. No doubt some of the physical attacks on school buildings and facilities can be ascribed to a certain form of mob spirit growing in peer groups nursing a real or imagined grievance against life and society in general and school in particular" (p. 295).

Ondanks die negatiewe invloede wat die portuurgroep kan uitoefen, is dit nogtans wenslik dat die adolessent positiewe verhoudings met die portuurgroep sal ervaar. Adolessente het meestal 'n sterk behoefte daaraan om hulle gevoelens van vertwyfeling en drome met hulle tydgenote te deel. Hulle rig en ondersteun mekaar. In gevalle waar ouerlike warmte en liefde ontbreek of waar vyandigheid, verwaarlosing en uitbuiting voorkom, kan die portuurgroep 'n bron van begrip en ondersteuning wees. Hulle kan ook as rolmodelle vir wedersydse bevredigende interaksie met ander persone dien omdat dit in die ouer-kindverhouding ontbreek. Die adolessent kan ook so gehelp word om 'n beter begrip van homself, sy probleme en doelwitte te kry en 'n gevoel van persoonlike waarde te ontwikkel asook geloof in die toekoms (Conger & Petersen, 1984: Lloyd, 1985).

### 3.7.4 Die keuse van en voorbereiding vir 'n beroep

Tydens adolessensie moet toepaslike intellektuele vaardighede op skool en elders verwerf word om die adolessent in staat te stel om doeltreffend in die gemeenskap

te funksioneer (Garrison & Garrison, 1975; Noller & Callan, 1991). In die moderne samelewing bepaal 'n persoon se loopbaan nie net sy inkomste en finansiële sukses nie, maar ook sy lewenstyl en sosiale status (Vander Zanden, 1989). Gevolglik het loopbaankeuse en voorbereiding daarvoor meer krities vir die hedendaagse adolessent geword. In die verlede was beroepskeuse redelike ongekompliseerd aangesien daar minder geleenthede en beroepe was om van te kies. Die adolessent was ook gewoonlik bekend met die meeste beroepe. In die huidige samelewing, veral in die stede, word die teenoorgestelde situasie nou gevind (Lueptow, 1984). Die adolessente kom te staan voor 'n groot aantal beroepe waarvan hy in die meeste gevalle slegs 'n vae begrip het. Die eise ten opsigte van vaardighede, vermoëns, kwalifikasies, opleiding en ervaring word in ooreenkoms met die vordering op tegnologiese gebied steeds hoër. Vir die meeste Swart adolessente gaan dit egter nie om 'n spesifieke loopbaan nie, maar bloot om 'n standvastige werk te bekom. Spanning as gevolg van toenemende kompetisie vir die enkele beskikbare poste, neem noodwendig toe. Die ekonomiese posisie van die adolessent se sosiale klas bepaal ook of die adolessent die geleentheid sal kry om opgelei te word vir 'n bepaalde beroep (Sinha, 1990). Uit ondersoeke blyk dit dat die adolessent se ambisie beduidend verband hou met die ouers se ondersteuning (Sinha, 1990; Noller & Callan, 1991). Oor die algemeen toon dit dat indien die ouer hoër ideale vir sy kind koester, gemotiveerd is dat sy kind 'n hoë opvoedkundige vlak bereik, die kind aanmoedig en beloon vir goeie werk, die adolessent 'n hoë aspirasievlak sal hê (Sinha, 1990; Noller & Callan, 1991). Die vader se beroep het veral 'n groot invloed op die beroepskeuse van 'n seun, aangesien die seun met die vader as rolmodel identifiseer, met die beroep in aanraking kom en later gemotiveerd voel om die beroep voort te sit (Connell, Ashenden, Kessler & Dowset, 1983; Poole & Cooney, 1985). Hoewel die ouer die grootste invloed op die adolessent se beroepskeuse uitoefen, beïnvloed tydgenote ook die adolessent, veral in gevalle waar 'n adolessent lid is van 'n lae sosio-ekonomiese klas en met die middelklas-adolessent kommunikeer (Stevens-Long & Cobb, 1983).

Alhoewel die bogenoemde faktore 'n belangrike invloed op indiensneming (employable) uitoefen, bestaan daar vir geruime tyd hoë vlakke van werkloosheid onder Swart jeugdiges in onder andere die VSA (Vander Zanden, 1989) en ook Suid-Afrika (Simkins, 1989). Volgens Vander Zanden (1989) is een uit elke twee Swart jeugdiges in die VSA werkloos. Wat die werkloosheid onder Swart jeugdiges in Suid-Afrika betref is dit moeilik om betroubare statistiek te bekom, waarskynlik omdat Swart werksoekers in stedelike gebiede nie die nodigheid sien om hulself as werkloos te registreer nie. Die syfer is heel waarskynlik hoër as dié in die VSA.

/...

Ten spyte van hoë ekonomiese groeikoerse en vinnige nywerheidsontwikkeling in baie onontwikkelde lande, was daar ook nie 'n noemenswaardige toename in werksgeleenthede nie (Beukes, 1989). Waar daar wel geleenthede of tekorte ontstaan, is dit in die tipiese middel- en hoërvlak beroepe soos ingenieurs, wetenskaplikes, mediese dokters, gekwalifiseerde onderwysers en rekenmeesters (Harbison, 1973; Garbers, 1984). Biesheuvel (1984) is van mening dat dit armoede is wat grootliks die skuld dra vir die apatie, gebrek aan ambisie en onvoldoende geleenthede om vaardighede, belangstellings, verbale en syfervaardighede te ontwikkel. Die lae inkomstepeil van ouers hou dikwels verband met die lae vlak van geskooldheid wat individue uiteindelik aangewese maak op half- en ongeskoolde werk, wat hulle dan weer gedurende ekonomiese resessies veral blootstel aan werkloosheid. Voorts is Kotze (1983) van mening dat die lae onderwyspeil van ouers gepaard gaan met negatiewe gesinsomstandighede soos byvoorbeeld ouers wat nie die noodsaaklikheid van onderwys vir hulle kinders besef nie, of dat kinders verplig word om vroeg die skool te verlaat ten einde gesinsinkomste aan te vul. Hierdie toestand lei daartoe dat kinders wat in armoede groot word en ook 'n lae onderwyspeil as gevolg daarvan bereik, 'n sikliese gang van geslag tot geslag laat voortduur (Cressey & Coleman, 1980; Presidentsraadverslag, 1984).

### 3.7.5 Die ontwikkeling van 'n eie waardestelsel en lewensfilosofie

Gedurende die kinderjare word riglyne vir gedrag aangeleer en gehoorsaam, maar tydens adolessensie vind daar 'n bewuste verwerwing van 'n eie waardestelsel plaas. Die adolessent moet 'n eie waardestelsel ontwikkel vir die neem van oordeelkundige besluite asook om beheer oor eie gedrag uit te oefen. Waar die adolessent met waardes te make kry, gaan dit eerder om die vraag watter alternatief om te kies, as oor die navolging van bepaalde reëls. Baie keuses wat die adolessent maak, soos byvoorbeeld 'n huweliks- of beroepskeuse kan deurslaggewend vir sy toekoms wees (Noller & Callan, 1991). Die versnellende maatskaplike verandering bring dikwels mee dat waardes en norme onduidelik, vaag of selfs teenstrydig is en dit kan dus 'n struikelblok vir die adolessent in die ontwikkeling van 'n eie waardestelsel skep (Mkhabela, 1984). Die waardes en die lewens- en wêreldbeskouing wat die hedendaagse adolessent kies, word sterk deur sy ouers, skool, kerk, vriende en portuurgroep asook die massamedia beïnvloed (Botha, 1977; Pretorius, 1979). Voorts vererger die groot verskeidenheid waardestelsels en godsdienstige beskouings die waarde- en normverwarring van die adolessent.

Hierdie beskouings is dikwels te kompleks en abstrak vir adolessente om sinvol te kan verwerk.

Die Swart adolessent se voorbereiding vir hierdie groot verantwoordelikheid is dikwels geheel en al ontoereikend. 'n Onrealistiese beeld van die werklikheid word dikwels deur die massamedia voorgehou en dit dra by tot die verwarring van die adolessent.

Adolessente neem ook dikwels teenstrydighede waar wat bestaan tussen die waardes wat veronderstel is om erken te word en die werklike gedrag - nie net in hulle onmiddellike omgewing nie, maar ook in die gemeenskap in sy geheel. Hierdie proses van ontnugtering begin reeds in die laat kinderjare wanneer besef word dat ouers nie volmaak is nie. Gedurende adolessensie kan dit aanleiding gee tot vervreemding of opstand teen gesag. Individue wat 'n progressiewe mate van vryheid geniet het, is minder aan ontnugtering onderworpe. Hierdie persone het reeds van hulle kinderjare geleer om self besluite te neem - 'n vermoë wat onontbeerlik is vir die formulering van 'n waardestelsel tydens adolessensie. By die Swart adolessent waar Westerse verwysingsraamwerke relatief aanwesig is, geskied hierdie proses egter in 'n kulturele vakuum. Sy "vryheid van keuse" gaan dus sonder 'n gevestigde waardestelsel in die Swart gemeenskap gepaard en moet in die reël dus by hom dikwels noodwendig tot ontnugtering lei (Pretorius, 1983, 1986).

Die Swart adolessent in die stad "staan hier halfweg teen die helling aan". Hy het hom relatief losgemaak van die verlede van sy vadere sonder dat hy hom finaal aan 'n nuwe kulturele fondament verbind het. In die losmaakproses het hy wel van vroeg af 'n eie waardesisteem opgebou, maar dikwels 'n waardesisteem wat letterlik op straat in die geledere van bendes en groepe ontstaan het. Sy waardestelsel is dus dikwels een wat elemente van geweld en ander minder aanprysbare elemente insluit, juis omdat dit 'n "kultuur" is wat uit die proses van losmaking en verset teen die oue (en dus anargie) ontstaan het (Pretorius, 1983, 1986).

Weens die vloeibaarheid en die uiteenlopende aard van waardestelsels binne Swart stedelike gemeenskappe manifesteer die irrasionele ontvlugting van die werklikhede van die lewe dikwels ook by die volwassenes in 'n desperate vasklou aan tradisionele waardes en gebruike wat nie meer oplossings bied vir die probleme van die teenswoordige tyd nie (Verslag van die Wetenskapskomitee insake Informele en Nie-infromele onderwys in Suid-Afrika, 1984). Die gevolg is natuurlik 'n verdere vervreemding tussen die ouer geslag en die "ankerlose" adolessent. Voorafgaande

feit word goed geïllustreer deur die navorsing van Erasmus (1975) wat gevind het dat 'n groep Swart respondente wat tussen een en vyf jaar in die stad bly en in die proses van verwestersing verkeer, geneig is om aan tradisionele waardes en gebruike vas te klou. Erasmus het twee groepe vergelyk; 'n groep wat steeds in 'n tradisionele kultuuropset verkeer en 'n groep wat in die stad gebore en getoë is. Erasmus het gevind dat eersgenoemde groep veranderings mees traumaties ervaar. Hulle moet onder omstandighede van verandering hulle losmaak van die geestelike ankers wat aan hulle sekuriteit in die ou bekende wêreld gebied het; iets wat noodwendig met angs gepaard gaan. Hul baie konflikte en ambivalensies, is tekenend van die verwarring wat hierdie groep met die verwestersingsproses beleef. Vilakazi (1965) praat dan ook van die "driftwood of African society" en sê: "They are the people who have not had the advantage of a Christian education but who have had contact with Western civilization through secular agencies ... they find that they have been cut loose from their kinshipbonds and obligations but have not found a new centre for the organisations of their lives ... they adhere to neither the old tribal values nor to the new Christian ones" (p. 121).

Die Swart adolessent bevind hom derhalwe in 'n kulturele vakuum, veroorsaak deur sy losmaking van die ou en bekende modelle vir gedrag, aan die een kant, en die afwesigheid in hierdie stadium van die sinvolle verinnerliking van die eise wat die nuwe kultuur stel. Hy het dus reeds sy vastrapplek verlaat nog voordat hy sy volgende staanplek bepaal het. Die aanwending van die media soos televisie kan die verwarde jeugdige nou waarskynlik tot nuwe sekerheid met betrekking tot sy rol in 'n Westersgeoriënteerde samelewing lei.

### 3.7.6 Ontwikkeling van 'n ego-identiteit

Erikson (1968) is van mening dat fisieke en psigiese ontwikkeling in interaksie met die omgewing en kulturele invloede gesien moet word, en dat biologiese en sosiale veranderinge verband hou met die vorming en herwaardering van 'n identiteit. Erikson beskou introjeksie, identifikasie en identiteitsvorming as die stappe waarvolgens die ego tot rypheid groei. Introjeksie is die primitiewe inkorporering van iemand anders se beeld byvoorbeeld die suigeling se beeld van die moeder. Identifikasie is die proses waardeur 'n persoon sekere kenmerke van 'n ander persoon oorneem en deel van sy eie persoonlikheid maak. Tydens die kinderjare val die klem veral op identifikasie. Identiteitsvorming begin wanneer identifikasies alleen nie meer voldoende en bruikbaar is nie. Die fisiologiese ontwikkeling dra daartoe by dat 'n nuwe selfbeeld gevorm moet word. Sekere identifikasies word verwerp en

ander behou en geïntegreer met die nuwe selfbeeld. So is die individu besig om 'n nuwe identiteit op te bou.

Volgens Erikson (1968) gee die samelewing aan die adolessent tydens adolessensie 'n moratorium tydperk waartydens daar met die verskillende rolle in die samelewing geëksperimenteer kan word en verskillende ideologieë en religieuse beskouings teenoor mekaar opgeweeg kan word, voordat die adolessent 'n keuse uitoefen. Erikson (1968) beskryf hierdie moratorium tydperk soos volg: "A moratorium is a period of delay granted to somebody who is not ready to meet an obligation or forced on somebody who should give himself time. By psychosocial moratorium then, we mean a delay of adult commitment and yet it is not only a delay. It is a period that is characterized by a selective permissiveness on the part of society and of provocative playfullness on the part of youth, and yet it also leads to deep, if often transitory, commitment on the part of youth, and ends in a more or less ceremonial confirmation of commitment on the part of society. Such moratoria show highly individual variations, and ... institutional variations linked with the ways of life of cultures and subcultures" (p. 157).

In die Westerse kultuur word die identiteitsontwikkelingsproses bemoeilik deur die vinnige tegnologiese vooruitgang aangesien die individu voor heelwat keuses te staan kom en die individu ook meer tyd benodig om vir 'n beroep voor te berei. Die langer periode veroorsaak verder dat adolessensie toenemend 'n opvallende en bewuste periode word. Die langer moratorium bied egter aan die adolessent die geleentheid om 'n ryker en vollediger identiteit te vorm.

In die relatief eenvoudige en ongeletterde samelewings soos in die tradisionele stamverband is daar minder en meer homogene identiteitsmodelle. Daar is ook 'n kleiner verskeidenheid rolgeleenthede en min eise wat aan die ontwikkelende individu gestel word. Alhoewel identiteitsontwikkeling in so 'n samelewing kort en ongekompliseerd is, word die identiteit dikwels as oppervlakkig en buigsaam beskou (Erikson, 1968).

In samelewings wat deur snelle maatskaplike veranderinge gekenmerk word, is die vestiging van persoonlike en sosiale kontinuïteit problematies. Derhalwe kom identiteitsverwarring meer dikwels in sulke samelewings voor. Verskille ten opsigte van die individuele ouer-kindverhouding en tussen die tradisionele en Westerse kulture lê verskille in die vorming van die identiteite ten grondslag. Die aantal en verenigbaarheid van die verskillende identifikasies, die aantal keuses en sosiale rolle

waarvoor die adolessent te staan kom en die aard van die eise wat aan die adolessent gestel word, bepaal of die identiteitsvorming eenvoudig of kompleks sal wees.

Wanneer die individu angs en konflik van identiteitsverwarring vroegtydig vermy deur byvoorbeeld te sterk te identifiseer met 'n persoon kan premature identiteitsvorming plaasvind en die volle ontplooiing van die persoonlikheid belemmer.

In teenstelling met die normatiewe identiteit waar die waardes en verwagtinge van 'n kulturele milieu aanvaar word, kan sekere adolessente 'n permanente of tydelike negatiewe of afwykende identiteit ontwikkel as gevolg van 'n versteurde ouer-kindverhouding (Harris & Howard, 1984) of 'n innerlike onvermoë om 'n realistiese identiteit te ontwikkel.

Ander adolessente vrees weer dat hulle sal faal in hul pogings om 'n normatiewe identiteit te vestig, of hulle voel skuldig as hul pogings nie slaag nie. Hierdie beskrywing van die vorming van afwykende gedrag kom ooreen met Erikson se siening van die ontwikkeling van 'n negatiewe identiteit. Volgens Erikson (1968) is die aanvaarding van 'n negatiewe identiteit 'n desperate poging om beheer oor 'n situasie te behou wanneer pogings om aanvaarbare rolle in die identiteit te inkorporeer, nie slaag nie. Wanneer die individu of sy samelewing 'n krisistydperk beleef kan hierdie negatiewe kenmerke van sy identiteit na vore kom. Omdat die adolessent se identiteit nog in 'n vormingsproses is, is hy veral kwesbaar en is dit vir hom moeilik om altyd hierdie negatiewe kenmerke van sy identiteit te beheer. Volgens Erikson (1968) kan lede van 'n minderheidsgroep ook makliker 'n negatiewe identiteit ontwikkel. Hul identiteit kan byvoorbeeld ontwikkel uit haat en woede teenoor die dominante groep eerder as vanuit die positiewe elemente van hul eie kultuur en huidige situasie. Afhangend van die intensiteit van die negatiewe identiteit trek hierdie adolessente aandag as sosiale of politieke aktiviste, jeugmisdadigers, teen-kultuurgroepe of dwelm- en drankverslaafdes.

In 'n longitudinale studie van Hauser (1972) wat gedurende 1962 tot 1967 uitgevoer is, is gevind dat die patroon van identiteitsvorming van Swart (Neger) en Blanke Amerikaanse adolessente seuns uit laer sosio-ekonomiese klas, verskil. Die Swart seuns se selfsienings het grootliks vanaf die begin tot die einde van die skooljare onveranderd gebly, terwyl dié van die Blanke seuns gekenmerk is deur verandering. Die Blanke seuns se identiteitsontwikkeling se selfsienings het

toenemend gestabiliseer en is geïntegreer. Die identiteitsvorming van die Swart seuns is grootliks bepaal deur identiteitsvooruitbeslissing. Die rede hiervoor lê volgens Hauser moontlik in die beperkings van die lewens-omstandighede, ontspanningsfasiliteite, behuising, beperkte en onaantreklike werkaangeleenthede, min rolmodelle en ander rassebeperkinge. 'n Verdere rede vir die voorafbepaalde identiteit by Swart adolessente kan moontlik toegeskryf word aan die individu se ontwikkelingsgeskiedenis. Volgens Erikson (1968) dra elke ontwikkelingstadium by tot die ontwikkeling van 'n identiteit. Indien die rolle waarmee die adolessent moet identifiseer as ontoepaslike ervaar word, beperk dit die adolessent ten opsigte van die identifikasies wat later in sy identiteit vervat kan word. Daar kan ook min geleentheid gewees het om inisiatief te ontwikkel of te toon (Hauser, 1972).

Ook Hunt (1973) het bevind dat Blanke seuns se identiteitstruktuur meer geïntegreerd en duidelik gevorm was as dié van Swart (Neger) adolessente seuns. Hunt het verder gevind dat Swart seuns hulle persoonlike identiteit so vorm dat dit hou by konvensionele waardes. Swart seuns is bang om hulle aan sekere optredes te wy of aan sekere sake te verbind uit vrees dat hulle swak sal vertoon. Hierdie tipe optrede kan moontlik prestasie wat volgehoue toewyding vereis, kortwiek. Die identiteitstruktuur wat by Blanke seuns aangetref word stel hulle in staat om in die algemeen beter as Swart adolessente seuns te presteer.

Die Swartman hier, sowel as in die VSA bevind hom in die konflik dat hy telkens na 'n kultuur beweeg waarvan hy nie die skepper is nie. Hy is dus hier te lande, soos in die VSA, steeds opweg na moontlike uiteindelike volwaardige lidmaatskap van 'n kultuur wat, in die nie te verre verlede nie, nog totaal vreemd was aan die rolmodelle waaraan hy in die gesin in sy vroegste ontwikkelingsfases blootgestel was. In hierdie sin beleef hy dus die nadele daarvan om inderdaad tweedeklas burger in die Westerse samelewing te wees; tweedeklas burger in die sin dat hy sy leerskool in 'n gesin deurloop waar die ouers nie "primêre" verteenwoordigers en rolmodelle was uit die kultuur waarin hy nou moet leef en oorleef nie. Die gevolg van sy enkulturasie (opvoeding in die kultuur) is derhalwe onvolledige kennis en verinnerliking van wat binne hierdie leefwêreld van hom verwag word. Noodwendig moet hy dus elke tree of oorversigtig of roekeloos gee - waar versigtigheid die gebrek aan groei impliseer soos Hunt (1973) en Hauser (1972) by Neger seuns beskryf, of die roekelose geweldadige anti-sosiale gedrag van Swart adolessente in 'n gemeenskap waarteen hulle in opstand gekom het. Die gevolg is vervreemding.

## 3.8 VERVREEMDING EN JEUGMISDAAD

Vervreemding is 'n vorm van sosiale ontworteling wat in 'n toenemende mate onder die hedendaagse jeug aangetref word. Indien die samelewing aan sekere adolessente die geleentheid en fasiliteite ontsê om ontwikkelingstake te bemeester, raak hierdie adolessente van die samelewing vervreemd. Hierdie vervreemding wissel van gedissiplineerde protes teen die gemeenskap tot algehele onttrekking daarvan (Stevens-Long & Cobb, 1983). Dit vind plaas onder jeugdiges in hul soektog na 'n identiteit maar ook as gevolg van 'n uitdrukking van negatiewe identiteit. Die onvermoë om liggaamsveranderinge en seksualiteit te aanvaar en in die selfkonsep te integreer, bevorder selfverwyderdheid. Verder kan swak impulsbeheer, 'n onwilligheid om in interpersoonlike verhoudings aan aanvaarde sosiale norme te voldoen, aanhelp (Malmquist, 1985).

Mitchell (1971) onderskei tussen drie tipes vervreemding, naamlik sosiale, sielkundige en algehele vervreemding.

Die **sosiaal vervreemde** adolessent ervaar 'n relatiewe afwesigheid van 'n verband met die gemeenskap. Die adolessent se gevoelens teenoor die sosiale omgewing kan wissel van vaag en dubbelsinnig tot openlike vyandigheid teenoor basiese instellings soos die gemeenskap, skool, kerk, gesin of regering.

Die **sielkundig vervreemde** adolessent ervaar voorts ook gevoelens van persoonlike vervreemding. Hy word bedreig deur 'n krisis in sy soektog na identiteit. In hierdie toestand kan die adolessent sterk beïnvloed word deur tydgenote, aangesien daar nie genoeg innerlike sekerheid is nie (Malmquist, 1985). Die gedrag van die individu in so 'n krisis word deur chroniese verveeldheid, apatie en rusteloosheid gekenmerk. Die persoon dryf dikwels van een vriendskapsgroep na 'n ander.

Die **algeheel vervreemde** adolessent toon tekens van 'n kombinasie van sosiale en sielkundige vervreemding.

Sommige aspekte van vervreemding kom relatief wydverspreid in 'n spesifieke kultuur voor, terwyl ander aspekte oorwegend tot sekere subgroepe beperk bly (Mussen, Conger & Kagan, 1974; Lloyd, 1985). Baie adolessente deel ook die ontwikkelingsvervreemding (developmental estrangements): 'n gevoel van vervreemding wat in die prysgee van kinderlike bande met die ouers, kindskap self,

en inderdaad die hele wêreld van kindwees, manifesteer (Lloyd, 1985). Dit kan ook vervreemding van die "ware self" impliseer.

Die meeste hedendaagse adolessente ervaar 'n gemeenskaplike ontnugtering met doelwitte, waardes, gebruike en die kundigheid wat met die hedendaagse samelewing verband hou (Mussen et al, 1974). Sosiale status en ekonomiese welsyn bepaal die mate waarin deprivasie, diskriminasie en gevolglike vervreemding deur die adolessent ervaar word.

Die gebrekkige verwerwing van intellektuele vaardighede, houdings en waardes maak veral die **Swart** adolessent onvoorbereid op die komplekse rolverwagtinge wat 'n beroep en die moderne Westerse samelewing vereis. Die onvermoë om 'n sosiaal aanvaarbare identiteit te verwerf hou ernstige implikasies in vir die adolessent se verhouding tot die samelewing - 'n uiters geskikte teelaarde vir vervreemding. Identiteitsverwarring belemmer normale ontwikkeling nou verder - vir die samelewing beteken dit 'n verlies aan mensemateriaal en 'n las weens die ontstaan van sosiale patologie.

Ongunstige invloede vanuit die gesinslewe soos ernstige finansiële probleme, openlike en herhaaldelike argumente tussen ouers, dronkenskap en ander ervarings, kan 'n uiters negatiewe uitwerking op kinders wat dit ten prooi val, hê. 'n Negatiewe ouer-kindverhouding, soos gebrek aan belangstelling, afsydigheid of verwerping, wisselvallige of afwesige dissiplinering ensovoorts, kan bydra tot jeugmisdaad (Botha, 1977; Malmquist, 1985). Voorts kan persoonlikheidskenmerke soos temperamentele, impulsiewe, destruktiewe, uitdagende, haatdraende, hardkoppige, opstandige gedrag, ensovoorts, ook 'n bydraende faktor wees (Malmquist, 1985).

Aangesien jeugmisdadigers ook uit gelukkige huise kom, wil dit voorkom asof verwarring, ongelukkigheid en verwerping tuis, eerder as 'n fisies gebroke huis, aanleiding tot jeugmisdaad gee. Inkonsekwentheid en wisselende standaarde lewer ook 'n bydrae (Malmquist, 1985). Met die Swart ouer wat toenemend vervreemd van sy omgewing en kinders voel, is dit te verwagte dat verwarring, inkonsekwentheid in gedrag en wisselende standaarde vanweë botsings in die tradisionele en Westerse sienings aan die orde is. Aangesien waardes en standaarde in die Westerse samelewing nie baie duidelik vasgelê word nie kan die Swart kind, veral die Swart adolessent, so ver gaan om standaarde oor die algemeen wrewelrig te negeer.

Met die snelle groei in die stedelike bevolking het plakkerwoongebiede, oorbewoning, oorlading en nie-betaling van dienste veroorsaak dat die meeste Swart stedelike woongebiede in Suid-Afrika 'n agterbuurtkarakter gekry het. Agterbuurtes het gewoonlik 'n buitengewoon hoë misdaadsyfer. Bestaande bendes oefen 'n sterk aantrekkingskrag op adolessente uit. Lidmaatskap van 'n misdaadbende kan 'n gevoel van veiligheid en verbondenheid bied; veral die ongelukkige jeugdige sal aangetrokke tot die bende voel (Malmquist, 1985).

Misdade van jeugdiges in ontwikkelende samelewings word veral deur geweld teenoor andere, vandalisme, beskadiging van eiendom en versteuring van die openbare rus en vrede gekenmerk (Pratt, 1980; Vander Zanden, 1989). Die toenemende geweld, dwelmverslawing, seksuele losbandigheid en politieke anargie is ooglopend simptome van die ineenstorting van die mens se vermoë om aan te pas (Presidentsraadverslag, 1984). Baie mense, veral jeugdiges, voel haweloos en rigtingloos en vervreemd in 'n wêreld wat betekenis vir hulle verloor het.

Vervreemding van die gemeenskap manifesteer gevolglik in aktivisme, dwelmafhanklikheid of jeugmisdaad. By die Swart stedelike adolessent neem veral jeugmisdaad verreikende afmetings aan. Die faktore wat jeugmisdaad bevorder is onder andere gebroke huise, agterbuurtes, lidmaatskap van etniese minderheidsgroepe, ongunstige gesinsinvloede, ouer-kind-verhouding, sosio-ekonomiese status, status en die media (Malmquist, 1985). Die meeste van hierdie faktore is in 'n negatiewe verband by die hedendaagse Swartman te sien. Die hoë voorkoms van jeugmisdaad, veral onder Swart jeugdiges in Suid-Afrika, is ook bewys hiervan (Presidentsraadverslag, 1984; Pratt, 1980).

Teen hierdie agtergrond is daar 'n duidelike behoefte aan sekerheid by die Swart adolessent. Televisie, as 'n magtige massamedium, kan moontlik 'n groot rol speel in die vorming en beïnvloeding van die gedrag van die Swart adolessent - veral waar die Swart adolessent in die stedelike omgewing vandag klaarblyklik in groot getalle aan televisie blootgestel is.

## 3.9 GROEPSVOORGESKREWE TEENOOR INDIVIDUELE GEDRAG: DIE EIS IN DIE NUWE OMGEWING

Die uitgangspunt in die onderhawige proefskrif is dat baie van die Swart adolessent se probleme wat met verwestersing gepaard gaan, basies uit die andersoortige eise

/...

wat aan gedrag in die nuwe kultuur gestel word, voortspruit. In die tradisionele verband waar die groep gedragsrolle aan die individu deur middel van sanksies voorgeskryf word (Badenhorst, 1975), kom die Swart adolessent in 'n nuwe Westerse omgewing voor die eis van individualiteit te staan (Van der Bergh, 1979).

Opeens word hy daarmee gekonfronteer om oorwegend as individu self te kies watter gedrag in 'n gegewe situasie vir hom die beste werk. Hy kan dus nie langer terugval op die gedragsrolle wat sy groepsgeoriënteerde tradisionele kultuur vir hom sanksioneel voorskryf en wat elke lid op grond van faktore soos geslag, ouderdom, subkulturele verband en ander voorgeskrewe posisies in die stamverband eenvouding net moet volg nie. Die individu is nou letterlik vir sy keuse aangewese op 'n groot grys gebied wat inderdaad nimmereindigend is met betrekking tot moontlike toepaslike en minder-toepaslike antwoorde.

Gedragsrolle is dus nie langer konkrete sanksies wat met aspekte soos geslag, ouderdomsgroep, posisie in stamverband, ensovoorts verband hou nie, maar iets abstraks wat die klem laat val op individuele potensiaal, intellek, aanleg, belangstelling en ander elemente kenmerkend van die betrokke individu. Die Swartman word nou vir die eerste maal gekonfronteer met die Westerse gedagte van kompetisie wat veral baie sterk leun op die kenmerk van individuele prestasie en wat in die "ou Suid-Afrika" gepaard gegaan het met diskriminasie weens 'n bepaalde politieke bestel. Gevoelens van minderwaardigheid, aan die een kant, en gevoelens van opstandigheid aan die ander kant, sou die verwagte gevolg wees.

Dit is dus te verwagte dat hierdie gevoelens van minderwaardigheid sal lei tot 'n identiteitskrisis wat dan weer op sy beurt kan lei tot gedrag wat afwyk van die norm. Dit is voorts ook die gevolg van 'n verwysingsraamwerk wat miskien vroeër gewerk het, maar nie die toets van 'n omgewing wat nou heeltemal ander eise stel, kan oorleef nie. Mkhabela (1984) voer in hierdie verband aan dat die probleme van die hedendaagse Swart adolessent totaal en al verskil van dit wat deur hul ouers ervaar is. Die gevolg hiervan is 'n afwesigheid van 'n toepaslike verwysingsbron en -raamwerk. Dit lei weer tot 'n soort identiteitsloosheid en -verwarring. Mkhabela (1984) skryf "A Black adolescent experiences problems in trying to work out his own value system, his life direction and other personal matters which depend to a great extent on interaction with his society, i.e. its expectations of him and his expectations of it" (p. 42).

Dit blyk dus dat die Swart adolessent te staan kom voor die feit dat hy nie aanvaarbaar is soos hy is nie. Die nuwe kultuur vind hom relatief onaanvaarbaar onder andere op grond van sy tradisionele (en ontoepaslike) identiteit. Dit impliseer 'n disintegrasie van sy selfbeeld waaruit 'n nuwe integrasie binne die eise van die Westerse kultuur moet ontwikkel.

Die vraag is dus nou: Sou 'n massamedium soos televisie aangewend kon word om uit die chaos wat letterlik deur "ontstamming" by die Swart adolessent veroorsaak is, 'n nuwe orde te skep?

Die probleem kan ook uit 'n ander hoek gepostuleer word: Kan televisie opvoedkundig en terapeuties aangewend word om Westerse gedragsmodelle sinvol aan die Swart adolessent voor te stel en as't ware "oor te dra", ten einde die funksie van effektiewe doelgerigte Westerse rolmodelle te vervul?

Die voorafgaande lei tot die vraag: In watter mate besit televisie as medium wel die potensiaal om gedrag rigtinggewend te beïnvloed?

Dit is die probleem waaraan vervolgens aandag geskenk moet word.

/...

# HOOFSTUK 4

## TEORETIESE PERSPEKTIEWE OOR TELEVISIE AS MEDIUM VAN BEÏNVLOEDING

**4.1 INLEIDING**

**4.2 MASSAKOMMUNIKASIE AS SOSIALE SUBSISTEEM**

**4.3 ENKELE BESKOUINGS OOR DIE INVLOED VAN MASSAKOMMUNIKASIE OP DIE WAARNEMER**

**4.4 SOSIALE LEERTEORIE**

4.4.1 Komponente van leer

4.4.2 Gedragsmodelle

4.4.2.1 Soorte modelle

4.4.2.2 Karaktereienskappe van modelle

4.4.3 Die aanleer van gedrag deur middel van versterking

4.4.4 Die leerder se kognitiewe prosesse

(a) Aandaggewende prosesse

(b) Retensieprosesse

(c) Motoriese reproduksieprosesse

(d) Motiveringsprosesse

(e) Opsommend

4.4.5 Die implikasies van die sosiale leerteorie vir die onderhawige studie

4.4.6 Opvoedkundige implikasies

4.4.7 Toepassing van die sosiale leerteorie

4.4.7.1 Nabootsing

4.4.7.2 Plaasvervangende versterking

4.4.7.3 Gedragtekste

4.4.7.4 Evaluering

/...

## 4.5 GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSBENADERING

### 4.5.1 Behoeftetipologieë met betrekking tot mediagebruik

(a) Kognitiewe behoeftes
(b) Afleiding
(c) Persoonlike behoeftes

### 4.5.2 Gebruike- en bevredigingsnavorsing in Suid-Afrika

(a) Die bevredigende groep
(b) Die onrealistiese groep
(c) Die verrasde groep
(d) Die passiewe groep
(e) Opsomming van bevindinge

4.5.2.1 Selektiewe blootstelling
4.5.2.2 Doelgerigte en gewoonte-kykers
4.5.2.3 Ontwikkelingsveranderlikes

### 4.5.3 Evaluering van die gebruike- en bevredigingsteorie

## 4.6 OPSOMMING VAN TEORETIESE PERSPEKTIEWE

/...

## 4.1 INLEIDING

Die elektroniese massamedia is 'n verskynsel van die moderne wêreld. Miljoene mense word daagliks deur boodskappe, wat via 'n verskeidenheid van hierdie media op algemene en spesifieke teikengroepe gerig is, geraak. Singer (1980) meen dat die televisiestel 'n unieke faktor in die mens se omgewing is; iets wat waarskynlik net so belangrik is soos die ontwikkeling van skrif of die uitvinding van die boekdrukkuns deur Gutenberg.

In alle lande waar televisie ingestel is, het blootstelling aan hierdie medium soos 'n veldbrand versprei. In die Verenigde State van Amerika was daar byvoorbeeld in 1949 een miljoen televisiestelle, in 1951 tien miljoen en teen 1960 meer as vyftig miljoen. Tans is daar meer as anderhalf biljoen televisiestelle in huishoudings reg oor die wêreld (Dunnet, 1990).

Die Republiek van Suid-Afrika was die laaste Westerse industriële gemeenskap wat hierdie kragtige massakommunikasiemedium ingestel het (Harrison & Ekman, 1976). Suid-Afrika het dus maar 'n kort geskiedenis van televisie in vergelyking met lande soos Brittanje en die VSA waar televisie-uitsending reeds onderskeidelik in 1936 en 1939 begin het (Dunnet, 1990). Gou na die instelling daarvan in 1976 in Suid-Afrika, het dit onafskeidbaar deel van die daaglikse lewenspatroon geword. Die groot hoeveelheid tyd wat voor die televisie deurgebring word, toon duidelik watter houvas die medium nou ook op die Suid-Afrikaanse bevolking verkry het.

Kinders in die VSA bring tans ongeveer 22 uur per week (twee tot drie uur per dag) voor televisie deur. Hierdie syfer neem steeds toe (Ellis, 1983). In lande met beperkte uitsendings soos Oostenryk, Italië, Swede en Noorweë het die kyktyd in 1980/81 tussen een en twee uur per dag gewissel (Liebert, Sprafkin & Davidson, 1982). In navorsing wat die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN tussen 1979 en 1983 onderneem het, is bevind dat die gemiddelde kyktyd vir Blanke leerlinge in die Republiek op ongeveer 2 uur 48 minute per dag te staan kom (Van Vuuren, Pitout & Van Deventer, 1984). Dit is interessant dat die tyd wat 'n Blanke kind voor die televisiestel deurbring, baie sterk ooreenstem met die studie van Groenewald & Holtzhausen (1979) onder Swartes. Hulle bevind dat die gemiddelde kyktyd van Swart adolessente in Soweto sowat 2 uur 49 minute is.

In die lig van hierdie relatief sterk blootstelling aan televisie is verskeie navorsers van mening dat televisie potensieel 'n groot invloed op die kyker kan uitoefen (Ellis, 1983).

## 4.2 MASSAKOMMUNIKASIE AS SOSIALE SUBSISTEEM

Massakommunikasie kan beskou word as "... a social subsystem that has exhange relationships with other subsystems of society" (Kunczik, 1984, p. 43). 'n Sisteem in hierdie verband word deur dié skrywer gesien as 'n reeks interverbandhoudende elemente of subsisteme met bepaalde eienskappe. Massakommunikasie as sosiale subsisteem beïnvloed gevolglik nie net individue en groepe nie, maar ook ander subsisteme, byvoorbeeld die politiek, ekonomie en die gemeenskap in sy geheel. Hoewel die massamedia 'n belangrike veranderlike in sosiale verandering verteenwoordig, is dit egter steeds net 'n enkele veranderlike wat saam met 'n magdom ander veranderlikes, soos kultuur, opleiding, ouderdom, ervaring, ensovoorts, die ontvanger van 'n boodskap potensieel beïnvloed. 'n Eenvoudige afleiding in terme van oorsaak-gevolg, waar 'n medium se boodskap 'n bepaalde (en miskien verwagte) respons tot gevolg sou hê, kan dus nie sonder meer gemaak word nie. Kunczik (1984) stel dit dat "... mass media and their effect cannot be regarded in isolation from the social context within which they are integrated" (p. 44).

Dit is ook teen sodanige agtergrond dat die huidige ondersoek onderneem word.

## 4.3 ENKELE BESKOUINGS OOR DIE INVLOED VAN MASSAKOMMUNIKASIE OP DIE WAARNEMER

Televisie verteenwoordig vandag een van die belangrikste bronne van inligting waaraan enige gemeenskap blootgestel is. Televisie-invloede het deel geword van die mens se omgewing. Dit onderrig, vermaak, lig in en dit ontlok emosies. Televisie is vir die mens 'n venster op die verskeidenheid in sy wêreld. Televisie beweeg die individu om standpunt in te neem met betrekking tot sy eie posisie binne daardie wêreld. Geesteswetenskaplikes was van die staanspoor af primêr geïnteresseerd in die invloed van televisie op die mens, maar as gevolg van die fenomenale ontwikkeling van die medium is die mens nie altyd in staat om die volle invloed daarvan te verstaan of te verklaar nie (Lewis, 1990). Verskeie teorieë met betrekking tot die invloed van televisie het dan ook oor die jare die lig gesien.

/...

Die ontwikkeling van beskouings oor die invloed van televisie op gedrag kan in drie fases verdeel word. Die **aanvanklike** verwagtinge oor die effek van televisie het aan die medium 'n veel groter beïnvloedende rol toegeken as wat later werklik gevind sou word. Hierdie beskouing vind in die literatuur as die "magic bullet" of "the hypodermic needle"-teorie gestalte. Volgens hierdie aanvanklike siening van die invloed van die massamedia is die ontvanger 'n passiewe "slagoffer" wat na willekeur deur die massamedia beïnvloed word. Dit was die hipotetiese verwagting tot ongeveer die Tweede Wêreldoorlog (McQuail, 1983).

Volgens McQuail (1983) was hierdie siening nie op wetenskaplike ondersoeke gebaseer nie, maar eerder op die waarneming dat die moderne massamedia in die algemeen en televisie in die besonder, baie gewild en dus sterk beïnvloedend en oorredend behoort te wees. Hierdie beskouing is voorts versterk deur adverteerders en regeringspropoganda tydens die Eerste Wêreldoorlog. As uitgangspunt vir hierdie siening dien die sogenaamde stimulus-responsteorie. Die ontvangers van massakommunikasie is beskou as passief en uitgelewer aan die persone wat die massakommunikasiemedia beheer (De Fleur & Ball-Rokeach, 1982). Namate meer kennis is aangaande die aard van die individu en die samelewing opgedoen, is hierdie reglynige stimulus-responsteorie gewysig (De Fleur & Ball-Rokeach, 1982).

Die **tweede** fase-teorieë met betrekking tot die invloed van massamedia dateer veral terug na die vroeë sestigerjare. Die oorsprong hiervan gaan egter ook terug na die dertigerjare met die sogenaamde Payne Fund Studies (McQuail, 1983). Hiervolgens speel sosiale en kulturele faktore 'n deurslaggewende rol in die effek van die massamedia. Gedurende hierdie era is heelwat ondersoeke gedoen oor die oorredingsvermoë en die moontlike negatiewe invloed ten opsigte van jeugmisdaad, vooroordeel, aggressie en seksuele stimulasie deur die massamedia.

**Mettertyd** het ander teorieë ook op die toneel begin verskyn, waarin veral klem gelê word op die aktiewe rol van die ontvangers tydens die proses van kommunikasie. Bandura en Walters (1963) verwerp byvoorbeeld die idee dat die mens passief is, met betrekking tot interne of eksterne faktore wat gedrag bepaal. Volgens Bandura & Walters is die mens in aktiewe wisselwerking met ander mense en met die omgewing en het hy die vermoë om keuses te maak en sy eie gedrag te reguleer. Deur middel van kognitiewe prosesse wat hoofsaaklik op ervaring gebaseer is, kan die mens besluit om op ervarings te reageer of nie daarop te reageer nie. Die mens het dus die vermoë om aan te pas by die veranderende omgewingstoestande op grond van keuses

wat hyself besluit om te maak. Hierdie teorie word in die volgende afdeling omvattender bespreek.

'n **Verdere** aspek wat volgens De Fleur & Ball-Rokeach (1982) vandag nog ten opsigte van media-effek-ondersoeke beklemtoon word, is individuele verskille tussen mense. Veral persoonlikheidsverskille word hier beklemtoon. Mense verskil baie ten opsigte van houdings, waardes, lewensuitkyk en persoonlikheid. Dit word ook aanvaar dat hierdie verskille tussen mense daartoe lei dat wat waargeneem word, verskillend verwerk word, gevolglik met verskillende implikasies by verskillende mense. Ten opsigte van die massamedia beteken dit dat individuele ontvangers op individuele en unieke wyse selektief aandag gee en waarneem. De Fleur & Ball-Rokeach (1982) som hierdie benadering soos volg op: "Rather than being uniform among the mass audience, the manner in which audience members are exposed to media content could now be seen as varying from person to person because of individual differences in psychological structure" (p. 187). Die sogenaamde "uses and gratifications"-teorie neem hierdie individuele verskille tussen mense as uitgangspunt en word later bespreek.

## 4.4 SOSIALE LEERTEORIE

Die rede vir die keuse van hierdie teorie as agtergrond vir hierdie studie, is geleë in die vraag: Hoe vind leer deur middel van die massamedia plaas?

Die teorie word nie vir die doeleindes van hierdie studie omvattend bespreek nie. Dit is ook nie die doel om hier enigiets omtrent die sosiale leerteorie te "bewys" nie. Slegs daardie aspekte wat vir die doel van die ondersoek relevant is, sal belig word.

Volgens Zillman & Bryant (1986) is die sosiale leerteorie een van die eerste teorieë om die invloed van televisie op kinders te evalueer. Baie van die vroeë werk in hierdie verband wat deur Albert Bandura in die sestigerjare onderneem is, het op waarnemingsleer en die nabootsing van gemodelleerde gedrag as kritiese elemente van die invloed van televisie, betrekking (Bandura & Walters, 1963; Bandura, 1976; Bandura, 1977a; Bandura, 1978).

Bandura (1977b) se uitgangspunt in sy teorie is dat hy nie die mens as passief nie, maar in interaksie met sy omgewing, insluitende ander kulture, sien. Uit hierdie interaksie spruit die leerproses voort wat deur Bandura as die sosiale leerteorie beskryf word. Bandura verbreed die veld van interne en eksterne determinante van gedrag, 'n

proses wat hy resiprokale determinisme noem, dit wil sê, die wedersydse proses van interaksie tussen die organisme en die omgewing. Volgens Bandura is die mens aktief betrokke by ander mense en die omgewing en het hy die vermoë om keuses te maak en homself te reguleer. Deur middel van kognitiewe prosesse wat hoofsaaklik op ervaring gebaseer is, kan die mens onmiddellike ervarings "oorbrug" en die toekoms antisipeer. Die mens het dus die vermoë om aan te pas by veranderende omgewingsituasies.

### 4.4.1 Komponente van leer

In 'n natuurlike omgewing leer individue nuwe gedrag deur die waarneming van modelle en deur die invloed van hulle eie gedrag. Die leerder se kognitiewe prosesse ontvang 'n groot verskeidenheid inligting uit die omgewing wat onder verskillende omstandighede plaasvind. Hierdie inligting word in die geheue gestoor en kan op 'n latere stadium deur die leerder herroep en nageboots word.

Die elemente wat in elke leerhandeling teenwoordig is, is volgens Bandura (1977b) eerstens die gedrag wat deur die model uitgevoer word, tweedens die omgewingsfaktore wat 'n invloed uitoefen op die leer van die waargenome gedrag (dit wil sê die gevolge van die nagebootste gedrag), en derdens die leerder se interne prosesse. Elkeen van hierdie elemente word vervolgens kortliks bespreek.

### 4.4.2 Gedragsmodelle

Rosenthal & Bandura (1978) definieer 'n model as "... any stimulus array so organized that an observer can extract and act on the main information conveyed by environmental events without needing to first perform overtly" (p. 622).

Die primêre rol van die gedragsmodel is om sekere inligting aan die waarnemer oor te dra. Dit kan op drie maniere geskied; eerstens dien die gedragsmodel as dryfveer om soortgelyke gedrag in ander te inisieer. Tweedens deur bestaande inhiberende gedragsbeperkinge by die respondent te versterk of te verswak deurdat die gedrag tot straf of goedkeuring kan lei. Derdens deur nuwe gedragspatrone oor te dra, byvoorbeeld vanaf 'n baba se wuif met die hand tot ingewikkelde kognitiewe beredenering tydens 'n skaakspel; dit wil sê motoriese, kognitiewe of affektiewe gedrag kan met behulp van modelle aangeleer word.

4.4.2.1 Soorte modelle

Individue kom in aanraking met drie soorte gedragsmodelle in hulle alledaagse lewe. Bandura (1971b) beskryf hierdie modelle as die lewendige model, byvoorbeeld vriende, familie, kollegas en ander persone met wie die individu direkte kontak het; simboliese modelle, byvoorbeeld voorstellings van gedrag deur veral die massamedia; en verbale beskrywings of instruksies, byvoorbeeld die instruksies op blikkieskos.

Volgens Bandura (1977a) is die massamedia die mees oorvloedigste bron van gedragsmodelle, maar televisie per se is steeds nie die werklike lewe nie. Die groot aantal gewetenlose en beginsellose karaktertipes wat op televisie voorgestel (gemodelleer) word, het bloot ten doel om 'n storielyn te ondersteun en gee 'n verwronge beeld van menslike rolle.

4.4.2.2 Karaktereienskappe van modelle

'n Belangrike faktor in die leerproses is die graad waarin 'n gedragsmodel die aandag trek. Die modelle wat 'n invloed op die waarnemer uitoefen, beskik volgens Rosenthal & Bandura (1978) gewoonlik oor een of meer van die volgende eienskappe: Hulle dra die skyn dat hulle vertroue inboesem, die konsensus van die groep verteenwoordig, bereikbare standaarde voorstel om die waarnemer/ontvanger te lei of realistiese data aan(te)dra waarmee die ontvanger dinge mee kan vergelyk. Die implikasie is dat relevansie en geloofwaardigheid belangrik is vir die waarnemer in die modellering van gedrag. Oor die algemeen is modelle met 'n hoër status, mag en bekwaamheid meer effektief. Volgens Bandura (1971b) oefen die gedragsmodel die grootste invloed uit wanneer die gevolge van die gedrag wat hy voorstel onbekend is.

4.4.3 Die aanleer van gedrag deur middel van versterking

Volgens Bandura & Walters (1963) is die neiging tot nabootsing ingebore. Die volgehoue voortsetting van gedrag wat nageboots word, is egter afhanklik van versterking (Bandura, 1977b). 'n Individu word òf beloon (versterk) òf gestraf vir 'n spesifieke respons. Indien 'n respons nie tot 'n verlangde doelwit lei nie, sal dit nie weer herhaal word nie en dus nie aangeleer word nie.

Volgens Bandura (1971b) bestaan daar drie verskillende tipes versterking wat die mens tot handeling aanspoor. Eksterne versterking is die beloning wat die uitvoerder

/...

vir die uitvoering van 'n bepaalde handeling of gedrag ontvang. Hierdie beloning is gewoonlik ekstern omdat dit buite die uitvoerder bestaan, byvoorbeeld sosiale aanvaarding, geld, voorregte en die vermyding van straf.

Plaasvervangende versterking geskied wanneer mense waarneem dat ander mense se gedrag beloon word en hulle dan daardie gedrag in afwagting van dieselfde beloning naboots. Navorsing het aangetoon dat modelle wat vir sekere gedrag beloon word in 'n groter mate nageboots word as dié wat nie beloon word nie (Bandura, 1977b).

Selfversterking beïnvloed ook die uitvoering van aangeleerde gedrag. Persone is in staat om versterking binne hulleself te genereer vir die uitvoering van sekere tipes gedrag. 'n Gemodelleerde aksie sal herhaal word in dié mate waartoe dit selfversterkend vir die uitvoerder is.

### 4.4.4 Die leerder se kognitiewe prosesse

In die sosiale leerteorie speel kognitiewe prosesse 'n sentrale rol. Die leerder se vermoë om oorgedraagde ervaring te kodeer en in 'n simboliese vorm te stoor en om toekomstige gevolge kognitief voor te stel, is essensieel vir die ontwikkeling en aanpassing van menslike gedrag. Die kognitiewe prosessering van gebeure en die potensiële gevolge daarvan, slaan 'n brug tussen gedrag en die gevolge daarvan (Bandura, 1977b). 'n Huiseienaar wag byvoorbeeld nie totdat sy huis afgebrand het voordat hy versekering uitneem nie. Sy kennis van die potensiële verlies as gevolg van die nalatigheid om sy eiendom te verseker, is die prikkel wat hom dryf om in beskerming deur versekering te belê (Bandura, 1971b). Die vermoë om waargenome gedrag wat gestoor word (tekste) te herroep en op ander situasies van toepassing te maak hou ook hiermee verband. Die belangrike punt is dat die leerder se gedrag gelei word deur kognitiewe prosesse eerder as deur versterking (Bandura, 1971a).

Vier komponente is verantwoordelik vir leer en prestasie, naamlik: aandaggewende prosesse, retensieprosesse, motoriese reproduksieprosesse en motiveringsprosesse (Bandura, 1971a; 1977b).

(a) Aandaggewende prosesse

Die belangrikheid van 'n leerder se aandag setel daarin dat nuwe gedrag nie aangeleer kan word tensy daar aan dié gedrag aandag gegee word en dit korrek waargeneem word nie (Bandura, 1977b). Die leerder se aandaggewende prosesse word egter deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed, byvoorbeeld die model se karaktereienskappe (wat vroeër bespreek is), die funksionele waarde van die gedrag, en die eienskappe van die waarnemer self. Gedrag wat vir die model suksesvol blyk te wees trek ook makliker die waarnemer se aandag. Die eienskappe van gedrag wat aandag beïnvloed sluit kompleksiteit en relevantheid in.

Volgens Bell-Gradler (1986) is lang gesprekke op televisie byvoorbeeld te ingewikkeld vir kinders maar sodra dit gepaard gaan met byvoorbeeld poppe wat dieselfde boodskap 'n paar maal herhaal, kan kinders die inhoud makliker begryp. Revelantheid dui op die belangrikheid van die gedrag vir die waarnemer. Waar daar byvoorbeeld 'n behoefte is aan sekere kennis is dit meer relevant. Dit is byvoorbeeld meer relevant vir 'n 18-jarige om te leer hoe om 'n motor te bestuur as vir 'n twee-jarige kind.

Die eienskappe van die waarnemer wat aandaggewende prosesse beïnvloed is onder andere die mate waarin dit wat waargeneem word die aandag trek, waarnemingsvermoë, vorige ervaring, perseptuele ingesteldheid en sensoriese kapasiteit (Bandura, 1977b). Die leerder se vlak van opwekking en perseptuele ingestelheid (perceptual set) beïnvloed die seleksie van waargenome aktiwiteite terwyl waarnemingsvaardighede die akkuraatheid van die prosessering beïnvloed.

(b) Retensieprosesse

Retensieprosesse is verantwoordelik vir die simboliese kodering van gedrag in visuele en verbale kodes en die stoor daarvan in die geheue. Die belangrikheid van hierdie prosesse is dat die leerder nie voordeel uit die waargenome gedrag (in die afwesigheid van die model) kan put tensy die gedrag gekodeer en gestoor word vir latere gebruik nie (Bandura, 1977b).

'n Belangrike retensieproses is herhaling. Sowel kognitiewe as motoriese herhaling (oefening) dien as belangrike geheuehulpmiddels. Kognitiewe herhaling vereis dat die leerder die gedrag intern voorstel (in die afwesigheid van daardie gedrag). Hierdie interne voorstellings kan dan die motoriese herhaling (oefening) rig en lei.

Retensieprosesse word beïnvloed deur die leerder se vlak van ontwikkeling. Die vermoë om gedrag in die vorm van kodes voor te stel en om verbale en visuele prikkels (cues) te genereer verhoog retensie.

(c) Motoriese reproduksieprosesse

Nadat die waarnemer 'n simboliese kode verkry het, hang die uitvoering van die waargenome gedrag af van die leerder se motoriese reproduksie en motiveringsprosesse. Motoriese reproduksie sluit die seleksie en organisering van response op 'n kognitiewe vlak in, gevolg deur die uitvoering daarvan (Bandura, 1977b). Soos die prosesse van retensie, word motoriese reproduksie beïnvloed deur die ontwikkelingsvlak van die individu.

(d) Motiveringprosesse

Die drie prosesse wat as motiveerders funksioneer is direkte (eksterne) versterking, plaasvervangende versterking en selfversterking. (Hierdie drie prosesse is reeds vroeër onder 'die aanleer van gedrag deur middel van versterking' bespreek). Antisipering van versterking vir spesifieke gedrag motiveer dus die waarnemer se gedrag.

(e) Opsommend

Die kompleksiteit van die prosesse betrokke by waarnemingsleer toon dat die blote voorsiening van modelle, ongeag hul prominentheid, nie outomaties tot die herhaling van dieselfde gedrag by die waarnemers lei nie (Bandura, 1977b). Die bogenoemde vier kognitiewe prosesse is noodsaaklik vir leer om plaas te vind. Omdat baie van die subprosesse betrokke in waarnemingsleer as gevolg van rypwording (maturation) en/of ondervinding verander, is die ontwikkelingsvlak van 'n persoon 'n belangrike faktor in leer. Die leerder se vaardighede in selektiewe waarneming, geheue-enkodering, koördinering van sensoriese en motoriese stelsels asook die vermoë om moontlike gevolge van nagebootste gedrag te identifiseer, is almal belangrike faktore wat hiermee verband hou (Bandura, 1977b).

### 4.4.5 Die implikasies van die sosiale leerteorie vir die onderhawige studie

Aan die hand van die sosiale leerteorie sou die vraag: "Hoe vind leer deur middel van die massamedia plaas?" soos volg beantwoord kan word:

Eerstens leer die mens sekere gedragspatone aan deur waarneming en nabootsing van modelle. Die mens is egter beperk ten opsigte van dit wat hy kan waarneem vanuit sy alledaagse aktiwiteite. Die tegnologiese revolusie van die afgelope drie dekades het hierdie waarnemingshorisonne van die mens in so 'n mate kom verbreed dat 'n baie groot hoeveelheid van dit wat die mens vandag leer vanuit die elektroniese media, veral televisie en die rolprent afkomstig is. Tan (1981) stel dit soos volg: "The mass media can significantly enlarge the scope of what we could learn by exposing us to modelling events that we could otherwise not have any contact with. Also the mass media can transmit new behavioral and thought patterns simultaneously to large groups of people" (p. 206).

Tweedens is volgehoue voortsetting van gedrag wat nageboots word volgens die sosiale leerteorie afhanklik van versterking. Indien 'n respons nie tot 'n verlangde doelwit lei nie, sal dit nie weer uitgevoer word nie en dus nie aangeleer word nie. Volgens Bandura (1977b) voel die mens positief teenoor gebeurtenisse wat treffend en versterkend is, veral met betrekking tot verbintenisse aan die verlede, hede of met verwagte ervaringe. Gebeurtenisse is versterkend wanneer dit in 'n spesifieke behoefte voorsien, byvoorbeeld wanneer dit oplossings bied of wanneer dit vermaak en afleiding bied. Die tegnologiese massamedia is veral bekend vir hul inligting, opvoeding en vermaaklikheidseienskappe en kan dus optimaal aan daardie behoeftes voldoen.

Derdens is bogenoemde twee prosesse volgens die sosiale leerteorie afhanklik van kognitiewe denkprosesse. Wat die massamedia betref is daar 'n magdom faktore wat die prosesse van aandaggewing, retensie, motoriese reproduksie en motivering positief of negatief kan beïnvloed. Faktore soos behoeftes, verwagtinge, aspirasies, waardes en vorige ervaringe (aandaggewende prosesse), hoeveelheid, herhaling, wyse van aanbieding, kompleksiteit (retensieprosesse), uitbeelding van karakters, karikature, 'body language', mannerismes, aksent, sêgoed (motoriese reproduksieprosesse) en die voldoening aan behoeftes (motiveringsprosesse) kan hierdie kognitiewe prosesse dus ondersteun of indien die medium 'swak' aangewend word, belemmer.

Die sosiale leerteorie toon dus dat leer in die hedendaagse massamedia-georiënteerde samelewing baie verder strek as die normale klaskamersituasie.

### 4.4.6 Opvoedkundige implikasies

Die belangrikheid van die sosiale leerteorie vir opvoeding sluit twee hoof implikasies in. Eerstens het navorsing op die teorie getoon dat modellering/nabootsing nie bepaal word deur 'n veralgemeende disposisie om 'n model met bepaalde kwaliteite of eienskappe na te boots nie. Inteendeel, individue is eerder geneig om spesifieke gedrag te selekteer om na te boots, as spesifieke modelle (Bell-Gradler, 1986).

Die tweede belangrike bydrae is dat die teorie die leerproses uitbrei en nie-direkte kontak met modelle insluit. Dit sluit ook situasies in waar kinders inligting kry van ander bronne as slegs die gesin en skool. Die vinnige toename van die massamedia het 'n verskeidenheid van gemodelleerde gedrag die huis binnegedra. Elkeen van hierdie modelle dra 'n spesifieke boodskap van die kenmerke van sosiale realiteit (Bell-Gradler, 1986).

Navorsing wat deur verskillende ondersoekers en in verskillende omgewings uitgevoer is, het die effektiwiteit van modellering asook die gevolge daarvan op waarnemingsleer geïllustreer. Uit hierdie ondersoeke blyk die effektiwiteit van modelle om onaanvaarbare gedrag te ontmoedig (Walters & Parke, 1964; Zimmerman & Kinsler, 1979), die effektiwiteit van modelle om bepaalde persoonlike standaarde oor te dra (Bandura, 1971c) en om taakdeursettingsvermoë te vestig (Zimmerman & Blotner, 1979). Modellering is ook deur Zimmerman & Rosenthal (1974) toegepas op konseptuele leer. Uit hierdie navorsing is dit duidelik dat leer baie verder strek as die tradisionele instellings en geykte metodes en dat die massamedia 'n belangrike rol in hierdie proses kan vertolk.

### 4.4.7 Toepassing van die sosiale leerteorie

Enkele relevante aspekte van Bandura se sosiale leerteorie word vervolgens op die huidige ondersoek toegepas.

4.4.7.1 Nabootsing

Alhoewel baie veranderlikes die mate waarin televisierolle nageboots word beïnvloed, is dit veral die kind se geslag en ontwikkelingsvlak wat in hierdie verband 'n groot rol speel. Die geloofwaardigheid van die model, die ooreenkomste tussen die televisiemodel en die modelle in die kind se werklike omgewing asook die konteks van die kyksessie is belangrike faktore wat bepaal watter gedrag uiteindelik nageboots sal word.

Volgens Bryant & Zillman (1985b) sou 'n gefrustreerde kind met probleme in interpersoonlike verhoudinge wat baie na geweld op televisie kyk en aan min ander bronne van inligting blootgestel word, byvoorbeeld meer geredelik televisiegedrag naboots as 'n kind met dieselfde interpersoonlike probleme, maar met alternatiewe bronne van inligting wat aggressiewe gedrag ontmoedig.

Elke persoon het 'n behoefte aan 'n verwysingsraamwerk in terme van modelle. Die Swart adolessent wat nie oor 'n Westerse verwysingsraamwerk beskik waarteen televisiemodelle "gemeet" kan word nie, sou hierdie televisiemodelle moontlik noodwendig geredelik en onbevraagtekend as werklike rolmodelle vir die nuwe kultuur aanvaar. Deur televisie kry die Swart adolessent 'n relatief homogene en simplistiese beeld van wat as Westers aanvaarbare gedrag beskou word. Dit is waarskynlik gewoonlik 'n eensydige en gestereotipeerde beeld.

Die Swart adolessent se verwysingsraamwerk wat hy vanuit die tradisionele kulture na sy nuwe leefwêreld oordra, is gedragsvoorskriftelik. Sy tradisionele rolmodelle is hoogs homogeen en geskoei op rigiede voorskrifte van wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is. Hy is waarskynlik as gevolg van hierdie agtergrond meer ontvanklik vir televisie se relatief homogene en eensydige rolmodelle, voorskrifte en stereotiperings, want in die tradisionele kultuur moes hy rolmodelle sonder oordeel en teenstand aanvaar. Die Swart adolessent is waarskynlik daarom té gereed om die rolle wat deur televisie aan hom as Westerse modelle voorgehou word onkrities te aanvaar en na te boots. Die Swartman beweeg dus direk van sy tradisionele, homogene en voorgeskrewe gedragsrolle na gedragsrolle wat vir hom weer eens deur televisie voorgeskryf word.

In die afwesigheid van blootstelling aan gedragsrolle in die werklike lewe, sal die Swart kind waarskynlik dus die televisiemodelle as realiteit, verteenwoordigend van werklike Westerse modelle, aanvaar. Veral in die era van apartheid, waar hy deur wetgewing beperk was om vryelik in die Westerse samelewing te beweeg, was hierdie feit waarskynlik van groot belang en het dit hom in 'n mindere of meerdere mate ontneem van volle "werklikheidswaarneming" en "-ervaring".

4.4.7.2 Plaasvervangende versterking

Volgens die sosiale leerteorie leer kinders deur plaasvervangende versterking deurdat hulle gedrag beïnvloed word deur die uiteindelike gevolge van hulle gedrag. Indien geweld byvoorbeeld beloon word of ongestraf bly, is die moontlikheid groter dat kinders gemaklik sal voel om dit na te boots, of andere wat dit openbaar te ignoreer. Kinders kan dus leer om hoë vlakke van aggressiewe gedrag in die werklike lewe te aanvaar. Berkowitz (1986) lei hieruit af dat aggressie dus 'n disinhiberende invloed op die kyker se kontrole kan uitoefen.

In die Swart stedelike gemeenskappe wat los van die tradisionele leefwyse staan, is outoriteitsfigure relatief afwesig en bly die meeste geweld deur die adolessent ongestraf. Dit het onder die jeug 'n byna algehele verwerping van enige vorm van gesag tot gevolg gehad, iets wat waarskynlik grootliks tot die eskalasie van geweld bydra. Baie van die geweld word in 'n sekere sin deur gesagsliggame beloon deurdat daar gekonsentreer word op die griewe wat as redes vir die geweld aangevoer word. Die Swart adolessent leer dus voortdurend om hoë vlakke van aggressiewe gedrag te aanvaar.

Hierdie situasie word voorts deur geweld op televisie versterk deurdat die eindeffek van baie televisieprogramme die beloning van geweld is. Sekere vorme van televisiegeweld strek oor 'n lang tydperk wat veroorsaak dat die motief en rede vir die straf vervaag. Die herhaling van geweld word die norm omdat die held elke keer daarmee suksesvol is (Botha, 1990; Malan, 1987).

Dit is egter nie die doel van hierdie ondersoek om hier omvattend op die aspek van televisiegeweld in te gaan nie, daar die onderwerp nie deel van die doel met die huidige ondersoek uitmaak nie. Daar word vervolgens hier kortliks na hierdie aspek verwys by wyse van illustrasie van die feit dat die medium wel negatiewe invloede

mag inhou, indien blootstelling daaraan bloot sonder voorbehoud en programbeplanning sou verloop.

Baie ander (anti-sosiale) gedrag word waarskynlik by die Swart adolessent op soortgelyke wyse gevestig as gevolg van 'n gebrekkige verwysingsraamwerk by die gedragsmodelle om ontoepaslike en toepaslike gedrag te straf of te beloon.

4.4.7.3 Gedragstekste

Volgens Huesmann (1988) is persone wat hoë vlakke van geweld waarneem, geneig om gedragstekste te ontwikkel wat uit aggressiewe gedrag bestaan of uit geweld wat as oplossing vir hulle probleme kan dien. Televisie beïnvloed gedrag deurdat die kyker byvoorbeeld televisiegeweld met sy geweldstekste assosieer en dit veroorsaak dat geweld as 'n gedragsvorm geaktiveer word (Berkowitz, 1986; Berkowitz & Rogers, 1986).

Die adolessent in die Swart stedelike gemeenskappe bevind hom in 'n kulturele vakuum. Hierdie vakuum het ontstaan as gevolg van die afwesigheid van toereikende gedragsmodelle in die tussenwêreld tussen twee kulture, hoofsaaklik omdat die konsep van 'n omskrewe en volledige gesin afwesig is.

Televisie bied nou modelle wat dikwels sterk met geweld as gedragsvorm verbind word. Hierdie beeld van die model as 'n entiteit wat dikwels na geweld reik, word voorts deurgaans deur televisie versterk. Die televisiekyker sien daagliks variasies van dieselfde geweldsmodelle. Die Swart kind het feitlik geen keuse as om 'n geweldskultuur in sy proses van verwestersing aan te leer nie. Sy hele benadering tot probleemoplossing word nou deur aggressiewe gedragstekste gevul omdat dit dikwels die enigste model is waaraan hy blootgestel word.

4.4.7.4 Evaluering

Ten spyte van ooreenstemmende bevindinge wat dikwels deur navorsers gerapporteer word, het die sosiale leerteorie steeds beperkinge om alle verskynsels in 'n kommunikasieverband bevredigend te verklaar. Daar is byvoorbeeld nie 'n liniêre verband tussen die waarneming van televisiegeweld en die daaropvolgende aggressiewe gedrag nie. Baie kinders wat televisiegeweld waarneem raak ook nie noodwendig aggressief nie. Voorts kan hier nie altyd 'n kousale verband tussen prikkel en respons getref word nie. Alhoewel dit moontlik is dat die waarneming van

televisiegeweld tot 'n toename in aggressiewe gedrag kan lei, is dit ook moontlik dat dit juis aggressiewe kinders is wat 'n voorkeur vir televisiegeweld het.

Die sosiale leerteorie is effektief aangewend om korttermyneffekte te interpreteer. Baie van hierdie eksperimente is inderdaad onder laboratoriumomstandighede onderneem. Dit staan egter in teenstelling met die langtermyneffekte wat onder normale (natuurlike) omstandighede gevind word (Milavsky, Kessler, Stip & Rubena, 1982; Wackman, Wartella & Word, 1977). Die langtermyneffekte van televisiekyk en die relatiewe invloed van baie ander faktore wat bydra tot die manifestasie van spesifieke gedrag, is dus nie duidelik nie.

So is Zillman & Bryant (1990) van mening dat die opvallendheidsaspek of die vermoë van sekere programinhoude om die aandag te trek en te behou, van groter belang is as geweldsinhoud. Hierdie aspek is van besondere belang vir die Swart gemeenskap in Suid-Afrika waar daar 'n groot behoefte aan kennis van toepaslike sosiale gedrag bestaan. Die waarskynlikheid dat programinhoud wat in hierdie behoefte voorsien 'n groter impak tot gevolg kan hê as byvoorbeeld geweldsinhoud, moet dus nie uit die oog verloor word nie.

## 4.5 GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSTEORIE

Die doel met die inkorporering van hierdie teorie vir die doeleindes van hierdie ondersoek is in die volgende vrae geleë: Wat doen die mens met die media? Watter effek het die ontvanger se behoeftes en gebruike op die media? Hoe beïnvloed hierdie behoeftes die effek wat die media op die ontvanger en die inhoud van die media het?

Die gebruike- en bevredigingsteorie is vir die eerste keer in 'n artikel van Elihu Katz (1959) omskryf, waarin hy gereageer het op die stagnasie van kommunikasienavorsing. Katz was van mening dat die vraag "wat doen die media aan die mens?" verander moes word na "wat doen die mens met die media?". Só 'n benadering aanvaar dat selfs die magtigste massamedia-inhoud nie 'n individu kan beïnvloed wat nie gebruik daarvoor het in die sosiale en sielkundige omgewing waarin hy lewe nie. Die gebruike- en bevredigingsteorie neem aan dat mense se waardes, hul belange, oortuigings en sosiale rolle 'n rol speel en dat mense wat hul sien en hoor, selektief hierby aanpas (McQuail, 1969).

Blumler & Katz (1974) het 'n aantal basiese teoretiese en metodologiese aannames vir die teorie ontwikkel waarvan drie vermelding regverdig.

Eerstens word die standpunt gehuldig dat die gehoor nie passief is nie, maar aktief betrokke raak by die selektering en gebruik van die media vir hul eie behoeftebevrediging.

Tweedens is die gehoor grootliks verantwoordelik vir die keuse van media om behoeftes te bevredig. Volgens Fauconnier (1973) bestaan die massamedia in elk geval omdat die ontvanger 'n subjektiewe behoefte daarvoor het. Volgens Fauconnier moet die massamedia sy inhoud, struktuur, funksie en beskikbaarheid by sekere vereistes aanpas (soos behoeftes en verwagtinge) wat die ontvanger bewustelik of onbewustelik stel.

Derdens is die aanname, wat verband met die voorafgaande twee aannames hou, dat media met ander bronne van behoeftebevrediging kompeteer. Met ander woorde, uit die opsies wat die media bied, kies die individu maniere om sy behoeftes te bevredig.

Hierdie aannames is basies tot die konseptuele raamwerk van die gebruike- en bevredigingsteorie wat essensieel uit die volgende postulate bestaan:

- Individue of groepe is in hul sosiale omgewing onderworpe aan sekere vorme van druk;
- Hierdie druk skep subjektief-ervaarde behoeftes (byvoorbeeld inligting, ontvlugting, kompensasie, ensovoorts); en
- Dit lei weer tot gedrag wat daarop gerig is om aan hierdie behoeftes te voldoen. Hierby ingesluit is die gebruik van die massamedia (McQuail, 1969).

Die gebruiker van die massamedia stel hom dus bloot aan die media in die mate dat die media vir hom aan 'n reeks individuele of sosiaalbepaalde behoeftes voldoen en verwagtinge beantwoord (Fauconnier, 1973).

By die gebruike- en bevredigingsteorie word kommunikasiegedrag dus in terme van direkte ervaring met die media ondersoek. Eerder mediaverbruik as die mediaboodskap word uitgelig. Die gebruike- en bevredigingsteorie beklemtoon aktiewe individuele mediaverbruik sonder om 'n direkte verband tussen boodskap en effek te bepaal. Bevrediging word nie alleen van media-inhoud verkry nie, maar ook van die spesifieke handeling van blootstelling aan 'n gegewe medium. So speel die

/...

sosiale konteks waarbinne die medium verbruik word ook 'n rol, byvoorbeeld deur alleen televisie te kyk of saam met ander. Volgens Katz, Blumler & Gurevitch (1974) moet sosiale agtergrond, gedifferensieërde lewenservaring (ontwikkelings-veranderlikes) sosiale rolle, sielkundige disposisies en sosiale instellings ook in die bestudering van die individu se mediaverbruik in ag geneem word.

### 4.5.1 Behoeftetipologieë met betrekking tot mediagebruik

'n Gevolg van gebruike- en bevredigingsnavorsing was die totstandkoming van behoeftetipologieë, of lyste van behoeftekategorieë wat bevredig kan word deur mediagebruik. 'n Hele aantal tipologieë is ontwikkel, maar van die sinvolste is dié van Blumler (1979) wat behoeftes met betrekking tot algemene mediagebruik in die volgende kategorieë verdeel het:

(a) Kognitiewe behoeftes

Hierdie kategorie sluit inligtingsoeke (surveillance) en werklikheidsoeke (reality exploration) in. Albei hierdie behoeftes verwys na algemene inligtingsoeke en stem ooreen met wat Laswell (1974) die "monitering van die omgewing" noem. Die ontvangers soek inligting om hul omgewing en wêreld te verstaan en te orden. Nuuskierigheid word ook by hierdie kategorie ingesluit.

(b) Afleiding

Hierdie kategorie sluit vermaak sowel as ontvlugting in; dit wil sê, die verligting van verveeldheid en die opwinding wat deur sekere vorms van media-inhoud verskaf word, sowel as die ontvlugting van die daaglikse roetine en probleme.

(c) Persoonlike behoeftes

Die massamedia help 'n persoon om sy sosiale posisie in verhouding tot ander mense te vind. Dit word bereik deur twee interaktiewe vergelykingsprosesse naamlik deur interaksie met mediapersoonlikhede waardeur die persoon 'n meer omvattende begrip van die gemeenskap verkry en deur interaksie en gesprekke met familie en vriende oor mediapersoonlikhede en gebeurtenisse waardeur die persoon 'n beter begrip van sy sosiale posisie met betrekking tot portuurgroepe verkry. Die oordrag van sosiale waardes is ook inherent aan so 'n proses van persoonlike interaksie. Aangesien daar bygedra word om 'n identiteit aan 'n persoon in verhouding tot sy omgewing te

verskaf, help die media die persoon om die gemeenskap te struktureer sodat besluite geneem kan word oor persoonlike en openbare aangeleenthede.

Blumler et al (1974) het gevind dat bogenoemde kategorieë behoeftes by verskillende soorte mense op verskillende wyses bevredig word. Persone wat byvoorbeeld ekstroverte en selfdetermineerd is, neig om hul behoeftes deur lees te bevredig, terwyl persone wat minder sosiaal aktief is en vir 'n leemte in lewenservarings wil vergoed, beeldmateriaal soos televisie en rolprente verkies.

In bykans elke ondersoek waarin gebruike- en bevredigingsnavorsing gedoen is, kom daar verskillende klassifikasieskemas met betrekking tot bevredigingskategorieë voor. Sodanige verskille kan die gevolg wees van navorsers wat op verskillende media gefokus het, of dat verskillende media-inhoude gebruik is. Verskillende kulture en sosiale strukture veroorsaak ook verskille ten opsigte van ontvangers se behoeftes, verwagtinge en ervaringe.

### 4.5.2 Gebruike- en bevredigingsnavorsing in Suid-Afrika

Bekker & Groenewald (1991) het gedurende 1989 'n interessante studie op Swart stedelike persone in die PWV gebied uitgevoer. Hierdie ondersoek is op die gebruike- en bevredigingsbenadering gebaseer. Die uitgangspunt met die ondersoek was dat kykers van televisieprogramme se waargenome bevrediging toeneem wanneer hulle aan hulle gunstelingprogramme blootgestel word. Vir die doel van die ondersoek is daar besluit om respondente se verwagtinge asook hulle mate van bevrediging te bepaal en te evalueer. Omdat die ondersoek die gunstelingprogramme van die respondente betrek het, is hoë korrelasies tussen die verwagtinge en die evaluering van die mate van bevrediging verwag. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat slegs televisiekykers betrek is.

Bekker & Groenewald (1991) het vier kategorieë van bevrediging geïdentifiseer:

(a) Die bevredigde (satisfied) groep

Hierdie groep het al hul behoeftes bevredig deur na hul gunstelingprogramme te kyk. Hulle het dus gekry waarna hulle gesoek het, dit wil sê, hulle verwagtinge het ooreengestem met dit wat die programme hulle gebied het.

/...

(b) Die onrealistiese groep

Hierdie groep het bevrediging gesoek vir spesifieke behoeftes deur hulleself aan hul gunstelingprogramme bloot te stel. Slegs sekere behoeftes is egter bevredig. Hulle soek dus bevrediging maar kry dit nie in hulle gunstelingprogramme nie. Volgens Bekker & Groenewald (1991) kan die toedrag van sake aan onrealistiese verwagtinge toegeskryf word. Hulle hou egter aan met kyk in die verwagting dat hulle behoeftes bevredig sal word. Solank hulle onbewus is van die feit dat hulle verwagtinge onrealisties is, sal hulle bly voortkyk.

(c) Die verrasde (surprised) groep

Hierdie groep het sekere verwagtinge wat hulle motiveer om na hulle gunstelingprogramme te kyk. Hulle bevredig egter meer as net die verwagte behoeftes. Hulle verwagtinge is dus nie onrealisties nie omdat hulle wel kry wat hulle verwag het; omdat hulle egter meer kry as wat hulle verwag het, is hulle daardeur verras.

(d) Die passiewe groep

Hierdie groep verwag nie om bepaalde behoeftes te bevredig deur na hulle gunstelingprogramme te kyk nie, en daarom bevredig hulle nie hul behoeftes nie. Televisie is vir hulle 'n toevallige gebeurtenis en nie 'n konstruktiewe aktiwiteit nie.

(e) Opsomming van bevindinge

Wat dus duidelik uit die navorsing van Bekker en Groenewald (1991) blyk, is eerstens dat mense bepaalde behoeftes bevredig as hulle op 'n gereelde grondslag na 'n televisieprogram kyk. As mense dus week na week na dieselfde program kyk, kan aanvaar word dat 'n spesifieke behoefte bevredig word. Tweedens, word behoeftes bevredig as dit in ooreenstemming is met die verwagtings en die waardes van die besondere teikengroep.

Teen die agtergrond van die gebruike- en bevredigingsbenadering is die vraag nou: Wat is die (moontlike) invloed van enkele toepaslike elemente van die teorie op die Swart adolessent?

Die moontlike invloed van selektiewe blootstelling, doelgerigte en gewoonte kyk en ontwikkelingsveranderlikes word vervolgens van nader belig.

4.5.2.1 Selektiewe blootstelling

Zillman & Bryant (1985a) beweer dat sommige individue sensitief is vir die invloed van sekere televisie-inhoude en dat daardie sensitiwiteite by die individu 'n rol in die seleksie van kykmateriaal speel. 'n Individu fokus byvoorbeeld op blootstelling aan inhoud wat ondersteunende boodskappe aan hom bied en neig om programme met ontstellende inligting te vermy. Kykers selekteer dus boodskappe vir die terapeutiese waarde daarvan (Zillman & Bryant, 1985b).

Kykers en gehore het 'n redelike mate van beweegruimte in terme van waaraan hulle hulleself blootstel; hulle kan byvoorbeeld sekere boodskappe ignoreer of verkeerd interpreteer en ander weer aktief najaag om bepaalde behoeftes te bevredig (McLeod & O'Keefe, 1972). Volgens Zillman & Bryant (1985b) geskied hierdie selektiewe blootstelling onder alle soorte omstandighede en gemoedstoestande, insluitende vrees, spanning en verveeldheid. Aan die ander kant word baie kykbesluite impulsief geneem, deur byvoorbeeld vinnig deur die verskillende kanale na iets interessant te soek (Zillman, 1985). Die terapeutiese waarde van televisievermaak lê in elk geval in die vermoë om 'n persoon se gemoedstoestand te verbeter, om te kalmeer, om verveling te verminder of in maniere om die sielkundige voordele daarvan te benut (Zillman & Bryant, 1986).

Omdat die Swart Suid-Afrikaner uit kulture wat gedragsvoorskrywend van aard is kom, sou die afleiding gemaak kan word dat programme wat in hierdie behoefte vervul, voorkeur sal geniet. Dit is ook moontlik dat televisie as ontvlugtingsbron gebruik kan word om van swak huislike, sosiale, maatskaplike en ekonomiese omstandighede te ontvlug.

Voorts sou programme wat die Swartman kan help om die verwestersingsproses te hanteer waarskynlik ook voorrang geniet. Johnstone (1974) het byvoorbeeld gevind dat adolessente wat graag 'n lid van 'n spesifieke verwysingsgroep wou wees maar nie ten volle geïntegreerd was nie, die swaarste kykers van televisie was. Waar daar 'n sterk strewe bestaan om te verwester sou daar waarskynlik dieselfde tendens verwag kan word.

Dit sou moontlik ook geld ten opsigte van sosiale aanvaarbaarheid omdat dit die meeste konflik vir 'n akkulturerende persoon veroorsaak (Taft, 1977).

4.5.2.2 Doelgerigte en gewoontekykers

Rubin (1984; 1986a) en Rubin & Perse (1987) onderskei tussen aktiewe kykers wat spesifieke programme selekteer en doelgerig kyk, teenoor gewoontekykers wat nie-selektief kyk nie. Gewoontekykers kyk gereeld en uit gewoonte en hulle ag televisie baie hoog as medium. Doelgerigte kykers kyk daarenteen selektief en doelgerig. Hulle kyk ongereeld en het nie 'n hoë waardering vir televisie as medium nie (Rubin, 1984).

Volgens Rubin (1986) ontwikkel hierdie wisselende grade van afhanklikheid as gevolg van die relatiewe afwesigheid of teenwoordigheid van alternatiewe inligtingsbronne in die persoon se eie omgewing. Volgens Wright (1986) is kykers ook meer afhanklik van die medium veral in tye van sosiale verandering of konflik. So gesien, kyk die Swart adolessent moontlik meer doelgerig na televisie - doelgerig in terme van die eise van verandering en versnelde verwestersing in 'n nuwe Suid-Afrika aan hom mag stel. So sou blootstelling aan opvoedkundige uitsendings vir die Swart adolessent 'n meer doelgerigte funksie dien, naamlik die funksie om hom toe te rus vir die (eise van) die verandering.

Rubin & Perse (1987) sien aktiewe kyk teenoor gewoontekyk as uiteenlopende pogings om die media vir die beloning van sekere behoeftes aan te wend. Waar die aktiewe kyker byvoorbeeld kan "kyk" om sy kennis in geselekteerde areas te verbreed, kyk die gewoonte-kyker dikwels vir ontvlugting of bloot net vir die sosiale aanvaarbaarheid daarvan om hom aan die medium bloot te stel.

Wat die Swart kyker in Suid-Afrika betref sou 'n mate van albei kykpatrone waarskynlik aangetref word. Eerstens mag onselektiewe kyk na televisie sy sosiale aanvaarbaarheid binne 'n Westerse samelewing na sy mening verhoog; tweedens sou die afwesigheid van alternatiewe bronne van inligting met betrekking tot die Westerse leefwêreld gewoontekyk tot gevolg kan hê ten einde geselekteerde Westerse gedragsrolle aan te leer. Albei hierdie kykpatrone lei tot 'n hoë kykaktiwiteit wat deur die navorsing van Groenewald, Bornman, Van Aswegen & Holtzhausen (1987) bevestig word.

Daar is reeds aangevoer dat televisie vir die Swart adolessent waarskynlik die medium is waaraan hy oorwegend blootgestel is; en dat televisie die "magtigste" van die massamedia is. Teen sodanige agtergrond is die wesenlike vraag nou: Sou doelgerigte opvoedkundige uitsendings dan positief vir die prikkeling van sosiaal aanvaarbare gedrag by die Swart adolessent aangewend kon word? Daarmee is ons dan weer by die kernvraag van die huidige ondersoek naamlik die moontlike invloed van opvoedkundige televisie op verwestersing by die Swart adolessent.

4.5.2.3 Ontwikkelingsveranderlikes

Die ontwikkelingsvlak van 'n persoon is 'n belangrike veranderlike in die gebruike- en bevredigingsbenadering. Rubin (1977) het byvoorbeeld 'n betekenisvolle negatiewe korrelasie tussen 'n persoon se ouderdomstoename en die hoeveelheid tyd wat aan televisie spandeer word, gevind. Rubin het bevind dat adolessente ongeveer die helfte soveel as jonger kinders kyk. Die bevrediging wat uit televisieblootstelling geput word neem ook af met ouderdomstoename.

Rubin (1977) se bevindinge dui daarop dat die motivering vir doelgerigte televisiekyk met ouderdom verander, terwyl nie-doelgerigte kyk onveranderd bly. Daar is minder vertroue in televisie met ouderdomstoename, weens 'n toename in die waarskynlikheid van ander inligtingsbronne. Jonger kinders kyk waarskynlik omdat hulle 'n tekort aan inligting en ervaring het en omdat hulle dit as meer realisties en daarom as meer relevant sien. Ouderdom is ook belangrik omdat dit 'n aanduiding gee van watter invloede in daardie stadium 'n groter invloed sal uitoefen. So sou kykers in die ouderdomsgroep 18-30 jaar waarskynlik na misdaadprogramme kyk vir die opwindendheids- of ontvlugtingsaspek daarvan. Hierteenoor sal persone bo 50 jaar die inligting- en gerusstellingsfaktore daarvan beklemtoon.

Vir die Swart adolessent met verskeie agterstande in vergelyking met sy Westerse eweknie, sou die kykpatrone waarskynlik verskil, juis in 'n poging om hierdie agterstande uit te wis. Dit sou moontlik in hoër kykvlakke kan manifesteer.

In 'n sin kan die Swart adolessent onder andere in sy blootstelling aan televisie met 'n droë spons wat nog baie ruimte het om baie vog op te neem, vergelyk word. Die behoefte aan "leer" in Westerse terme, veral wat betref die aanleer van gedragsrolle, is naamlik nog ver van versadig by hierdie groep.

### 4.5.3 Evaluering van die gebruike en bevredigingsteorie

Die gebruike- en bevredigingsteorie kan uit verskillende vakgebiede benader word. Baie van die kritiek teen die teorie kan verklaar word juis as gevolg van hierdie verskillende invalshoeke. Elliot (1974) is byvoorbeeld van mening dat die teorie te mentalisties is en dat aannames gemaak word oor kognitiewe prosesse wat nie direk waarneembaar is nie. Die rasionaal is dat ekwilibrium (alle behoeftes bevredig) as die normale toestand van mense beskou word. Indien hierdie ekwilibrium versteur word wanneer 'n behoefte ontstaan, byvoorbeeld 'n persoon verveeld voel, sal hy na maniere begin soek om die behoefte te bevredig. Die ewewig word herstel sodra die behoefte bevredig is. Die gebruike- en bevredigingsteorie aanvaar dat mediakeuses gemaak word as gevolg van die persepsie dat behoeftes daardeur bevredig kan word. As 'n persoon verveeld is word die afleiding gemaak dat hy 'n behoefte aan vermaak het. Die moontlike keuses vir die bevrediging van die behoefte is dus funksionele alternatiewe en die keuse wat gemaak word hang af van die persepsie van die vermoë van elke alternatief om die behoefte te bevredig. Volgens die gebruike- en bevredigingsteorie is die massamedia funksionele alternatiewe vir behoeftebevrediging (Rosengren, 1974).

Dit is volgens Elliot (1974) maklik om 'n behoefte soos honger te verstaan, maar die behoeftes wat deur die media bevredig kan word, is ingewikkelder aangesien hulle slegs in die gedagtes van die indidivu bestaan. Daar is byvoorbeeld geen direkte bewyse vir die bestaan van 'n behoefte aan vermaak nie en dit volg nie vanselfsprekend dat wanneer iemand deur 'n televisieprogram vermaak word, daar 'n behoefte aan vermaak by hom bestaan het nie. Elliot beskou dus so 'n funksionele benadering as verkeerdelik toutologies van aard.

Nadat al hierdie voorbehoude uitgespel is bly een ding egter nog soos 'n paal bo water staan: mense kyk nog na televisie en laat toe dat die medium hul sosiale gedrag beïnvloed of daarmee inmeng. Die vraag is dus nou: Kan televisie ook vir positiewe waardes soos doelgerigte opvoeding en verandering aangewend word?

## 4.6 OPSOMMING VAN TEORETIESE PERSPEKTIEWE

Uit die voorafgaande bespreking oor die sosiale leerteorie en die gebruike-bevredigingsteorie is daar gelet op die potensiaal van televisie om gedragsverandering deur nabootsing te bewerkstellig en die invloed van televisie op die behoefte van kykers en die bevrediging wat kykers daaruit put.

Dit blyk ook dat, indien die televisieblootstelling die enigste hoofmodel vir 'n kind, of minderbevoorregte kyker of vir swak opgevoede minderheidsgroepe is, of indien dit die enigste bron van inligting is, die moontlikheid groter sal wees dat hierdie kykers die medium ernstiger sal opneem en die stof wat dit bied, relatief onkrities sal "aanvaar". Selfs al sou die kind die televisiemateriaal onkrities aanvaar, is daar steeds faktore soos begrip, retensie, verbale enkodering, ouderdom, vorige televisie-ervaring, ontwikkelingsveranderlikes, ensovoorts, wat bepaal hoe die kind die inhoud in die finale instansie interpreteer.

Ten opsigte van die Swart kind is veral daarop gewys dat televisie moontlik 'n betekenisvolle invloed in die afwesigheid van duidelike rolvoorskrywende gedragsmodelle kan uitoefen. In die proses van verwestersing en teen die agtergrond van die bekende tradisionele verwysingsraamwerk wat gedragsvoorskrywend is, bied televisie waarskynlik vir die Swartman iets wat duidelik en sanksionerend gedragsvoorskrywend is. Hierdie nuwe rolle word egter onder meer vir die adolessent teen die agtergrond van `n televisiemilieu voorgehou waarin geweld dikwels `n hoogs beklemtoonde rol speel en soms selfs as aanvaarbare gedrag voorgestel word.

Voorts is gewys op die feit dat die Swartman in die Westerse gemeenskap hom nou in 'n heterogene gemeenskap bevind met vele en konflikterende gedragsrolle as deel van die nuwe werklikheid. Die Swartman kom egter uit 'n kultuur met relatief homogene gedragsrolle. Soos aangetoon, is die rolle wat televisie aan die kyker voorhou, dikwels ook niks meer as stereotipering nie. Dit is nie altyd 'n getroue weergawe van die werklike rol in die samelewing nie. Die neiging by die media, veral televisie, is om bepaalde eienskappe óór te beklemtoon. Wat dus uiteindelik deur die kyker gesien word, is karakteriserings (met 'n storie-doel) eerder as werklike gedragsrolle. In hierdie sin kom die Swart adolessent by televisie dikwels in aanraking met karikature eerder as werklike gedragsrolmodelle. In die afwesigheid by die waarnemer van volledige verwysingsraamwerke vir die werklike gedragsrol soos dit in die Westerse samelewing bestaan, kan hy nou met hierdie karikature wat televisie aan hom voorhou

/...

moontlik identifiseer. So word dan weer eens 'n situasie wat onwerklik is verinnerlik en as verwysingsraamwerk gebruik wat nie altyd lewenswaar is met betrekking tot die werklikheid nie.

Hierdie karikature is dikwels ook in terme van uiterstes saamgestel.. Hul gedrag is baie keer "wit" of "swart" en nie "grys" soos gewoonlik die geval in die werklike lewe is nie. In die Swart samelewing was rolle ook oorwegend "wit" of "swart", omdat die Swart kulture duidelik op sanksionerende wyse voorskryf wat met betrekking tot die bepaalde rol aanvaarbaar of nie aanvaarbaar is nie. Nou kry die Swart waarnemer by televisie dikwels met behulp van hierdie televisiekarikature die indruk dat gedragsrolle in dieselfde mate in die Westerse kultuur in uiterstes uitgestippel is. So kan televisie by verwestersing dikwels 'n misleidende rolvertolker wees en selfs die probleem van kultuurskok verdiep.

'n Slotgedagte ten opsigte van die twee voorafgaande teorieë is dat Apartheid in Suid-Afrika in 'n baie belangrike sin 'n situasie uniek in die geskiedenis van die wêreld geskep het. Juis daarom het dit die land vir baie dekades van die groter wêreld geïsoleer en daarmee saam van breë universele tendense wat die werklike verloop van sake in die wye samelewing (McLuhan 1964 se "Global Village") raak.

Die verwydering van Apartheidmaatreëls was kultuurskok in eie reg en relatief enig in sy soort in die wêreld van die twintigste eeu. Om daardie rede sal teorieë wat teen relatief andersoortige 'n agtergrond wat relatief vry van die gevolge van apartheid ontwikkel is, nie noodwendig lynreg op die Suid-Afrikaanse situasie van toepassing wees nie. By die oorweging van teorieë oor verandering moet hierdie feit met betrekking tot televisie se "last frontier" (Suid-Afrika) in gedagte gehou word.

Daar kan voorsien word dat verwestersing in die plaaslike verband met veel meer aggressie teen die Blanke, wat vir meer as 40 jaar diskriminerende Apartheid toegepas het, sal verloop. Daar is die bekende oproep om die sogenaamde "redistribution of wealth." Deel van die weelde wat die Witman besit en die Swartman ontneem was, is sielkundige gesproke die Westerse identiteit en die rol wat daarmee gepaard gaan - in wese tipies Freud se "penis envy". Die oorname van hierdie Westerse rol word dus simbolies 'n oorname van die mag wat met die Westerse rol gepaard gaan, noudat Apartheid en sy beletsels wegval.

In hierdie proses kan identifikasie met die Westerse gedragsrol dalk eerder op aggressie gebaseer wees, toe-eiening in opstand teen die vroeëre "thou shalt nots"

van Apartheid. Dit kan dus selfs oorgaan in 'n fase van Swart aggressie waarby werklike verinnerliking van die rol wat sielkundig bloot "afgeneem" word, afwesig is. In veral die bloukraaggeledere onder Swart mense is daar 'n soort van subkultuur wat glo dat die omverwerping van Apartheid die omverwerping van die Blanke beteken. Daarmee saam is die geloof dat dit sal meebring dat Swart mense die Blankes se huise, motors en selfs hul vroue sal oorneem. Dit is duidelik 'n soort histeriese geloof dat die Blanke se bevoorregte rol as westerling heelhuids oorgeneem sal word.

Gesien vanuit die sosiale leerteorie mag die identifikasie met sekere gedragsrolle dus hier 'n ander en meer "kits"-dimensie aanneem. So iets sou dan nie werklik meer sosiale leer volgens die beginsels van die oorspronklike sosiale leerteorie impliseer nie. Dit mag eerder die elemente van 'n nuwe teorie insluit, te wete 'n soort sosiale bestrawwingsteorie van die Blanke deur letterlik oornag in sy rol in te stap. Die sielkundige implikasies daarvan is voor-die-hand-liggend. Die roloorname sal dan inderdaad bloot 'n soort mondering wees wat vir die eerste keer "aangetrek" word. Dit mag byna 'n desperate behoefte wees om die rolverwagtinge aan te leer en dit sal vergelykbaar wees met die situasie van die hond wat die motor jaag - noudat hy die motor gevang het, wat maak hy daarmee?

Die gebruike en bevredigingsbenaderingsteorie kan op dieselfde wyse die gebruik of nut wat uit die gedragsrol verkry kan word, sien as onder andere geleë in die onderwerping van die aggressor wat die rol vir minstens die 43 jaar van formele Apartheid geskaak het. So kan die beloning dan geleë wees in die suksesvolle "kastrering" van die bekleërs van die gedragsrolle, wat inderdaad in terme van Apartheid as die "besetters" daarvan ervaar word.

Sodanige onverwerping van die aggressor kan egter as 'n negatiewe soort weerwraakreaksie gesien word, wat min tot die heil van die adolessent se persoonlike ontwikkeling kan bydra. Die antwoord is moontlik veel eerder geleë in die aanwending van die media ter voorbereiding van die adolessent vir die eise van 'n oorwegend Westers-ingestelde samelewing vir 'n nuwe post-Apartheid-Suid-Afrika.

Die vraag in terme van die huidige ondersoek is dus: in watter mate kan televisie die Swart adolessent tot (effektiewe) verwestersing lei?

/...

# HOOFSTUK 5

## EMPIRIESE NAVORSING OOR TELEVISIE AS MEDIUM VAN BEÏNVLOEDING

**5.1 EFFEKNAVORSING: 'N OORSIG**

**5.2 FAKTORE WAT TELEVISIE SE EFFEK BEÏNVLOED**

**5.3 DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP DIE GESIN**

**5.4 TELEVISIE EN GESLAGSROLLE**

5.4.1 Hoe leer kinders geslagsrolle deur middel van televisie aan?

**5.5 TELEVISIE EN AGGRESSIEWE GEDRAG BY KINDERS**

5.5.1 Televisiegeweld en die invloed op die kind met spesifieke verwysing na die situasie in Suid-Afrika

**5.6 DIE AANWENDING VAN TELEVISIE IN OPVOEDING**

**5.7 SLOT**

/...

## 5.1 EFFEKNAVORSING: 'N OORSIG

Die rol van televisie in die lewe van die kind en sy sosialiseringsproses word omvattend in die literatuur gedek. Die televisiekyk-aktiwiteit vereis min inspanning van die kyker. Sonder om die kyker uit sy eie omgewing te verwyder, word die kyker geprikkel en vermaak, ingelig en opgevoed, met afgryse vervul, geskok, of emosioneel gestem deur televisie-inhoude en -gebeurtenisse. Die kyker hoef nie op hierdie inhoude en gebeurtenisse te reageer of daarmee in wisselwerking te tree nie. Hy hoef ook nie die materiaal te evalueer, te kritiseer, te onthou of selfs daaraan aandag te skenk nie. Kykers is in ieder geval dikwels besig met ander aktiwiteite terwyl hulle na televisie kyk. Televisie dien bloot as bron van volgehoue stimulering vir so lank as wat dit aangeskakel bly.

Aan die ander kant **kan** die kyker wel daaraan aandag skenk, sekere inhoude onthou, kritiseer, evalueer, ensovoorts. Dit is egter moeilik om te bepaal presies waaraan die kyker aandag skenk, wat hy onthou, wat hy leer, watter indrukke hy vorm en watter beelde by hom geskep word. Hierdie vraagstukke is veral vir die kind van besondere betekenis en belang aangesien die kind dinamiese ontwikkelingsfases deurloop. Die kind se houdings, menings en idees van die wêreld asook fisiese en sosiale vaardighede word deur die inligting komende vanuit sy totale omgewing gevorm en beïnvloed. Teen die agtergrond van die relatief groot aantal ure wat die kind per dag voor die televisie bestee, is televisie 'n belangrike potensiële bron van inligting met 'n invloed op houdings en gedrag.

Die hoeveelheid navorsing oor die invloed van televisie het die afgelope dekade baie toegeneem. Baie van hierdie ondersoeke fokus op die invloed van televisiegeweld op aggressiewe gedrag. Ander fokus weer op die invloed van stereotipe soos wat hierdie stereotipe deur televisie uitgebeeld word met betrekking tot die ontwikkeling van onder andere seksrolle en rasse-konflik. Sommige studies sentreer weer rondom die manier waarop leer deur televisie gefasiliteer word terwyl ander ondersoeke weer klem op die kykproses per se lê ongeag die inhoude waarna gekyk word.

Meer onlangse studies in sowel kommunikasie- en ontwikkelingsielkunde het die kompleksiteit van die televisie-ervaring beklemtoon en die interaksies tussen die kind, program, gesin, ervaring, motivering en konteksveranderlikes ondersoek. Baie ontwikkelingsnavorsing is ook op veranderlikes soos ouderdom, geslag, sosio-ekonomiese agtergrond en intellektuele vlak afgestem. Ander navorsing het

hoofsaaklik op inhoud gekonsentreer (geweld, stereotipe, prososiale gedrag) vanuit die uitgangspunt van 'n homogene groep kykers. Nog ander navorsing het weer op motiewe, tegniese verwerking en die kyksituasie as sodanig gekonsentreer.

Die verskeidenheid en kompleksiteit van die invloede neem wye afmetings aan. Dit kan voorts ook nog teen die agtergrond van lang- of korttermyn-effek geëvalueer word. Dit is dus nie verbasend dat hierdie verskeidenheid veranderlikes fasinerende, uitdagende en soms teenstrydige bevindinge opgelewer het nie. Baie fasette van die invloed van televisie op kinderontwikkeling bly egter nog steeds onduidelik en kompleks.

## 5.2 FAKTORE WAT TELEVISIE SE EFFEK BEÏNVLOED

Dorr (1986) het in 'n ondersoek na die soort televisiemateriaal wat hedendaags uitgesaai word, televisieprogramme soos volg beskryf: "... some of it is decidedly aggressive, sexist, ageist, racist, consumption-orientated, sexy, inane or moronic. Little of what children watch is truely uplifting, visionary, educational or informative" (p. 82).

Teen die agtergrond van hierdie beskouing is dit veral van belang om te bepaal wat die invloed van televisie op die Swart Suid-Afrikaner, meer bepaald, die Swart adolessent in die proses van verwestersing, is. Die kern vraag hier is: Watter faktore beïnvloed die uiteindelike effek van televisie op die Swart adolessent?

Gerbner, Gross, Morgan & Signorielli (1980: 1982; 1986) het 'n aantal faktore geïdentifiseer wat die effek van televisie beïnvloed. Volgens Gerbner et al (1980) ontwikkel strawwe televisiekykers 'n televisiegeoriënteerde realiteitspersepsie van die wêreld. Met ander woorde, daar is 'n groter geneigdheid om die televisieweergawe van dinge te aanvaar, veral betreffende aspekte en rolle waarvan die kyker min direkte ervaring het. Gerbner et al noem hierdie verskynsel die kultiveringseffek. Volgens die teorie funksioneer televisie nie in 'n vakuum nie en word alle mense nie op dieselfde wyse of tot dieselfde mate beïnvloed nie. Faktore soos ontwikkelingsvlak, sosio-ekonomiese klas en gesinsagtergrond beïnvloed die kyker. Enige potensiële kultiveringseffek moet teen die agtergrond van die invloed van hierdie faktore geëvalueer word. McLeod & O'Keefe (1972) maak byvoorbeeld die bewering dat alle navorsing wat gedurende die jare sewentig onderneem is, waarskynlik op adolessente wat vanaf geboorte aan televisie blootgestel was, gedoen is. Hulle verteenwoordig dus die eerste generasie wat met televisie

grootgeword het. "The content of television may have become the dominant source for the validation of social reality for this generation" (p. 158-159). Volgens Hawkins & Pingree (1980) ervaar sommige kinders egter geen kultiveringseffek nie, waarskynlik omdat hulle die televisie-inhoud of gevolge nie verstaan nie. Dit is moontlik veral waar vir die Swart adolessent by wie 'n televisiekultuur vir relatief lank afwesig was. Sy tradisionele herkoms het hom nie met die verwysingsraamwerk toegerus om inligting wat deur dié medium "deurgegee" word doelmatig te evalueer nie.

'n Ander faktor wat kultiveringseffek beïnvloed is die sogenaamde **waargenome realiteit.** Indien televisie-inhoud as realiteit ervaar word, is dit meer relevant vir die kyker en maak dit hom meer betrokke en verhoog dit die effek van televisie (Hawkins & Pingree, 1980). Potter (1986) is van mening dat kykers wat televisie as 'n bruikbare bron van inligting vir die oplossing van probleme aanwend, meer geneig is om televisie as realiteit waar te neem.

Weens die gebrek aan, of afwesigheid van alternatiewe inligtingsbronne is die Swart kind se persepsie van Westerse realiteit waarskynlik ook verwronge. Sy rigiede, sanksioneelbepaalde verwysingsraamwerk verhoed ook dat hy doeltreffend tussen fantasie en realiteit kan onderskei. Hierdie beperkte verwysingsraamwerk strem hom waarskynlik ook om inligting sinvol te verifieer. Waaraan die Swart adolessent dus 'n behoefte het, is die doelgerigte vestiging van 'n televisiekultuur waaruit hy sin kan maak (Vergelyk White 1980 se bevindinge met Neger kinders in die VSA).

'n Ander faktor wat volgens die kultiveringsteorie televisie se invloed beïnvloed is **toegang tot inligting.** Volgens Comstock & Cobbey (1979) het televisie in die VSA gewild onder Swartes begin word omdat dit 'n simbool van assimilasie verteenwoordig deurdat die inligting wat hulle ontvang 'n geïntegreerde deelname aan televisie-inligting impliseer. Comstock & Cobbey se bevindinge toon ook dat Swartmense, laer sosio-ekonomiese groepe en bejaardes televisie meer slaafs glo as Blankes. Dit geld vir alle opvoedkundige vlakke. Hierdie groepe kyk na televisie met 'n groter doelgerigtheid om daarvan te leer en die voorskrifte meer onkrities as ander kykers te aanvaar. Volgens Comstock & Cobbey (1979) is die redes vir die gewildheid van die medium by hierdie minderheidsgroepe in omstandighede soos isolasie, die afwesigheid van ander inligtingsbronne en 'n ekonomies minderbevoorregte posisie geleë.

Die implikasies van die voorafgaande siening sou waarskynlik belangrike gevolge vir die Swartman in Suid-Afrika kon inhou. Televisie sou vir hom moontlik ook as simbool vir assimilasie dien. Die televisieprogramme bied vir die Swartman die finale Utopie, 'n kultuur van rassevermenging waarvoor veral die Amerikaanse programme bekend is. Dit sou kon veroorsaak dat die Swartman hier net soos in die VSA gebeur het, die medium sal idealiseer (Wright, 1986).

Die ontdekking dat die televisie-realiteit in die werklike lewe niks meer as fantasie is nie, mag vir die Swart adolessent traumatiese gevolge inhou. Hy mag vind dat die verwysingsraamwerk wat televisie-stereotipe bied, nie as sinvolle dekor vir die eise van die werklike lewe en die spel wat daar gespeel moet word, dien nie.

Volgens Wright (1986) moet **sosio-ekonomiese** status ook in aanmerking geneem word wanneer daar gekyk word na die invloed van televisie op kinders. Messaris & Thomas (1986) het gevind dat moeders uit verskillende sosiale klasse verskillende kommentaar lewer oor televisie-inhoud. Middelklas- en werkersklasmoeders het byvoorbeeld addisionele inligting aan hulle kinders verskaf om die werklikheid op hierdie wyse te probeer bybring. Hulle was ook meer eksplisiet in die aanmoediging van gewenste gedrag. Hoë- en middelklasmoeders het meer van indirekte kommentaar gebruik gemaak sodat die kinders self die implikasies van sodanige gedrag moes aflei, soos dit in die werklike lewe gestalte aanneem en nie soos televisie daaroor fantaseer nie.

Die Swartman in Suid-Afrika is onder andere deur Apartheid en sy eie Derde Wêreldse aard, in terme van Westerse standaarde, ekonomies en opvoedkundig vanuit die Westerse siening onontwikkeld gelaat. Hierdie faktore het hom waarskynlik slegs blootgestel aan situasies wat gedragsvoorskrywend van aard is. Sy sosio-ekonomiese agterstand veroorsaak waarskynlik ook dat hy 'n bepaalde ingesteldheid ontwikkel. Sy sosio-ekonomiese posisie weerhou hom ook van meer alternatiewe bronne van inligting byvoorbeeld televisie. Waar televisie wel beskikbaar is, word dit oënskynlik verhef tot primêre bron van inligting.

## 5.3 DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP DIE GESIN

Die vraag of die kyk van televisie bevorderlik is vir die gesinslewe word wyd in die literatuur gedebateer. Televisie word dikwels gekritiseer omdat dit belangrike aspekte van die gesinslewe ondermyn, in dié sin dat televisie aspekte met sy eie stereotipe vervang. Comstock, Chaffee, Katzman, McCombs & Roberts (1978)

spreek byvoorbeeld die vermoede uit dat hoewel televisiekyk gesinslede bymekaar bring, dit juis verbale interaksie verminder. Comstock et al (1983) meen dat dit in elk geval feitlik onmoontlik is om gesprek te voer in 'n vertrek waar 'n televisiestel aangeskakel is en beskou die televisiestel as die vernaamste bron wat gesinskommunikasie belemmer. Gesinskommunikasie moet kompeteer met musiek, beelde en 'n voortdurende vloei van kommentaar en waardes wat intieme en spontane kommunikasie ontmoedig. In 'n studie wat deur die National Institute of Mental Health (1982) uitgevoer is, is ook bevind dat gesprekvoering tussen gesinslede verminder sodra 'n televisiestel aangeskakel word. In nog 'n studie deur Brody, Stoneman & Sanders (1980) is aangetoon dat gesinslede hul wyse van kommunikasie as gevolg van die teenwoordigheid van televisie aanpas. Voor die televisiestel is die vader en kinders byvoorbeeld minder tot mekaar vir interaksie gerig en het gevolglik minder gekommunikeer.

Winn (1985) is van mening dat hoewel televisie die gesin fisies verenig, hierdie vereniging inderdaad 'n "unity without conversation" is. In die proses word sekere kwaliteite vernietig wat een gesin van 'n ander onderskei. Hierdie kwaliteite sluit aktiwiteite soos spel in. Vir Bronfenbrenner (1970) is die gevaar van televisie nie soseer in die gedrag wat dit stimuleer nie, maar in die gedrag wat dit ontmoedig soos verbale interaksie tussen gesinslede, argumente, speletjies en ander wisselwerking wat leer by die kind stimuleer.

Verskeie navorsers het egter verskeie aspekte geïdentifiseer waar televisie 'n positiewe bydrae lewer, waarvan die sosiale aspek van besondere belang is. Volgens Himmelweit, Oppenheim & Vince (1958) is televisiekyk by uitstek 'n sosiale aktiwiteit wat binne die gesinsverband plaasvind en waarby buitestaanders volgens Brown & Linné (1976) selde teenwoordig is. Voorts wys Lull (1980) daarop dat gesinslede nie net televisie kyk om hul persoonlike behoeftes te bevredig nie, maar ook om in die primêre sosiale behoeftes van die gesin te voorsien. Frazer (1981) het bevind dat televisiekyk gesinslede bymekaarbring en sodoende geleentheid skep om met mekaar te kommunikeer. Die belangrikste rede hiervoor is dat gesinslede nie passiewe televisiekykers is nie en dat die kyksituasie in werklikheid gebruik word om met mekaar te kommunikeer.

Die invloed van televisie binne gesinsverband strek egter verder as bloot 'n sosiale waarde. Volgens Salomon (1981) beïnvloed die aard en konteks van mediablootstelling ook die uiteindelike effek. Salomon het gevind dat wanneer moeders van lae sosio-ekonomiese klas opvoedkundige programme saam met hulle

voorskoolse kinders aan televisie blootgestel word, die kinders feitlik net soveel as middelklaskinders geleer het. Van Dyck (1984) het ook 'n positiewe toename in leer gevind waar kinders in die teenwoordigheid van broers of susters kyk. Van Dyck is byvoorbeeld van mening dat alhoewel televisie 'n belangrike bron van waardes op skoolgaande ouderdom is, kinders dikwels probleme ondervind om verskillende aspekte te integreer. Die teenwoordigheid van broers en susters of ouers help dikwels om die probleem op te los. Volgens Anderson & Collins (1988) voorsien ouers ook 'n rolmodel vir toepaslike kykgedrag.

Een van die navorsers wat baie navorsing rondom die invloed van die gesin op kinders se televisie-ervaring gedoen het, is Messaris (Messaris, 1986; Messaris & Kerr, 1983). Volgens Messaris hang kinders se televisie-ervaring af van 'n breë stel verhoudings insluitende dié met hulle ouers. Messaris (1986) skryf dat kinders op hulle ouers vertrou om 'n beeld van televisie te konstrueer. Dit geskied op drie maniere: deur hulle te help om realiteit van fantasie te onderskei; deur verskillende uitbeeldings te evalueer; en deur bykomende inligting te voorsien byvoorbeeld deur die agtergrond te skets of sekere inligting te verstrek wat brûe oor gapinge slaan. Volgens Messaris kan die opvoedkundige effek van televisieprogramme hierdeur verhoog word. Ouerlike betrokkenheid in televisiekyk voorsien dus nie slegs inligting nie, maar leer die kind om nuwe kennis te bemeester. Dit geskied deurdat die kind se intellektuele nuuskierigheid bevredig word en televisie as die aanvanklike prikkel dien wat die behoefte aan inligting oor die onderwerp prikkel.

Alhoewel die onderhawige studie nie die rol van die Swart ouer in die kyksituasie ondersoek nie, sou daar in die lig van die voorafgaande kennis geneem kan word dat die Swart adolessent waarskynlik nie soortgelyke positiewe voordele uit die saamkyksituasie put nie. Vir die Swart adolessent is die invloed van die gesin relatief op die agtergrond omdat hulle dikwels afwesige of ontoepaslike rolmodelle met weinig kennis en vaardighede is. Dikwels begryp hulle self nie die televisie-inhoud nie. Die ouers, wat bekend is met die gedragsvoorskrywende kultuur, sou dit waarskynlik moeilik vind om die adolessent in die nuwe Westerse omgewing van die nodige raad en leiding te voorsien. Dit sou dus kon gebeur dat televisie hierdie vakuum vul deur die "totale" gedragsmodel en verwysingsraamwerk vir die Swart adolessent te word, in die afwesigheid van 'n ouer wat bevoeg is om as 'n soort "ombudsman" die brug tussen televisiestereotipe en die werklikheid te slaan. Die feit dat die ouers nie tydens die televisieblootstelling van die studie teenwoordig was nie, sou dus waarskynlike geringe invloed op die uiteindelike resultate inhou.

Twee vrae ontstaan teen voorafgaande agtergrond en sal in die huidige ondersoek aangespreek word:

Eerstens, is daar enige bewys dat televisie 'n positiewe of negatiewe invloed op Swart gesinsverhoudinge uitoefen? Tweedens, watter gesinsverhoudinge word betekenisvol geraak? Is daar enige tekens dat blootstelling aan televisie, Derde Wêreldkykers (en spesifiek adolessente) se siening van die rolle van die onderskeie ouers betekenisvol beïnvloed?

## 5.4 TELEVISIE EN GESLAGSROLLE

Volgens De Fleur & Dennis (1988) het die massamedia deur die jare 'n belangrike rol in die uitbeelding van geslagsrolmodelle vervul. Verskillende rolle word daagliks deur sepies en ander televisiegenres waarmee kinders kan identifiseer, uitgebeeld. De Fleur & Dennis is van mening dat die meeste kinders reeds op vierjarige ouderdom die hoofaktiwiteite wat van 'n man of 'n vrou verwag word, kan verduidelik en onderskei. Hieruit kan afgelei word dat hoe 'n persoon sy eie geslagsrol sien en ervaar, 'n groot invloed op sy selfsiening en dus selfbeeld sal uitoefen. Die selfbeeld, veral die aspek van die aanvaarding van die eie "self", is van besondere belang vir hierdie studie en daar sal gelet word of daar 'n verandering ten opsigte van die selfbeeld intree.

Leifer, Gordon & Graves (1974) is van mening dat uitbeeldings van die vrou op televisie beperk word tot tradisionele rolle. Roberts (1982) beskou die uitbeelding van die man se rol in vergelyking met dié van die vrou as absolute teenoorgesteldes. Daar bestaan ook wye ooreenstemming by ander navorsers dat die beeld van die vrou baie stereotipies en tradisioneel op televisie voorgestel word (Morgan, 1987; Scheutz & Sprafkin, 1978).

'n Gemeenskapstereotipe ten opsigte van gesins- en persoonlike verhoudinge is dat hierdie verhoudinge in die algemeen meer belangrik vir vrouens as vir mans is (Kimball, 1986). Televisie versterk hierdie stereotipe verder deur gereeld getroude status aan vrouens toe te ken (Downing, 1974; McNeil, 1975 Williams, Zabrack & Joy, 1977). Katzman (1972) het gevind dat vroulike televisiegesprekke geneig is om rondom die gesin, romanse, gesondheid en huishoudelike sake te sentreer terwyl mans se gesprekke oor professionele en besigheidsaspekte handel. McNeil (1975) som dit soos volg op: "Men are often without family connections but rarely without

/...

career; women are rarely without personal ties, but often without a career" (p. 268).

Die persoonlikhede van mans en vrouens op televisie reflekteer ook kulturele stereotipes. Vrouens word selde as sleg uitgebeeld, terwyl mans die aggressors is en vrouens die slagoffers. Williams et al (1977) het gevind dat vrouens as emosioneel voorspelbaar, skoon, goedhartig, nie-aggressief, seksueel aantreklik en interessant voorgestel word terwyl mans as onemosioneel, oneerlik, immoreel, sleg, aggressief en bekwaam uitgebeeld word. Hierdie bevindinge sluit ook aan by navorsing wat deur Sterglanz & Serbin (1974) en Broverman, Vogel, Broverman, Clarkson & Rosenkrantz (1972) uitgevoer is en dieselfde resultate gelewer het.

Die vraag is nou: wat is die effek van televisie op die geslagsrol, houdings en gedrag?

Navorsers het twee benaderings gevolg om die effek hiervan te bepaal. Die eerste is gebaseer op die aanname dat hoe meer tyd 'n persoon voor die televisie spandeer hoe meer sal die persoon se idees rakende geslagsrol ooreenstem met dié wat op televisie uitgebeeld word (Beuf, 1974; McGhee, 1975; McGhee & Frueh, 1980). Die resultate van hierdie navorsing toon dat 'n oorsaaklike verband getref kan word tussen televisiekyk en geslagsrolstereotipes, byvoorbeeld televisiekyk lei tot meer stereotipe houdings en gedrag en mense met stereotipe houdings kyk meer televisie. Volgy & Schwartz (1980) asook Rothschild (1979) het gevind dat volwassenes wat strawwe kykers van vermaaklikheidsprogramme is, meer seksisties is as ligte kykers. Voorts het Rothschild (1984), Morgan & Rothschild (1983) asook Williams (1986) gevind dat kinders wat strawwe kykers is, meer oor geslagsrolle stereotipeer en wel in terme van aktiwiteite soos koskook, sport en sekere waardes soos warmte en onafhanklikheid. Morgan (1982) het dus gevind dat "... television viewing does make an independent contribution to adolescent sex role orientation" (Morgan, 1982, p. 271).

In teenstelling met bogenoemde bevindinge het ander studies geen verband tussen televisiekyk en geslagsrolstereotipering, of tussen swaar en ligte kykers gevind nie (Greer, 1980; Gross & Jeffries-Fox, 1978; Perloff, 1977).

Gerbner & Signorielli (1979) beweer dat televisie 'n "homogeniseringseffek" op geslagsrolstereotipering het wat sekere persone as meer tradisioneel georiënteerd en ander weer as meer Westers georiënteerd kenteken. Vir party mense

verteenwoordig televisie byvoorbeeld 'n meer tradisionele wêreld as waarmee hulle bekend is, terwyl dit vir ander 'n minder tradisionele geslagsrolomgewing impliseer. Dit beteken dat daar nie noodwendig 'n verskuiwing in 'n bepaalde rigting sal voorkom nie, maar slegs 'n redelike mate van ooreenstemming ten opsigte van geslagsrolstereotiperings. Wat tradisionele ingesteldhede betref, het Beuf (1974), McGhee (1975) asook McGhee & Freuh (1980) gevind dat televisie geslagsrolhoudings die meeste beïnvloed waar persone beperkte tradisionele sienings huldig en die minste by persone wat sterk tradisionele sienings gehuldig het. Aan die ander kant is die groep wat vir die doel van hierdie ondersoek geselekteer is wel in 'n sekere mate aan sommige Blank-Westerse gebruike en gedragswyses blootgestel, vanweë hul stedelike gesitueerdheid. Hierdie blootstelling lei noodwendig tot die vorming van sekere opinies en indrukke wat op hul beurt 'n herevaluering van die eie gebruike en sienings tot gevolg het. Hierdie feit tesame met die oormaat Westerse geslagsroluitbeeldings op televisie kan waarskynlik daartoe bydra dat 'n meer Westerse stereotipe beeld van geslagsrolle ontwikkel.

In die onderhawige ondersoek sal daar gefokus word op die ondersoekgroep se oriëntasie en ingesteldheid ten opsigte van hul geslagsrolidentifikasie; dit wil sê, in watter mate Westerse geslagsrolle aanvaar word en of die tradisionele geslagsrol steeds 'n plek in die stedelike situasie het.

Die tweede benadering behels die aanwending van televisie as 'n bron vir regverdiging van "omgekeerde" geslagsrolle, byvoorbeeld die uitbeelding van vroue wat die beheer oorneem en mans wat die kinders versorg (Davidson, Yasuna & Tower, 1979; Pingree, 1978; Miller & Reeves, 1976; Jennings, Geis & Brown, 1980). Die resultate van hierdie studies wat nie-tradisionele rolle uitgebeeld het, was ook deurgaans positief. Hierdie navorsers het dus getoon dat televisie die stereotipe van rolomkering kan propageer. Navorsing deur Jennings, Geis & Brown (1980) het getoon dat hierdie bevindinge ook vir volwassenes geld.

Vir die Swartman, veral die meer tradisioneel-georiënteerde persoon waarna Beuf (1974), McGhee (1975) asook McGhee & Freuh (1980) verwys, kan die televisie-uitbeelding van die geslagte moontlik belangrike implikasies inhou. Al sou televisievoorstellings van die verskillende geslagsrolle in Westerse terme as stereotipes beskou word, is hierdie rolle dikwels, veral die Swart vaderfigure, onbekend in die Swart gemeenskappe, soos byvoorbeeld 'n vader wat die kinders versorg. Sommige van hierdie rolle wat op televisie uitgebeeld word, is in sommige tradisionele gemeenskappe ondenkbaar.

5.4.1 Hoe leer kinders geslagsrolle deur middel van televisie aan?

Indien van die veronderstelling uitgegaan word, soos tewens deur die oorgrote meerderheid navorsing aangetoon is, dat daar gronde is vir die hipotese dat televisie geslagsrolsiening beïnvloed, is dit nodig om daarop te let hoe kinders dit via televisie aanleer. Navorsing deur Anderson & Lorch (1983) en Lorch, Anderson & Levin (1979) toon dat kinders dít waarna hulle kyk, aktief kan selekteer, byvoorbeeld deur slegs op 'n enkele karakter te konsentreer. Dit hang egter van hulle vermoë af om die voorgestelde inligting te verwerk.

Volgens Krull & Husson (1979) is dit onwaarskynlik dat kinders houdings outomaties van televisie sal aanleer. Die kind gee bloot aandag aan daardie aspekte wat vir hom relevant is, byvoorbeeld die geslag van die karakter. Op hierdie wyse word bepaalde geslagsrolgedrag aangeleer. Daar is ook bewyse gevind dat kinders, asook volwassenes, karakters van sy eie geslag en hulle aksies en optrede meer akkuraat kan onthou (Lyle & Hoffman, 1972a; Joy, Kimball & Zabrack, 1977). Dit is veral die geval waar die uitbeeldings tradisionele geslagsrolkarakters uitbeeld (Huston, 1983). Indien die uitbeeldings nie met die tradisionele geslagsstereotipe ooreenkom nie, word die inkomende inligting verwerk sodat dit wel met die stereotipe ooreenstem. Kinders wat 'n vroulike dokter en 'n manlike verpleegster op televisie gesien het, het byvoorbeeld die rolle by herroeping van die inligting omgeruil (Halverson, 1983; Cordua, McGraw & Drabman, 1979). Kinders met minder tradisionele of swakker geslagsrolstereotipering het die inligting wat op die televisie uitgebeeld was, egter korrek herroep (Bem, 1981; Martin & Halverson, 1981).

Die verskil tussen seuns en dogters ten opsigte van geslagsrolle toon uiteenlopende resultate. Sommige navorsers het weinig of geen verskille gevind nie (Beuf, 1974; Freuh & McGhee, 1975; McGhee & Freuh, 1980; Miller & Reeves, 1976). Hierdie bevinding is insiggewend, veral as die hoeveelheid manlike modelle op televisie in ag geneem word. Hierdie oorwegend manlike geslagsrolmodelle plaas 'n vraagteken oor die argument dat seuns meer op die algemene kultuur vertrou as op hulle eie ouers vir geslagsrolmodelle, veral omdat vaders baie meer "afwesig" is as moeders vir modelidentifikasie by jong kinders (Lynn, 1966). Lynn se teorie impliseer dat televisie seuns se houdings meer behoort te beïnvloed as dié van meisies. Die feit dat dit nie gebeur nie, kan waarskynlik aan die sterk voorkeur vir karakters van die eie geslag toegeskryf word (Joy, Kimball & Zabrack, 1977; Lyle & Hoffman, 1972a; McArthur & Eisen, 1976). Met ander woorde, alhoewel meisies minder vroulike

modelle het om mee op televisie te identifiseer, kan hulle hul selektief tot daardie modelle wat wel vir hulle relevant is, rig (Kimball, 1986).

Die Swart adolessent wat in die tradisionele verband duidelike voorskrifte gehad het oor inisiëring, seks, taboes, voorskrifte oor met wie hy mag trou en met wie hy gemeenskap kan hê, is in die nuwe en vreemde Westerse omgewing skielik ontwrig, omdat televisie nuwe standaarde, reëls, gebruike en selfs bandeloosheid uitbeeld.

Dit is van belang om te bepaal of die resultate van sodanige ondersoeke enige betekenisvolle verskuiwing in selfsiening en selfbeeld, enersyds, en andersyds, die siening van die onderskeie geslagsrolle tot gevolg het. Dit is sodanige vrae wat pertinent onder die loep kom by die ontleding van die TAT-Z-protokolle van die respondente in hierdie ondersoek soos later uiteengesit sal word.

## 5.5 TELEVISIE EN AGGRESSIEWE GEDRAG BY KINDERS

Televisie is 'n oudiovisuele kommunikasiemedium wat die illusie skep dat dit die werklikheid realisties weerspieël. Die hoeveelheid aggressie in televisieprogramme oorskry egter alle grense van werklikheid. Van al die areas van belang wat 'n moontlike invloed op kinders se gedrag uitoefen, het televisiegeweld waarskynlik die meeste aandag van navorsers ontvang. Die rede is dat die konsentrasie van geweld wat op televisie uitgebeeld word, oor die potensiaal beskik om aggressiewe gedrag, oor sowel die kort- as die langtermyn, te genereer. (Greenberg, Korzenny, Fernandez, Collado & Atkon, 1980; Signorielli, Gross & Morgan, 1982; Williams, Zabrack & Joy, 1982). Met televisienavorsing wat in die VSA onderneem is, is gevind dat gemiddeld 4,98 geweldsuitbeeldings per uur op 'n Amerikaanse TV-sender te sien is (Liebert, Sprafkin & Davidson, 1982). Die feit dat hierdie vlak van televisiegeweld moontlik 'n bydraende oorsaak tot geweld in die samelewing kan wees, is selfs al verskeie kere in hofgedinge as argument aangevoer (Liebert et al, 1982). Daar word nie hier verwys na die tipe selfgeldende gedrag wat soms as aggressie beskryf word nie, maar na fisiese aggressie, met die potensiaal om iemand te beseer, asook na verbale aggressie, insluitende dreigemente van aggressie.

'n Hele aantal uiteenlopende prosesse wat direk of indirek inwerk, is by wyse van hipoteses gestel om die invloed van televisie op die aggressiewe gedrag van kinders te verklaar. Van hierdie prosesse is **waarnemingsleer** die een wat waarskynlik die meeste bespreking uitgelok het en waarvoor die meeste empiriese bewyse ingesamel is. Laboratorium-eksperimente deur onder andere Bandura (1965), Feshbach,

(1972), Liebert & Baron (1972) en Stoessel (1972) het aangetoon dat persone wat aan rolprentaggressie blootgestel is, die waargenome gedrag later nageboots het. Daar word soms na hierdie soort leer as plaasvervangende versterking verwys omdat dit in die afwesigheid van enige ooglopende versterking vir die kyker voorkom. Blote blootstelling aan die betrokke uitbeelding kan voldoende wees, alhoewel sekere aspekte van die voorstelling die waarskynlikheid dat dit nageboots sal word, ook kan verhoog.

Volgens Comstock (1980) bepaal die volgende vier faktore die mate waartoe gedrag nageboots sal word, naamlik: sosiale goedkeuring van die model en/of die gedrag; die relevantheid van die gedrag en die model se karaktertrekke vir die kyker, die doeltreffendheid of suksesvolheid van die gedrag; en/of die voorstelling die kyker se aandag optimaliseer.

Huesmann (1982) het soortgelyke navorsing onderneem. Hy het bevind dat kykers wat aggressiewe gedrag op televisie sien, dit kan stoor en later herroep sodra 'n toepaslike prikkel hom voordoen. Selfs nietige en op die oog-af ontoepaslike prikkels kan soms as prikkel dien. Een van die prosesse waardeur televisie dus die kyker beïnvloed, is om die aanleer van aggressiewe gedrag te prikkel (Bandura, 1978; Comstock, 1980; Comstock, Chaffee, Katzman, McCombs & Roberts, 1978; Lefkowitz & Huesmann, 1980). Dit is dus moontlik dat sommige persone deur waarnemingsleer beïnvloed kan word.

'n Ander belangrike faset van waarnemingsleer is disinhibering waardeur televisie kykers beïnvloed (Lefkowitz & Huesmann, 1980). Volgens hierdie siening verminder televisie die repressie van aggressiewe gedrag (Bandura, 1978) en spoor dit die indidivu aan om meer geredelik aggressief op te tree. Aggressie word dikwels voorgestel as die mees doeltreffende wyse om konflik op te los. Arbitrasie en versoening word selde uitgebeeld. Aggressie word ook as 'n suksesvolle metode voorgestel om die slagoffer tot oorgawe te dwing; of om die getuies of aanhoorders passief te stem (Williams, Zabrack & Joy, 1982). Gevolglik leer die kykers nie net spesifieke aggressiewe gedrag met behulp van televisie nie, maar ook dat aggressie suksesvol en 'n aanvaarbare metode vir die bereiking van doelstellinge is. Aggressiewe gedrag word verder versterk deurdat nie net die bepaalde adolessent nie, maar ook sy ouers, broers, susters, portuurgroepe en onderwysers aan dieselfde televisie blootgestel word wat sê aggresiewe gedrag "werk". Dit word dus 'n veralgemeende "gelykmaakte" boodskap aggressie "werk". Volgens Bandura (1978), Comstock (1980) en Lefkowitz & Huesmann (1980) kan televisie 'n kyker

gewoond maak aan geweld en sodoende desensitiseer sodat die aanvaarbaarheid van sodanige gedrag gevolglik toeneem. Comstock (1980) toon empiries aan dat persone wat aan televisiegeweld blootgestel is, se toleransie vir televisiegeweld toeneem. Vergelyk ook die navorsing van Cline, Croft & Courrier (1972) en Drabman & Thomas (1974), wat soortgelyke bewyse gevind het.

Die mate waarin 'n kyker begrip het vir die oorsaak en gevolge van aggressiewe gedrag, beïnvloed ook die waarskynlikheid dat aggressie nageboots sal word. Volgens Bandura, Ross & Ross (1963), Bandura (1965a) en Leifer & Roberts (1972), is daar 'n groter waarskynlikheid dat aggressie nageboots sal word by persone wat 'n gebrek aan begrip en sosiale insig vir die oorsaak en gevolge van die aggressie toon. Die oorsaak en gevolge van aggressie in baie televisieprogramme is soms ver verwyderd van mekaar in terme van tyd. Die geweld word byvoorbeeld aan die begin getoon en die straf daarvoor 'n uur tot 'n uur-en-'n-half later. Voorts gee die meeste kinders net sporadies aandag aan die program (Anderson, 1977; Anderson, Alwitt, Lorch & Levin, 1979; Anderson & Lorch, 1983; Lorch, Anderson & Levin, 1979).

In 'n studie wat deur Anderson (1983) met 5-jarige kinders uitgevoer is, het hulle gedurende die tyd wat hulle in 'n vertrek deurgebring het (2,2 uur), slegs vir 1,3 uur na die televisieskerm gekyk. Hulle was ook deurgaans doenig met ander dinge terwyl hulle televisie gekyk het. Van hulle het ook gereeld die vertrek verlaat. Hierdie bevindinge verklaar onder andere waarom klein kinders so min van dit wat hulle op televisie sien, verstaan of onthou (Collins, 1981; 1983; Friedlander, Wetstone & Scott, 1974; Williams, 1981). Kinders is geneig om sekere belangrike en onbenullige gebeurtenisse tot op sekere hoogte te onthou terwyl hulle begrip van motiewe en gevolge wissel en hul aandag maklik onderbreek word. Alhoewel hulle sekere individuele handelinge en gebeure onthou, verstaan hulle dikwels nie die gedeeltes tussenin nie. Collins (1983) het bevind dat alhoewel daar 'n aansienlike groei in begrip met ouderdom voorgekom het, ouer kinders ook nie altyd alles verstaan het nie. Weens die kykgedrag van kinders wil dit dus voorkom asof daar werklik min begrip vir die oorsake en gevolge van aggressiewe gedrag bestaan en dat dit juis 'n rol speel in die verhoogde aggressiewe gedrag soos deur die navorsing van Bandura, Ross & Ross (1963a), Bandura (1965) en Leifer & Roberts (1972) getoon is.

Soos vroeër gestel, is aggressie 'n baie ingewikkelde verskynsel. Die moontlikheid bestaan dat daar nie net een nie, maar 'n aantal prosesse betrokke is tussen

televisiekyk en die voorkoms van aggressiewe gedrag. Die betrokke prosesse is, soos reeds aangedui, ingewikkeld en veelvoudig en word voorts gekompliseer deur die sosiale opset waarbinne die kyker hom bevind. Deeglike kennis en begrip van die werklike sosiale omgewing van die kyker is dus nodig wanneer daar gelet word op enige verskuiwing in aggressiepatrone as 'n moontlike gevolg van blootstelling aan televisie. Die verskil in die sosiale omgewings van die Amerikaanse Neger en die Suid-Afrikaanse Swarte, bring mee dat veralgemenings tussen die twee situasies dikwels vergesog en selfs katastrofies is. Daarom is dit van deurslaggewende belang om die Suid-Afrikaanse opset in perspektief te evalueer.

### 5.5.1 Televisiegeweld en die invloed daarvan op die kind met spesifieke verwysing na die situasie in Suid-Afrika

In 'n klimaat van versnelde politieke, sosiale en ekonomiese verandering in Suid-Afrika, is geweld tans 'n wesenlike probleem. Dit is dus noodsaaklik om te weet watter rol die media sou kon speel by die effektiewe kanalisering of neutralisering van geweld.

Williams (1980) het met navorsing rondom televisie in Suid-Afrika gevind dat Blanke jongmans tussen die ouderdomme 18-24 jaar sedert die instelling van televisie meer aggressief geword het. Conradie & Malan (1983) beweer dat hierdie toename waarskynlik aan die gemiddeld van 4,4 aggressiewe insidente per uur op televisie te wyte is, wat as prikkel dien vir die toename in die persoonlike aggressiewe gedrag van waarnemers.

Aggressie en geweld word op televisie aangebied as deel van die bestaande werklikheid (byvoorbeeld in nuusprogramme) of as gedramatiseerde uitbeeldings (byvoorbeeld in sepies). Atkin (1983) het met 'n eksperimentele laboratoriustudie gevind dat uitbeelding van die werklikheid 'n groter effek as fiksie op die waarnemer het. Hy verwys byvoorbeeld na 'n insident wat studente-oproer uitbeeld wat hy as deel van 'n nuusprogram aan 'n groep kinders vertoon het en dieselfde insident as deel van 'n gedramatiseerde opvoering aan 'n ander groep kinders vertoon het. Die eersgenoemde groep wat dit as deel van 'n nuusprogram (werklikheidsuitbeelding) gesien het, het die grootste reaksie getoon.

Malan (1987) het in 'n studie in Suid-Afrika gevind dat aggressie-tellings per uur gemiddeld 237,8 vir animasie-programme, 170,2 vir dramas teenoor 23,0 vir nuus en 83,4 vir sportprogramme was. Die fiksieprogramme het dus betekenisvol meer

/...

aggressie gesuggereer as realiteitsprogramme (werklikheidsuitbeelding). Wat geweld betref was die tellings vir animasie en dramas op TV3 179,7 en 126,3 onderskeidelik teenoor 20,1 vir nuus en 56,2 vir sportprogramme. In verhouding het daar byna net soveel geweld as aggressie in nuusprogramme (werklikheidsuitbeelding) voorgekom.

Dit is duidelik uit die navorsing van Malan (1987) dat daar sedert die instelling van TV2 en TV3 in 1981 baie hoër televisie-aggressie uitgebeeld is as wat waarskynlik in die werklike lewe voorgekom het. Suid-Afrika se stedelike geweld het waarskynlik in 'n belangrike sielkundige sin met televisie-uitsendings vir Swart mense begin. Dit is waarskynlik ook nie toevallig nie dat die onrus met die instelling van televisie in 1976 onluste begin eskaleer het nie.

Malan (1987) het ook verdere bevindinge rondom die aggressie-opname op TV3 gevind naamlik dat daar 'n konsentrasie van aggressie en geweld oor naweke was, veral in die uitsendings voor agtuur saans (wanneer die meeste kinders waarskynlik televisie kyk). Die tendens waar die meeste geweld gedurende die dag en vroegaand uitgesaai is, is ook op weeksdae gehandhaaf.

Botha (1990) het ook navorsing in Suid-Afrika rondom die aspek van televisie en die invloed daarvan op aggressiewe gedrag en houdings gedoen. Botha bevind egter dat swak aanpassing binne die gesin, en portuurgroep asook die verwerking van angs 'n baie groter invloed het as televisie in die versterking en handhawing van aggressiewe gedrag. Botha is van mening dat anders as in die VSA waar die invloed van televisieblootstelling blykbaar 'n groot rol speel in die handhawing en versterking van 'n aggressiewe lewenstyl, is die rol van huislike omstandighede en hoe angs verwerk word in Suid-Afrika belangriker as die van televisiekyk. Botha ontken hiermee nie die potensiële invloed van die televisie in die versterking en handhawing van aggressiewe gedrag nie, maar beskou die probleem bloot vanuit 'n breër sosiaal maatskaplike perspektief.

In hul ondersoek na intergroepverhoudinge stel die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (1985) dit dat: "... overseas research indicates that the mass media's influence increases considerably during times of rapid sociopolitical change and for this reason, the hypothesis that the media's influence will also increase is possibly valid" (p. 102).

In die lig van die vinnige sosio-politieke veranderinge wat Suid-Afrika tans ondergaan is hierdie bevinding met betrekking tot die moontlike invloed van televisie van groot belang. Ondersoeke wat dus na die rol van televisie in die houding teenoor en in die manifestasie van geweld kyk, is dus ook van groot belang in die huidige tydsgewrig. Die invloed van televisie op die verwestersingsproses van die Swart adolessent in die nuwe Suid-Afrika kan ook nie buite rekening gelaat word nie. Die vraag hier is of televisie met sy Westerse en onrealistiese hoë aggressie-insidente die Swart adolessent se ingesteldheid positief of negatief beïnvloed met betrekking tot die veranderingsproses wat tans deel van die Suid-Afrikaanse situasie is.

## 5.6 DIE AANWENDING VAN TELEVISIE IN OPVOEDING

Die RGN-verslag na die benutting van die radio en televisie in onderwys en opleiding (1983) omskryf 'n opvoedkundige program vir radio (OR) en televisie (OTV) kortliks soos volg: "OR- en OTV-programme is programme wat binne die konteks van 'n totale opleiding-, onderwyskundige en opvoedkundige strategie ontwikkel is en op 'n sistematiese en kontinue wyse gerig is op die informele en formele en nie-formele onderwys" (p. 5).

Terwyl die gesin die primêre onderwyserende instansie op die formele terrein is, beweeg die kind, jongmens en die volwassene dikwels na buite en bevind hom in situasies waar hy **informeel** onderwys ondergaan. Verskillende media soos radio, televisie, koerante en boeke dring die lewe van die mens binne, sonder dat informele onderwys die uitdruklike doel is.

'n Hele aantal wetenskaplikes propageer die doeltreffende aanwending van televisie vir opvoedkundige doeleindes. Palmer (1984) het byvoorbeeld die gebruik van televisie aangemoedig omdat dit koste-effektief sou wees. Volgens Palmer se berekeninge sal 'n drie-uurprogram in die VSA slegs 3 sent per dag per kind bedra.

Die voordeel van televisie is dat dit alomteenwoordig is, dit kan materiaal organiseer en duidelik aanbied, dit kan lewende modelle voorstel en dit vereis nie leesvermoë nie (Palmer, 1984). Volgens Harwood & Weissberg, (1987) is televisieprogramme ideaal vir die bevordering van sosiale vaardighede en kan veral bruikbaar wees vir kinders met gedragsprobleme en sosiale vaardigheidsgebreke. Dit is veral goed vir die bevordering van sosiale interaksie omdat dit op visuele wyse 'n linguïstiese konteks en 'n platvorm vir nie-verbale kommunikasie skep. Meichenbaum (1971)

het die gebruik van televisiemodellering om kinders se kognitiewe strategieë en effektiwiteit te verander, aangemoedig.

Teen hierdie sienings van televisie as hulpmiddel in formele opvoeding moet egter sekere bedenkinge ingebring word. Eerstens is televisie bepaald nie so leerling- en onderwysvriendelik soos byvoorbeeld programme op videoband nie. Televisie kan nie in die skoolsituasie in sinkronisasie met elke skool se onderwysprogram aangewend word nie. Die ontvanger moet **hom** skik na die tyd wanneer die kommunikator (televisie) die program vir uitsending skeduleer. Dit mag en skep dikwels in die praktyk probleme vir ontvangers. Televisie beheer voorts ook die situasie waarheen uitgesaai word in dié sin dat 'n televisie-uitsending nie na willekeur gestop kan word om eers ander inligting aan die ontvanger deur te gee voordat voortgegaan word, of om die program terug te draai en weer te kyk nie. So kan wanindrukke soms oorgedra word omdat die materiaal by die eerste vlugtige sien daarvan dikwels verkeerd geïnterpreteer mag word. Televisie laat nie die interaktiewe proses van stop-oplees-aangaan-stop-oplees toe wat by leer van deurslaggewende belang is nie.

In sy vlugtige aard, sy relatiewe onderwysonvriendelike aard en die feit dat hy minder ingestel kan wees op die tegnieke van kyk- en herkyk of stop en verwys na ander inligting weens die feit dat hy eerstens aan uitsaainorme moet voldoen, lê televisie se grootste en mees wesenlike swakheid as medium in opvoeding.

Voorts is dit uiters belangrik om daarop te let dat die kwaliteit en omvang van die informele opvoeding in die algemeen bepalend is vir die waarde wat die mens uit die formele onderwys en opvoeding put. In aansluiting by Toffler (1974) se stelling dat die snelveranderende wêreld toenemende eise aan die mens sal stel sou waarskynlik daartoe gevoeg kon word dat die mens voortdurend aan informele opvoedkundige stimulering blootgestel behoort te word ten einde die mens se aanpassing by sy veranderende omgewing te bewerkstellig. Met informele opvoeding word ondermeer beoog om die tot-nou-toe onbekende veranderende wêreld vir die mens te ontsluit sodat hy kan leer hoe om effektief by sy omgewing aan te pas.

Hierdie leerbehoefte by die mens vereis nie bloot die ontsluiting van inligting nie, maar dit vereis 'n daadwerklike opvoedkundige poging waarin die totale aksie afgestem is op doeltreffende onderrig en opvoeding wat sal uitloop op leervoltrekking by die individu. Die mens moet leer hoe om aan te pas in 'n wêreld

/...

wat vir hom reeds vreemd is en toenemend vreemd word (Toffler, 1974) en hierdie feit stel dan ook besondere uitdagings aan informele opvoeding via die massamedia.

Opvoeding soos dit hier ter sprake is, is opvoeding in die Westerse konteks - dit wil sê, opvoeding wat per se onderhewig is aan die veranderings en snelle aanpassings wat versnelde verandering in die Westerse samelewing vandag vereis. Dit is van besondere belang om dus te probeer bepaal of opvoedkundige uitsendings, spesifiek soos dit hier gedefineer word, enige invloed het in terme van versnelde sosialisering van die adolessent in die rigting van verwestersing. Die huidige ondersoek sal ook oor hierdie vraag moet besin.

## 5.7 SLOT

Televisie het 'n alomteenwoordige faktor geword wat aktief betrokke is by die kind se leefwêreld - vir sowat 4 uur per dag. Hierdie vlak van betrokkenheid gedurende buite-skoolure, het belangrike implikasies vir die kind se kognitiewe en sosiale ontwikkeling. Nuwe gedagterigtings in navorsing rakende hierdie invloed, word dan ook toenemend op die erkenning van die kompleksiteit van die kykervaring gebaseer. Die magdom veranderlikes en hulle interafhanklikheid, moet sistematies bestudeer word om televisie se invloed op die kind te verstaan. Dit impliseer skakeling tussen die terrein van kommunikasiekunde en die sielkunde ten einde die hoogs moontlike vlak van akkurate waarneming van die situasie te verseker.

Die kind se ervaring van televisie is die resultaat van komplekse interaksies tussen die formele eienskappe van televisie, die kind se houding en verwagtinge, vlak van kognitiewe rypheid, kykkonteks en programinhoud. Die kind word waarskynlik die meeste deur televisiegebeure wat realisties of aanvaarbaar is, en met karakters waarmee die kind kan identifiseer verband hou, beïnvloed. Terselfdertyd help televisie om nuwe verwagtinge te skep en te vorm.

Omdat televisie met ander aktiwiteite en ervarings kompeteer, raak die ouer se rol in die voorsiening van alternatiewe gedragsmodelle belangriker. Die ouer se eie houding, menings omtrent televisie en die lewe in die algemeen, is bepalende faktore in die kind se reaksie op televisie.

Televisie is 'n sosialiseringskrag, maar dit word in wisselwerking met ander faktore in die kind se omgewing op komplekse wyse deel van die totale sosialiseringspatroon.

/...

Televisie se rol in die navolging van aggressie rakende etniese, rasse- of seksrolstereotipes, kan nie onderskat word nie. Alhoewel 'n kousale verband nie bo alle twyfel getrek kan word nie, is die voortdurende uitbeelding van geweld en die projektering van onrealistiese eienskappe op die vroulike rol en op minderheidsgroepe, bronne vir die bevordering van aggressiewe houdings en gedrag by kykers.

'n Groot mate van televisie se trefkrag as medium by kinders sowel as volwassenes, lê in die medium se vermoë om diep emosies te raak. Televisie slaag hierin deur die bevordering van kykers se identifikasie met karakters en emosionele response, waardeur die kyker se betrokkenheid by die televisie-ervaring verhoog word.

Omdat die meeste kinders meer tyd aan televisie as aan enige ander aktiwiteit, uitgesluit die skool bestee, kan die medium se potensiële invloed op kinders se kognitiewe, sosiale en affektiewe ontwikkeling nie genoeg beklemtoon word nie. Vir die Swart adolessent wat midde 'n magdom van veranderinge ontwikkel, hou dit miskien veral belangrike implikasies in; sou die medium verkeerd aangewend word, word 'n bepaalde ingesteldheid en benaderingswyse gekweek wat moeilik verander kan word. Sou dit, aan die ander kant, "korrek" aangewend word, sal dit die Swart adolessent van 'n basis wat nodig is om homself in 'n veeleisende omgewing te handhaaf, voorsien. Nodeloos om te sê "korrekte" aanwending gaan veel verder in sy eis aan werklike kundigheid, as dit waarin die blote intuïsie van mense in beheer van televisie aan die einde van die dag werklik kan voorsien.

In die voorafgaande besprekings rondom die teoretiese beginsels en empiriese navorsing is daar telkens etlike vraagstukke gepostuleer wat in die ondersoek aangespreek behoort te word.

# HOOFSTUK 6

## DIE METODE VAN ONDERSOEK

**6.1 PROBLEEMSTELLING**

**6.2 HIPOTESE-STELLING**

**6.3 DIE ONDERSOEKGROEP**

**6.4 EKSPERIMENTELE ONTWERP**

**6.5 BLOOTSTELLINGSMATERIAAL**

**6.6 DIE MEETINSTRUMENT**

6.6.1 Die TAT-Z

6.6.2 Aard, ontleding en interpretasie van TAT-Z protokolle

6.6.3 Betroubaarheid

6.6.4 Die nasiensleutel

6.6.5 Gebruik van die TAT-Z as meting vir verwestersing

**6.7 UITEENSETTING EN VERWERKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK**

**6.8 DIE RASIONAAL VIR DIE KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE ONTLEDING VAN DIE RESULTATE**

## 6.1 PROBLEEMSTELLING

Die Swart adolessent ervaar toekoms- sowel as kultuurskok in die proses van versnelde verwestersing. Sy tradisioneelgeoriënteerde ouers is dikwels afwesig as geskikte gedrags- en rolmodelle in die verinnerliking van die nuwe Westerse lewenswyse. Die vraag is tot watter mate televisie aangewend kan word om die proses van verwestersing doelgerig te stimuleer.

In die onderhawige ondersoek word `n groep Swart adolessente (die eksperimentele groep) oor 'n tydperk van ses maande aan 'n reeks Westersgeoriënteerde opvoedkundige televisieprogramme wat bepaalde Westerse waardes, norme en gebruike reflekteer en uitbeeld, blootgestel. Dit word gedoen om te bepaal of daar enige verskuiwing plaasvind in (a) hul kulturele oriëntasie (Westerse of tradisionele) en (b) hul houding teenoor hul bepaalde oriëntasie. `n Kontrolegroep kry geen blootstelling van hierdie aard nie.

Albei groepe sal vooraf en weer na die eksperiment, waarin hulle blootgestel was of nie blootgestel was aan televisieprogramme nie, aan die TAT-Z van Erasmus (1976) onderwerp word om die moontlike invloed van die televisieprogramme op versnelde verwestersing te bepaal. Alhoewel die projektiewe tegniek wat in die studie gebruik word oorspronklik as `n persoonlikheidstoets ontwikkel is, word dit in hierdie ondersoek as `n projektiewe tegniek aangewend wat oriëntasie en houding ten opsigte van verwestersing of tradisionalisme meet. Die toets maak naamlik gebruik van keusekaarte wat Westerse en tradisionele situasies uitbeeld. Die uitgangspunt hier is dat `n individu dié kaarte sal kies waarmee hy normaalweg die maklikste kan identifiseer. Sou `n individu byvoorbeeld meer kaarte kies wat Westerse situasies uitbeeld, word hy as oorwegend Westers **georiënteerd** beskou terwyl die keuse van meer tradisionele kaarte `n oorwegend tradisionele **oriëntasie** weerspieël.

By die TAT-Z word `n individu se oorwegende oriëntasie **kwantitatief** op grond van die aantal Westerse of tradisionele kaartkeuses wat tydens die onderskeie toetsings uitgeoefen word, bepaal. Uit die 8 velde van die TAT-Z sou `n keuse van 6 tot 8 W- of T-Kaarte onderskeidelik op `n oorwegend Westerse (W-Kaarte) of tradisionele (T-Kaarte) oriëntasie dui terwyl die keuse van 3 tot 5 W- of T-Kaarte `n sterk aanduiding is dat die persoon hom tussen die twee kulture bevind. Hierdie afleidings word later meer omvattend bespreek.

/...

In hierdie ondersoek verwys **houding** na die wyse waarop 'n individu sy oriëntasie beleef. Houding impliseer 'n bewustelike besluit deur 'n individu om deur faktore in sy omgewing beïnvloed te word wat dan ook sal bepaal of hy positief, negatief of ambivalent staan teenoor sy Westerse of tradisionele oriëntasie soos deur sy kaartkeuses gereflekteer word. Met houding verstaan ons dus vir die doeleindes van hierdie ondersoek dat die individu dus self 'n standpunt inneem wat uiteindelik uiting vind in 'n positiewe of negatiewe respons ten opsigte van bepaalde dimensies.

'n Individu se houding staan egter onafhanklik van sy oriëntasie, dit wil sê, die keuse van `n W- of T-Kaart (wat `n spesifieke oriëntasie verteenwoordig naamlik `n Westerse of tradisionele) impliseer nie noodwendig dat die persoon (outomaties) `n positiewe houding teenoor dié bepaalde oriëntasie huldig nie. Die teenoorgestelde is egter ook waar. `n Bepaalde kaartkeuse (Westers of tradisioneel) impliseer nie noodwendig `n negatiewe houding teenoor die ander oriëntasie wat deur die keusekaart (Westers of tradisioneel) uitgebeeld word nie, maar dui bloot daarop dat die individu sterker met daardie spesifieke uitbeelding (oriëntasie) identifiseer. Kortom, ongeag van `n individu se kaartkeuse kan hy `n negatiewe of positiewe houding teenoor daardie spesifieke oriëntasie openbaar.

**Houding** word in die onderhawige studie **kwalitatief** beoordeel op grond van die oorwegende positiewe of negatiewe aard of waarde van die individu se response op die gekose kaarte (soos dit gereflekteer word in die individu se tellings op die onderskeie kaarte). Hierdie puntetoekenning word later meer breedvoerig bespreek.

Die kernvraag is watter verskuiwings ten opsigte van hul oriëntasie en houdings met betrekking tot bepaalde Westerse en tradisionele waardes, norme en gebruike voor en na blootstellings aan die televisieprojek by die eksperimentele groep ingetree het. Vrae soos die volgende kom ter sprake:

(a) Is daar enige wesenlike verskuiwing in die algemene tradisionele - cum - Westerse oriëntasie (soos dit deur die ratio van tradisionele en Westerse kaartkeuses verteenwoordig word)?

(b) In watter mate beïnvloed televisie tradisionele of Westergeoriënteerde gesinsverhoudings?

(c) Is daar enige verskuiwing in die houding teenoor tradisionele of Westerse gesagsfigure soos die vader of werkgewer?

(d) Watter verskuiwings, indien enige, tree in met betrekking tot selfbeeld (`n meer moderne/Westerse selfbeeld of `n meer tradisionele oriëntasie met negatiewe of positiewe konnotasies)?

(e) Watter verskuiwings tree moontlik in met betrekking tot seksrolle en die oorwegende houding daarteenoor?

(f) Watter verskuiwings tree in met betrekking tot groepsoriëntasie en houdings daarteenoor?

(g) Watter verskuiwings tree in ten opsigte van die houding teenoor aggressie?

Die onderskeie konstrukte van die TAT-Z is juis ontwikkel om bogenoemde aspekte te bepaal (Minnaar, 1976).

## 6.2 HIPOTESE-STELLING

Vir die doel van hierdie ondersoek word die volgende hipoteses gestel:

$H_{O1}$ Opvoedkundige televisieprogramme het geen beduidende invloed ten opsigte van `n toenemende Westerse of tradisionele **oriëntasie** by die eksperimentele of kontrolegroep tot gevolg nie (geen konstante verskille nie).

$H_{1A}$ Opvoedkundige televisieprogramme het `n toenemend **Westerse oriëntasie** by die eksperimentele groep tot gevolg, soos gereflekteer deur die beduidende toename in die aantal Westerse kaarte wat deur die respondente gekies word, met geen verskuiwing by die kontrolegroep nie (positiewe verband).

$H_{1B}$ Opvoedkundige televisieprogramme het `n toenemend **tradisionele oriëntasie** by die eksperimentele groep tot gevolg, soos gereflekteer deur die beduidende toename in die aantal tradisionele kaarte wat deur die respondente gekies word, met geen verskuiwing by die kontrolegroep nie (negatiewe verband).

$H_{O2}$ Opvoedkundige televisieprogramme het geen beduidende invloed ten opsigte van `n toenemend positiewe of negatiewe **houding** by die eksperimentele of kontrolegroep tot gevolg nie, soos gereflekteer deur die relatiewe konstantheid in puntetellings op die kaarte (geen konstante verskille nie).

$H_{2A}$ Opvoedkundige televisieprogramme het `n toenemend **positiewe houding** by die eksperimentele tot gevolg, soos gereflekteer deur die beduidende toename in puntetellings op die kaarte, met geen verskuiwing by die kontrolegroep nie (positiewe verband).

$H_{2B}$ Opvoedkundige televisieprogramme het `n toenemend **negatiewe houding** by die eksperimentele groep tot gevolg, soos gereflekteer deur die beduidende afname in puntetellings op die kaarte, met geen verskuiwing by die kontrolegroep nie (negatiewe verband).

## 6.3 DIE ONDERSOEKGROEP

Daar is aanvanklik besluit om 150 Swart adolessente wat lede is van 15 jeugklubs in die groter Sowetogebied as ondersoekgroep te betrek.

Vanweë die onrussituasie ten tye van die onderhawige ondersoek het 138 proefpersone van die beoogde steekproef die TAT-Z toets tydens die eerste toetssessie op 27 April 1986 afgelê, maar slegs 110 proefpersone het die tweede toetsing op 7 November 1986 bygewoon.

Die keuse van die jeugklubs is gemaak op grond van die feit dat die lede reeds op georganiseerde wyse betrokke was by verskeie groepsaktiwiteite. Gevolglik is hulle redelik toeganklik vir die organisering en uitvoering van 'n projek met 'n relatief lang tydsduur (ses maande).

'n Tweede rede lê daarin dat die jeugklubs uit hoofsaaklik adolessente (ouderdomsgroep 12-20) saamgestel is en as sodanig die primêre deel van die teikenpopulasie vorm waarop die navorsing gemik is.

'n Derde rede is dat die jeugklubkomitee uit sowel skoolgaande lede, werkende en werklose lede saamgestel is - dus redelik verteenwoordigend van die hedendaagse Swart stedelike adolessent.

/...

Voorts was dit belangrik om, vanweë die noodtoestand in die land, 'n groep adolessente te benut wat bereid sou wees om ten spyte van die onrussituasie by die navorsing betrokke te bly.

Televisie was tydens die ondersoek weens die beperkinge van die sendernetwerk, hoofsaaklik stedelik gerig en die teikengroep (stedelike adolessente) is woonagtig in hierdie gebied. Die wyse waarop die steekproef vanuit hierdie jeugklubs geselekteer is, bring mee dat daar in die ondersoek met 'n beskikbaarheid-steekproef gewerk is. Die implikasie is dat bevindings nie noodwendig veralgemeen kan word nie, maar wel belangrike tendense kan aantoon. Die taal waarin die toetse afgeneem is, is Engels omdat Engels die taal van die onderwys in die Swart skole is.

## 6.4 EKSPERIMENTELE ONTWERP

'n Toets-hertoetsontwerp met 'n kontrolegroep is vir die effekstudie toegepas. Die rasionaal vir hierdie benadering is om die invloed van televisie oor 'n relatief kort tydperk (ses maande) deur middel van 'n voor- en na-toetssituasie te meet

Die rede vir hierdie besluit is onder andere in die volgende twee oorwegings geleë:

(a) Die relatief intense en langdurige blootstelling aan televisie (170 minute per sessie) sou waarskynlik versterkend op die individu kon inwerk.

(b) In aansluiting by die RGN-bevinding dat die TAT-Z oor kort periodes 'n hoë toetshertoetsbetroubaarheid het (Minnaar, 1975) moes toegelaat word dat die toets-hertoetsspasiëring nie 'n blote toets-hertoetsbetroubaarheid situasie gaan skep nie. Met ander woorde, daar moes genoeg tyd tussen die eerste en die tweede toetsing verloop dat die ondersoek nie 'n toets-hertoetsbetroubaarheid van die toets self verteenwoordig nie.

Nadat die eerste toetssessie voltooi is, is die respondente deur middel van 'n ewekansigheidstabel in twee ewe groot groepe verdeel, naamlik die eksperimentele groep (televisiekykers) en die kontrolegroep (nie-televisiekykers).

Die eksperimentele groep het op 26 opeenvolgende Sondagmiddae na die reeks buitelandse opvoedkundige televisieprogramme gekyk, terwyl die kontrolegroep met hulle normale klubaktiwiteite voortgegaan het.

Die eksperimentele groep is verder verdeel in vyf kleiner groepe waarin tien groepleiers geïdentifiseer is. Dié tien groepleiers het by twee geleenthede opleiding as "teleklubleiers" deur die Departement van Pedagogiek van die Universiteit van Pretoria ontvang.

Die eksperimentele groep is elke Sondagmiddag per bus na 'n lokaal vervoer waar hulle na die televisieprogramme gekyk het. Elke respondent het ook 'n voedsame maaltyd ontvang. Tydens die kyksessies wat elk ongeveer 170 minute geduur het, is die 26 buitelandse-vervaardigde videoprogramme op twee wyeskermmonitors aan die eksperimentele groep vertoon.

Na die kyksessie het die groepe in vyf kleiner gesprekgroepe verdeel, elk met sy eie groepleier om die betrokke middag se program vir ongeveer 30 minute lank te bespreek. Subgroeplede kon nie gedurende die duur van die eksperiment van groep verwissel nie. Die oorhoofse groepleier se taak was om tussen die vyf groepe te beweeg, waarnemings te maak en vrae te beantwoord.

Indien hy die vrae nie kon beantwoord nie, is die antwoorde voor die aanvang van die volgende sessie deur 'n navorser aan die betrokke groep verskaf.

Die groepleiers het ook 'n bywoningsregister aangehou. Die afwesigheidsyfer het tussen 13% en 24% gewissel, met 'n gemiddeld van 7,6 respondente (10,9%) per sessie. Redes vir die afwesigheid het gewissel van die bywoning van sportbyeenkomste, skoolvakansies, interklubkompetisie, asook onluste.

## 6.5 BLOOTSTELLINGSMATERIAAL

In die eksperimentele fase is beoog om buitelandse opvoedkundige televisieprogramme aan die eksperimentele groep te vertoon. Hoewel die programme op die breë algemene gehoor gerig is, is die potensiële trefkrag en uitwerking van die programme op die Swart stedelike adolessent in die onderhawige ondersoek gesien as informele opvoedkundige materiaal. Die programme is afkomstig vanaf die VSA, Kanada, Brittanje en Duitsland en val in die kategorie "universele opvoedkundige programme" en word in Engels uitgesaai. Sommige van die programme vorm deel van programreekse terwyl ander bestaan as afsonderlike entiteite ("one-offs").

Die programme dek onder andere die volgende areas:

(a) Vaardigheidsvlak, byvoorbeeld sosiale verhoudinge, syfervaardigheid, taalvaardigheid, ensovoorts;

(b) Oorlewingsvlak, byvoorbeeld veiligheid, besoedeling, omgewings-bewaring, ensovoorts;

(c) Estetiese vlak, byvoorbeeld literatuurwaardering, kunswaardering, musiekwaardering, ensovoorts;

(d) Kennisvlak, byvoorbeeld vakspesifieke kennis, algemene kennis, kennis ter wille van kennis, ensovoorts;

(e) Waarde-oriëntasievlak, byvoorbeeld ekonomiese-, gesins- en sosiale waardes.

Die rasionaal vir die keuse van die programme is daarin gesetel dat die programme bepaalde Westerse idees, waardes, sienings, gebruike en houdings uitbeeld en kommunikeer.

Die veronderstelling was dat volgehoue blootstelling aan Westerse opvoedkundige televisie-materiaal 'n rigtinggewende invloed in terme van sinvolle verwestersing by die Swart adolessent sou uitoefen.

Die tydsduur van die programme verskil wat meebring dat 'n kyksessie uit ses tot tien programme saamgestel word, maar die totale duur van 170 minute word gehandhaaf. Dit word aanvaar dat die soort kennis van die respondente rakende die programinhoud sal varieer afhangend van elkeen se vorige blootstelling aan soortgelyke inhoude.

## 6.6 MEETINSTRUMENT

### 6.6.1 Die TAT-Z

Die TAT-Z (Tematiese Appersepsietoets vir Zoeloes) is in die navorsing gebruik. Die toets berus op die beginsel van projeksie, naamlik dat die respondent in die vertel

/...

van 'n verhaal wat op prentmateriaal gebaseer is, iets van sy eie persoonlikheid en gedrag sal weerspieël.

Kretch, Crutchfield & Livson (1969) beskryf 'n projektiewe tegniek soos volg: "Projective techniques are mainly used to reach the deeper and subtler aspects of personality. The essence of these techniques is the presentation of weakly structured or ambiguous stimulus materials to which the person responds" (p. 179). Daar is 'n groot verskeidenheid projektiewe tegnieke wat op uiteenlopende benaderings gebaseer is. 'n Gemeenskaplike element waardeur hierdie tegnieke gekenmerk word, is dat hulle uit 'n betreklik ongestruktureerde taak bestaan; 'n taak wat 'n onbeperkte verskeidenheid (hoeveelheid) response toelaat. Die toetse berus op die aanname dat die proefpersoon in sy interpretasie van 'n stimulussituasie bewustelik of onbewustelik sy persoonlikheid sal blootlê.

Projektiewe tegnieke word ook gekenmerk deur 'n globale benadering in die skatting en evaluering van persoonlikheid en fokus nie net op enkele aspekte nie. Projektiewe tegnieke is veral effektief in die onthulling van koverte, latente of onbewuste aspekte van persoonlikheid.

Daar word ook van die veronderstelling uitgegaan dat hoe meer ongestruktureerd die stimuli is, hoe geringer is die moontlikheid dat verdedigende reaksies ontlok sal word (Anastasi, 1976). Rorshach (1942) se inkkladtoets wat uit inkkladde bestaan, was die eerste poging om die toetsling te "dwing" om ongestruktureerde materiaal op 'n individueel unieke wyse in die toetssituasie te struktureer. Uit die wyse waarop hy struktuur aan die inkkladde gee, is sekere afleidings met betrekking tot hom en dus sy persoonlikheidstrekke by wyse van "psigodiagnose" gemaak. Pervin (1970) toon aan dat die Rorschach primêr die vryheid aan die individu oorlaat om te selekteer wat hy wil sien, waar hy dit wil sien en om self te besluit wat hy met die prikkelmateriaal wil maak (hoe hy dit wil sien).

Die Tematiese Appersepsietoets (TAT) is deur Morgan en Murray in 1935 ontwikkel met die doel om verskillende "sielkundige behoeftes" wat gepostuleer word in Murray se persoonlikheidsteorie te "meet" (Krech, Crutchfield & Livson, 1969).

Die verskil tussen die TAT en die Rorschach is dat die illustrasies in die eersgenoemde aan werklike situasies gebonde is (monochromatiese prente wat mense in verskillende situasies uitbeeld) teenoor die abstrakte materiaal van laasgenoemde (verskillende simmetriese inkkladde). Die TAT vereis 'n konstruksie-

/...

proses terwyl die Rorschach 'n assosiatiewe responsie vereis. Die TAT is situasie- en dus kultuurgebonde, terwyl Rorschach se inkkladde in dié sin "minder" kultuurgebonde is, omdat die inkklad geen situasie uitbeeld wat aan 'n bepaalde kultuuromgewing verbind is nie.

Nogtans word 'n sekere mate van dubbelsinnigheid in die TAT-illustrasie behou ten einde die respondent in 'n posisie te stel om iets van homself in die situasie te "lees". Murray het die TAT ontwikkel om die proefpersoon se dominante dryfvere, emosies, sentimente, komplekse en konflikte daarmee vir ontleding te tap. Die prosedure is in 1938 vir die eerste maal deur Murray gebruik (Pervin, 1970).

Hjelle & Ziegler (1981) is van mening dat die TAT die mees populêre tegniek is vir gebruik in navorsing in die kliniese sielkunde, asook in motiveringsnavorsing, persoonlikheidsevaluering en transkulturele studies van volkekundige aard. Die gebruikswaarde van Murray se oorspronklike toets by nie-Westerse proefpersone is egter so beperk dat verskeie navorsers dit nodig geag het om situatiewe aanpassings van die illustrasies te maak. Lindzey (1961) wys op 'n verskeidenheid ondersoekers wat TAT-aanpassings ontwikkel het vir gebruik met sekere minderheidsgroepe. So ontwikkel Thompson (1949) een spesiaal vir die Amerikaanse Neger, Lessa en Spielgelman (1954) een vir inboorlinge in die Stille Oseaan en Alexander en Anderson (1957) een vir die gebruik met sekere groepe Amerikaanse Indiane.

Ook in Suid-Afrika ontwikkel 'n paar ondersoekers projeksietegnieke wat op die TAT geskoei is. Die eerste van hierdie ondersoekers was Lee (1953) wat 'n TAT vir Swartes ontwikkel het. Sherwood (1957) het 'n stel TAT-kaarte ontwikkel vir Swazis. De Ridder (1961) het sy eie variasie van die TAT met 2000 Swartes aan die Witwatersrand gebruik. In 1971 ontwikkel die Instituut vir Personeelnavorsing 'n TAT wat kaarte insluit vir gebruik met landelike en stedelike Zoeloemans en -vroue (Baran, 1971). Erasmus (1975) gee 'n omvattende bespreking van die verskillende pogings om TAT's vir gebruik met die Swartman in Suid-Afrika te ontwikkel. Hy spreek veral besondere kritiek uit teen die neiging van sommige ondersoekers om bloot Murray se oorspronklike kaarte te neem en die figure daarop te "verswart".

Uitgaande van die veronderstelling dat die situasie in Suid-Afrika met betrekking tot die Swartman 'n andersoortige benadering in die ontwikkeling van 'n TAT vereis, stel hy in 1974 riglyne binne die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die ontwikkeling van 'n TAT-Z voor. Eerstens voer hy aan dat Murray se oorspronklike TAT teen 'n relatief eenvormige kultuuragtergrond ontwikkel is. Erasmus (1975) is

/...

van mening dat die tradisionele illustrasies kultuurgebonde moet wees vanweë die Swart persoonlikheid se verbintenis met sy eie spesifieke kollektiewe verlede. Erasmus glo dat om die onderliggende aspekte van persoonlikheid te ontgin, dit nodig is dat die mitologiese en kulturele materiaal 'n primêre rol moet speel in die keuse van temas vir 'n TAT vir die Swartman. Hy meen verder dat die kulturele verskeidenheid wat deur kultuurverandering teweeggebring word, 'n enkele stel kaarte wat op alle vlakke van akkulturasie sal werk onmoontlik maak. Erasmus (1975) besluit egter: "The test should throughout be compiled in such a way that the respondent himself may, by way of selection, choose that stimulatory material which, in the light of his particular acculturative position, will afford him the most optimal opportunity for identification with the themes" (p. 51).

Om uitvoering aan sy eerste vereiste te gee gebruik hy die beginsel van keusekaarte, geskoei op die verskillende vlakke van akkulturasie waarin die Swartman homself bevind. Dieselfde situasie word op twee verskillende kaarte afsonderlik uitgebeeld - vanuit 'n Westerse oogpunt, enersyds, en vanuit 'n tradisionele verwysingsraamwerk, andersyds. Dit verteenwoordig die eerste gestruktureerde, eksplisiete en georganiseerde poging om persoonlikheid in terme van kultuurverandering en die invloed daarvan op die individu te bestudeer. Die veronderstelling waarvan uitgegaan word, is dat die respondent die kaart sal kies waarmee hy op grond van sy persoonlike posisie op die leer van kultuurverandering op weg na verwestersing die beste kan identifiseer.

Erasmus (1975) stel tweedens die volgende vereiste ".... the illustrations should be compiled de novo from the culture concerned in a culturally relevant manner" (p. 50). Die aard van die illustrasies is 'n belangrike aspek in die ontwikkeling van 'n TAT vir Swartes. Weens die tradisionele leefwyse asook 'n lae opvoedkundige peil van die tradisionele Swartman is dit moeilik om illustrasies beduidend waar te neem (Erasmus, 1975). Erasmus ondervang hierdie probleem deur die tradisionele kaarte vir elke individuele persoonlikheidsarea vanuit 'n omvattende studie van die volkekundige materiaal met betrekking tot die groep vir wie die toets ontwikkel word, te ontwerp.

Derdens word kleurillustrasies gebruik om realisme en korrekte waarneming vir 'n meer konkreet-ingestelde tipe respondent te bevorder. Voorts word vae en gekompliseerde illustrasies vermy. Erasmus se uitgangspunt is dat Swart gedrag hoofsaaklik deur outoriteit gemotiveer word. Baie van sy illustrasies sentreer dan ook rondom die aspek van outoriteit en die houding daarteenoor (Erasmus 1976).

/...

6.6.2 Aard, ontleding en interpretasie van TAT-Z protokolle

Alhoewel die TAT-Z (Tematiese Appersepsietoets vir Zoeloes) wat in die navorsing gebruik is daarop gerig is om sekere persoonlikheidsareas van die respondent te belig, sal dit vir die doel van die studie gebruik word as 'n maatstaf om verwestersing te meet.

Die toets bestaan uit 18 afsonderlike prente op kaarte. Indien die hele toets toegepas word, beantwoord die toetsling sy vrae op slegs 10 prente, aangesien 'n kenmerk van die toets daarin geleë is dat voorkeurkaarte onder meer ingesluit word. Die rede hiervoor is dat die Swartman hom in sy aanraking met die Westerse lewenswyse in 'n proses van akkulturasie bevind. Daar moet dus onderskei word tussen persone wat nog oorwegend tradisioneel is en persone wat 'n relatief hoë vlak van verwestersing bereik het; met vele skakerings van verwestersing tussenin.

Die verdere veronderstelling waarvan uitgegaan word, is dat sekere persoonlikheidsareas in die individuele geval gouer deur verwestersing beïnvloed mag wees as andere. Faktore soos opvoedkundige vlak, duur en wyse van aanraking met die Westerse kultuur, ouderdom, ensovoorts sal ook bepaal watter areas nog tradisioneel georiënteerd en watter areas reeds Westers georiënteerd is. Kortom, die akkulturatiewe werklikheid word waarskynlik van soveel kritiese belang by hierdie respondente, dat houdings en moontlike houdingsverandering as gevolg van blootstelling aan Westerse opvoedkundige televisiemateriaal, duidelik sal manifesteer. 'n Toets soos die TAT-Z wat juis sy prikkelmateriaal baseer op die situatiewe realiteite wat met kultuur gepaard gaan, is hier van kritiese belang in die meting van hierdie moontlike verskuiwing(s).

'n Projektiewe tegniek wat op TAT-beginsels berus, vereis in die reël 'n kliniese insig aan die kant van die ontleder. Hoe effektief die ontleding mag wees, sal grootliks afhang van die vermoë van die individuele ontleders om die responsies in hul psigodinamiese verband te sien.

Om die voorgenoemde probleem te oorbrug, is op die volgende werkwyse besluit. 'n Paneel van vier ontleders het in groepe van twee alle response nagesien. Die ontledingsgroepe is soos volg saamgestel:

Groep 1 : 1 Kliniese Sielkundige en 1 Opvoedkundige Sielkundige

/...

Groep 2 : 1 Kliniese Sielkundige en 1 Intern Bedryfsielkundige

Die twee groepe se bevindinge is gekruiskontroleer en vergelyk. Hierdie prosedure is gevolg om die objektiwiteit van die toetsontleding te bevorder.

### 6.6.3 Betroubaarheid

Die hoë betroubaarheid van die TAT-Z, beide wat hertoets- en interbeoordelaar-betroubaarheid betref, kan in 'n groot mate aan die ontwikkeling van die nasiensleutel toegeskryf word. In ondersoeke deur die RGN wat in 1976 uitgevoer is, is 'n hertoetsbetroubaarheid van 0,887 by hertoepassing na 2 weke gevind. Die RGN bevind voorts 'n interbeoordelaarbetroubaarheid van 0,964 terwyl Hill (1977) in haar studie 'n koëffisiënt van 0,92 verkry.

### 6.6.4 Die nasiensleutel

Die beginsel waarop die nasiensleutel berus, is dat alle response in sekere basiese groepe geklassifiseer kan word met 'n numeriese waarde wat toegeken is op grond van die positiewe, ambivalente of negatiewe strekking daarvan.

In die ontledings word daar afsonderlik op elke kaart gekonsentreer.

By elke kaart word respondente se verhale in drie hoofkategorieë ingedeel volgens die oorheersende toon of aard van die verhaal.

Die kategorieë is naamlik:

(a) positiewe response;

(b) negatiewe response; en

(c) ambivalente response.

Positiewe verhale het onder andere die volgende kenmerke:

(i) Die persoon maak 'n duidelike, besliste keuse in 'n spesifieke rigting en ervaar weinig indien enige konflik in verband met hierdie keuse. In die geval van die

/...

stedeling dui dit egter op swak aanpassing indien hy die tradisionele lewe sou verkies.

(ii) Daar is 'n positiewe toekomsingesteldheid. Die persoon het vertroue in sy eie vermoëns om aan toekomstige eise te voldoen.

(iii) Hoewel daar soms wel 'n mate van onsekerheid mag voorkom, is die respondent in staat om sy konflikte te verwerk en sy onsekerhede op 'n konstruktiewe wyse te oorbrug.

(iv) Die keuse wat gemaak word, is goed gemotiveerd. Sy benadering tot sy omgewing is dus planmatig en hy het 'n goed ontwikkelde realiteitsbesef.

(v) Daar word van werk melding gemaak.

Negatiewe verhale het onder andere die volgende kenmerke:

(i) Ernstige persoonlike problematiek kom voor in die vorm van angs, depressie, antisosiale neigings, onbeheerste aggressie, ensovoorts.

(ii) Die persoon is negatief ingestel ten opsigte van sy besluit en sy toekoms.

(iii) Die persoon het slegs 'n korttermyn-instelling in veral doellose aktiwiteite.

(iv) Distorsie kom voor, al is dit in 'n geringe mate.

(v) Die tradisionele kultuur word verafsku.

Ambivalente verhale het onder andere die volgende kenmerke:

(i) 'n Algehele onvermoë om tussen die Westerse en tradisionele omgewings te kies.

(ii) Die persoon kies wel een rigting, maar met heelwat onsekerheid.

(iii) Die respondent is emosioneel in die tradisionele leefwyse geanker, maar op intellektuele gebied streef hy die Westerse leefwyse na.

/...

(iv) Die persoon is baie onseker oor wat die toekoms inhou en bly steeds onseker of sy besluit en optrede korrek is.

**Puntetoekenning vir die onderskeie kontrukte**

Gewigte word aan die onderskeie konstrukte wat getoets is toegeken op grond van die belangrikheid van die konstruk. Die konstrukte wat as belangriker geag word, is:

(a) Gesindheid teenoor Swart en Blanke gesagsfigure; en

(b) Emosionele beheer

Die ander velde is van sekondêre belang beskou terwyl die minste waarde geheg word aan heteroseksuele aanpassing. Die konstrukte en hul maksimum tellings is soos volg:

| | KONSTRUK | MAKSIMUM "TELLING" |
|---|---|---|
| 1. | Graad en rigting van kultuurverandering | 8 punte |
| 2. | Gesinsverhoudings | 8 punte |
| 3. | Vader/seunverhouding | 8 punte |
| 4. | Moeder/seunverhouding | 8 punte |
| 5. | Verhouding tot Swart outoriteit | 14 punte |
| 6. | Verhouding tot Blanke outoriteit | 14 punte |
| 7. | Selfkonsep | 8 punte |
| 8. | Heteroseksuele aanpassing | 4 punte |
| 9. | Sosiale aanpassing | 8 punte |
| 10. | Emosionele stabiliteit | 14 punte |

'n Verdere maksimum van 6 punte is toegeken vir realiteitsmeting - met ander woorde, hoe realisties en akkuraat die toetsling sy wêreld waarneem. Op die manier word 'n groottotaal van 100 verkry en kan 'n telling derhalwe persentasiegewys uitgedruk word.

Wanneer daar nou gelet word op 'n veld wat 8 punte tel, kan die verhale soos volg ingedeel word:

0-2 : Negatiewe verhale

3.5 : Ambivalente verhale

6-8 : Positiewe verhale

Binne elke kategorie moet die ontleder hom laat lei deur die toon en intensie van die verhaal.

/...

Indien aan 'n veld 'n maksimum van 14 punte toegeken word, word die punte soos volg ingedeel:

| | | |
|---|---|---|
| 0-4 | : | Negatiewe verhale |
| 5-9 | : | Ambivalente verhale |
| 10-14 | : | Positiewe verhale |

Die sekskaart tel 4 punte. Hier word die response soos volg ingedeel:

| | | |
|---|---|---|
| 0-2 | : | Negatiewe verhale |
| 3 | : | Ambivalente verhale |
| 4 | : | Positiewe verhale |

Realiteitstoetsing tel 6 punte. Hier moet 'n kwantitatiewe skatting gemaak word van die toetsling se vermoë om sy wêreld op realistiese en akkurate wyse waar te neem. Wanneer daar distorsie voorkom, selfs net een respons, word daar 'n 0 of 1 toegeken.

### 6.6.5 Gebruik van die TAT-Z as meting vir verwestersing

Erasmus (1975) het 'n aantal belangrike bevindinge gemaak ten opsigte van die keusekaarte van die TAT-Z. Aangesien die toets oorspronklik ontwikkel is om sekere persoonlikheidskonstrukte (byvoorbeeld houding teenoor gesag, selfbeeld, ensovoorts) te meet deur die respondent 'n keuse te gee of hy dit in Westerse (W-kaarte) of tradisionele verband (T-kaarte) wil doen, is die W- of T-keuses wat die respondent maak juis vir hierdie ondersoek belangrik omdat dit 'n aanduiding gee van die vlak van verwestersing. Erasmus het die volgende bevindinge met betrekking tot die T- en W-keuses gemaak:

(a) Die tradisionele groep kies oorwegend tradisionele kaarte.

(b) Die Westerse groep kies oorwegend Westerse kaarte.

(c) Die "oorgangsgroep" wat in die proses van verwestersing staan kies gemiddeld ewe veel tradisionele as Westerse kaarte.

/...

Erasmus kom tot die gevolgtrekking dat daar wel geldigheid bestaan vir die aanname dat die keuse van Westerse kaarte sal toeneem afhangende van die vlak van verwestersing. Minnaar (1975) het ook gevind dat die aantal Westerse en tradisionele kaarte wat deur 'n spesifieke respondent gekies word, 'n aanduiding van sy vlak van verwestersing sal gee. Vir hierdie ondersoek is dit dus nodig om vas te stel of blootstelling aan televisie 'n betekenisvolle toename in W-keuses meebring.

Die tendens tot verwestersing, soos uitgedruk in 'n toename in W-keuses, word gewoonlik bevestig deur die aard van die verhaal op kaart 1. 'n Ontleding van spesifieke kaartkeuses sal aantoon watter persoonlikheidsareas nog oorwegend tradisioneel en watter oorwegend Westers is.

Op altesaam 8 velde word keusekaarte voorsien, verteenwoordigend van 'n tradisionele en Westerse omgewing. Wanneer 'n respondent 6 tot 8 W-kaarte kies, dui dit gewoonlik daarop dat hy oorwegend Westers georiënteerd is. In uitsonderlike gevalle mag dit voorkom dat 'n respondent die Westerse leefwyse idealiseer. Sy verhale mag 'n gebrek aan realistiese betrokkenheid by die Westerse lewenseise toon en bevestig dan eintlik sy tradisionele georiënteerdheid.

Wanneer 'n respondent 3 tot 5 Westerse kaarte kies, dit wil sê 5 tot 3 tradisionele kaarte, is dit 'n sterk aanduiding dat hy hom tussen die twee kulture bevind. Hy kan homself in hierdie stadium nie ten volle met die Westerse leefwyse versoen nie en vind dit moeilik om aan die eise wat die Westerse omgewing stel, te voldoen.

Indien 'n respondent 0,1 of 2 Westerse kaarte kies, getuig dit van 'n oorwegend tradisionele ingesteldheid.

Die feit dat die TAT-Z juis 'n vlak van verwestersing "meet" en dit onder andere in terme van T- en W-kaartkeuses uitdruk, maak hierdie toets 'n uiters geskikte medium vir die huidige ondersoek.

## 6.7 UITEENSETTING EN VERWERKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

Die resultate van die ondersoek word op twee wyses ontleed naamlik kwantitatief en kwalitatief. Hierdie ontledings geskied binne die volgende drie afdelings:

/...

By 7.1.1 word die resultate van die kwantitatiewe ontleding van die toetsresultate gerapporteer om die moontlike verskuiwings van T- en W-keuses te ondersoek. Hierdie ontleding word gedoen om te bepaal of daar `n beduidende verskil tussen televisiekykers (eksperimentele groep) en die nie-televisiekykers (kontrolegroep) in hul voortoets en na-toetskeuses by die TAT-Z projektiewe tegniek bestaan. Die doel is dus om `n aanduiding van moontlike verskuiwings in die respondente se oorwegende **oriëntasie** (tradisioneel of Westers) te verkry.

By 7.1.3 word `n verdere kwantitatiewe ontleding gedoen om die resultate van enige verskuiwing in **houding** te bepaal soos gereflekteer deur hul puntetelling op die onderskeie kaarte.

By 7.3 word `n kwalitatiewe ontleding van ses protokolle van drie respondente gedoen. Die drie gevalle wat so ontleed word is onderskeidelik: `n Tradisionele georiënteerde persoon wat `n drastiese verskuiwing in die rigting van oorwegend Westerse kaartkeuses van die eerste na die tweede toetsing getoon het, dit wil sê `n aansienlike verskuiwing van T-keuses na W-keuses. Die tweede geval is dié van `n persoon wat geen verskuiwing getoon het nie, dit wil sê dieselfde aantal T- en W-keuses tydens die eerste sowel as die tweede toetsing gedoen het. Die derde geval is dié van `n persoon wat `n aansienlike aantal meer T-keuses tydens die tweede toetsing gedoen het, in vergelyking met die eerste toetsing.

In Bylae C word `n uitgebreide uiteensetting van roupunttellings, frekwensies en bevindinge (kwantitatief) van albei toetssessies gegee. Bylae D bied `n volledige uiteensetting van die responsies en ontledings van die protokolle van die drie gevalle wat kwalitatief ontleed is.

## 6.8 DIE RASIONAAL VIR DIE KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE ONTLEDING VAN DIE RESULTATE

Die ondersoek sentreer rondom die probleem van die Swart adolessent wat in sy versnelde verwestersing met `n totale heroriëntasie gekonfronteer word. Die vraag is nou hoe hierdie heroriëntasie effektief en op massaskaal met `n medium soos televisie "begelei" sou kon word en met watter gevolge?

In die onderhawige studie word die resultate sowel kwantitatief as kwalitatief geëvalueer. Thorndike (1918) skryf oor die gebruik van kwalitatiewe en

/...

kwantitatiewe ontledings die volgende: "Whatever exists at all, exists in some amount. To know it thoroughly involves knowing its quantity as well as its quality" (p. 194). Vir Thorndike het albei wyses van evaluering dus `n rol en funksie. Sundberg (1977) sê dat albei hierdie ontledingsvorme vandag algemeen in gebruik is. Die aantal tegnieke en metodes waarvolgens kwantitatiewe en kwalitatiewe onledings geskied, het ook die afgelope aantal dekades drasties toegeneem.

**Kwantitatiewe** ontleding (ook bekend as objektiewe, eksakte, numeriese en statistiese ontleding) is gebaseer op kennis verkry uit die waarneembare data en maak gebruik van metodes en tegnieke wat relatief algemeen beskikbaar is. Volgens Deinhardt (1983) is die gebruik van kwantitatiewe ontledings as metode baie belangrik in sielkundige evaluering. Hy skryf in dié verband "... quantitative information is indespensable to accurate assessment of the individual because without a certain amount of comparison with others, assessors could not make judgements about the individual's relative standing on matters ..."(p. 48). Daar bestaan dus `n duidelike rol en behoefte aan kwantitatiewe ontledings, veral ten opsigte van die kwantifisering van konsepte en die vergelyking van resultate.

**Kwalitatiewe** ontleding daarenteen is gerig op `n ontleding van die inhoud van response in terme van die meer verborge en subjektief-individuele aard daarvan. Dit vereis meer gespesialiseerde kennis oor individuele gedrag, eerder as die numeriese verwerking van verskynsels (Sundberg, 1977). Sundberg is van mening dat ten spyte van die druk op die kwantifisering van konsepte, die sielkunde nog nie daarin geslaag het om van die impressionistiese, subjektiewe beoordelende en beskrywende kwalitatiewe ontleding af te sien nie en waarskynlik nooit sal nie. Hy is voorts van mening dat daar in elk geval `n kwalitatiewe element by alle ontledings betrokke is, ook by kwantitatiewe ontledings, al is dit net in die keuse van die meetinstrument. Deinhardt (1983) beweer dat kwantitatiewe ontledings op sigself onvoldoende is omdat dit beperk is tot die meting van dit wat objektief en kwantitatief is. Dit bied inligting wat relatief staties, enkelvoudig en onvolledig is, in vergelyking met die breë dinamiese en beskrywende stellings wat deur persoonlikheidsontleders verlang word.

Dit is uit bogenoemde duidelik dat daar `n behoefte aan albei ontledingsvorme bestaan. Kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting is ook **aanvullend** en as sodanig meer as die blote som van die twee onderdele. Die aanhaling van

/...

Sundberg (1977) ondersteun hierdie gevolgtrekking "... most assessments are a mixture of quantitative 'hard data' and qualitative 'soft data' " (p. 34).

In die onderhawige ondersoek word derhalwe sowel 'n kwantitatiewe as 'n kwalitatiewe ontleding gedoen. Die kwantitatiewe ontleding bied inligting ten opsigte van die proefpersone as 'n totale groep; hul oorwegende **oriëntasie** en **houding** teenoor die tradisionele asook die Westerse kultuur. Dit bied 'n kwantitatiewe analise van moontlike verskuiwings van die totale groep proefpersone (eksperimenteel en kontrole). Aangesien dit om tyd-ekonomiese redes nie moontlik was om al die proefpersone se protokolle kwalitatief te analiseer nie, is slegs drie gevalle gekies wat die drie "tipes" of waarskynlik "ekstreme" voorbeelde van reaksiewyses, verteenwoordig. Hierdie drie gevalle is gekies ter verifiëring van die voorgestelde model van verwestersing (Tabel 2.1) wat impliseer dat verwestersende individue hoofsaaklik op drie wyses reageer as hulle aan druk om versnelde verwestersing blootgestel word, naamlik: oorwegend negatief (regresseer), oorwegend ambivalent (neutraal), of oorwegend positief (idealisties).

# HOOFSTUK 7

## RESULTATE EN DIE BESPREKING VAN RESULTATE

7.1 KWANTITATIEWE RESULTATE

7.1.1 Kwantitatiewe ontleding van proefpersone se **oriëntasie** ten opsigte van die Westerse en tradisionele kultuur

7.1.2 Verifiëring van hipoteses deur middel van toetsresultate

7.1.3 Kwantitatiewe ontleding van proefpersone se **houding** ten opsigte van die tradisionele en Westerse kultuur

7.1.4 Verifiëring van hipoteses deur middel van toetsresultate

7.2 GEVOLGTREKKINGS VAN KWANTITATIEWE ONTLEDINGS

7.3 KWALITATIEWE EVALUERING VAN ENKELE PROTOKOLLE

7.3.1 Inleiding

7.3.2 Geval 1: Geïntegreerde persoonlikheidsbeeld van `n persoon wat verwestersing ondergaan het

7.3.3 Geval 2: Geïntegreerde persoonlikheidsbeeld van `n "ambivalente" persoon

7.3.4 Geval 3: Geïntegreerde persoonlikheidsbeeld van `n persoon wat geregresseer het

7.4 GEVOLGTREKKINGS VAN DIE KWALITATIEWE ONTLEDINGS

/...

## 7.1 KWANTITATIEWE ONTLEDING

Die resultate om te bepaal of opvoedkundige televisieprogramme wel `n invloed op die proses van verwestersing uitoefen word hier gerapporteer. Dit bestaan **eerstens** uit data rakende die geslagsamestelling van die eksperimentele en kontrole groepe asook die totaaltellings van die voor- en natoetsresultate van die eksperimentele en kontrolegroepe. Dit wil sê die totale aantal Westerse of tradisionele kaarte wat voor en na die ses maande blootstellingstydperk gekies is (Tabel 7.1). Dit word **tweedens** gevolg deur ontledings van die respondente se oriëntasie ten opsigte van die verskillende persoonlikheidsareas (Westers of tradisioneel) soos gereflekteer deur die respondente se keuses van W- of T-kaarte (Tabel 7.2). **Derdens** word `n uiteensetting van die proefpersone se houding ten opsigte van die Westerse of tradisionele kultuur soos gereflekteer deur die respondente se puntetellings op die onderskeie kaarte gegee (Tabel 7.3). `n Volledige uiteensetting van roupuntellings en ontledings word as bylae B aangeheg.

**Tabel 7.1**

**Geslagsamestelling en die totale aantal**
**T- en W-keuses van eksperimentele en kontrolegroep**

| | EKSPERIMENTELE GROEP ( N ) | KONTROLE GROEP ( N ) |
|---|---|---|
| MANLIK | 26 | 23 |
| VROULIK | 36 | 25 |
| TOTAAL | 62 | 48 |
| VOORTOETS T-KEUSES | 201 | 130 |
| NA-TOETS T-KEUSES | 155 | 132 |
| VOORTOETS W-KEUSES | 295 | 255 |
| NA-TOETS W-KEUSES | 342 | 251 |

Uit bogenoemde tabel spreek `n aanmerklike toename in W-keuses by die eksperimentele groep met die hertoetsing : vanaf 295 tydens die voortoets tot 342 tydens hertoetsing. Hierdie verskuiwing word ook in die ooreenstemmende verlaging van T-keuses weerspieël deurdat die totale aantal T-keuses verminder vanaf 201 tydens die voortoets na 155 tydens die na-toets. Dieselfde verskuiwing het nie by die kontrolegroep ingetree nie. `n Totaal van 255 W-

keuses word tydens die voortoets uitgeoefen en 251 W-keuses tydens die na-toets. Die T-keuses het ook 'n konstantheid by die kontrolegroep getoon naamlik 130 tydens die voortoets en 132 tydens die na-toets.

Verdere kwantitatiewe ontledings sal poog om hierdie verskuiwings toe te lig spesifiek ten opsigte van die persoonlikheidsareas wat vir hierdie verskuiwing verantwoordelik was en of daar enige verandering ten opsigte van die respondente se houding ingetree het.

Die doel van die kwantitatiewe ontledings is dus tweërlei van aard: **Eerstens** om vas te stel of daar enige verskuiwing ten opsigte van 'n toenemend Westerse of toenemend tradisionele oriëntasie plaasgevind het. Met ander woorde, het blootstelling aan Westersgeoriënteerde opvoedkundige televisieprogramme die respondente meer verwesters of meer tradisioneel gemaak? **Tweedens**, indien daar geen verskuiwing plaasgevind het ten opsigte van 'n toenemende Westerse of tradisionele oriëntasie nie, of daar enige houdingsverandering ingetree het. Met ander woorde, het blootstelling aan Westerse opvoedkundige televisieprogramme enige toenemende positiewe of negatiewe houding teenoor die Westerse of die tradisionele kultuur tot gevolg.

In die beantwoording van die vraag of Westersgeoriënteerde opvoedkundige televisieprogramme

(a) tot toenemende **Westerse oriëntasie** lei; en of dit

(b) tot toenemende **tradisionele oriëntasie** lei (Hipoteses $H_{O1}$, $H_{1A}$ en $H_{1B}$) word gelet op die statisties beduidende verskuiwings in die <u>keuse</u> van T- of W-kaarte.

In beantwoording van die vraag of Westersgeoriënteerde opvoedkundige televisieprogramme tot

(a) 'n toenemend **positiewe houding** lei, en of dit

(b) 'n toenemend **negatiewe houding** lei (Hipoteses $H_{O2}$, $H_{2A}$ en $H_{2B}$) ten opsigte van die Westerse of die tradisionele kultuur, word gelet op die statisties beduidende verskuiwings in <u>puntetellings</u> wat die respondent op elke kaart behaal.

7.1.1 Kwantitatiewe ontleding van proefpersone se *oriëntasie* ten opsigte van die Westerse en tradisionele kultuur

In Tabel 7.2 word `n geïntegreerde uiteensetting van die kaartkeuses van die totale groep proefpersone tydens die twee toetsings weergegee om hul oorwegende oriëntasie ten opsigte van die Westerse of tradisionele kultuur te bepaal, soos wat dit deur die onderskeie konstrukte van die TAT-Z gemeet word. Vir die verwerking van die resultate is die **M-Tekentoets** aangewend, maar slegs op daardie konstrukte van die TAT-Z wat uit keusekaarte bestaan naamlik Kaarte 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8 en 9 (kolom 1) wat `n aanduiding gee van sy algemene oriëntasie jeens die tradisionele en Westerse kultuur. (By Kaarte 1 en 10 is geen keusekaarte beskikbaar nie).

Die resultate word vir die eksperimentele groep en kontrolegroep afsonderlik weergegee. Die resultate van hierdie kaartkeuses van die twee toetssessies word soos volg gerapporteer:

(a) W→W dui die aantal proefpersone aan wat `n Westerse kaart met die eerste en tweede toetsing by hierdie konstruk gekies het (kolom 3).

(b) W→T dui die aantal proefpersone aan wat van `n Westerse kaartkeuse tydens die eerste toetsing na `n tradisionele kaart met hertoetsing by hierdie konstruk verskuif het (kolom 4).

(c) T→W dui die aantal proefpersone aan wat verskuif het van `n tradisionele kaartkeuse tydens die eerste toetsing na `n Westerse kaartkeuse met hertoetsing by hierdie konstruk (kolom 5).

(d) T→T dui die aantal proefpersone aan wat tydens die eerste en tweede toetsing `n tradisionele kaart by hierdie konstruk gekies het (kolom 6).

Hipoteses $H_{O1}$, $H_{1A}$ en $H_{1B}$ word vir die doel getoets om te bepaal of daar enige verskuiwing in Westerse of tradisionele oriëntasie was.

Tabel 7.2

**'n Geïntegreerde uiteensetting van kaartkeuses tydens die eerste en tweede toetsings**

| KOLOM 1 | KOLOM 2 | KOLOM 3 | KOLOM 4 | KOLOM 5 | KOLOM 6 | KOLOM 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | W→W | W→T | T→W | T→T | Vlak van beduidenheid |
| KAART 2 (Gesins-verhoudinge) | Eksperimentele groep | N = 31 | N = 8 | N = 11 | N = 12 | p = 0,65 |
| | Kontrole groep | N = 20 | N = 7 | N = 6 | N = 15 | p = 1,00 |
| KAART 3 (Vader-seun-verhouding) | Eksperimentele groep | N = 32 | N = 5 | N = 19 | N = 6 | p = 0,007* |
| | Kontrole groep | N = 31 | N = 7 | N = 4 | N = 6 | p = 0,55 |
| KAART 4 (Moeder-seun-verhouding) | Eksperimentele groep | N = 31 | N = 7 | N = 12 | N = 12 | p = 0,336 |
| | Kontrole groep | N = 26 | N = 9 | N = 5 | N = 8 | p = 5,12 |
| KAART 5 (Houding: Swart outoriteit) | Eksperimentele groep | N = 29 | N = 5 | N = 16 | N = 12 | p = 0,03* |
| | Kontrole groep | N = 21 | N = 6 | N = 9 | N = 12 | p = 0,,61 |
| KAART 6 (Houding: Blanke outoriteit) | Eksperimentele groep | N = 9 | N = 9 | N = 9 | N = 35 | p = 1,00 |
| | Kontrole groep | N = 9 | N = 6 | N = 8 | N = 25 | p = 0,79 |
| KAART 7 (Selfbeeld) | Eksperimentele groep | N = 30 | N = 4 | N = 14 | N = 14 | p = 0,03* |
| | Kontrole groep | N = 27 | N = 5 | N = 10 | N = 6 | p = 0,30 |
| KAART 8 (Heteroseksuele verhoudinge) | Eksperimentele groep | N = 43 | N = 5 | N = 5 | N = 9 | p = 1,00 |
| | Kontrole groep | N = 31 | N = 7 | N = 7 | N = 3 | p = 1,00 |
| KAART 9 (Groeps-identifikasie) | Eksperimentele groep | N = 44 | N = 3 | N = 7 | N = 8 | p = 0,34 |
| | Kontrole groep | N = 34 | N = 8 | N = 4 | N = 2 | p = 0,39 |

* dui die vlak van betekenisvolle verskil op die 5% peil van beduidenheid aan

Uit die resultate van Tabel 7.2 is dit duidelik dat daar `n betekenisvolle verskuiwings by die **eksperimentele groep** ten opsigte van die volgende kaarte voorgekom het: Kaart 3 (Vader-seunverhouding) p = 0,007; Kaart 5 (Houding teenoor Swart outoriteit) p = 0,03 en Kaart 7 (Selfbeeld) p = 0,03 (sien Kolom 7). Dit wil dus voorkom asof blootstelling aan televisie, ten opsigte van die konstrukte Vader-seunverhouding, Houding teenoor Swart outoriteit en Selfbeeld, 'n verskuiwing na `n oorwegend meer Westerse oriëntasie meegebring het.

/...

### 7.1.2 Verifiëring van hipoteses deur middel van toetsresultate

**Hipotese $H_{1A}$**

Hipotese $H_{1A}$ postuleer dat opvoedkundige televisieprogramme 'n beduidende invloed ten opsigte van 'n **toenemend Westerse oriëntasie** by die eksperimentele groep tot gevolg het, met geen verskuiwing by die kontrolegroep nie.

By Kaart 3 (Vader-seunverhouding) het 19 persone (31%) van die eksperimentele groep verskuif vanaf 'n T-keuse tydens die voortoets na 'n W-keuse tydens die na-toets wat beduidend is op die 5% peil van betekenis ($p = 0{,}007$);

By Kaart 5 (Houding teenoor Swart outoriteit) het 16 persone (26%) van die eksperimentele groep verskuif vanaf 'n T-keuse tydens die voortoets na 'n W-keuse tydens die na-toets wat beduidend is op die 5% peil van betekenis ($p = 0{,}03$);

By Kaart 7 (Selfbeeld) het 14 persone (23%) van die eksperimentele groep verskuif vanaf 'n T-keuse tydens die voortoets na 'n W-keuse tydens die na-toets wat beduidend is op die 5% peil van betekenis($p = 0{,}03$).

Geen ooreenstemmende of soortgelyke verskuiwing het by die kontrolegroep voorgekom nie.

Hipotese $H_{1A}$ word dus hier met betrekking tot hierdie konstrukte op die 5%-peil van betekenis bevestig.

**Hipotese $H_{1B}$**

Hipotese $H_{1B}$ postuleer dat opvoedkundige televisieprogramme 'n beduidende invloed ten opsigte van 'n **toenemende tradisionele oriëntasie** tot gevolg het op sekere persoonlikheidskonstrukte by die eksperimentele groep met geen verskuiwing by die kontrolegroep nie. In terme van die resultate in Tabel 7.1 is geen betekenisvolle verskuiwing op die 5%-peil by die eksperimentele groep gevind ten opsigte van 'n toenemend tradisionele oriëntasie nie. Die $H_{1B}$ hipotese word dus op grond van hierdie resultate verwerp.

**Hipotese $H_{O1}$**

Hipotese $H_{O1}$ postuleer dat **geen verskil** ten opsigte van voorkeur vir T- of W-kaarte en dus 'n tradisionele of 'n Westerse oriëntasie tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroep met die voor- en natoetsafnames voorgekom het nie.

Volgens die resultate in Tabel 7.1 het betekenisvolle verskille op die 5%-peil van betekenis op die volgende kaarte voorgekom naamlik Vader-seunverhouding (Kaart 3) (p = 0,007), Houding teenoor Swart outoriteit (Kaart 5) (p = 0,03) en Selfbeeld (Kaart 7) (p = 0,03).

Die $H_{O1}$ hipotese word op grond van die resultate van hierdie drie kaarte (konstrukte) verwerp.

### 7.1.3 Kwantitatiewe ontleding van proefpersone se *houding* ten opsigte van die tradisionele en Westerse kultuur

In Tabel 7.3 word `n uiteensetting van verskuiwings in puntetellings van proefpersone wat geen verskuiwing in kaartkeuse tydens albei toetsings getoon het nie, gegee. Die doel van hierdie ontleding is om te bepaal of `n proefpersoon wat geen verskuiwing in oriëntasie beleef nie, moontlik enige houdingsverandering ten opsigte van `n bepaalde konstrukte getoon het. Byvoorbeeld: indien `n proefpersoon tydens albei toetssessies `n T-keuse by `n bepaalde konstruk uitoefen, is bepaal of daar moontlik `n verskuiwing in houding ingetree het soos wat deur sy puntetellings op daardie konstruk van die TAT-Z gereflekteer word. Vir die doel van hierdie ontleding word die **T-Toets vir Tweegroepe** gebruik.

Hipoteses $H_{O2}$, $H_{2A}$ en $H_{2B}$ sal vir die doel getoets word om te bepaal of daar enige betekenisvolle positiewe of negatiewe verskuiwing in proefpersone se houding ingetree het.

/...

Tabel 7.3

**'n Geïntegreerde uiteensetting van puntetellings tydens die eerste en tweede toetsings**

| KOLOM 1 | KOLOM 2 | KOLOM 3 | KOLOM 4 | KOLOM 5 | KOLOM 6 | KOLOM 7 | KOLOM 8 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | X | Sa | T-waarde | df | p |
| KAART 1 (Kultuur-kontakkaart) | Eksperimenteel | 62 | 0,7097 | 2,3705 | 0,6694 | 108 | 0,5047 |
| | Kontrole | 48 | 0,3958 | 2,5242 | | | |
| KAART 2 (Gesins-verhoudinge) | Eksperimenteel | 43 | 0,5349 | 0,8309 | 0,3621 | 76 | 0,7183 |
| | Kontrole | 35 | 0,4143 | 2,7308 | | | |
| KAART 3 (Vader-seun-verhouding) | Eksperimenteel | 38 | 0,2105 | 2,2917 | -0,2927 | 73 | 0,7706 |
| | Kontrole | 37 | 0,3514 | 1,8442 | | | |
| KAART 4 (Moeder-seun-verhouding) | Eksperimenteel | 43 | 0,6744 | 2,3424 | -1,0977 | 75 | 0,2783 |
| | Kontrole | 34 | 1,23353 | 2,0898 | | | |
| KAART 5 (Houding: Swart outoriteit) | Eksperimenteel | 41 | 0,3902 | 4,5325 | -2,7888 | 72 | 0,0068* |
| | Kontrole | 33 | 2,6061 | 4,6699 | | | |
| KAART 6 (Houding: Blanke outoriteit) | Eksperimenteel | 44 | 1,2500 | 4,1097 | 0,7218 | 76 | 0,4726 |
| | Kontrole | 34 | 0,5588 | 4,3007 | | | |
| KAART 7 (Selfbeeld) | Eksperimenteel | 44 | -0,2954 | 3,1147 | 0,5101 | 75 | 0,6115 |
| | Kontrole | 33 | 0,0606 | 2,9148 | | | |
| KAART 8 (Heteroseksuele verhoudinge) | Eksperimenteel | 52 | 0,2115 | 1,7302 | -0,6507 | 84 | 0,5170 |
| | Kontrole | 34 | 0,4412 | 1,3749 | | | |
| KAART 9 (Groeps-identifikasie) | Eksperimenteel | 52 | -1,3269 | 2,3905 | 0,3883 | 86 | 0,6987 |
| | Kontrole | 36 | -1,1111 | 2,7957 | | | |
| KAART 10 (Aggressiekaart) | Eksperimenteel | 62 | 0,8387 | 6,3225 | 0,1654 | 108 | 0,8689 |
| | Kontrole | 48 | 0,6458 | 5,7148 | | | |

* dui die vlak van betekenisvolle verskil op die 5% peil van beduidenheid aan

Uit Tabel 7.3 is dit duidelik dat daar slegs by Kaart 5 (Houding teenoor Swart outoriteit) by die **kontrolegroep** `n betekenisvolle positiewe verskuiwing in houding ingetree het (p = 0.0068).

/...

### 7.1.4 Verifiëring van hipoteses deur middel van toetsresultate

**Hipotese $H_{O2}$**

Hipotese $H_{O2}$ postuleer dat **geen verskil** in 'n positiewe of negatiewe **houding** by die eksperimentele groep of die kontrolegroep tussen die voor- en natoetsaflegging voorgekom het nie. Tabel 7.2 toon dat by Kaart 5 (Houding teenoor Swart outoriteit) 66% van die eksperimentele groep met albei toetsings hier dieselfde kaart gekies het en 'n gemiddelde telling van 0,3902 behaal het terwyl 69% van die kontrolegroep tydens albei toetsings hier dieselfde kaart gekies het en 'n gemiddelde telling van 2,6061 behaal het wat daarop dui dat die kontrolegroep 'n meer positiewe houding na afloop van die periode van ses maande getoon het. Hipotese $H_{O2}$ word dus op grond van die betekenisvolle verskuiwing ($p = 0,0068$) wat daar ten opsigte van hierdie konstruk op die 5%-peil van betekenis plaasgevind het, verwerp.

**Hipotese $H_{2A}$**

Hipotese $H_{2A}$ postuleer dat opvoedkundige televisieprogramme 'n **toenemend positiewe houding** ten opsigte van sekere persoonlikheidsareas tot gevolg het soos gemeet deur die TAT-Z by die eksperimentele groep, met geen verskuiwing by die kontrolegroep nie. Hierdie hipotese word op grond van die resultate in Tabel 7.2 verwerp omdat geen satisties beduidende resultate by die eksperimentele groep op die 5%-peil van betekenis gevind is nie.

**Hipotese $H_{2B}$**

Hipotese $H_{2B}$ postuleer dat blootstelling aan opvoedkundige televisieprogramme 'n **toenemend negatiewe houding** ten opsigte van sekere persoonlikheidsareas tot gevolg het by die eksperimentele groep met geen verskuiwing by die kontrolegroep nie. Volgens die resultate in Tabel 7.2 is geen verskuiwing op die 5%-peil van betekenis gevind nie en Hipotese $H_{2B}$ word dus op grond van die resultate van die TAT-Z verwerp.

## 7.2 GEVOLGTREKKINGS VAN KWANTITATIEWE ONTLEDINGS

Dit is veral opvallend dat daar by 3 van die 10 kaarte by die eksperimentele groep **kwantitatief** betekenisvolle verskuiwings van T- na W-keuses tussen die twee toetssessies plaasgevind het (vergelyk Tabel 7.2). Geen soortgelyke verskuiwings is by die kontrolegroep aan wie die opvoedkundige televisieprogramme nie vertoon is nie, gevind nie.

Aangesien albei groepe aan geen ander bekende veranderlikes wat op hierdie keuses `n invloed kon gehad het, blootgestel is nie, wil dit voorkom asof die gevolgtrekking gemaak kan word dat die verskuiwing waarskynlik aan die invloed van die televisieprogramme te wyte is.

Dit is voorts van groot betekenis dat die verskuiwing juis by daardie kaarte wat bepaalde belangrike persoonlikheidsareas psigodiagnosties belig, ingetree het. Hierdie areas raak primêre gedragseienskappe soos Selfbeeld (Kaart 7), houding teenoor sowel as verhouding met Swart gesag (Kaart 5) en houding teenoor vaderlike gesag (Kaart 3). Aangesien **selfbeeld**, die area van **outoriteit** en die **verhouding met outoriteit**, primêre persoonlikheidsareas is, wil dit voorkom asof die grondliggende basis van persoonlikheid tot verwestersing deur hierdie blootstelling aan televisieprogramme gestimuleer is.

Hierdie veranderinge het voorts ook nie bloot as gevolg van die verloop van tyd plaasgevind nie - soos dit bevestig word deur die resultate van die kontrolegroep. Daar kan dus gekonkludeer word dat televisie wel verandering in die rigting van verwestersing by Swart adolessente sou kon laat versnel.

Alhoewel nie beduidend op die 5%-peil van betekenis nie, is daar etlike ander opvallende data in Tabel 7.2 wat belangrike tendense verteenwoordig. Eerstens is dit opmerklik dat by Kaart 8 (Heteroseksuele verhoudinge) en Kaart 9 (Groepsidentifikasie) daar reeds voor die eksperimentele fase `n groot mate van `n Westerse oriëntasie was wat tydens hertoetsing ses maande later steeds teenwoordig was. By Kaart 8 het byvoorbeeld `n totaal van 43 persone van die eksperimentele groep (69%) en 31 van die kontrolegroep (65%) tydens die voor- en na-toets die Westerse kaart gekies en by Kaart 9 het 44 van die eksperimentele groep (71%) en 34 van die kontrolegroep (71%) tydens albei

/...

toetssessies die W-keuse uitgeoefen wat `n duidelike aanduiding is van `n sterk Westerse oriëntasie.

`n Ander opvallende statistiek in Tabel 7.2 is die kaart wat die meeste T-response tydens albei toetssessies ontlok het naamlik Kaart 6 (Houding teenoor Blanke outoriteit). `n Totaal van 35 persone van die eksperimentele groep (56%) en 25 van die kontrole groep (52%) het die tradisionele keuse tydens albei toetssessies uitgeoefen. Hierdie verskynsel dui op `n tradisioneel georiënteerde siening van hierdie "baas-knegverhouding" wat waarskynlik die gevolg is van die politieke bestel wat oor `n lang tydperk `n bepaalde oriëntasie en benadering gevestig het.

## 7.3 KWALITATIEWE EVALUERING VAN ENKELE PROTOKOLLE

### 7.3.1 Inleiding

Die kwantitatiewe resultate van die ondersoek bied breë tendense vir ondersoekgroepe as geheel. Dit werp egter nie lig op verskuiwings wat by individuele gevalle as deel van die individu se unieke en eie gedrag plaasvind nie.

Dit is egter ook noodsaaklik om die kwalitatiewe aspek wat deur individuele gevallestudies toegelig word, van nader te bekyk. Met ander woorde: Hoe wesenlik raak en beïnvloed blootstelling aan opvoedkundige televisieprogramme die enkeling en sy unieke gedrag binne die drie breë vlakke van verwestersing wat deur die kwantitatiewe resultate uitgewys word, te wete:

(a) Die respondent wat in terme van die resultate meer W-keuses na blootstelling aan die televisieprogramme maak.

(b) Die respondent wat na blootstelling oënskynlik in "stil staan" wat betref die keuse van T- en W-kaarte uit die toetsstel.

(c) Die respondent wat na blootstelling klaarblyklik regresseer deur nou meer T-keuses as voor blootstelling aan die televisieprogramme doen.

Hierdie inligting stel die huidige ondersoek in staat om sekere kwalitatiewe tendense van verwestersing in terme van die voorgestelde model van die ondersoek te verifieër.

Erasmus (1976; 1977) voer aan dat verwestersing (of versnelde verandering) by verskillende individue verskillende reaksie kan uitlok. Die reaksie hang ten nouste saam met die intensiteit waarmee die verandering as traumaties of minder traumaties ervaar word. Hoe "minder" die trauma of kultuurskok, hoe meer

"positief" sal die respondent se reaksie op die verandering en dus ook sy response op die TAT-Z wees. Omgekeerd: hoe meer traumaties die verandering ervaar word, hoe meer negatief of ambivalent sal die individu se reaksie wees.

Erasmus (1977) voer aan dat die respondent wat ernstige trauma ervaar, "oordeelsvermoë" inboet en dus in onsekerheid en selfs akkulturasiepsigose verval - gevolglik is sy reaksies in laasgenoemde geval verwring of ambivalent. Dit is tipies die respondent wat geestelike disintegrasie as gevolg van die oormatige druk in die gesig staar en die werklikheid ."verwring" en gevolglik relatief gedisoriënteerd beleef.

So gesien is positiewe en negatiewe reaksies inderdaad `n duidelike keuse of standpuntinname vir of teen verwestersing. Die individu se besluit is dus definitief in `n rigting. Albei reaksies kan in wese as "gesond" in die sielkundige sin gesien word, omdat die individu wel `n besluit (kan) neem. Daarteenoor is die "watertrap"-reaksie van die ambivalente persoon juis gestroop van die aspek van defnitiewe keuse of rigting. Hierdie laasgenoemde reaksie kan vergelyk word met Pavlov se eksperimente, waar honde nie meer seker is of hulle `n sirkel of ovaal sien nie en dan nie weet watter gedragsantwoord die gewensde een sal wees nie. Die gevolg vir Pavlov se honde was eksperimentele neurose. Dit is waarskynlik presies wat gebeur met die respondent wat in onsekerheid gedompel word wanneer hy met die vraag gekonfronteer word of hy Westerse of tradisionele gedragsantwoorde op prikkels uit die omgewing moet gee. Wat Erasmus (1976) dus akkulturasiekonflik noem, is waarskynlik die gevolg van sodanige onsekerheid (of ambivalensie) met betrekking tot keuse.

Volgens Erasmus (1976) reageer respondente in die breë dus op drie wyses naamlik:

(a) (oorwegend) positief, of
(b) (oorwegend) ambivalent, of
(c) (oorwegend) negatief.

In die lig van die model van die ondersoek (Tabel 2.1) is gepostuleer dat `n individu verwestersing op drie maniere (waarskynlik uiterstes) ervaar, te wete:

/...

(a) (oorwegend) traumaties (negatief) wat die individu laat regresseer en beangs laat vasklou aan die bekende sanksionele voorskrifte van die ou bekende kultuur, of

(b) (oorwegend) neutraal (ambivalent) teenoor die Westerse kultuur. Hierdie neutraliteit spruit voort uit `n aaanvanklike onsekerheid oor die vraag of daar werklik aan die eise van die omgewing voldoen kan word. Die individu se ambivalensie laat hom dan in werklikheid "versteen" tussen die twee kulture staan (of watertrap), of

(c) (oorwegend) positief (idealisties) met `n byna "oorgawe" aan die idilliese elemente van die nuwe kultuur.

Daar is dus `n duidelike ooreenkoms tussen die model van verwestersing (Tabel 2.1) en Erasmus se TAT-Z-klassifikasies van response in terme van reaksiewyses. Die drie gevalle wat vir die kwalitatiewe ontleding gekies is, is juis gekies om elk van hierdie reaksiewyses te illustreer. Die doel is om vas te stel watter onderliggende dinamika elk van die drie verskillende reaksiewyses ten grondslag lê. Met ander woorde, wat is die kwalitatiewe betekenis van elk van die drie reaksiewyses?

Soos reeds onder 6.7 genoem is die drie "tipiese" gevalle wat vir die doel van die ondersoek hier geselekteer is, die volgende: **Geval 1:** 'n persoon wat van 'n oorwegend tradisionele oriëntasie verskuif na 'n oorwegend Westerse oriëntasie; **Geval 2:** 'n persoon wat met albei toetsings dieselfde aantal W- en T-keuse gekies het (4W en 4T); en **Geval 3:** 'n persoon wat van 'n oorwegend Westerse oriëntasie verskuif na 'n oorwegend tradisionele oriëntasie. In Tabel 7.4 word 'n uiteensetting gegee van die drie respondente se biografiese gegewens asook hulle kaartkeuses met albei toetsings.

**Tabel 7.4**

**Biografiese gegewens van die drie respondente wat kwalitatief ontleed is**

| GEVAL/ OUDERDOM | GESLAG | BEROEP | EERSTE TOETSING | | TWEEDE TOETSING | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | T | W | T | W |
| 1: 15 jaar | VROULIK | SKOLIER | 5 | 3 | 1 | 7 |
| 2: 15 jaar | MANLIK | SKOLIER | 4 | 4 | 4 | 4 |
| 3: 16 jaar | MANLIK | SKOLIER | 3 | 5 | 6 | 2 |

/...

`n Volledige kwalitatiewe responsontleding word in Bylae C weergegee. Vir die doel van die bespreking word die respons-ontleding beperk tot slegs dit wat die kerngedagte weergee.

7.3.2 Geval 1: Geïntegreerde persoonlikheidsbeeld van `n persoon wat verwestersing ondergaan het

Hierdie respondent het die grootste verskuiwing in die toets-hertoets verspreiding getoon; van `n oorwegend tradisionele oriëntasie 5(T):3(W) na `n oorwegend Westerse oriëntasie 1(T):7(W)

Bogenoemde verskuiwing dui op `n sterk begeerte om te verwesters - iets wat klaarblyklik deur blootstelling aan Westersgeoriënteerde opvoedkundige televisieprogramme geïnisieer is. Die kernvraag wat met so `n drastiese verskuiwing ter sprake kom is: hoeveel van die "nuwe" gedrag of ingesteldheid is werklik geïnternaliseer? Met die televisieblootstelling wat oor `n relatief kort termyn geskied het (ses maande), is dit moontlik dat hierdie verskuiwing slegs van korte duur is, of dat die respondent slegs op die oppervlak verander het en dat dieperliggende insig en begrip dus sal ontbreek. In dieselfde verband is dit moontlik dat, weens haar stedelike gesitueerdheid, sy in werklikheid reeds sekere besluite of veranderinge in die verband geneem het, en dat sy bloot vir die regte stimulus gewag het om uitvoering daaraan te verleen.

Die oorkoepelende beeld wat van hierdie respondent vanuit die TAT-Z-responsies verkry word, suggereer juis dat sy die besluit geneem het om vanuit die Derde na die Eerste Wêreld te beweeg. By **Kaart 1** (Kultuurkontakkaart) het die respondent `n totaal van 11 responsies gelewer. (Geen keusekaart is vir hierdie konstruk beskikbaar nie). Hoewel die respondent met die eerste toetsing by Kaart 1 aanvanklik ietwat passief voorkom betreffende haar keuse of sy na die stat of stad wil gaan, neem sy uiteindelik `n positiewe besluit - *This person decision is to go to the houses and pass the greeny grass and to go and see what is happening there.* Klaarblyklik het die persoon ook geen probleme met die grondslae van hierdie besluit nie en beweeg sy nou van `n passiewe fase na aktiewe stappe om met die Eerste Wêreld te identifiseer (sy gaan nou kyk wat in die nuwe aanloklike wêreld aangaan).

Met die tweede toetsing wil dit voorkom asof die toenemende aanraking met die Westerse omgewing dan tog `n mate van akkulturasiekonflik tot gevolg het - *It seem as if he is undecisive* (Die gras is dus nie so groen soos dit met die eerste

/...

toetsing gelyk het nie). Die persoon neem dan `n ietwat verwarrende besluit - *He will decide to go to the country because we people of today like nice homes and good things.*

Hierdie verwarring in die gemoed van die resondent is duidelik omdat "country" (die oue) nou versoen word met tipiese Westerse bekoorlikhede (mooi huise en "goeie dinge").

Dit is duidelik uit hierdie reaksie, gesien in terme van die voorgestelde model van die ondersoek (Tabel 2.1), dat die blootgestelde persoon, namate aanraking met die nuwe kultuur toeneem, waarskynlik juis toenemend akkulturasiekonflik ervaar.

Die respondent, wat in kaartkeuses van `n oorwegend T-dominante na `n oorwegend W-dominantespreiding verskuif het, het in die eerste toetsing `n T-keuse by die Gesinskaart (**Kaart 2**) en in die tweede toetsing `n W-keuse uitgeoefen. `n Totaal van 9 T-responsies is tydens die eerste toetsing en 8 W-responsies tydens die tweede toetsing gelewer. Tydens die eerste toetsafname is daar duidelike tekens van onsekerheid wat moontlik onstabiele elemente insluit - *In this picture there is a family and fire that seem to be cold.* Sy is onseker of die ou gesinsverband nog sekuriteit bied (die teenspraak: die vuur is koud). Hierdie teenspraak kan op `n moontlike distorsie van die werklikheid dui.

Daar is voorts aanduidings te vinde van opstand teen die vaderlike gesag binne die Derde Wêreldverband - *The mother is the very important person.* Om die moeder belangrik in `n patriargale opset te beskryf is in werklikheid `n skop in die tande van die patriarg, want die kultuurvoorskrif dat die vrou nie belangrik is nie, is sanksioneel. Dit is moontlik dat juis hierdie subtiele aggressie haar so geredelik na die Eerste Wêreld laat oorbeweeg, soos oënskynlik met die hertoetsing die geval blyk te wees.

Met die tweede toetsing word die vader as die gesagsfiguur geïdentifiseer - *The father is the most important person* - maar sy dra haar onstabiliteit saam met haar na die nuwe milieu toe. Die aanvanklike waarneming van `n gesin met goeie verhoudings - *He feels proud about his family* en *People in this picture all belonging to the family* - eindig met totale passiwiteit en onttrekking aan die einde van die verhaal - *After the parents have read a story to the children, they will go to bed and sleep.* Haar pogings om dieselfde gesinsverhoudings in die nuwe

omgewing te "verheerlik" slaag nie en verskuif van die aktiwiteit van lees na die passiwiteit van slaap.

By **Kaart 3** (Vader-seunverhouding) verskuif die respondent se keuse van T na W. `n Totaal van 10 T- responsies is tydens die eerste en 8 W- responsies tydens die tweede toetsing gelewer.

Met die eerste toetsing word vaderlike gesag blykbaar steeds met sterk Derde Wêreldse elemente geassosieer - *The father is telling his son how to deal with cattles, The father is showing the son where to put the cattles for grazing.*

Daar is egter tekens van diepliggende subtiele opstand - *They are family even though the mother is missing.* Hierdie subtiele opstand teenoor die absolute vaderlike gesag spreek uit die pogings om die afwesige moeder steeds by die situasie te betrek en die vader terselfdertyd subtiel te straf deur hom sonder voordele van `n eggenote te laat. Die subtiele opstand teenoor vaderlike gesag spreek nog sterker uit `n "doodsvonnis" met betrekking tot die vader wat op die wyse afstand van sy absolute gesag moet doen - *He thinks that he is now old and he much teach his son before he dies.*

Met die tweede toetsing waar `n Westerse kaartkeuse uitgeoefen word, is die beskrywing oorwegend konkreet. Die vader word in die gesagsposisie waargeneem, maar steeds egter ontneem van sy eggenote se samesyn - *They are family but is short of one person - mother.* In die oë van die respondent skyn die verhouding tussen vader en seun nie van diepgaande aard te wees nie omdat die seun wegbeweeg van die gesagsfiguur om te gaan werk - *The son will go and do his work.* Die seun is dus nie langer afhanklik van die vaderlike leiding nie - hy "doen" nou sy eie "ding" weg van die vader. Die verhouding word ook oorwegend konkreet en emosioneel oppervlakkig gesien.

By **Kaart 4** (Moeder-seunverhouding) word die T-keuse uitgeoefen. Die moeder-seunverband word nie waargeneem nie, maar die opset word met albei toetsings as dié van man en vrou beskryf. Tydens die eerste toetsing het die resondent 10 T-responsies gelewer en 7 W-responsies met hertoetsing. Die gesinsituasie word met die eerste toetsing met skynbare onderliggende subtiele opstand waargeneem deurdat die gesin kinderloos is - *They seem to have no children or I can say even a child.* Die grootste straf wat waarskynlik vir die tradisionele gesin opgelê kan word, is om hulle kinderloos te maak. Hierdie opstandigheid wek oënskynlik angs

/...

en lei daartoe dat skuldgevoelens ontstaan. Die respondent verwerk dit dan deur die vader en moeder te laat beplan om wel in die toekoms kinders te hê - *They about to multiply their number inside the house. They are going to multiply a family and get children which is going to add the number inside the house.* Daar is dus iets "verkeerd" met die gesin (kinderloos) en dit moet reggestel word (multiply).

Daar is ook die aandrang dat die gesin mettertyd moet verwesters - *Of course they can't live without money.*

Dit is duidelik dat die verwestersingsproses rondom die gesinslewe sekere probleme vir die respondent skep.

Met die tweede toetsing waar 'n Westerse kaartkeuse uitgeoefen word, word die verhouding deurgaans konkreet en passief beskryf - *It is in the house. Both are important. The two are married.* Daar is dus tekens van ontkenning van die emosionele betrokkenheid en 'n duidelike beklemtoning van die konkrete aspekte van die situasie. Dit mag die resultaat wees van die persoon se eie onvermoë om self werklik effektief te verander. Die verhouding kan slegs op die konkrete vlak en op hoogs passiewe wyse gehandhaaf word. Die subtiele aggressie teen die verhouding wat met die eerste toetsing deur die respondent gereflekteer word gaan by hertoetsing oor tot passiewe opstandigheid en 'n moontlike onvermoë om emosie in die situasie te "lees" of om enige sinvolle verhouding, tussen die manlike en vroulike figure waar te neem.

By **Kaart 5** (Houding teenoor Swart outoriteit) verskuif die respondent van 'n T- (eerste toetsing) na 'n W-keuse (tweede toetsing). 'n Totaal van 8 T-responsies is tydens die voortoets gelewer en 6 W-responsies tydens die na-toets. Uit die respondent se response met die eerste toetsing is dit duidelik dat die tradisionele gesag konkreet en absoluut waargeneem word - *This person which is standing is called by his king to go and perform something for him. He has his weapon and the king also has his weapon.*

Daar is tekens van onderliggende subtiele opstandigheid wat spreek uit die gebruik van woorde soos "seem" met verwysing na die outoritere gesag - *The king seem to have a very important deal to discuss with this person.* Dit dui moontlik ook op toenemende onsekerheid oor die werklike waarde en betekenis van die tradisionele leefwyse binne 'n omgewing wat toenemend verander - *The*

/...

*king seem to be the most important person.* Daar kan dus voorsien word dat die volgehoue aanvaarding van gesag `n probleem kan word onder omstandighede van toenemende akkulturasie.

Met die tweede toetsing waar die Westerse kaartkeuse uitgeoefen word is daar duidelike emosionele vervlakking en toenemende hantering van situasies op suiwer konkrete vlak - *This person inside his bosses room and he is greeting his boss. This person is the most important* en *It is employer and employee.*

Dit is ook opvallend dat die laaste twee response van die respondent verwring is en nie sin maak nie. Sy antwoord soos volg op die gestelde vrae: *He feel very to work for such a boss* en *The boss heel and he will go away.*

Teen die agtergrond van die respondent se vorige response is hierdie distorsie te meer opvallend. Dit kan toegeskryf word aan `n verdedigingsmeganisme wat deur die situasie uitgelok word. Dit sou ook verband kan hou met die ongemotiveerde onttrekking uit die situasie by die laaste respons van die respondent (he will go away).

Die respondent kies met albei toetsings op **Kaart 6** (Blanke outoriteit) die T-kaart. `n Totaal van 9 T-response is tydens die eerste toetssessie gelewer en 6 T-response met hertoetsing. Wat die verhouding tot Blanke outoriteit betref, dui die responsies op `n afwesigheid van emosie, en werklike kommunikasie en kontak in hierdie verhouding. Die verhouding word tydens albei toetsings baie konkreet beskryf. Tydens die eerste toetsing respondeer die toetsling soos volg: *This person is a person and his boss. The boss is telling this person what to do* en *The person is holding a digging instrument.*

Alhoewel daar op die oppervlak onderdanig teenoor Blanke outoriteit opgetree mag word, is daar tekens van "sterk onderliggende opstand"- die baas by Kaart 6 erken klaarblyklik nie die kneg se behoeftes nie en word met onderdanigheid hanteer - *He thinks it is simple to do what this man is doing because he does not do that. He thinks that this person must work hard in order to get his pay* en *This person will do what his boss wants him to do.* Submissiwiteit soos wat dit hier voorkom is die uiterlike manifestasie van onderdrukte opstandigheid. Daar kan dus verwag word dat in `n verhouding tot Blanke gesag hierdie respondent op die oppervlak onderdanig sal wees, maar onderliggend heelwat opstandigheid sal ervaar.

/...

Met die tweede toetsing word die verhouding Blanke outoriteit - Swart onderdaan as nog veel meer onderdrukkend waargeneem deurdat die Blanke as `n polisieman en die onderdaan as `n gevangene gesien word - *There are two people - a prisoner and a police.* Die opset word konkreet-outoritêr beskryf - *The police is showing the prisoner where to work.*

Die respondent voel totaal bedreig deur die verhouding tussen die twee figure soos uit die volgende responsie blyk: *The police thinks that if this person will run away he will kill and he will feel very proud about this person because he is working for him.*

Die onderdanigheid bereik `n vlak van oordrewe onderdanigheid en afhanklikheid - *The prisoner will work and the police will see how he works.*

Die ervaring van die opset (baas-knegverhouding) hou waarskynlik verband met die stereotipe wat deur die ou apartheidsbeleid waarbinne die respondent haar bevind gevestig is.

By **Kaart 7** (Selfbeeld) kies die respondent die W-Kaart tydens albei toetssessies. `n Totaal van 6 W-responsies is tydens albei toetsessies gelewer.

Die respondent identifiseer redelik sterk met dit wat in die kaart uitgebeeld word. Sy is selfversekerd oor haar eie vermoëns - *He sees himself at the mirror and feels that he is very nice. He will like to go somewhere.*

Sy is ook bewus van die toekomsvisie wat sy het om sekere uitdagings te aanvaar wat klaarblyklik in hierdie situasie verband hou met beweging vanaf `n Derde na `n Eerste Wêreldsamelewing - *He is going to go there may be to a wedding or whatsoever.*

Hierdie stellinginname hou ook met die verhaal op Kaart 1 (Kultuurkontakkaart) verband - `n aanvanklike passiwiteit verander na die besluit om aktief in die rigting van die Eerste Wêreld te beweeg.

Met die tweede toetsing is daar tekens van oormatige pogings om aanvaarbaar te wees - *This man is himself on the mirror.* Die responsie mag op distorsie dui - die man is op die spieël (is self in die spieël). Daar is ook `n beheptheid om goed te lyk - *He want to make a point that he looks cute* en *He sees himself on the mirror*

/...

*and he feels proud of himself and how he is looking.* Dit is vir die respondent nou wesenlik belangrik om aan die nuwe eise te voldoen, waarskynlik selfs in `n "obsessionele" sin.

By **Kaart** 8 (Heteroseksuele verhoudinge) lewer die respondent 7 W-responsies tydens die eerste toetsing en 6 W-responsies met hertoetsing. Die respondent neem die seksuele implikasies van die verhouding met die eerste toetsing waar - *It is a boy and his girlfriend sitting on the bed and having some feelings.*

Alhoewel daar met hierdie implikasies geïdentifiseer en daaraan meegedoen word, is daar tog tekens dat die respondent (sy is self `n vrou) onseker is of sy aanvaarbaar is - *The girl thinks that the boy does not love her and she loves him a lot and wish that they have successes on their lives.*

Die seksuele verhouding skyn problematies te wees, juis as gevolg van moontlike identifikasieprobleme met manlike gesagsfigure, wat skynbaar die gevolg is van swak identifikasie met die oorspronklike vaderfiguur. Dit sou aansluiting vind by wat op Kaarte 2, 3, 4, en 5 van hierdie respondent se verhouding tot manlike gesag gesê is. By die genoemde kaarte is probleme geïdentifiseer om met manlike gesag te identifiseer. In die seksverhouding gaan dit ook om gesag - die seksuele aanvaarding deur die man, teen wie sy klaarblyklik boonop opstandig voel.

Met die tweede toetsing is die behoefte om self ook aktief deel te neem en nie langer deur die man gelei of oorheers te word of hom te volg of vir sy leiding te wag nie, opvallend - *They will both have sex.*

Die respondent lewer 8 W-responsies by **Kaart** 9: (Groepsidentifikasie) tydens die voortoets en 6 W-responsies tydens hertoetsing.
Die respondent is klaarblyklik bewus van die eise wat die Westerse omgewing in sosiale verband aan haar gaan stel. Sy skyn bewus te wees van die feit dat kompetisie en individuele prestasie in die Westerse omgewing deurslaggewende elemente vir sukses is. Sy neem nou nie slegs op dieselfde vlak deel soos by Kaart 8 geblyk het nie, maar kompeteer selfs vir prestasie - *They are competing. The two are going to win and the four are going to loose.*

Dit is opvallend dat die beskrywing van die situasie enersyds in belangrike opsigte ooreenstem met die responsies op dieselfde kaart tydens die tweede protokol; andersyds is dit egter ook opvallend dat die beskrywing baie meer konkreet van aard is. Dit mag dui op verhoogde angs as gevolg van die toenemende eis om te kompeteer en te presteer - *The abjudicator will choose the winner.*

/...

By **Kaart** 10 (Aggressiekaart) lewer sy 9 response tydens die eerste toetssessie en 6 met die tweede. (Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie) Dit wil met die eerste toetsing voorkom asof die respondent taamlik onseker voel oor aggressie vanuit haar omgewing. Sy reageer soos volg op die gestelde vrae:

*They are fighting against some people. This person don`t know what to do* en *He thinks this people are going to hit him.* Sy hanteer dit dan met die meganismes van "ontkenning" en "onttrekking" - *He is going to leave them and go back because he is alone and he can`t do nothing. They are also going to go back from where they comes from.*

Dit wil ook voorkom asof die respondent nie seker is of outoriteit in die gemeenskap werklik beheer oor die aggressie kan uitoefen nie.

Met die tweede toetsing is daar tekens van meer onbeheersde aggressie as tydens die eerste protokol - *The people in this picture striking and they want to kill the police.* Die aggressie word op die polisie gerig, - *He think that this people are going to kill him and he feels sorry for them because they are going to arrested.*

Uiteindelik word die aggressie weer met onttrekking en ontkenning beheer - *He will stop the fight and tip those people. They will go back to their places.* Die mense op Kaart 10 draai dus in die aangesig van aggressie om en gaan terug huis toe. Aggressie word derhalwe in die finale instansie sterk onderdruk.

Die opvallende aspek van hierdie respondent se response is die konkrete aard daarvan. Dit mag daaraan te wyte wees dat die respondent dit moeilik vind om met insig en emosionele meebelewing met "vreemde" Westerse situasies te identifiseer en om te gaan. Die behoefte om van die Derde na die Eerste Wêreld te beweeg is met ander woorde wel daar, maar die relatiewe afwesigheid van begrip en insig in sodanige situasies, maak emosionele meelewing moeilik. Die nuwe wêreld is dus nog eerder 'n konkrete (waargenome maar nie geïnternaliseer nie) as emosioneel beleefde wêreld (verinnerliking steeds relatief afwesig). Spreekwoordelik kan daar gesê word dat die respondent in die gretigheid om met die Eerste Wêreld te identifiseer, dalk `n te groot hap as deel van haar eerste tree gevat het. Die beweging na die Eerste Wêreld het dus gepaard gegaan met `n mate van prysgawe in terme van emosionele meelewing (insig en begrip). Daar is ook elemente van verwringing op sekere kaarte te bespeur, soos op Kaart 1 waar die respondent probeer om 'country' en 'nice living' te koppel op `n wyse wat nie duidelik gemotiveer word nie.

/...

Daar is dus moontlike tekens van wat Erasmus (1977) akkulturasiekonflik noem. Dit sluit ook aan by die siening van akkulturasie as `n proses wat altyd van orde deur chaos terug na orde verloop. Wat dus met hierdie respondent gebeur kan soos volg uiteengesit word: Sy het van `n tradisionele belewenis waarmee sy kon identifiseer beweeg na `n proses van ontworteling waar sy haar enersyds losmaak van die ou kultuur; andersyds vind sy haar in `n posisie waar sy wel midde-in die nuwe wêreld staan, maar nie in staat is om emosioneel mee te leef met die eise wat hierdie kultuur aan haar stel nie. Dit veroorsaak dus die tydelike proses van ontworteling, verlorenheid en onsekerheid.

Haar oorgretigheid om te beweeg, maak haar probleem nog groter en veroorsaak die akkulturasie-konflik. Oorgretigheid om met die nuwe kultuur te identifiseer, spreek onder andere uit die byna dramatiese beweging vanaf `n verhouding van 5(T):3(W) by die eerste toetsing na 1(T):7(W) by die tweede toetsing. Die respondent se relatiewe onbetrokkenheid, emosioneel gesproke, in die verhale van die tweede toetsing, in vergelyking met die eerste toetsing, word ook gereflekteer deur die feit dat daar aansienlik minder response by die tweede protokol gegee is as in die geval van die eerste protokol. Hierdie toename in W-response dui waarskynlik op `n sterk begeerte (ooridealisering) tot verwestersing wat deur die televisieprogramme gestimuleer is. Maar die nuwe situasies wat nou in oormaat gekies word, is nog te vreemd om werklik ruimte vir emosionele meelewing en dus sinvolle nie-konkrete responsies te bied.

In terme van die model van verwestersing (Tabel 2.1) van hierdie ondersoek reageer hierdie respondent inderdaad op die kultuurskok wat sy ervaar met `n "oorprogressering" - die waardes van die nuwe kultuur word oorgeïdealiseer, maar die werklike verinnerliking bly agterweë. Die resultaat is dat emosionele meelewing nie voltrek word nie, want die ou tradisionele verwysingsraamwerke ("kondisioneringe") het nog hul houvas. Dus is daar konflik tussen:

(a) die houvas van stamgebondenheid ("die individu terwille van die groep") teenoor die relatief afwesige verinnerliking van die Westerse eis om individualiteit ("die groep terwille van die individu");

(b) die tradisionele voorskrywende sanksies en kollektiwisme teenoor die eis om individualiteit en kompetisie kenmerkend van die Westerse wêreld;

(c) die afhanklikheid (aan gesag) in die tradisionele gemeenskap teenoor die eis aan relatiewe onafhanklikheid en selfgerigtheid in die moderne Westerse gemeenskap.

/...

Die respondent se probleem lê dus op die vlak van die "geïdealiseerde" sprong wat sy neem in die relatiewe afwesigheid van verinnerlikte nuwe waardes.

Voorafgaande afleiding sluit aan by `n siening van Verhaegen (1966) dat baie Afrikane in die proses van verwestersing die Westerse kultuur aangryp omdat hulle dit idealiseer. Werklike verinnerliking van die nuwe kulturele simbole bly vir minstens drie geslagte agterweë. In tye van krisis sal hierdie "make believe-Westerlinge" steeds terugval op die oorspronklike sanksies, voorskrifte en sekuriteit van die bekende tradisionele kultuur.

7.3.3 <u>Geval 2: Geïntegreerde persoonlikheidsbeeld van `n "ambivalente" persoon</u>

Hierdie respondent het geen verskuiwing in T en W-keuses tussen die eerste en tweede protokol getoon nie. Met albei toetsings het hierdie respondent 4T-kaarte en 4-W-kaarte gekies.

Hierdie respondent staan in die woorde van WEG Louw duidelik "halfweg teen die helling aan." Geoordeel na sy T- en W-verspreiding, staan hy "in die middel" tussen die tradisionele en Westerse kulture.

By **Kaart 1** (Akkulturasiekaart) lewer hierdie respondent 9 response tydens die voortoets en 8 tydens die na-toets. (Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie).
Tydens die eerste toetsing kom die respondent voor `n keuse te staan wat hy aanvanklik passief hanteer - *In this picture this man is thinking of the town and the farm. He want to make a decision where he should go.* Hy onttrek homself aanvanklik en probeer homself aktiveer vir aktiewe optrede. Dit geskied egter slegs op fantasievlak (thinking). Hy oefen hierna `n keuse uit en sien die voordele van die keuse wat hy uitgeoefen het in en doen iets positief hieromtrent - *His decision is to go to town because this place is big and he could get a job. He will get a job and get money for his family.*

Dat die respondent nog met die een voet in die tradisionele omgewing staan en met die ander voet in `n Westerse omgewing is duidelik soos blyk uit die responsies wat hy gee op Kaart 1 tydens die tweede toetsing - *In this picture we see this person is thinking of a town. And on the farm he see that in the town there are big houses. And at the farm the houses are small and there is no care.*

Die respondent neem die konkrete aspekte van die twee omgewings waar en is in staat om te identifiseer met die eise wat die stedelike omgewing aan hom stel.

/...

Hy aanvaar dit in `n positiewe gees en neem `n duidelike besluit: *His decision is to go to town so that he can get to work for his family He is feeling good about the decision he has taken.*

Tydens die eerste en tweede toetsings by **Kaart 2** (Gesinsverhoudings) word met die Westerse gesinsopset geïdentifiseer. Die respondent lewer 7 W-responsies tydens die voortoets en 6 W-responsies met hertoetsing. Die responsies rondom hierdie situasie is tydens die eerste toetsing aanvanklik konkreet, maar tog word die waarde van die identifikasie met Westerse simbole, veral opvoeding waargeneem en gerapporteer - *View that they could get educated so that they could work hard and get thing which he has. This person will live better life and educated as the others.*

Daar is nie tekens van angs nie, hoewel daar tekens van `n praktiese en konkrete benadering tot die situasie is.

Met die tweede toetsing identifiseer die respondent met dit wat op die kaart uitgebeeld word en beskryf die gesinsopset konkreet. Daar is tekens dat die respondent die gesagsopset in hierdie prent nie ten volle kan hanteer nie. Hy distansieer die ouerfigure na grootouers: *They are related of grandmother and grandfather.*

Die "gesonde" identifikasie van die eerste toetsing, gaan oor in tekens van aanpassingsprobleme met die hertoetsing, as die respondent tekens van opstandigheid teen manlike gesag begin openbaar en die vrou nie ondergeskik aan die man stel nie: *Both parents are important.*

Daar is ook tekens dat hy bedreig mag voel deur die betrokke omgewing en nie behoorlik weet hoe om op te tree ten einde aan die eise van die betrokke omgewing te voldoen nie daarom sien hy hulle in sy verhaal as onseker - *They feel they are in danger of sitting next to the fire because it is dangerous* - Hierdie onsekerheid hoe om die eise van die omgewing te hanteer laat die respondent in passiwiteit onttrek *They will go to eat or sleep.*

By **Kaart 3** (Vader-seunverhouding) herhaal die respondent ook sy W-keuse met die tweede toetsafname. Tydens die eerste toetssessie lewer hy 5 W-responsies en 6 W-responsies met hertoetsing.

Tydens die eerste toetsing is daar `n behoefte om hom los te maak van die tradisionele en te identifiseer met Eerste Wêreldsimbole, byvoorbeeld geld. Daar is `n poging om te rasionaliseer waarom dit gerade is om dit te doen. Hierdie

pogings slaag nie heeltemal nie - *He think that these person must sell their cows and get money so that they could buy a new house look like their one and the better life.*

Die respondent neem die figure waar as grootouer en kleinkind wat impliseer dat die distansie tussen die Swart gesagsfiguur en die ondergeskikte vir hom relatief "groot" is: *In this picture the grandfather is telling a story to his small boy that what was happening during the time and they are drinking tea.*

Die pogings wat aangewend word om die situasie te hanteer slaag nie en word gevolglik met onttrekking hanteer - *The small boy will go to sleep* (slaap is `n teken van onttrekking).

Die kind word as klein gesien - en nie in staat om na homself om te sien nie. Hy word ook waargeneem as nie instaat om werklik te voldoen aan die eise wat aan hom gestel word nie - hy onttrek dan ook en gaan slaap (die eise is vir hom oorweldigend).

Tydens die tweede toetsing word daar op `n verwronge wyse gepoog om enersyds veranker te bly aan die oue en andersyds betrokke te raak by die nuwe deur die ander kaart by hierdie konstruk te betrek: *They are related of that people in three T of son and grandfather.*

Die sprong van die T- na die W-kaart kan op ontvlugting dui. Die eise van die werklike lewe word voorts verder ontken deur van `n vermenging gebruik te maak - die spronge van W- na T-kaarte en die ongefundeerde "integrasie" van Westerse en tradisionele omgewings, byvoorbeeld die tradisionele en Westerse grootouers saam in `n Westerse omgewing met hom: *We see grandfather and son sitting on table. He think that he could come and stay together in town so that they can ....*

Die respondent voel die afstand in verhoudings en situasies wat deur die verskillende omgewings aan hom gestel word oënskynlik sterker aan en wend pogings aan om dit te verwerk maar deur op irrelevanthede te konsentreer - *Grandfather will like to get another cup of tea*
Hierdie verwerking van die eise is nie altyd suksesvol nie en daar kan voorsien word dat die respondent probleme sal hê om die uitdagings van die nuwe wêreld behoorlik onder die knie te kry en te verinnerlik.

Die respondent oefen by **Kaart 4** (Moeder-seunverhouding) tydens albei toetsings die T-keuse uit. Die totale aantal response op hierdie kaart tydens die eerste en tweede toetsings is onderskeidelik 7 en 6.

/...

Daar is pogings met die eerste toetsing om die tradisionele figure met `n die Eerste Wêreldopset te assosieer: *He thinks that they are rich, they are educated and they have better homes.*

Hierdie poging slaag nie en lei uiteindelik tot `n terugval (regressie) na die keuse van die tradisionele opset, wat reeds met die keuse van die tradisionele kaart as sy werklike verwysingsraamwerk gevestig is: *Mother will go to cook and father will plough in the field.*

Met die tweede toetsing dui die responsies op `n oorwegend konkrete benadering. Daar is `n subtiele opstandigheid teen manlike gesag in die Derde Wêreldkonteks: *Grandmother is the important person in this picture.* Daar is `n poging om die Derde Wêreld te distansieër deur die figure grootouers te maak en hulle te verbind met die Derde Wêreldsimbole (cattle) - *Grandfather is thinking about his cattle.*

Nogtans word daar `n poging aangewend om die Derde Wêreld en die Eerste Wêreld met mekaar te versoen (die grootouers woon in die stad) - *He feel they are staying good in town.* Die kerngedagte is dat die respondent waarskynlik nog nie ten volle daarin geslaag het om sy identifikasie met die eise van die Eerste Wêreld te voltrek nie.

Die T-keuse word met albei toetsings by **Kaart 5** (Houding teenoor Swart outoriteit) gedoen. Tydens albei toetsings lewer die respondent 6 T-responsies. Tydens die eerste toetsing word die tradisionele outoriteitsopset konkreet waargeneem en beskryf. Dit wil egter voorkom asof die persoon onderliggend ietwat opstandig teen die tradisionele gesagsrol is. Om daardie rede word die onderdaan verhef tot die vlak waar die twee figure as bure beskryf word - *They are related because they are neighbours.* Dit kan egter nie hanteer word nie en word verwerk deur die onderdaan stil-stil te laat onttrek, klaarblyklik om die "onbetwisbare" (tradisionele) gesag van die vaderfiguur te herstel - daar is dus niemand om die vader se gesag uit te daag of te betwyfel nie - *The father will go back to his house because the other has gone.*

Met die tweede toetsing kom die respondent steeds onseker met betrekking tot outoriteit voor. Alhoewel hy, wanneer hy met die vraag gekonfronteer word, die outoriteitsposisie van die sittende figuur waarneem, verwerk hy dit onmiddellik daarna deur die persone op gelyke vlak te plaas - *The most important is the one sitting down* en *Because they are neighbours* ("gelyke" vlak).

/...

Die respondent is duidelik ambivalent wat betref die oorgang vanaf die tradisionele na die Westerse lewenswyse - *He think a lot about him* en *The one who is sitting down will get into the house* (regressie terug na die veilige en bekende omgewing). Die behoefte om met die Westerse lewenswyse te identifiseer bestaan wel, maar die bande met die tradisionele is steeds sterk.

Wat **Kaart 6** (Houding teenoor Blanke gesag) betref word die T-keuse by albei toetsings uitgeoefen. Tydens die voortoets lewer die respondent 7 T-responsies en 5 T-responsies met hertoetsing. Die situasie word tydens die eerste toetsing konkreet waargeneem vir wat dit is: Blanke baas teenoor Swart onderdaan. Die situasie kan skynbaar nie verwerk word nie en daar is subtiele opstandigheid teenoor die opset - *The man who is working is the most important person.*

Die respondent probeer om die situasie te omseil deur die Swartman op te hef. Dit word egter gedoen sonder dat aggressie in die proses teen die Blanke geprojekteer word - *This man will finally to nightschools so that he could learn and get educated so that he could get a good job.*

Tydens die tweede toetsing is dit opvallend dat die respondent hierdie keer die feit dat een persoon Blank en die ander Swart is, ontken - *They are related of father and son.*

Die rede vir sodanige ontkenning is waarskynlik \`n poging om ten volle te kan identifiseer met die eise van Blank-Westerse Eerste Wêreld en volledig deel te hê aan daardie lewenswyse. Die respondent voel die kleurfaktor waarskynlik juis in \`n apartheidsgemeenskap as \`n hindernis aan wat sy rol in die Eerste Wêreld mag beperk en hom volle kwalitatiewe deelname mag belet - daarom die "distorsie" dat die Blanke en Swartfiguur bloedverwant is.

Daar word by **Kaart 7** (Selfbeeld) met albei toetsings die W-keuse gemaak. \`n Totaal van 7 W-responsies word met die eerste toetsing gelewer en 6 W-responsies met die tweede toetsing. Met die eerste toetsing is die respondent bewus van die feit dat hy aan sekere standaarde betreffende sy selfbeeld moet voldoen. Die respondent volg die weg van introspeksie om te probeer vasstel in watter mate hy wel aan die vereistes wat sy omgewing stel, voldoen - *So that he could see his mistakes on his wearing* en *He see himself whether he is very good or not.* Daar is oënskynlik selftevredenheid met sy selfbeeld (hy "aanvaar" homself) - *He feel that he is wearing good.*

/...

Die respondent is ook oortuig daarvan dat hy daarin slaag om aan die eise wat sy omgewing aan hom stel, te voldoen - *He will finally go to work.*

Met die tweede toetsing poog die respondent om sy selfbeeld op vaste grond te vestig deur met die figuur in 'n gesagsposisie op die kaart te identifiseer. Dit gebeur waarskynlik omdat die Westerse eise nie volledig begryp word nie en hy hoop om beheer daaroor te verseker deur dit vanuit 'n gesagsposisie te benader - *In this picture we see father looking himself on the mirror.*

Hierdie pogings slaag egter nie werklik nie en in 'n klaarblyklik volgehoue poging om wel in beheer te bly, probeer hy vir die gebrek aan begrip van die eise wat aan hom gestel word, vergoed deur aan die konkrete werklikhede van die situasie vas te klou - *So that he can see a mistake on his clothes.*

Uiteindelik probeer hy om homself te laat geld deur te voldoen aan die konkrete verwagting om te werk - *He will go to his work.*

Die T-keuse by **Kaart 8** (Sekskaart) word met albei toetsings uitgeoefen. 'n Totaal van 6 T-responsies word met albei toetsings gelewer. Met die eerste toetsing word seksuele aspekte op relatief konkrete wyse waargeneem en beskryf. Die responsies is ook oorwegend konkreet, soos dikwels met Derde Wêreldrespondente gevind word. Daar is geen tekens van probleme rondom seksualiteit nie - *This man need this women. He is showing that he loved her.*

Met die tweede toetsing is dit opvallend dat dit sterker tradisioneel ingeklee word as wat die geval met die eerste toetsafname was: *This guy is proposing a girl giving a necklace showing he loves her.* Die seksualiteit van die situasie word konkreet en emosioneel "korrek" (volgens die tradisionele voorskrifte) beleef.

Met albei toetsafnames in die geval van **Kaart 9** (Groepsidentifikasie), word die Westerse opset asook 'n element van kompetisie beklemtoon. 'n Totaal van 5 W-responsies word met albei toetsings gelewer.

Met die eerste toetsing is daar die gevoel dat die outoriteitsfiguur in die Eerste Wêreldopset belangrik is: *The most important is the person that is watching* en hy verwag iets van die situasie wat hy waarneem - *He feel that they could dance hard so that they could do competitions.* Wat hy verwag, is kompetisie en prestasie (tipies Eerstewêrelds).

/...

Die tradisionele siening van ouderdomsgroepe wat `n soort verwantskap tussen mense meebring, word op die nuwe situasie geprojekteer. *He is related to each other because they are youth.*

Met die tweede toetsing geskied die waarneming binne die konteks van die individu in groepsverband. Opvallend is die feit dat die respondent oorwegend konkreet bly in sy beskrywings, maar wel sterk bewus is van die aspek van kompetisie wat kenmerkend is van die Westerse samelewing - *He think they will be professional dancers. They will go to the dance competition.*

Tydens albei toetsings van **Kaart** 10 (Aggressiekaart) word 6 response gelewer. (Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie). Daar tekens van moontlik onbeheersde aggressiwiteit by die respondent tydens die eerste toetsing - *They will die other will get injured.*

Die opvallende feit is dat effektiewe meganismes van kontrole oor aggressie afwesig mag wees - *I don't see the most important person because this people are fighting.* Die respondent is blykbaar in `n onvermoë om te besluit wat die gevolge van aggressiewe handelinge kan wees - *Nothing will happen to you.* Die "aankyker" is dus `n passiewe deelgenoot in die situasie.

Met die tweede toetsafname is die opvallende aspek dat aggressie waargeneem word en dat die waarnemer nou aktief optree en ook daarin slaag om hierdie aggressie effektief te beheer - *He will make peace to this people* en *They will not fight and go to their home.*

Uit hierdie respondent se responsies is dit duidelik dat hy homself in twee wêrelde bevind. Daar is ook duidelike pogings om sy verbintenis aan die tradisionele te akkommodeer terwyl daar terselfdertyd tog `n beweging na verwestersing plaasvind. Die respondent is oënskynlik ambivalent oor hierdie proses. Enersyds wend hy pogings aan om met `n tradisionele "verlede" te assosieer deur die figure as grootouers te identifiseer wat hulle besig hou met konvensioneel-tradisionele take (hy distansieer dus die "verlede"); andersyds word Westerse simbole aanvaar as deel van die alledaagse lewe, byvoorbeeld mense wat werk om geld te verdien en mense wat in `n Westerse omgewing woon (en dit is duidelik vir hom die werklike nou en hier van die situasie). *He think that these person must sell their cows and get money so that they could buy a new house look like one and better life.*

/...

Die opvallende feit is dat daar wel in `n sin "mobiliteit" was vanaf die eerste na die tweede toetsing - hoofsaaklik betreffende die hantering van sy aggressie. Waar daar `n afwesigheid van kontrole oor aggressie-response in die eerste toetsing was - *nothing will happen to you* - maar onmiddellik daarna - *they will die other will get injured* - by Kaart 10, is dit opvallend dat sterk kontrolemeganismes oor aggressiewe impulse by die hertoetsituasie voorkom. *The most important person is the policeman. He feels that there must be peace. They will not fight and go to their home.* Daar is dus met die hertoetsing minder blyke van die tipiese ou wêreldfatalisme van "what will be will be" aanwesig - die figuur is nie langer passiewe prooi van sy omstandighede nie, maar voel dat iets daadwerkliks gedoen moet word om die aggressie te beheer.

In terme van die model van verwestersing (Tabel 2.1) fluktueer hierdie respondent duidelik tussen die gedragsmodaliteite van die Westerse en tradisionele kulture. Dit is waarskynlik as gevolg van die ontworteling wat die kultuurskok in sy beweging van die tradisionele na die Westerse omgewing meebring. Die sanksionele bindinge van die tradisionele kultuur dien as remminge wat effektiewe verwestersing belemmer. Die respondent ervaar dus in Erasmus (1977) se terme akkulturasiekonflik.soos duidelik blyk uit sy onvermoë om tussen Westerse en tradisionele omgewings te kies.

### 7.3.4 Geval 3: Geïntegreerde persoonlikheidsbeeld van `n persoon wat geregresseer het

Hierdie respondent het die grootste regressie getoon van W-keuses na T-keuses in die toets-hertoets verspreiding. Hy het naamlik verskuif van `n 3T-5W verhouding tydens die eerste toetsing na 6T-2W met hertoetsing.

Die respondent het by **Kaart 1** (Akkulturasiekaart) 8 response tydens die eerste toetsing gelewer en 7 met hertoetsing. (Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie). Met die eerste en tweede toetsing neem die respondent die keuse waarvoor hy te staan kom duidelik waar, maar is nie seker watter weg om te volg nie. Hy reageer soos volg op Kaart 1 met die eerste toetsing: *Whether to go to the city or go to the farm. He going to follow it. He feels sure whether his it good or not.* Voorts vermy die respondent om aan te dui watter van die twee wêrelde hy sal verkies - *The person will just do what he thinks is right.* Die reaksie is dus onseker en duidelik ambivalent.

Met die tweede toetsing wil dit voorkom asof die toenemende aanraking met die Westerse omgewing `n mate van akkulturasiekonflik tot gevolg het. Die respondent identifiseer aanvanklik sterk met die situasie en probeer die situasie ten volle evalueer deur dit vanuit elke moontlike hoek te bekyk en te beoordeel - *It is whether to go to an urban area or a rural one. Thinking of which choice to take. Either to go to a rural area or a urban one. Take it a rightful consideration.* Terselfdertyd wil hy seker wees dat hy `n keuse uitoefen wat positiewe gevolge sal hê - *He is going to be sure about it and to have confidence.*

In hierdie stadium is die respondent duidelik nie gereed om die keuse te maak nie en weerhou hom ook dan van die storie tot die uitoefening van `n keuse. Om te (moet) kies impliseer waarskynlik angs vir hom.

Die respondent kies tydens albei toetsings die T-kaart by **Kaart 2** (Gesinsverhoudinge). Tydens die voortoets lewer die respondent 7 T-responsies op hierdie kaart en 6 T-responsies met hertoetsing. Tydens die eerste toetsing is dit duidelik dat die respondent heelwat emosionele sekuriteitsprobleme met die konstruk ervaar - *The family here is feeling cold and they decided to sit around the fire. The reason being to feel warm and relaxed.* Daar is subtiele opstandigheid teen die vaderfiguur wat as emosioneel afwesig ervaar word - *Mother is the most important. The three small ones are the children to the two elder ones who are the father and the mother.* Die moeder word as die potensiële bron vir emosionele warmte en sekuriteit waargeneem - *She feels great because she has made fire for them in order to feel warm.* Daar is `n behoefte aan veiligheid wat oënskynlik afwesig is maar waarna gestreef word - *They are no more going to feel cold before because of the fire they have sat around.*

Met die tweede toetsing is die aanvanklike onsekerheid wat by die eerste toetsing te bespeur is, totaal afwesig. Die respondent neem sy omgewing konkreet-realisties waar. Hy aanvaar die Derde Wêreldverhoudings wat hier uitgebeeld word en vind daarin sekuriteit en emosionele warmte - *It is mother, father and children and they care very much of each other. The father is the most important person. Father, mother and the children, they are going to be happy.* Die situasie word in geen opsig bevraagteken nie. Dit kom voor asof hy nou van onsekerheid tydens die eerste toetsing na `n beeld wat "gesonde" sekuriteit binne die tradisionele opset verraai, verskuif het.

By **Kaart 3** (Vader-seunverhouding) kies die respondent tydens albei toetssessies die T-kaart en lewer 6 T-responsies tydens die eerste toetsing en 5 met hertoetsing. Met die eerste toetsing identifiseer die respondent met die vader-kind-seunverhouding van die konstruk - *Here the father is advising his child about how to take care of the cows and how important are they to them.* Daar is aanvanklik onsekerheid of hy wel in staat is om sy verantwoordelikhede te aanvaar - *He thinks now he is able to take care of his cow and knows he is suppose to handle them.* Die respondent verwerk die situasie deur die aanvanklike "kind" `n "seun" in sy responsies te maak, nie uit eie oortuiging nie, maar omdat die vader so "besluit." - *The boy is going to take what his father told him into consideration and act it out.* Daar is egter oorheersend aan die einde van die verhaal die gevoel dat die respondent ietwat onseker van sy eie rol mag wees (hy sal dit wat sy pa sê in ag neem en dit uitvoer).

Met die tweede toetsing kom die respondent seker voor met betrekking tot die eise wat sy Derde Wêreld aan hom stel. Hier word die relatiewe onsekerheid wat teenwoordig van die eerste toetsing, verplaas met `n beeld van emosionele stabiliteit met die hertoetsing. Hy aanvaar die gesagstrukture teen die agtergrond van hierdie opset oënskynlik sonder teenstand - *The father is the most important. He feel that the child have to have the skill he have so that he can take off what was his.* Die respondent identifiseer sonder teenspraak met die konvensionele opset in tradisionele verband en vind klaarblyklik emosionele sekerheid in sy eie potensiaal - *The child is going to see the..... and the child is going to use the potential he has.*

Die respondent verskuif van `n W- na `n T-keuse by **Kaart 4** (Moeder-seunverhouding). Tydens die eerste toetsing lewer hy 7 W-responsies en 6 T-responsies met hertoetsing. Met die eerste toetsing benader die respondent die situasie aanvanklik met onsekerheid. Die onsekerheid blyk uit die feit dat die figure in hierdie konstruk eers as persone waargeneem word sonder `n duidelike aanduiding van hulle verhouding tot mekaar. Die respondent bly aanvanklik ook baie konkreet in sy beskrywing van die situasie - *Here two people are sitting on the table. They have tea with them and are discussing.*

Mettertyd slaag die respondent daarin om die situasie tot een waar die figure as man en vrou gesien word te verwerk. Die gesag van die manlike figuur word ook uiteindelik gevestig - *It is husband and wife. He feels very happy about her.* `n Interaksie op emosionele sowel as persoonlike vlak word dan waargeneem en lei

tot `n bevredigende einde vir die opset wat die respondent waarneem en beskryf - *Because she's able to co-operate with him as she is able to share her time with him and discuss.*

Die onsekerheid en skynbare onpersoonlikheid wat met die eerste toetsing gereflekteer word, verskuif by die tweede toetsing na `n beeld wat emosionele stabiliteit binne die tradisionele (T-keuse) situasie reflekteer - *It's husband and wife. Father is the most important. He feels he loves her and feel comfortable having her around near him. They are going to have a nice time they never had in their lifetime.* Die verhoudings teen die agtergrond van sodanige (tradisionele) verwysingsraamwerk is vir hom duidelik en sekuriteitsbiedend.

Die respondent kies by **Kaart 5** (Houding teenoor Swart outoriteit) by albei toetsings die T-kaart en lewer 8 T-responsies tydens die voortoets en 5 T-responsies met hertoetsing. Met die eerste toetsing wil dit voorkom asof die respondent `n probleem met betrekking tot selfgelding het - *The teaching is about how to hold a speer.* Die respondent probeer meer spesifiek wees en sy responsies dui daarop dat dit hier inderdaad gaan om `n konkrete les in selfgelding vir die jonger man - hoe om `n spies vas te hou. Die "vashou" is hier waarskynlik simbolies van die vermoë om dit "reg te hanteer". Die "spies" is simbolies van aggressiwiteit of selfgeldende handeling.

Die respondent probeer in sy identifikasie met outoriteit sy eie plek in sy leefwêreld te vestig. Hierdie vestigingsproses is egter nog `n faktor waaroor hy skynbaar onseker is en waarmee hy worstel - *Therefore he feels he must how to use it during the time when necessary. The boy is going to see how important is the lesson that his father taught him.*

Met die tweede toetsing word die outoriteitsopset wat binne die bepaalde leefwêreld geld, waargeneem en beskryf. Die situasie word onbevraagtekend aanvaar - *It is father and son. He think they have to take lessons that are taken by each and every man around. The young one is going to use what he had been taught.* Dit kom voor asof die respondent met die leefwêreld wat hier uitgebeeld word identifiseer en daarin vertroue het (en dus sekuriteit vind).

By **Kaart 6** (Houding teenoor Blanke outoriteit) kies die respondent met albei toetsings die W-kaart en lewer telkens 7 W-responsies. Dit is opvallend dat die respondent by hierdie konstruk onmiddellik die relasie van

oorgeskikte/ondergeskikte aanvaar en daarmee konformeer - *The manager is showing his employee what to do. And he feels good because he's able to listen and co-operate on what he is being told. The employee is going to see the necessity why he was taught first before he can start with what he was to do.*

Met die tweede toetsing is daar tekens van opstandigheid teenoor die werkgewer in hierdie opset - *He is intruiting his employer and telling what to do in a urban area. Because without him the employer can never do anything.* Daar kan uit hierdie responsies aanvaar word dat die respondent, (alhoewel hy dit nie noem nie), die Blank-Swartopset van die konstruk duidelik waarneem en dat dit waarskynlik juis sy opstandigheid ten grondslag lê. Dit motiveer ook waarskynlik waarom hy hier `n W-keuse maak omdat hy die opset waarin die Blanke in die konstruk verskyn, met die Eerste Wêreld van die stedelike omgewing assosieer. Subtiele opstandigheid teen die Blanke word duidelik in die responsies van die respondent gemanifesteer - *He needs his help and potential.* Hy verwerk dit egter suksesvol en slaag daarin om dit sodanig te rasionaliseer dat die afloop in belang van albei partye is - *They are going to have successes in what they are planning.*

Die respondent verskuif by **Kaart 7** (Selfbeeld) van `n aanvanklike W-keuse na `n T-keuse met die hertoetsing. Tydens die eerste toetsing lewer die respondent 5 W-responsies en 7 T-responsies tydens hertoetsing. Tydens die eerste toetsing skyn daar `n behoefte te bestaan om effektief te konformeer. Die respondent oefen sy introspeksie op `n selfondersoekende wyse uit wat daarop gerig is om aan die eise van sy omgewing te voldoen - *The man here is watching himself on a mirror in order to see himself properly and whether he is well dressed. He watching himself on the mirror.* Daar is `n gevoel dat hy wel in staat is om dit te doen - *He see himself and feels happy about it.* Die behoefte is om aan die eise van `n Westerse omgewing te voldoen - *Where like that and be like that always. He's going to try to put his feelings into action and consider them.*

Die respondent is onseker hoe om aan hierdie eise, in sy behoefte om te verwester, te voldoen. Dit is waarskynlik hierdie respondent se primêre probleem: Hoe maak hy die sprong? Hierdie dilemma word ook deur die groot verskuiwing van oorwegend Westerse response (eerste toetsing) na oorwegend tradisionele response (tweede toetsing) gereflekteer. Sy onvermoë om die finale sprong te maak word deur die feit dat hy van 5W:3T na 2W:6T verskuif, versinnebeeld.

/...

Met die tweede toetsing identifiseer die respondent klaarblyklik met `n selfbeeld in terme van die Derde Wêreld waarin hy hom bevind. Hierdie Derde Wêreld word oorwegend met die landelike geassosieer. In vergelyking met die responsies op Kaart 6 sou hier gesê kon word dat die respondent onbewustelik `n onderskeid tussen die stedelike wêreld as Blank-Westers en die landelike wêreld as tradisioneel maak - *Here the man is watching his image in the mirror. The man is in a rural area.* Die respondent skyn tevrede te wees met sy selfbeeld teen die verwysingsagtergrond van die landelike waarin hy dit plaas - *He'll be happy and joyful of himself and his appearance.* Dit is `n beeld wat verskuif van relatiewe labiliteit tydens die eerste toetsing na relatiewe stabiliteit met die tweede toetsing. Die opvallende feit is egter dat die respondent terugtree na sy eie wêreld vir sekuriteit, eerder as daaruit tree.

By **Kaart 8** (Heteroseksuele verhoudinge) word die W-keuse tydens albei toetsings uitgeoefen en telkens word 5 W-responsies gelewer. Met die eerste toetsing word die konstruk waargeneem, maar in die finale instansie word die seksuele implikasies ontken - *Here two people are ready to sleep and they are still dressing out. They will just go to sleep happily without a grudge or an argument.*

Dit is opvallend dat die man ondergeskik gestel word in die huweliksituasie aan die gesag van die vrou - *The woman is the most important. He thinks he is right for her and feels happy and great to have such a wife.* Dit mag daarop dui dat die respondent in die algemeen nog ondergeskik voel, soos ook uit die kaarte blyk waar hy hom aanvanklik as kind ondergeskik stel aan die gesagsfiguur.

Met die tweede toetsing is dit vreemd dat die respondent die W-keuse maak gesien sy oorwegende oriëntasie (oorwegend T-keuses), soos uit die res van die protokol blyk. Hy neem die seksualiteitsopset sonder enige probleem waar. Daar is aan die einde slegs twyfel oor die permanentheid van die verhouding - *They will either marry or stay the same and develop more love.* As dit om permanentheid gaan, is die band (marry) afwesig.

Die respondent verskuif by **Kaart 9** (Groepsidentifikasie) van `n W-keuse na `n T-keuse. Tydens die voortoets lewer die respondent 8 W-responsies en 5 T-responsies met hertoetsing. Die respondent skyn uitgesluit te voel by sy sosiale omgewing tydens die eerste toetsing. Daar is oënskynlik `n sterk behoefte om wel in hierdie opset opgeneem te word - *The person who is standing alone is the most important. He feels that he could be dancing together with them.* Die respondent wil aanvanklik oënskynlik op `n relatief passiewe wyse by die groep

/...

betrek word - *And also the spectator will enjoy and watch.* Voorts wil hy graag die aanvaarding van die groep hê - *The people who dancing are going to be encouraged when they see the spectators.*

Met die tweede toetsing is die respondent se sosiale identifikasie oorwegend tradisioneel van aard - *Here there is a teacher who is teaching young men and woman traditional dance.* Die respondent hou by hierdie identifikasie, ook by die eise wat sanksioneel deur die omgewing waarmee hy identifiseer, gestel word - *Because he is delivering the lessons they are needed and that he had been taught in the past.* Hy toon min twyfel oor die konkrete vereistes wat hierdie Derde Wêreld aan hom stel. Die respondent kom seker van homself en van sy inskakeling by sy eie omgewing voor - *They are boys and girls of the same location. They are going to be great dancers.*

Die respondent verskuif dus na `n tradisionele sosiale opset (vanaf `n W-keuse na `n T-keuse) en stel hom ondergeskik aan die eise wat hierdie omgewing sanksioneel aan sosiale deelname stel.

By **Kaart 10** (Aggressiekaart) word 9 response tydens die eerste toetsing gelewer en 7 met hertoetsing. (Geen keusekaart is by hierdie konstruuk beskikbaar nie. Met die eerste toetsing is die respondent bewus van aggressiewe gevoelens. Hy is ook bewus van die behoefte aan kontrole-meganismes - *They want to fight. He thinks that it is not necessary to fight it helps not. He feels bad about them when they fight.* Die respondent is onseker van die mate waarin hy wel in staat is om sy aggressiewe impulse te beheer - *He's going to feel great when he see that the fight is no more going on. They are going to see the importance of not fighting.*

Die aggressiewe impulse word uiteindelik beheer deur daaroor te rasionaliseer - *Again they will see the consequences of solving problems without fighting.*

Tydens die tweede toetsing is dit duidelik dat die respondent probleme mag hê om aggressiewe impulse altyd onder beheer te bring. *They are fighting. Here people are fighting and there is a man who is trying to build peace amongst them.* Hy neem wel die aggressiewe implikasies in situasies waar en is bewus van die feit dat dit beheer behoort te word - *He feel they should stop fighting and think of a better way to solve whatever problem they have. He either take the thought of the policeman or not.*

Samevattend wil dit voorkom asof die respondent met die eerste toetsing deurgaans onseker van homself is, soos blyk uit verskeie responsies by die onderskeie konstrukte. Daar is tekens van subtiele opstandigheid teenoor die gesagsfigure in die tradisionele gemeenskap. Hierdie opstandigheid manifesteer veral by Kaarte 4 en 8 waar die manlike gesagsfiguur ondergeskik aan vroulike gesag gestel word. Die respondent is egter bewus van sy afhanklikheid aan outoriteit. Hy is ook bewus van die eis om te groei in die rigting om verantwoordelikheid in terme van die verwagting wat deur gesag in sy gemeenskap gestel word, te kan aanvaar.

Met die hertoetsing waartydens die respondent van `n oorwegend Westerse ingesteldheid (5W:3T) na `n oorwegend tradisionele ingesteldheid (2W:6T), verskuif kom die respondent deurgaans meer seker van sy omgewing voor. Die respondent is seker van gesag in terme van die eise van die Derde Wêreldgemeenskap waarmee hy nou met klaarblyklike sekerheid identifiseer. Die respondent hanteer ook die verskillende konstrukte wat in die toets uitgebeeld word met gemak en selfvertroue wat ook gereflekteer word deur haar selfbeeld wat relatief gesond skyn te wees.

By wyse van gevolgtrekking sou gesê kon word dat hierdie beeld `n respondent uitbeeld wat vanaf die eerste na die tweede toetsing baie sterk gegroei het in terme van innerlike sekuriteit en selfversekerdheid. Daar was veral groei in terme van positiewe beheer oor emosies, gevoelens en sekuriteit en identifikasie met gedragsmodelle in die eie gemeenskap soos ook blyk uit die respons by Kaart 4 (tweede toetsing) - *It is husband and wife, He feels he loves her and feel comfortable having her around near him*. Hy is seker wat hy voel en dus wil hê.

Die opvallende feit is egter dat hierdie respondent nie soos normaalweg verwag sou word, vanaf `n oorwegend tradisionele belewenis na `n oorwegend Westerse belewenis beweeg het na die blootstelling aan die televisieprogramme nie. Dit het waarskynlik wel die effek gehad dat dit eerstens sy identifikasie met gesagstrukture op `n stewiger basis geplaas het; tweedens het dit hom waarskynlik in staat gestel om beter met sy eie gemeenskap te identifiseer en meer geredelik die feite dat hy inderdaad sy keuse in terme van sy eie Derde Wêreldse samelewing wil uitoefen, te aanvaar - *He'll be happy and joyful of himself and his appearance* (Kaart 7).

/...

In terme van die model van verwestersing (Tabel 2.1) het hierdie respondent waarskynlik, net soos in die geval van respondent 1, die Westerse kultuur oor-idealiseer. In teenstelling met die eerste respondent, het die ooridealisering klaarblyklik nie uit televisieblootstelling gevolg nie. Dit was reeds `n gegewe toe die blootstelling eksperimenteel as deel van die ondersoek toegepas is. Die effek was skynbaar een van "oorstimulering". Hierdie "oorstimulering" het klaarblyklik die bedreiging ingehou dat hy die finale sprong in die progressie na verwestersing moes neem. Omdat die Westerse norme nie op `n verinnerlikte wyse deel van sy persoonlikheid was nie, was die "eis" waarskynlik te traumaties en verreikend en het dit onsekerheid veroorsaak. Die resultaat was `n teruggryp na sekuriteit (dit wil sê hy regresseer na die sekuriteit van die bekende - "tradisionele" - verlede) wat vir hom sy sekerheid gebring. Die slotsom hier is dus dat "suksesvolle" verandering nie noodwendig vernuwing en uitkoms vir die individu impliseer, slegs as hy "verwesters" nie. Modernisering kan `n herwaardering van die ou waardes beteken en vir sommige individue mag dit die "ware" oplossing wees.

## 7.4 GEVOLGTREKKINGS VAN DIE KWALITATIEWE ONTLEDINGS

Dit is duidelik uit die kwalitatiewe ontledings van die voorafgaande drie gevalle dat die verwestersingsproses in die praktyk 'n verskeidenheid reaksies of bewegings (rigtings) verteenwoordig wat in terme van aktiwiteit of die gebrek daaraan geklassifiseer kan word of op 'n kontinuum (Tabel 2.1) voorgestel kan word.

Wat verder opvallend is is dat hierdie ontwikkelingsproses steeds in albei rigtings kan verloop. Verwestersing impliseer dus nie noodwendig 'n eenrigting proses in `n Westerse rigting nie, maar kan ook regressief verloop of relatief staties bly. Dit is ook nie noodwendig 'n pynlose proses nie, soos duidelik deur die kwalitatiewe ontledings uitgewys word. Die onderliggende dinamika soos deur die individuele response weerspieël word, bied psigodiagnostiese leidrade vir evaluasie. By Geval 1 en Geval 2 het die respondente byvoorbeeld letterlik in teenoorgestelde rigtings beweeg met hertoetsing. Geval 1 het van 'n relatief sterk tradisionele ingesteldheid na 'n relatief sterk Westerse ingesteldheid beweeg maar in hierdie oorgangsproses heelwat aanpassingsprobleme in sy TAT-Z-response gereflekteer. Geval 2 het in teenstelling met Geval 1 vanaf 'n relatief sterk Westerse ingesteldheid, waar hy kwalitatief gesproke swak aangepas was met die eerste toetsing na 'n tradisionele ingesteldheid by hertoetsing beweeg waar hy met meer sekerheid en aangepas na vore getree.

Voorts blyk dit uit die statistiek dat sekere persoonlikheidsareas vinniger en/of meer intens as andere beïnvloed word. Dit is egter terselfdertyd ook duidelik dat die keuse van 'n bepaalde kaart nie noodwendig voldoende en vaardige hantering van 'n persoonlikheidsarea, soos deur die onderskeie kaarte uitgebeeld word, impliseer nie. Die vlak van begrip, blootstelling en internalisering speel hier `n uiters belangrike rol. Verskeie van die response bied ook duidelike voorbeelde hiervan soos onder andere die onbeholpe responsies of die ontoepaslike betrekking van byvoorbeeld ooglopend tradisionele response tydens die keuse van Westerse kaarte en andersom. Die blote aantal kaartkeuses (kwantitatief) wat `n persoon uitoefen (tradisioneel of Westers) is daarom nie genoegsame bewys om veralgemenend te werk te gaan nie en `n persoon summier as oorwegend Westers of tradisioneel te klassifiseer nie.

/...

# HOOFSTUK 8

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

**8.1 INLEIDING**

**8.2 GEVOLGTREKKINGS VAN DIE BEVINDINGE VAN DIE ONDERSOEK**

8.2.1 Evaluerende beskouing van die kwantitatiewe bevindinge van die ondersoek

8.2.1.1 Betekenisvolle verskuiwings wat met manlike/vaderlike outoriteit geassosieer word

8.2.1.2 Betekenisvolle verskuiwings op Kaartstel 7 (Selfbeeld)

8.2.1.3 Verdere opvallende kwantitatiewe tendense van statisties nie-betekenisvolle aard

8.2.2 Evaluerende beskouïng van die kwalitatiewe bevindinge van die ondersoek

8.2.2.1 Algemeen

8.2.2.2 Gevallestudie 1: Verskuiwing van oorwegend tradisionele oriëntasie (5T-3W) (eerste toetsing) na oorwegend Westerse oriëntasie (1T-7W) (tweede toetsing)

8.2.2.3 Gevallestudie 2: 4 W : 4 T (Eerste Toetsing) en 4 W : 4 T (Tweede Toetsing)

8.2.2.4 Gevallestudie 3: Beweeg van oorwegend Westerse oriëntasie (5 W-3 T) (Eerste Toetsing) na oorwegend tradisionele oriëntasie (2 W-6T) (Tweede Toetsing)

**8.3 INTEGRERENDE BESKOUïNG VAN DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK**

8.3.1 Teoretiese onderbou

8.3.2 Die invloed van blootstelling aan versnelde verwestersing

8.3.3 Verwestersing: 'n Samevattende beskouing

**8.4 AANBEVELINGS**

8.4.1 Leemtes van die ondersoek

8.4.1.1 Metodologiese beperkinge

8.4.1.2 Beperkinge van 'n Westerse sielkundige benadering

8.4.1.3 Beperkinge met betrekking tot die keuse van die ondersoekgroep en blootstellingsmateriaal

8.4.2 Die betekenis van die ondersoek gesien uit die massamedia-oogpunt

**8.5 SLOT**

## 8.1 INLEIDING

Vervolgens word sekere gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die resultate van die ondersoek afgelei kan word, van nader beskou.

## 8.2 GEVOLGTREKKINGS VAN DIE BEVINDINGE VAN DIE ONDERSOEK

### 8.2.1 Evaluerende beskouing van die kwantitatiewe bevindinge van die ondersoek

#### 8.2.1.1 Betekenisvolle verskuiwings wat met outoriteit geassosieer word

Uit Tabel 7.2 blyk dat blootstelling aan opvoedkundige televisieprogramme wel betekenisvolle verskuiwings in die rigting van verwestersing by die eksperimentele groep ten opsigte van die vader-seunverhouding (Kaarte 3T en 3W) en houding teenoor Swart outoriteit (Kaarte 5T en 5W) tot gevolg het. Dit impliseer dus 'n betekenisvolle verskuiwing of "reis" weg van die stamgebonde en die na-binnegerigte sanksioneelbepaalde, kollektiewe gedrag in verhoudings met die vader en ander outoriteitsfigure. Die beweging suggereer voorts moontlike groeiende onafhanklikheid van tradisionele outoriteitsfigure met toenemende klem op die eie individualiteit in die keuse van toepaslike gedrag. Dit impliseer 'n gevoel van minder gebondenheid aan 'n bepaalde posisie (wat deur outoriteit/stamgesag op relatief rigiede of onbuigsame wyse voorgeskryf en toegeken word) binne die stamhiërargie.

Die voorgeskrewe, relatief-statiese of sanksioneelbepaalde kollektiewe eerder as individuele rol binne die ou stamverband, word klaarblyklik toenemend vervang met 'n meer vloeibare alternatief van eie, individuele keuses van gedrag en optrede in verhoudings met outoriteitsfigure. Uiteraard lei hierdie groeiende neiging om self oor die eie rolinname te besluit, tot 'n noodwendige sterker aandrang om kompetisie met ander individue vir 'n eie en unieke posisie of individuele staanplek in die sosiale struktuur, soos die model van verwestersing (Tabel 2.1) by die na-buitegerigte persoonlikheid voorstel.

In sy ondersoek na die invloed van verwestersing op die persoonlikheid van 'n groep Swartmans waarin hy ook die TAT-Z vir sy ondersoek aanwend, kom Minnaar (1975) eweneens tot die gevolgtrekking dat die "...ingesteldheid teenoor Swart outoriteit en sosiale verhoudings in die oorgang van die Tradisionele na die Ambivalente groep relatief snel deur akkulturasie beïnvloed word" (p. 154). Minnaar vind voorts dat

/...

houding teenoor Swart outoriteit een van die persoonlikheidsareas is wat die vinnigste beïnvloed word en glo dit mag op 'n relatief maklike losmaking van die andersins kenmerkende onderdanigheid teenoor tradisionele gesag dui. Voorts is Minnaar van mening dat daar 'n neiging by Swart mans, wat deur hom as verwesters geklassifiseer word, bestaan om toenemend opstandig en aggressief teenoor Swart outoriteit te reageer. Hierdie verskuiwing in gesindheid of ongekwalifiseerde lojaliteit teenoor tradisionele Swart outoriteit onder omstandighede van versnelde verwestersing, is egter klaarblyklik nie net tot die Suid-Afrikaanse situasie en tot ondersoeke soos die huidige en dié van Minnaar beperk nie. Ainsworth en Ainsworth (1962) rapporteer byvoorbeeld soortgelyke verskuiwings by akkulturerende Ugandese. Hulle kom tot die volgende gevolgtrekking hieroor: "In the Uganda group, the more acculturated more frequently expressed negative attitudes towards chiefs and made less frequent positive or neutral statements than did the less acculturated in responding to the sentence completion test; moreover the responses made it clear that chiefs were critisized for qualities incompatible with the concept of the good leader in the new culture" (p.427).

Daar kan met Minnaar (1975) saamgestem word dat die verwestersende Swartman "...Swart outoriteit besonder vinnig in terme van die 'nuwe' kultuur wil sien" (p.150). In hierdie verskuiwing sou mens voorts waarskynlik tereg die elemente van wat dikwels in alledaagse terme as die sogenaamde "generation gap" of generasiegaping by die verstedelikende Swart gemeenskappe in Suid-Afrika beskryf word, kon waarneem. Dit hang klaarblyklik ten nouste met die aanspraak saam dat die Swart jeug in die stede toenemend "vervreemd" van die outoriteit van hul ouers - en veral van dié van die vader as die onbetwisde gesinshoof - raak. Die tradisioneel "duidelik-voorgeskrewe" rol van die vader en ander outoriteitsfigure blyk toenemend onder die druk van versnelde verandering, soos by die eksperimentele groep van hierdie ondersoek die geval was, te vervaag. Die verstedelikende Swart jeug wil klaarblyklik toenemend as individue besluit watter gedragsantwoorde hulle aan vaderlike outoriteit en die outoriteit van ander manlike figure in die gemeenskap bied. Hierdie benadering blyk veral by die toenemende blootstelling aan Westerse kultuur-invloede, waarvan die Westerse opvoedkundige televisieprogramme van hierdie ondersoek deel is, beklemtoon te word. So manifesteer daar dan ook 'n aanslag teen die "ou" tradisionele selfbeeld, wat binne die stamgebonde situasie van gemeenskaplikheid bestaan het, maar nou gewoon nie meer voldoen aan die nuwe eise om groter selfhandhawing en selfuitdrukking nie. Laasgenoemde verklaar ook waarskynlik waarom houding teenoor outoriteit by die eksperimentele groep van die ondersoek dié

/...

uitstaande dimensie is wat 'n statisties betekenisvolle verskuiwing van die eerste na die tweede toetsing ondergaan.

Dit is opvallend dat die resultate van die ondersoek daarop dui dat hierdie verskuiwing eers betekenisvolle afmetings aanneem waar jeugdiges aan Westerse kultuurinvloede (in hierdie geval die opvoedkundige televisieprogramme) blootgestel word. In terme van die sosiale leerteorie (kyk 4.4.7), maak hierdie bevinding onder andere in terme van die beginsel van nabootsing sin, wat noodwendig deur die Westers-ingestelde televisieprogramme vir die eksperimentele groep van hierdie ondersoek voorgehou is.

In teenstelling met die bevinding van Messaris (1986) en Messaris & Kerr (1983) dat die ouer se teenwoordigheid tydens televisiekyksessies bevorderlik is vir leer, vind die verskuiwing in hierdie ondersoek juis plaas in 'n klimaat van relatiewe afwesigheid van die ouer. Dit impliseer dat die Swart ouer (en in besonder die vader) moontlik nie langer in staat is om daardie steun te bied wat in terme van Messaris (1986) en Messaris & Kerr (1983) sinvolle verskuiwing begelei nie. Dikwels is die vader buitendien ook fisies afwesig in die geval van die stedelike gesin, waar die moeder in 'n groot aantal gevalle as die enigste ouer van haar buite-egtelike kinders funksioneer. By die Swart adolessent in die stamgebonde samelewing staan die vader klaarblyklik self nog met albei voete stewig en ontbreek dus aan die kennis en vermoë om sinvolle leiding met betrekking tot die eise van die nuwe omgewing te bied. Trouens, daar kan selfs aangevoer word dat die behoefte aan verandering by die verwestersende Swart adolessente van hierdie ondersoek juis geskep word deur die groeiende opstand teen die nie-toereikende vader (gesien in terme van die nuwe eise wat die Westerse kultuur aan ouerlike - meer bepaald vaderlike - sekuriteit en bystand stel).

Uit Tabel 7.3 blyk dat die kontrolegroep van die ondersoek by die hertoetsing 'n betekenisvol meer positiewe houding teenoor Swart outoriteit op Kaartstel 5 projekteer. Die model van verwestersing wat deur hierdie ondersoek voorgestel is (Tabel 2.1), is opvallend in ooreenstemming met die bevinding dat "beweging" binne kultuur nie noodwendig progressief sal wees nie, maar ook regressief sou kan wees, (indien beweging weg van verwestersing as die norm gestel word). In teenstelling met die eksperimentele groep wat onder omstandighede van verhoogde blootstelling aan Westerse kultuurinvloede klaarblyklik minder as groep en volgens voorskrif en meer individualisties en opstandig teenoor Swart outoriteit geword het, het die kontrolegroep se houding (in die afwesigheid van blootstelling aan opvoedkundige televisieprogramme) hier betekenisvol meer positief teenoor Swart outoriteit geword. Die kontrolegroep het dus in die afwesigheid van televisie as prikkel tot verwestersing

/...

klaarblyklik nader aan die groepsgerigte voorskrifte van die tradisionele kultuur beweeg, met betrekking tot hul ingesteldheid teenoor outoriteit.

Wanneer die prikkel om die houding teenoor outoriteit te "verander" relatief afwesig is, val die rede om te verander dus blykbaar min of meer weg. Anders gestel: In die relatiewe afwesigheid van 'n dominante nuwe rolmodel, gepaard met die sterk aandrang tot verandering, het hierdie respondente inderdaad nie die keuse om krities-evaluerend (en vergelykend met 'n ander rolmodelkeuse) teenoor tradisionele outoriteit te staan te kom nie. Hulle het dus gewoon nie 'n keuse tussen opsies nie. Hierdie afwesigheid van die geleentheid om tradisionele outoriteit dus aan kritiese evaluasie te onderwerp, lei noodwendig tot 'n klimaat wat die prikkel van 'n positiewe houding teenoor tradisionele outoriteit versterk.

8.2.1.2 Betekenisvolle verskuiwings ten opsigte van selfbeeld

Uit Tabel 7.2 blyk voorts dat 'n betekenisvolle verskuiwing by die eksperimentele groep van die ondersoek intree en dat hulle nou meer Westerse illustrasies by Kaart 7 (Selfbeeld) ná hul blootstelling aan die opvoedkundige televisieprogramme kies. Hierdie verskuiwing impliseer eweneens 'n beweging weg van 'n stamgebonde, sanksioneelbepaalde selfbeeld na die minder statiese en meer vloeibare selfbeeld wat deur die W-kaart in die stel geïmpliseer word. Die kollektiewe selfbeeld word dus betekenisvol "vervang" met meer individugerigte rolverwagtings wat om 'n geïndividualiseerde self sentreer. Daar is sekerlik min twyfel dat hierdie verskuiwing die neiging tot groter individualiteit en vryheid van keuse met betrekking tot die eie gedrag en eie gedragsrolle impliseer, in teenstelling met die T-kaartkwaliteite van groepsgeordenheid en sanksioneelgevestigde gedragsrolle.

Hierdie verskuiwing hou klaarblyklik met nabootsing (sosiale leerteorie) en selektiewe blootstelling (gebruike- en bevredigingsteorie) verband. Die opvoedkundige televisieprogramme het oënskynlik aan die respondente van die eksperimentele groep die geleentheid gebied om sekere inhoude te ignoreer en andere, wat die belofte inhou om bepaalde behoeftes in die nuwe omgewing te bevredig, te selekteer as rigtinggewende modelle onder omstandighede waarin die omgewing nuwe eise aan gedrag stel. Hierdie selektiewe blootstelling geskied onder omstandighede waar die bestaande rolmodelle relatief afwesig of bloot ontoepaslik is. Laasgenoemde bevorder waarskynlik in die onderhawige studie die seleksie van meer Westerse rolmodelle. Voorts dui die keuse van meer Westerse kaarte op 'n behoefte om meer met die Westerse leefwêreld te identifiseer en te assosieer.

8.2.1.3 Opvallende kwantitatiewe tendense

Dit is opvallend dat 43 proefpersone (69%) by die eksperimentele groep en 31 (65%) by die kontrolegroep, reeds met die eerste toetsing die W-keuse by Kaartstel 8 (Heteroseksuele verhoudinge) uitgeoefen het. Die tendens tot groter voorkeur vir W-kaarte hier, is deur albei groepe met die tweede toetsing gehandhaaf.

Voorts het 44 (72%) respondente by die eksperimentele groep en 34 (69%) by die kontrolegroep by Kaartstel 9 (Groepsidentifikasie) tydens albei toetsings die W-keuse uitgeoefen. Die tendens om in groepsituasies relatief meer geredelik met die meer vloeibare norme en eise van die Westerse kultuur te identifiseer (in terme van die model in Tabel 2.1), word dus hier herhaal.

Hierdie waargenome tendens by Kaartstel 9, hou verband met interpersoonlike en sosiale situasies. Dit bevestig klaarblyklik dat daar by hierdie persoonlikheidsarea, net soos in die geval van die geslagsrolle (Kaartstel 8), relatief makliker wegbeweeg kan word van gebondenheid aan tradisionele voorskrifte, wanneer toenemende kontak met ander kultuurvorme en hul beoefenaars (gedragsrolmodelle) intree.

Die voorafgaande waarnemings impliseer dat die persoonlikheidsareas van seksualiteit en groepsidentifikasie waarskynlik as gevolg van vroeëre blootstelling aan Westerse kultuurinvloede, reeds oorwegend Westers-ingesteld is.

In terme van die model van verwestersing in Tabel 2.1, dui hierdie tendens daarop dat kultuurverskuiwings nie noodwendig van beplande ingrypings, byvoorbeeld opvoedkundige televisieprogramme, afhanklik is nie. Die klimaat vir beweging weg van 'n sanksioneelvoorgeskrewe kollektiwisme kan ook deur minder duidelik-omskrewe invloede wat deur kultuurkontak meegebring word, veroorsaak word.

'n Verdere opvallende tendens is die feit dat 35 (56%) respondente by die eksperimentele groep en 25 (52%) by die kontrolegroep met albei toetsings by Kaartstel 6 (Houding teenoor Blanke outoriteit) hier T-keuses uitgeoefen het. Dit wil dus voorkom asof respondente daartoe neig om juis by hierdie persoonlikheidsarea te volhard met die T-keuse. Kaart 6T beeld 'n sterk stereotiep van die Suid-Afrikaanse samelewing uit, naamlik die (Wit) baas- (Swart) knegverhouding. Hierdie verhouding tussen Wit meester en Swart onderdaan het sterk beslag oor baie geslagte in die RSA gevind, veral gedurende die dekades van wetlik-verskansde Apartheid. Daar kan

/...

geredeneer word dat die sterk sanksies wat in die gemeenskap daarop gerig was om Apartheid in stand te hou, baie mense gekondisioneer het om die voorskrifte van die stelsel te handhaaf en na te volg.

Apartheid met sy geïnstitusionaliseerde en derhalwe sanksionele voorskrifte kan dus wel die voortsetting van sekere gedrag in bepaalde persoonlikheidsareas tot gevolg hê, selfs tot die punt waar sekere persoonlikheidsareas relatief vassteek voor die aanslag om te verander. Die gewoonte om Apartheid te "gehoorsaam" dikwels uit vrees vir die strafsanksie wat op weerstand daarteen mag volg, is dus sterker as die keuse om daarvan weg te beweeg.

Hierdie waarneming vereis ietwat omvattender bespreking. Apartheid was 'n geïnstitusionaliseerde lewenswyse oor baie jare en dekades in Suid-Afrika. Dit was 'n ideologie wat nie net wetlike en statutêre sanksie en beskerming geniet het nie, maar is op volgehoue skaal as deel van die totale Suid-Afrikaanse samelewing en alledaagse stedelike en landelike lewenswyse afgedwing. Dit was nie bloot 'n tradisie wat spontaan saam met ander tradisies evolusionêr oor tyd saam met die Swartman se tradisionele kulture tot stand gekom het nie. Apartheid was 'n integrerende deel van die Suid-Afrikaanse Westerse kultuur. Daar was dus ook 'n relatiewe afwesigheid van nie-Apartheidskultuur binne die breëre Suid-Afrikaanse samelewing. Die Suid-Afrikaanse, Westers-ingestelde samelewing (veral op die platteland, maar ook so in die stede), was baie sterk op Apartheidsbeginsels gefundeer. In die stedelike "Swart" gebiede is die onderskeie gemeenskappe in terme van die Apartheidsbeleid en die voorskrifte van die Groepsgebiedewet saamgestel. Daarnaas het daar geen nie-Apartheidsamelewing of -kultuur bestaan waarmee geïdentifiseer kon word nie. Trouens, enige pogings daartoe het strafsanksies - deur middel van die paswette, Groeps-gebiedewet, Ontugwet en letterlik honderde ander wette op die statuutboek - tot gevolg gehad.

Daar kan dus aangevoer word dat die oorheersende keuse van T-kaarte uit hierdie stel op die sterk houvas dui wat die (Wit) baas -(Swart) knegverhouding in die gewone omgang tussen mense uitgeoefen het. So sterk is hierdie houvas inderdaad dat die verhoudingsverskuiwings wat die "nuwe" Suid-Afrika meegebring het, nog nie hierdie relatief sterk rolkondisioneringe of stereotiep kon verander in mense se sienings en belewenis van die rol nie. Dit was (is?) 'n geïnstitusionaliseerde reaksie en respondente "kon" dit amper nie "waag" om hier anders te reageer nie.

/...

### 8.2.2 Evaluerende beskouing van die kwalitatiewe bevindinge van die ondersoek

#### 8.2.2.1 Algemeen

Die model van verwestersing van die studie (Tabel 2.1) soos volledig bespreek onder 2.4 impliseer dat die verwestersende individu hoofsaaklik op drie wyses reageer as hulle aan die druk om versnelde verwestersing blootgestel word, naamlik oorwegend negatief (regresseer), oorwegend ambivalent (neutraal), of oorwegend positief (idealisties). Die drie gevalle wat in hierdie studie vir die kwalitatiewe ontleding geselekteer is verteenwoordig in hul persoonlike kultuurverskuiwing elk een van die breë tendense. Daar is op 'n kwalitatiewe ontleding besluit ten einde 'n beeld te verkry van die persoonlike psigodinamika van kultuurverandering onder omstandighede van oënskynlike regressie, ambivalensie en positiewe meelewing met die verandering.

#### 8.2.2.2 Gevallestudie 1: Verskuiwing van oorwegend tradisionele oriëntasie (5T-3W) (eerste toetsing) na oorwegend Westerse oriëntasie (1T-7W) (tweede toetsing)

Blootstelling aan versnelde verwestersing (opvoedkundige televisieprogramme) lei by hierdie respondent klaarblyklik daartoe dat sy vanaf 'n keuse van 3 Westerse kaarte uit die stel by die eerste toetsing, na 'n keuse van 7 Westerse kaarte by die tweede toetsing beweeg. In terme van die model van verwestersing in Tabel 2.1, beweeg hierdie respondent dus kwalitatief van 'n oorwegend stamgebonde (na-binnegerigte) na 'n oorwegend individugerigte (na-buitegerigte) ingesteldheid en weg vanaf (die tradisionele beeld van) kollektiwisme na individualiteit.

Die verskuiwing gaan egter in hierdie byna "ideale" geval (gesien vanuit die oogpunt van versnelde verwestersing) nie sonder probleme en trauma gepaard nie. Die persoonlikheidsareas wat problematies voorkom, is dié wat met Swart outoriteit en vaderlike gesag geassosieer word.

Die respondent se seksuele identifikasie blyk uit haar response egter ietwat verward te wees, klaarblyklik juis as gevolg van probleme om met manlike gesag en dus met die man se rol in die Westerse seksuele verhouding te identifiseer. Dit kom voor asof die Westerse verwysingsraamwerk hier nog nie ten volle gestalte aangeneem en as duidelike norm ervaar, aanvaar (en verstaan) word nie.

Die afwesigheid van emosie by die Blanke-outoriteitskaart (Kaartstel 6), is voorts opvallend. Onderdanigheid bestaan wel op die oppervlakte, egter opvallend as 'n sanksioneelvoorgeskrewe gedragsvorm.

Die geykte submissiwiteitstema rondom aggressie teen Blanke outoriteit (paswette, instelling, onderdanigheid, geïnstitusionaliseerde onderdanigheid) by Kaartstel 6, word met die response by Kaart 10 herhaal. Hierdie submissiwiteit kry die klaarblyklike kleur van 'n gekondisioneerde reaksie by respondente (Swart onderdane?), wat as 'n instelling so "moet" reageer om 'n billike gedragsantwoord (aanvaarding) uit die Apartheidsgedomineerde omgewing te verseker.

Hierdie respondent blyk uit haar response ook deeglik bewus te wees van die eise wat die Westerse omgewing sosiaal aan haar stel. Sy neem die Westerse omgewing met sy eis om individualiteit en kompetisie in teenstelling tot die hiërargiese en groepsgebonde modaliteite van die tradisionele omgewing waar. In terme van die model van verwestersing van hierdie ondersoek is haar beweging op kulturele vlak dus (gesien vanuit die Westerse hoek), progressief van aard - sy beweeg weg van die sanksionele, na 'n situasie van unieke gedrag wat (die reg op) eie keuse impliseer.

Hierdie respondent weet in terme van haar response klaarblyklik waarheen sy beweeg en waarheen sy wil beweeg, maar sy is steeds verward oor wat om werklik by die eindbestemming te verwag. Sy is ook nog nie oortuig (of ten volle bewus) dat die nuwe omgewing relatief min gedragsvoorskrywend gaan wees nie maar eerder `n klimaat gaan verseker waar daar self op 'n individuele grondslag oor die eie gedrag besluit sal kan word. Om hierdie rede is daar in haar response tekens dat sy die simbole van die nuwe wêreld nog in 'n mindere of meerdere mate verwring - sy gebruik steeds die ou en bekende (tradisionele) verwysingsraamwerk om die nuwe simbole en hul betekenis te dekodeer en vir haarself te verklaar.

Haar akkulturasiekonflik spreek uit die feit dat sy moontlik te vinnig beweeg om die eise van die nuwe omgewing werklik sinvol te verinnerlik. Die sprong van 3 na 7 W-keuses, is, sielkundig gesproke, miskien ietwat oordadig of oorgretig. Sy beweeg vinniger as haar bestaande vermoë om by die nuwe eise en hul werklike implikasies aan te pas.

8.2.2.3 Gevallestudie 2: 4 W : 4 T (Eerste Toetsing) en 4 W : 4 T (Tweede Toetsing)

Hierdie respondent staan letterlik steeds met die een voet in die tradisionele wêreld en met die ander in die Westerse wêreld. Sy besluitloosheid veroorsaak dat hy relatief bewegingloos (staties) voor verandering te staan kom. Die blootstelling aan die opvoedkundige televisieprogramme "roer" hom klaarblyklik nie.

Wat sou hierdie klaarblyklike akkulturatiewe "immuniteit" teen verandering ten grondslag lê?

Die respondent is deurgaans opvallend konkreet in sy beskrywings. Hy weerhou hom van die moontlike projeksie van emosies en daarmee saam van meelewing in die situasies. Hy gooi spreekwoordelik wal teen die omgewing se aandrang om verandering. Die Westerse simbole word gerasionaliseer - diegene wat in die Westerse omgewing leef, wil maar net bloot die geld verdien waarmee hulle hul tradisionele leefwyse onbevange (tuis) kan (gaan) voortsit.

In terme van die model van verwestersing in Tabel 2.1 klou hierdie respondent relatief vas aan die neergelegde posisies in die stamhiërargie. Hy het min of meer vasgesteek by die kollektiwisme van die sanksionele stamlewe. Hy is uiters na-binnegerig - bevraagteken nie die gegewe nie en flirteer nie met die nuwe en die eis om verandering nie. Tradisionele outoriteit word nie bevraagteken nie - dit word bloot konkreet beskryf in terme van die voorgeskrewe (sanksionele) status wat dit (as gegewe feit) geniet.

Hy beleef die Westerse kultuursimbole vanuit 'n tradisionele verwysingsraamwerk. Op hierdie wyse akkommodeer hy enige beweging na die Westerse (of aanname van kultuurvreemde elemente in die omgewing waarin hy hom in Suid-Afrika bevind) en stel die sanksionele voorskrifte tevrede dat hy inderdaad nie "afdwaal" nie maar die nuwe goedere "huis toe" bring - hy jaag by wyse van spreke die vreemde beeste in die eie en bekende kraal in - 'n bekende omgewing waarin hy dan met die nuwe elemente volgens die "ou" norme kan handel. Op hierdie wyse fluktueer hierdie respondent op 'n sosiaal-aanvaarbare wyse tussen die tradisionele en Westerse gedragsmodaliteite van die heterogene kultuuromgewing waarin hy hom as stedeling bevind. Hy laat sy "nuwe" vee op tradisionele velde wei. Die standhoudende sanksionele werklikhede van die tradisionele kultuur dien as remming teen effektiewe

/...

verwestersing of beweging in die Westerse rigting, soos die afwesigheid van beweging in T- en W-keuses vanaf die eerste na die tweede toetsing aandui.

8.2.2.4 Gevallestudie 3: Beweeg van oorwegend Westerse oriëntasie (5 W-3 T) (Eerste Toetsing) na oorwegend tradisionele oriëntasie (2 W-6T) (Tweede Toetsing)

Blootstelling aan versnelde verwestersing kan egter soos dit blyk uit individuele gevallestudies ook 'n teenoorgestelde uitwerking tot gevolg hê. Die respondent word letterlik afgeskrik sodat hy inderdaad dieper die tradisionele wêreld invlug vir sekerheid en gebondenheid.

Die voorskriftelike bindinge van die tradisionele omgewing (sanksies, gemeenskaplikheid, hiërargiese posisie) hoef nie net as remming teen verandering te dien nie; die bedreiging om verandering en ontworteling kan 'n teenoorgestelde reaksie uitlok waardeur die tradisionele bindinge verstewig word. Hierdie respondent draai dan ook met sy kaartkeuses en responsies weg van die aanslag van versnelde verwestersing en klou sterker vas aan Swart outoriteit en die kulturele voorskrifte van die ou omgewing. By implikasie kan opvoedkundige televisieprogramme wat gerig is op versnelde verandering dus ook die teenoorgestelde uitwerking hê: Dit kan die respondent letterlik afskrik en hom dieper in sy "dop" laat kruip.

Met die eerste toetsing reflekteer die respondent wel opstand teen tradisionele outoriteit en 'n behoefte om na die Westerse oor te beweeg. Die versnelde verwesteringsproses word klaarblyklik as kultuurskok ervaar - dit verwag van hom om 'n té groot sprong te gou te maak. Dit lei tot die teen-reaksie om eerder terug te vlug na die relatiewe veiligheid van die sanksioneelvoorskrywende verlede, wat bekende beskerming bied, teenoor die klaarblyklike onsekerheid wat deur versnelde oorgang na die onbekende ontketen kan word.

Die teruggryp na die bekende verlede blyk by die tweede toetsing die respondent se geprojekteerde onsekerheid wat uit die response van die eerste toetsing blyk, te verminder. Dit bied dus meer rustigheid en minder angs - 'n groter gevoel van geborgenheid. Hy voel nou veilig (tweede toetsing) by die bekende ou konstrukte.

Samevattend sou gesê kon word dat daar in 'n sekere sin tog positiewe groei vanaf die eerste na die tweede toetsing plaasgevind het. Die klaarblyklike regressie het meer sekerheid gebring. Die respondent voel in groter beheer van sy emosies en is sekerder as met die eerste toetsing van sy identifikasiemodelle en hul betekenis vir

/...

hom. Hy aanvaar na hierdie ("terugwaartse") groeiproses sy eie plek en sy omgewing "beter" as voor die blootstelling aan die opvoedkundige televisieprogramme wat inderdaad ten doel gehad het om hom vinniger te verwesters.

## 8.3 INTEGRERENDE BESKOUING VAN DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

### 8.3.1 Teoretiese onderbou

Die teoretiese onderbou van die ondersoek kry primêr gestalte met die voorgestelde model van verwestersing in Tabel 2.1. Hieruit blyk dat die stamgebonde persoonlikheid relatief na-binnegerig funksioneer. As sodanig is die individu se gedrag die resultaat van sanksionele voorskrifte. Die "draers" of voorstaanders van hierdie voorskrifte binne die stam is diegene wat binne die kollektiwistiese opset van die stam met die mag en outoriteit toegedeel is om daardie voorskrifte te sanksioneer en af te dwing.

Hierdie draers van gesag is in die patriargale opset van die Suid-Afrikaanse Swart kulture die man / stamhoof / vader van die (uitgebreide) gesin. Hy voer die absolute heerskappy oor sy onderdane (stamhoof) of uitgebreide gesin (vader). As man is hy verhewe bo die vrou wat voorskriftelik onderdanig aan hom moet wees. Sy kinders moet hom in alles gehoorsaam en sanksioneel in terme van ouderdom en geslag gehoorsaam (kyk byvoorbeeld die uiteensetting in Paragraaf 3.4). Die stamhoof/vader is die toonbeeld van manlikheid en krag. Soos Bryant (1967) dit stel, geld daar byvoorbeeld in die Zoeloe-kultuur een groot wet: "Unquestioning, unanswering obedience to the supreme power was demanded without distinction of all alike; of mothers, of sons, of every child" (p.185).

Binne die Westerse kulture met hul na-buitegerigte waardes is dit veral opvallend dat die individu altyd 'n relatief vrye keuse het. In teenstelling met die afhanklikheid (van outoriteit) binne die stamgebonde kulture, kan die individu in die Westerse kulture onafhanklik besluit oor sy gedrag en sou dit selfs kon afwyk van enige voorgehoude groepsnorme. Waar gedrag in die stamgebonde kulture minder uniek en meer op 'n sanksioneel voorgeskrewe rolinname neerkom, is die gedrag van die individu in die Westerse kulture uniek en grootliks selfgekose. Uit die oogpunt van verantwoordelikheid, sou geredeneer kan word dat die stam/sibbe/groter gesinseenheid die verantwoordelikheid aanvaar vir sy lede se gedrag en die afdwing daarvan. In die Westerse kultuur is die individu self verantwoordelik vir sy selfgekose gedrag.

Die opvoedkundige televisieprogramme wat vir hierdie ondersoek aangewend is, spreek die eksperimentele groep vanuit die Westerse model aan. Dit dien inderdaad as 'n katalisator of spreekbuis van die na-buitegerigte denkwyse met die klem op eie en onafhanklike keuse (by implikasie: self-verantwoordelikheid).

Die vraag is nou: Hoe beïnvloed hierdie feit die eksperimentele groep se gedrag kwalitatief en kwantitatief met die doel om versnelde verwestersing te bevorder?

8.3.2 Die invloed van blootstelling aan versnelde verwestersing

Dit is opvallend dat die enigste betekenisvolle verskuiwings juis in die persoonlikheidsareas wat met outoriteit (Kaartstelle 3 en 5) en selfbeeld (Kaartstel 7) geassosieer kan word, intree. Hierdie feit dui op die kernposisie wat (manlike) outoriteit binne die na-binnegerigte, stamgebonde en sanksioneelvoorskrywende tradisionele kulture inneem. Voorts bring dit aan die lig dat versnelde verwestersing sy mees betekenisvolle aanslag by die Swart adolessente juis op die outoriteitsgrondslag van gedrag in die stamgebonde persoonlikheid uitoefen. Erasmus (1972) maak in 'n doktorale studie die pertinente afleiding dat outoriteit in die stamgebonde gemeenskappe in Suid-Afrika dieselfde kataliserende rol by gedrag speel as wat seks volgens Freud in die Westese kulture inneem. Die verskuiwing wat by die eksperimentele groep van hierdie ondersoek intree bring kwalitatief mee dat die verskuiwing beweging weg van afhanklike, sanksioneelgeordende, hiërargiesbepaalde gedrag impliseer, ten gunste van 'n relatief groter mate van 'n onafhanklike na-buitegerigtheid met die uitstaande kenmerk van unieke individuele besluitneming - derhalwe dus dieselfde soort betekenisvolle verskuiwing wat ook by selfbeeld waargeneem is.

Kwalitatief word hierdie feit verder bevestig deurdat daar by Gevallestudie 1 gevind word dat die respondent met die keuse van meer W-responsies by die tweede toetsing, groter gewilligheid openbaar om self oor haar gedrag te besluit en om opstandig teenoor stamgebonde outoriteit te reageer.

Dat die proses egter nie deurgaans glad verloop nie, blyk uit die duidelike regressie wat - gesien vanuit die oogpunt van verwestersing - by die respondent in Gevallestudie 3 intree. Hierdie oorwegend na-binnegerigte respondent ervaar die versnelde program van verwestersing klaarblyklik as bedreigend vir sy oorwegend

/...

sanksioneelbepaalde gedrag. Hy reageer regressief deur sterker na-binnegerig te handel en vaster aan die sanksionele voorskrifte te klou.

Die Gevallestudie 2-respondent verteenwoordig weer die klaarblyklike middelpunt tussen bogenoemde uiterstes van sterk progressie teenoor sterk regressie. Hierdie respondent gebruik die situasie klaarblyklik nie om na die een of ander definitiewe rigting te verskuif nie, maar juis om gedragsgesproke meer sekerheid oor die dimensies van die nuwe wêreld waarheen hy oënskynlik op pad is, te (probeer) internaliseer en verstaan - en op hierdie wyse inderdaad te kyk in watter mate hy werklik daarmee vrede sou kan maak.

### 8.3.3 Verwestersing: `n Samevattende beskouing

Verwestersing by sekere Swart jeugdiges is ooglopend nie 'n proses wat deurgaans gemaklik en probleemvry verloop nie. Dit is eweneens ook nie 'n proses wat sonder trauma en noodwendig in een rigting - progressiewe verwestersing - beweeg nie.

Die proses van verwestersing word ook nie noodwendig progressief versnel deur 'n enkele veranderlike soos verhoogde blootstelling aan opvoedkundige televisieprogramme met Westerse waardes en norme as tema nie.

Dit is veral belangrik om daarop te let dat verhoogde blootstelling aan Westerse waardes en norme nie noodwendig in die verwestersende rigting sal verloop nie, maar ook duidelik regressief kan verloop. Die respondent mag die verhoogde blootstelling traumaties ervaar en daarop met regressiewe gedrag reageer - hy kan naamlik teruggryp na die bekende tradisionele sanksies en waardes wat hom meer emosionele sekuriteit en veiligheid bied.

Brody (1994) haal die volgende stelling deur Arnold Toynbee aan: "Civilisation is a movement and not a condition, a voyage and not a harbour" (p.30).

Hierdie stelling verdien, enersyds, aan die hand van die model van verwestersing in Tabel 2.1 en, andersyds, in die lig van die bevindinge van hierdie ondersoek, nadere toeligting.

Eerstens maak die voorafgaande model van verwestersing onder andere voorsiening vir beweging weg vanaf die stamgebonde (na-binnegerigte) etos na 'n individugeoriënteerde (na-buitegerigte) ingesteldheid en bied dit ruimte vir `n beweging weg

vanaf die tradisionele na die Westerse kultuur en lewenswyse. Dit impliseer voorts ook mobiliteit weg vanaf 'n sanksioneelvoorgeskrewe kollektiwisme na individualiteit binne 'n omgewing wat kompetisie beloon; vanaf (groeps)-afhanklikheid na (groeps)-onafhanklikheid; vanaf gemeenskaplikheid na individualiteit; vanaf 'n voorskriftelikgegewe posisie in die stamhiërargie na 'n posisie binne die groep wat deur die sosiale struktuur se eie veranderlikes in wisselwerking met die behoeftes van die betrokke individu self, bepaal word; en van verantwoordelikheid vir gedrag wat by die voorskrywende groep sentreer, na verantwoordelikheid vir gedrag wie by die individu wat oor sy eie gedrag besluit, setel.

Die beweging wat in terme van die model van verwestersing plaasvind, kan ook omgekeerd verloop, dit wil sê, nader na die sekuriteitbiedende "middelpunt" van die tradisioneelgerigte stametos.

Tweedens reflekteer die TAT-Z-response van die respondente in die eksperimentele groep, hierdie volgehoue progressie en/of regressie as deel van die verloop van die proses van kultuurverandering by verhoogde blootstelling aan verwestersing. Voorts dui ook die kontrolegroep se response op minstens 'n mate van kulturele regressiewe of progressiewe mobiliteit vanaf die eerste na die tweede toetsing, al toon die resultate dat die beweging by hierdie groep dikwels statisties minder betekenisvol is. Daar is dus wel beweging, maar nie so ingrypend en (statisties) betekenisvol en sigbaar soos wat by die eksperimentele groep waargeneem is nie. Hierdie beweging geskied egter nie noodwendig in 'n bepaalde rigting soos met die eksperimentele groep nie, maar soms wel rondom 'n gegewe punt/oriëntasie. Die kerngedagte is egter dat daar wel beweging met betrekking tot 'n bepaalde oriëntasie waarneembaar is. Op hierdie wyse bevestig die bevindings van hierdie ondersoek die onderliggende aannames van die voorgestelde model van verwestersing.

Uit sowel die kwantitatiewe as kwalitatiewe resultate van die ondersoek, geprojekteer teen die voorafgenoemde model van verwestersing, blyk dit voorts dat nóg die tradisionele kulture, nóg die Westerse leefwyse, óf 'n gegewe toestand, óf 'n statiese staat, óf 'n finale hawe, is. Kultuurbelewenis kan dan hier met reg beskryf word as 'n voortgesette en volgehoue proses wat stadig of vinnig, of soms stadig en soms vinnig, of in sommige opsigte vinnig en in ander relatief langsaam kan verloop en nie - inderdaad nóóit - in 'n permanente staat of toestand verval nie. Om binne kultuur of in samelewingsverband te leef, is om voortdurend in die een of ander rigting of te beweeg.

/...

Die noodwendige gevolgtrekking wat uit voorafgaande voortvloei is dat versnelde verandering deur middel van televisie nie 'n gegewe is nie. Versnelde verandering behoort nie sonder deeglike kennisname van die individu se persoonlike behoeftes te geskied nie, omdat onbeplande blootstelling verhoogde konflik en trauma by sekere individue tot gevolg kan hê. Ideaal gesproke beteken versnelde verwestersing die blootstelling van respondente aan die proses van verandering met inagneming van hul werklike individuele behoeftes in hierdie verband. Onbeplande blootstelling aan televisie as 'n agent van verandering kan byvoorbeeld onderliggende rebelse gedrag prikkel, tot meer aggressiwiteit lei en groter onsekerheid of ambivalensie in gedrag tot gevolg hê. Dit mag ook onsekerheid en verwarring by sekere respondente meebring, trauma veroorsaak en selfs afwykende gedrag (akkulturasiekonflik) stimuleer (kyk in hierdie verband Paragraaf 2.2).

## 8.4 AANBEVELINGS

### 8.4.1 Leemtes van die ondersoek

#### 8.4.1.1 Metodologiese beperkinge

Die huidige ondersoek is oor 'n relatief kort tydsverloop onderneem wat waarskynlik sommige van die resultate (of die afwesigheid daarvan), verklaar. Die feit dat die toets- en hertoetssituasies nie oor 'n langer tydperk uitgevoer kon word ten einde meer moontlike invloede van die blootstelling aan opvoedkundige televisieprogramme vir eksperimentele waarneming te kon laat kristalliseer nie, is 'n wesenlike leemte van die studie. Voortgesette ondersoek sou dalk ook lig op aspekte wat tans nog onbeantwoord gelaat is kon bied, byvoorbeeld:

(a) Tree daar later na die proses van blootstelling aan Westerse opvoedkundige programme weer enige veranderings in die verloop van die proses in? Met ander woorde: Is die eerste ses maande vir sommige respondente 'n traumatiese ervaring wat (noodwendig) tot permanente regressie (sal) lei? Of kan hierdie regressie ná die aanvanklike trauma omkeer in 'n progressie in die rigting van effektiewe verwestersing?

(b) Hoe lank duur die fase van ambivalensie (kyk Gevallestudie 2)? Is dit permanent of 'n blote fase in 'n proses op weg na latere toenemende verwestersing - of gaan ambivalensie noodwendig oor in volledige regressie?

/...

8.4.1.2 Beperkinge van 'n Westerse sielkundige benadering

Dit is voorts 'n pertinente leemte van die ondersoek dat verwestersing vanuit die oogpunt van die Westerse sielkunde benader is, met Westerse kultuurwaardes as die norm vir effektiewe verandering. Die vraag ontstaan, veral gesien in die Afrika-konteks, of 'n Afrikamodel as vertrekpunt, nie ander perspektiewe aan die lig sou gebring het nie. Dit is dringend nodig dat insette vanuit die Afrika-oogpunt spesifiek in ag geneem sal word in die beplanning van enige navorsing of in die uitwerk van enige modelle wat as effektiewe resultaat nagestreef sal word.

Vrae soos bogenoemde het uit die resultate van die ondersoek gekristalliseer maar in 'n groot mate onbeantwoord gebly. Dit is juis hierdie vrae wat veral in die huidige klimaat besonder dringend om beantwoording - en dus om voortgesette navorsing op hierdie terrein - roep.

8.4.1.3 Beperkinge met betrekking tot die keuse van die ondersoekgroep en blootstellingsmateriaal

Die huidige ondersoek het slegs beperk gebly tot die moontlike invloed van opvoedkundige televisieprogramme op verwestersing by 'n groep Swart - stedelike! - adolessente. Hoe "werk" hierdie media deur middel van ander soorte televisie-programme met Swart adolessente (landelik en stedelik); met Swart kinders (landelik en stedelik) en met Swart volwassenes (landelik en stedelik)? Watter invloed het dramas met geweld as tema op sekere groepe in die proses van verwestersing? Watter effek het nuus- en aktualiteitsprogramme of dokumentêre programme met Westerse idees en temas op die proses van verwestersing of nie-verwestersing? Watter rol het geweld op televisie byvoorbeeld gespeel op die eskalasie van geweld in die gemeenskap? Hoe reageer manlike respondente, enersyds, en vroulike respondente, andersyds, op verskillende vlakke van opvoeding en ouderdom op versnelde verwestersing wat deur die media gestimuleer word?

Dat massamediakenners hier 'n groot rol kan speel om die nodige navorsing te inisieer ten einde die media effektief vir die doel van ontwikkeling in te span, behoort voor die handliggend te wees.

/...

8.4.2 Die betekenis van die ondersoek gesien uit die massamedia-oogpunt

Die rol wat die massamedia in die algemeen en televisie in die besonder te speel het as opvoedkundige media veral onder omstandighede van regstellende aksie en versnelde verandering, verdien ook meer as blote terloopse aandag. Veral in 'n kultuurheterogene land soos Suid-Afrika in oorgang van Apartheid na integrasie en van minderheids- na meerderheidsregering, is die vraag watter rol die massamedia kan speel om die verskillende bevolkingsgroepe effektief op te voed vir die verandering (en vir die sogenaamde rekonsiliasie), van kernbelang.

Sekere beleidsdoelwitte met regstellende aksie, mag implikasies met betrekking tot die proses van verwestersing en die wenslikheid daarvan inhou. As regstellende aksie uit die oogpunt van regeringsbeleid met versnelde verwestersing gepaard behoort te gaan, is dit vanselfsprekend dat proaktief op versnelde verwestersing afgestuur sal word. Die openbare media, byvoorbeeld televisie, sal as deel van die amptelike beleid waarskynlik ingespan moet word om hierdie proses te ondersteun en te dra.

So gesien, hou die bevindinge van hierdie ondersoek belangrike implikasies vir die wyse waarop hierdie proses aangepak behoort te word in. Uit die resultate is dit duidelik dat die blote blootstelling aan Westerse opvoedkundige programme in die stimulering van versnelde verwestersing nie noodwendig die gewensde uitwerking sal hê nie. Die ondersoek toon aan dat daar nie 'n kousale verband tussen sodanige blootstelling en die uiteindelike resultaat is nie. Tussen oorsaak en gevolg lê daar op hierdie terrein nog heelwat onbeantwoorde vrae met betrekking tot die werklike rol wat opvoedkundige televisieprogramme in effektiewe verwestersing kan en sal speel.

Daar kan waarskynlik met stelligheid beweer word dat die werklike waarde en grootste bydrae van hierdie ondersoek juis in die bevinding geleë is dat daar nie noodwendig kousaliteit tussen blootstelling aan Westerse opvoedkundige televisieprogramme en gevolg bestaan nie. Wat hierdie bevinding veral van groot betekenis maak, is die feit dat die resultate beskikbaar raak op die vooraand van verreikende politieke, maatskaplike en sosio-ekonomiese verskuiwings - miskien dié grootste verskuiwing van hierdie aard in die totale geskiedenis van hierdie land - waar daar wegbeweeg word van 45 jaar van Blanke minderheidsregering, na Swart meerderheidsregering en al die implikasies wat hierdie verandering vir die toekomstige Suid-Afrikaanse samelewing en die individue daarbinne inhou.

Die bevindinge van die ondersoek dien teen sodanige agtergrond as 'n waarskuwing dat veel meer kennis van oorsaak en gevolg op die terrein van menslike kommunikasie nodig is alvorens massamedia soos televisie effektief aangewend kan word om die proses van verwestersing effektief met behulp van opvoedkundige programme te versnel. Die invloed van televisie op die verwestersing van die Swart adolessent is derhalwe geen definitiewe gegewe nie. Televisie in die algemeen en opvoedkundige televisieprogramme in die besonder, is geen waarborg vir verwestersing nie, maar kan dikwels ook tot ernstige regressie in gedrag in die rigting van tradisionalisme lei. Volgens die klassieke regressieteorieë van psigoanaliste soos Freud, sal ernstige angs 'n blootgestelde individu (kan) noop om terug te vlug na die ou embrionale veiligheid van sy kinderjare - by die Swart adolessent van hierdie ondersoek dus die tradisionele instellings. Die feit dat die model van verwestersing wat in Tabel 2.1 ingesluit word juis vir die moontlikheid van regressie of 'n terugval na die "verlede" voorsiening maak, is hier van groot waarde in die volledige beskrywing van die totale verskynsel.

Dit is voor die handliggend dat die voorafgaande situasie 'n ernstige behoefte aan meer duidelikheid konstateer. Hierdie feit dui op die noodsaaklikheid van verdere navorsing na die werklike invloed wat opvoedkundige televisieprogramme sal uitoefen, nie net Swart adolessente nie, maar ook op Swart kinders en selfs volwassenes wat toenemend aan die medium met sy soms toevallige maar dikwels beplande programme met hoofsaaklik Westerse inhoude blootgestel word.

## 8.5 SLOT

Uit die voorafgaande bespreking is dit ten slotte duidelik dat die model van verwestersing van hierdie ondersoek, soos in Tabel 2.1 uiteengesit en volledig onder Paragraaf 2.2 bespreek, die vorming van beter begrip en insig in die sistematisering en verklaring van die proses van verwestersing onder omstandighede van versnelde verandering, sinvol uiteensit en begelei.

In terme van die model van verwestersing van die ondersoek (Tabel 2.1) en in terme van die resultate van die kwantitatiewe en kwalitatiewe ontledings is dit duidelik dat kultuurverandering nie 'n toestand is nie, maar 'n proses. Dit is voorts nie 'n eenrigting- of selfs tweerigtingproses nie. Dit kan onder sekere omstandighede selfs 'n rigtinglose proses op soek na rigting wees.

Terwyl sekere persoonlikheidsareas progressiewe beweging vanuit die hoek van verwestersing beskou mag toon, mag andere in die teenoorgestelde rigting beweeg, of bloot net water trap, om dit so te stel.

Dit is belangrik om die term "water trap" hier in perspektief as 'n soort rigtlinglose mobiliteit te sien, omdat dit in wese uitdrukking gee aan die feit dat waardes en norme altyd aan die beweeg is en nooit staties van aard is nie - al beweeg dit maar net al in die rondte, op soek na `n sinvolle middelpunt binne die eie massa en bekende inhoude daarvan.

Blootstelling aan versnelde verwestersing is nie noodwendig die antwoord vir die voltrekking van die proses van kultuuroorname nie en kan dikwels die teenoorgestelde gevolg hê of sekere respondente se geestesgesondheid ernstig bedreig.

Is hierdie gevreesde bedreiging permanent of tydelik? Is dit "goed" of "sleg" binne die totale veranderingsproses wat oor 'n wye front in die nuwe Suid-Afrika van ons tyd verloop? Op hierdie en talle ander vrae het en kon hierdie ondersoek nie antwoorde bied nie. Maar die waarde van die ondersoek lê moontlik onder andere ook juis in die vrae wat deur die resultate daarvan teen die agtergrond van `n tyd van versnelde en radikale verandering in Suid-Afrika gepostuleer kon word - vrae wat indringend om navorsing roep omdat die antwoorde daarop noodsaaklik vir oorlewing, rekonsiliasie en effektiewe nasiebou onder totaal nuwe omstandighede in die land geword het.

Dit is voorts ook belangrik om te besef dat kultuurverskuiwing 'n proses is waaraan rigting gegee word deur 'n veelheid van individuele en persoonlike faktore, benewens die moontlike invloede wat faktore uit die omgewing kan uitoefen. Die persoon se vermoë en gereedheid om met die stroom van invloede te kan tredhou, daarmee saam te gaan en saam te leef, moet groot gewig dra by die besluit om hom of haar aan die nuwe invloede bloot te stel. Ongekwalifiseerde blootstelling van individue aan verwestersing moet ontmoedig word. Effektiewe blootstelling vereis kennis van die betrokke individu se persoonlike behoeftes op 'n gegewe tydstip.

Die uitstaande kenmerk van die kultuurheterogene Suid-Afrikaanse samelewing is dat Swartmense as individue (en as subgroepe) hulle op uiteenlopende vlakke van kultuurverandering (en nie noodwendig net bloot in die rigting van verwestersing nie) bevind. Hierdie feit is van kardinale belang by die beplanning van versnelde verwestersing. By sekere individue/subgroepe sal die vraag selfs kan ontstaan of verwestersing hoegenaamd aangewese of gewens is - en selfs of dit werklik sinvol

/...

bewerkstellig kan word in die moontlike afwesigheid van 'n geïnternaliseerde wil en wens tot verandering.

Gesien vanuit die oogpunt van televisie as medium, sou daar ook aangevoer kon word dat hierdie medium nie altyd bloot die homogene funksie van agent vir verandering dien nie. Televisie kan selfs die rol van surrogaat speel, byvoorbeeld eerstens waar daar 'n behoefte bestaan aan toepaslike rolmodelle in 'n nuwe omgewing; tweedens, as voorsiener van inligting; derdens, as die aanwyser van rigting - benewens die ander rolle wat daarmee as medium geassosieer word, naamlik as bron vir vermaak, stimuleerder van kreatiewe denke en as meningsvormer onder verskillende omstandighede wat vanaf die sosiale tot die politieke terrein kan strek.

/...

# BIBLIOGRAFIE


Ainsworth, M.D., & Ainsworth, L.H. (1962). Acculturation in East Africa IV. Summary and discussion. *Journal of Social Psychology*, 57, 417-432.

Anderson, D.R. (1977). *Children's attention to television*. Paper presented at the Biennial meeting of the Society for Research in Child Development, New Orleans.

Anderson, D.R. (1983). Home television viewing by preschool children and their families. In: A.C. Huston (Chair), *The ecology of children's television use.* Symposium presented at the meeting of the Society for Research in Child Development, Detroit.

Anderson D.R., Alwitt, L.F., Lorch, E., & Levin, S.R. (1979). Watching children watch television. In: G. Hale & M. Lewis (Eds.), *Attention and the development of cognitive skills.* New York: Plenum.

Anderson, D.R., & Lorch, E.P. (1983). Looking at television: Action or reaction. In: J. Bryant & D.R. Anderson (Eds.), *Children's understanding of television.* New York: Academic Press.

Anderson, D.R., & Collins, P.A. (1988). The impact on children's education: *Television's influence on cognitive development* (Working paper No. 2.). Washington, DC: U.S. Department of Education, Office of Educational Research and Improvement.

Alexander, T., & Anderson, R. (1957). Children in a society under stress. *Behavioral Sciences*, 2, 46-55.

Anastasi, A. (1976). *Psychological Testing.* London: MacMillan.

Atkin, C. (1983). Effects of realistic TV violence vs. Fictional Violence on aggression. *Journalism Quarterly*, 60(4), 615-621.

Ausubel, D.P., Novek, J.D., & Henesia, H. (1979). *Educational Psychology*. New York: Holt, Rinehart & Winston.

Badenhorst, D.C. (1975). *Die Opleiding van Onderwysers vir 'n Ontwikkelende Gemeenskap*. Ongepubliseerde M.Ed-verhandeling, Pretoria: UNISA.

Badenhorst, H.J. (1975). *Die leerwêreld van die Bantoekind*. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel.

Bandura, A. (1965a). Influence of model's reinforcement contigencies on the acquisition of imitative responses. *Journal of Personality and Social Psychology*, I, 589-595.

Bandura, A. (1965b). Behavioral modification through modeling practices. In: L. Krasner & L. Ullman (Eds.), *Research in behavior modification*. New York: Holt, Rinehart and Winston.

Bandura, A. (1971a). *Psychological modeling: Conflicting theories*. Chicago: Aldine-Atherton.

Bandura, A. (1971b). *Social learning theory*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Bandura, A. (1971c). Vicarious and self-reinforcement processes. In: R. Glaser (Ed.), *The nature of reinforcement.* New York: Academic Press.

Bandura, A. (1976). Social learning perspective on behavior change. In: A. Burton (Ed.), *What makes behavior change possible?* New York: Brunner/Mazel.

Bandura, A. (1977a). Self-efficacy: Toward a unifying theory of behavioral change. *Psychological Review*, 84(2), 191-215.

Bandura, A. (1977b). *Social learning theory*. Englewood-Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Bandura, A. (1978a). Social learning theory of aggression. *Journal of Communication*, 28(3), 12-29.

Bandura, A. (1978b). The self-system in reciprocal determinism. American *Psychologist*, 33, 344-358.

Bandura, A., Ross, D., & Ross, S.A. (1963). A comparative test of status envy, social power, and the secondary reinforcement theories of identification learning. *Journal of Abnormal Social Psychology*, 66, 527-534.

Bandura, A., & Walters, R.H. (1963). *Social learning theory and personality development*. New York: Holt Rinehart and Winston.

Baran, S, (1971). *Development and validation of a TAT-type projective test for use among Bantu-speaking people*. Johannesburg: NIPR.

Barnard, J.S. (red) (1964). *Sielkunde vir Onderwysstudente*. Pretoria: HAUM.

Barnouw, V. (1979). *Anthropology: A general introduction*. Homewood, Illinois: The Dorsey Press.

Beeld (1990). *Beeld*. Ontwrigting, te min dissipline. 31 Jan, 1990:13.

Bekker, S.J., & Groenewald, H.J. (1991a). The use of television by Blacks in the PWV area. *Communicare*, 10(1), 38-37.

Bekker, S.J., & Groenewald, H.J. (1991b). An investigation of the assumptions of an expectancy-value model of gratifications for radio programmes, *Ecquid Novi* 12(1), 3-31.

Bell-Gradler, M.E. (1986). *Learning and Instruction: Theory into Practice*. New York: MacMillan.

Bem, S. (1981). Gender schema theory: A cognitive account of sex typing. *Psychological Review*, 88, 353-364.

Benedict, R. (1968). *Patterns of culture*. London: Routledge.

Berkowitz, L. (1986). Situational influences on reactions to observed violence. *Journal of Social Issues*, 42(3), 93-106.

Berkowitz, L., & Rogers, K.H. (1986). A priming effect analysis of media influences. In: J. Bryant & D. Zillmann (Eds.), *Perspectives on media effects,* 57-81. Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.

Berry, J.W., Trimbel, J. & Olmeda, E. (1986). Assessment of acculturation. In: W.J. Lonner & J.W. Berry (Eds) *Field methods in cross-cultural research.* (pp. 291-325) London: Sage.

Beuf, A. (1974). Doctor, Lawyer, household drudge. *Journal of Communication,* 24(2), 142-145.

Beukes, E.P. (1989). Theories of economic development: an overview and some implications. In: J.K. Coetzee (Ed). *Development is for people* 214-221. Pretoria: Sigma Press.

Biesheuvel, S. (1984). Memorandum vir die Wetenskapskomitee oor die stimulering van formele en nie-formele onderwys in Suid-Afrika. In: *Wetenskapskomitee van die Presidentsraad. Verslag van die Wetenskapskomitee van die Presidentsraad oor informele en nie-formele onderwys in Suid-Afrika.* Kaapstad: Staatsdrukker.

Biesheuvel, S. (1987). Cross-cultural psychology: Its relevance to South Africa. In: K.F. Mauer & A.I. Retief (Eds.). *Psychology in context: Cross cultural research trends in South Africa,* 1-36. Pretoria: HSRC.

Biesheuvel, S. (ongedateer). *The Development of Personality in African Cultures Annex I.* Pretoria: NIPR.

Blanchard, R.W., & Biller, H.B. (1971). Father availability and academic performance among third-grade boys. *Developmental Psychology,* 4, 301-305.

Blignault, A.P. (1964). Preventiewe aspekte van Bantoepsigiatrie. *Geneeskunde,* 6(26), 383-388.

Blumer, H. (1990). *Industrialization as an Agent of Social Change: A critical analysis.* New York: Aldine de Gruyter.

Blumler, J.G. (1979). The role of theory in uses and gratifications studies. *Communication Research,* 6(1), 9-36.

Blumler, J.G., & Katz, E. (Eds) (1974).. *The uses of mass communications: current perspectives on gratifications research.* Beverly Hills, CA: Sage.

Blumler, J.G., & McLeod, J.M. (1974). Communication and voter turnout in Britain. M. Janowitz (Ed). *Sociological theory and survey research.* Beverly Hills, California: Sage.

Bock, P.K. (1970). *Modern cultural Anthropology: An introduction.* New York: Knopf.

Botha, M.P. (1990). *Televisieblootstelling en aggressiwiteit by hoërskoolleerlinge: 'n Opvolgondersoek oor vyf jaar.* Ongepubliseerde D.Phil Proefskrif. Universiteit van Bloemfontein: Bloemfontein.

Botha, T.R. (1977). *Die sosiale lewe van die kind in opvoeding.* Pretoria: Pretoria Drukkers.

Brody, M.K.(1994). Revolution in Hall 5. *BMW Magazine* 1/94 22 - 31

Brody, G.H., Stoneman, Z., & Sanders, A.K. (1980). Effects of television viewing on family interactions: an observational study. *Family Relations*, 29(2), 216-220.

Bronfenbrenner, U. (1970). *Who cares for America's children?* Paper presented at the Conference of the National Association for the Education of Young Children.

Brown, J.R., Linné, O. The family as a mediator of television's effects. In: BROWN, R. (ed.) *Children and Television.* London: MacMillan, 1976.

Broverman, K., Vogel, S.R., Broverman, D.M., Clarkson, F.E., & Rosenkrantz, P.S. (1972). Sex-role stereotypes: A current appraisal. *Journal of Social Issues*, 28, 59-78.

Bryant, A.T. (1967). *The Zulu People.* Pietermaritzburg: Shuter & Shooter.

Brynard, K. (1989). Die wanhoop in die swart onderwys. *Insig*, 20 Aug. Department of Education and Training.

Burt, C.E., Cohen, L.H., & Bjorck, J.P. (1988). Perceived family environment as a moderator of young adolescents life stress adjustment. *American Journal of Community Psychology*, 16(1), 101-122.

Buxton, C.E. (1973). *Adolescent in school*. London: University Press.

Clausen, J.A. (1978). American Research on the family and Socialization. *Children Today*, 7(2): March-April 1978.

Cline, V.B., Croft, R.G., & Courrier, S. (1972). Desensitization of children to television violence. *Journal of Personality and Social Psychology*, 27, 360-365.

Coetzee, J.K. (1989). *Development is for People*. Pretoria: Southern Book Publishers.

Collins, W.A. (1981). Schemata for understanding television. *New Directions for Child Development*, 13, 31-46.

Collins, W.A. (1983). Interpretation and inference in children's television viewing. In: J. Bryant and D.R. Anderson (Eds.), *Children's understanding of television*. New York: Academic Press.

Comstock, G. (1980). New emphases in research on the effects of television and film violence. In: E.L. Palmer & A. Dorr (Eds.), *Children and the faces of television*. New York: Academic Press.

Comstock, G., Chaffee, S., Katzman, N., McCombs, M., & Roberts, D. (1978). *Television and human behavior*. New York: Columbia University Press.

Comstock, G., & Cobbey, R.E. (1979). Television and the children of ethnic minorities. *Journal of Communication*, 29(1), 104-115.


/...

Conger, J.J., & Petersen, A.C. (1984). *Adolescence and youth*. New York: Harper & Row.

Connell, R.W., Ashenden, D.J., Kessler, S., & Dowset, G.W. (1983). *Making the difference: schools, families and social division*. Sydney: Allen & Unwin.

Conradie, D.P. & Malan, J.C. (1983). *Aggression and violence on TV1,* 1976-1981. Pretoria: Human Sciences Research Council.

Cordua, G.D., McGraw, K.O., & Drabman, R.S. (1979). Doctor or nurse: Children's perception of sex typed occupations. *Child Development*, 50, 590-593.

Corner, T. (1985). *Education in Multicultural Societies*. London: Croom Helm.

Cressey, D.R., & Coleman, J.W. (1980). *Social problems*. New York: Harper and Row.

Cross, K.P. (1981). *Adults as learners*. California: Jossey Bass.

Dacey, J.S. (1982). *Adolescents Today*. Glenview Illinois: Scott, Foresman and Company.

David, W.L. (1986). *Conflicting paradigms in the economics of developing nations*. New York: Praeger.

Davidson, E.S., Yasuna, A., & Tower, A. (1979). The effects of television cartoons on sex-role stereotyping in young girls. *Child Development*, 50, 597-600.

De Fleur, M.L., & Dennis, E.E. (1988). *Understanding Mass Communication*. Boston: Houghton Miffin Company.

De Fleur, M.L., & Ball-Rokeach, S.B. (1982). *Theories of mass communication*. New York: Longman.

Deinhardt, C.L. (1983). *Personality assessment and Psychological interpretation*. Springfield, Illinois: Charles & Thomas.

De Ridder, J.C. (1961). *The personality of the urban African in South Africa: A Thematic Apperception Test Study*. London: Routledge.

D.E.T. (1990). *South Africa (Republic) Department of Education and Training Annual Report*. Pretoria: Government Printer 390 p. (50/1990).

Dorr, A. (1986). *Television and children: A special medium for a special audience*. Beverly Hills, CA: Sage.

Downing, M. (1974). Heroine of the day time serial. *Journal of Communication*, 24(2), 130-137.

Downs, J.F., & Bleibtreu, H.K. (1975). The evolution of our capacity for culture. In: P.B. Hammond (Ed), *Cultural and social anthropology*. London: MacMillan Publishing Company.

Drabmann, R.S., & Thomas, M.H. (1974). Does media violence increase children's tolerance of real-life aggression? *Developmental Psychology*, 10, 418-421.

Dreyer, H.J. (1980). *Adolescence in a changing society*. Pretoria: Academica.

Dunnett, P. (1990). *The world television industry: An economic analysis*. London: Routledge.

Ellis, G.J. (1983). Youth in the electronic environment: an introduction. *Youth and Society*, 15(1), 3-12.

English, H.B., & English, A.C. (1958). *A comprehensive dictionary of psychological and psychoanalytical terms*. London: Longmans.

Erasmus, P.F. (1972). *Die persoonlikheid van die Suid-Afrikaanse Bantoe aan die hand van die analitiese sielkunde van Szondi*. (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif) Potchefstroom: PU vir CHO.

Erasmus, P.F. (1975). *A survey of literature on Bantu personality with particular reference to TAT investigations into depth perception - Guidelines for a possible TAT test for the Bantu*. Pretoria: HSRC.

Erasmus, P.F. (1976). *Manual for the Thematic Appercption Test (Zulu)*. Pretoria: HSRC.

Erasmus, P.F. (1977). Akkulturasiekonflik - 'n nuwe siektebeeld? *Humanitas*, 4(1), 41-49.

Erikson, L.H. (1968). *Identity: Youth and Crises.* New York: Norton.

Eysenck, H.J., Arnold, W.J., & Meili, R. (1975). *Encyclopedia of psychology*, 1(2). Fontana.

Fauconnier, G. (1973). *Massakommunikasie en terreinverkenning*. Groningen: Tjeenk Willink.

Feshbach, S. (1972). Reality and fantasy in filmed violence. In: J.P. Murray, E.A. Rubinstein, & G.A. Comstock (Eds.), *Television and social behavior: Vol 2*. Television and social learning. Washington, DC: U.S. Government Printing Office.

Forisha-Kovach, B. (1983). *The experience of adolescent development in context*. Glenview, I.L.: Scott, Foresman.

Frazer, C.F. (1981). The social character of children's television viewing. *Communication Research*, 8, 307-322.

Freud, A. (1946). *The ego and the mechanisms of defense*. New York: International Universities Press.

Freuh, T., & McGhee, P.E. (1975). Traditional sex role development and amount of time spent watching television. *Development Psychology*, 11(1), 109.

Friedlander, B.Z., Westone, H.S., & Scott, C.S. (1974). Suburban preschool children's comprehension of an age-appropriate information television program. *Child Development*, 45, 561-565.

Furnham, A. (1988). The adjustment of Sojourners. In: Y.Y. Kim & W.B. Gudykunst (Eds.). *Cross-cultural adaptation: Current approaches*. Newbury Park: Sage.

Furu, T. (1971). *The function of television for children and adolescents*. Tokyo: Sophia University.

Garbarino, J. (1985). *Adolescent development*. Columbus: Charles E. Merrill.

Garbers, J.G. (1971). *Pedi adolescence; the educational situation and image of adolescence of the Pedi school child*. Port Elizabeth: University of Port Elizabeth.

Garbers, C.F. (1984). Africa's needs of science, technology and manpower. *RSA 2000 Gesprek met die Toekoms* Vol. 6(2), 13-20.

Gardner, H. (1982). *Developmental psychology*. Boston: Little, Brown.

Garrison, K.C. & Garrison, K.C. (1975). *Psychology of adolescence*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

Gerbner, G. (1973). Cultural indicators: the third voice. In: Gerbner, G., Gross, L. & Melody, W. (Eds.). *Communications, technology and social policy*. New York: Wiley.

Gerbner, G. & Gross, L. (1978). "The scary world of TV's heavy viewer". In: Voelker, F.H. & Voelker, L.A. *Mass media, forces in our society*. New York: Harcourt Brace Jovanovich.

Gerbner, G., Gross, L., Jackson-Beeck, M., Jeffries-Fox, S., & Sigorielli, N. (1978). Cultural indicators: Violence profile No. 9. *Journal of Communication*, 28(3), 176-207.

Gerbner, G., Gross, L., Morgan, M., & Signorielli, N. (1980). The 'mainstreaming' of America: Violence profile No. 11. *Journal of Communication*, 30(3), 10-29.

Gerbner, G., Gross, L., Morgan, M., & Signorielli, N. (1982). Charting the mainstream: Television's contributions to politicial orientation. *Journal of Communication*, 32(2), 100-127.

Gerbner, G., Gross, L., Morgan, M., & Signorielli, N. (1986). Living with television: The dynamics of the cultivation process. In: J. Bryant & D. Zillmann (Eds.), *Perspectives on media effects*. Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.

Gerbner, G., & Signorielli, N. (1979). *Women and minorities in television drama*. 1969-1978. Philadelphia: The University of Pennsylvania.

Gerdes, L.C. (1988). *The Developing Adult*. Durban: Butterworths.

Gordon, I.J. (1975). *Human Development*. New York: Harper & Row.

Gordon, A. (1985). Environmental constraints and their effect on the academic achievement of urban Black children in South Africa. *South African Journal of Education*, 6(1), 70-74.

Grant, G.V. (1969). *The organization of mental abilities of an African ethnic group in cultural transition*. (Unpublished D.Phil Thesis). Johannesburg: University of the Witwatersrand.

Greenberg, B.S., Edison, N., Korzenny, F., Fernandez-Collado, C., & Atkin, C.K. (1980). Antisocial and prosocial behavior on television. In: B.S. Greenberg (Ed.), *Life on television: Content analyses of U.S. TV drama*. Norwood, NJ: Ablex.

Greenfield, P.M., Geber, B., Beagles-Roos, J., Farrar, D., & Gat, I. (1981). *Television and radio experimentally compared: Effects of the medium on imagination and transmission of content*. Paper presented at the meeting of the Society for Research in Child Development, Boston.

Greer, L.D. (1980). *Children's comprehension of formal features with masculine and feminine connotation*. Lawrence: University of Kansas.

Groenewald, H.J., Bornman, E., Van Aswegen, A., & Holtzhausen, U. (1987). The Social Learning Needs of Black Adolescents in Soweto, *RTV, 1987*, Vol. 1(3), 26-33.

Groenewald, H.J., & Holtzhausen, U.M. (1979). Radio- en Televisieblootstelling van 'n groep Swart Adolessente in Soweto. *Communicare*, 6(1), 29-39.

Gross, L., & Jeffries-Fox, S. (1978). What do you want to be when you grow up, little girl? In: G. Tuchman, A.K. Daniel, & J. Benet (Eds.), *Health and home: Images of women in mass media*. New York: Oxford University Press.

Harbison, F. (1973). *Human Resources as the Wealth of Nations*. New York: Oxford University Press.

Harris, I.D., & Howard, K.I. (1984). Parental criticism and the adolescent experience. *Journal of youth and Adolescence*, 13, 113-121.

Harrison, R., & Ekman, P. (1976). TV's last frontier: South Africa. *Journal of Communication*. Winter 1976 (102-109).

Harrison, L., & Williams, T. (1986). Television and cognitive development. In: T.M. Williams (Ed.), *The impact of television: A natural experiment in three communities*. New York: Academic Press.

Hartup, W.W. (1979). The social worlds of childhood. *American Psychologist*, 34, 944-950.

Harwood, R.L., & Weissberg, R.P. (1987). The potential of video in the promotion of social competence in children and adolescents. *Journal of Early Adolescence*, 7(3), 345-363.

Hauser, S.T. (1972). Black and White identity development: Aspects and perspectives. *Journal of Youth and Adolescence*, 1, 113-130.

Havighurst, R.J. (1982). *Developmental Tasks and Education*. New York: David McKay Company.

Haviland, W.A. (1974). *Anthropology*. Vermont: Holt, Rienenhart & Winston.

Haviland, J.M., & Scarborough, H.S. (1981). *Adolescent development in contemporary society*. New York: Van Nostrand.

Hawkins, R.P., & Pingree, S. (1986). Activity in the effects of television on children. In: J. Bryant & D. Zillmann (Eds.), *Perspectives on media effects*. Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.

Hearne, D.A. (1985a). Telecourses. In: *Educational Programmes RTV1*. Vol 1 No 1 (pp. 90-94

Hearne, D.A. (1985b). English Training Programmes. In: *Educational Programmes RTV1*. Vol 1 No 1 (pp. 116-121.

Herskovits, J.M. (1967). *The human factor in changing Africa*. New York: Knopf.

Hill, J.L. (1977). *A Thematic Apperception Study of Black Personality in a Rhodesian Industry*. Dissertation submitted as a course requirement for the B.Sc Special Honours (Psychology) degree of the University of Rhodesia.

Himmelweit, H.T., Oppenheim, A.N., & Vince, P. (1958). *Television and the child*. London: Oxford University Press.

Hjelle, L.S., & Ziegler, D.J. (1981). *Personality Theories*. Singapore: McGraw-Hill.

Holdstock, T.L. (1987). *Education for a new nation*. Johannesburg: University of the Witwatersrand.

Horowitz, I. (1966). *Three Worlds of Development*. New York: Oxford University Press.

Horrocks, J.E. (1976). *The Psychology of Adolescence*. Boston: Houghton Mifflin Company.

Huesmann, L.R. (1982). Television violence and aggressive behavior. In: D.Pearl, L. Bouthilet, & J. Lazar (Eds.), *Television and behavior: Ten years of scientific progress and implications for the eighties*. Vol. 2. Rockville, Md.: NIMH.

Huesmann, L.R. (1988). An information processing model for the development of aggression. *Aggressive behavior*, 14, 13-24.

Hunt, J.G. (1973). Race and identity: A study of Black and White urban school boys. *Dissertation Abstracts International*, 34 (7-A), 4552.

Hurlock, E.B. (1973). *Adolescent development*. Tokyo: McGraw-Hill.

Huston, A. (1983). Sex-typing. In: P.H. Hussen & E.M. Hetherington (Eds.), *Handbook of child psychology: Vol 4. Socialization, personality, and social development* (4th ed.). New York: Wiley.

Jennings (Walstedt), J., Geis, F.L., & Brown, V. (1980). Influence of television commercials on women's self-confidence and independent judgement. *Journal of Personality and Social Psychology*, 38, 203-210.

Johnstone, J.W.C. (1974). Social integration and mass media use among adolescents: A case study. In: J.G. Blumler & S.E. Katz (Eds.). *The uses of mass communications: Current perspectives and gratifications research*. Beverly Hills, CA: Sage.

Joy, L., Kimball, M., & Zabrack, M. (1977). *Television exposure and children's aggressive behavior*. Paper presented at the meeting of the Canadian Psychological Association, Vancouver.

Kagitcibasi, C. (1990). Family and home-based intervention. In: R.W. Brislin (Ed.), *Applied cross-cultural psychology*. Newbury Park, California: Sage Publications.

Kagitcibasi, C., & Berry, S. (1989). Cross-cultural Psychology: Current Research and trends. In: M.R. Rosenzweig & L.W. Porter (Eds.), *Annual Review of Psychology*, Vol 40. Palo Alto, California: Annual Review Inc.

Katz, E. (1959). Mass communications research and the study of popular culture. *Studies in Public Communication*, Vol. 2.

Katz, E., Blumler, J.G., & Gurevitch, M. (1974). Utilization of mass communication by the individual. In: J.G. Blumler & E. Katz (Eds.), *The uses of mass communications*. Beverly Hills, CA: Sage.

Katzman, M. (1972). Television soap operas: What's been going on any way? *Public Opinion Quaterly*, 36, 200-212.

Kimball, M.M. (1986). Television and sex-role attitudes. In: T.M. Williams (Ed.), *The impact of television. Orlando*, FL: Academic Press.

Kitwood, T. (1980). *Disclosures to a stranger*. London: Routledge & Kegan Paul.

Kotze, E.F. (1983). *Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans*. Unpublished Doctoral thesis. Johannesburg: University of the Witwatersrand.

Kotze, J.C. (1982). *Volkekunde en grense*. Professorale intree-rede, RAU. Johannesburg: Publikasiereeks van die RAU A142.

Krech, D., Crutchfield, R.S., & Livson, N. (1969). *Elements of Psychology*. New York: Alfred A Knopf.

Krige, E.J. (1965). *The social system of the Zulus*. Pietermaritzburg: Shuter & Shooter.

Kruger, M. (1991). Die werklike probleme in Swart onderwys. *Fokus 2000*, 384-393.

Krull, R., & Husson, W. (1979). Children's attention: The case of TV viewing. In: E. Wartella (Ed.), *Children communicating. Sage Annual Reviews of Communication Research, Vol. 7*. Beverly Hills, California: Sage.

Krull, R., & Watt, J.H., Jr. (1973). *Television viewing and aggression: An examination of three models*. Paper presented at the meeting of the International Communication Association, Montreal.

Kunczik, M. (1984). *Communication and Social Change*. Bonn: Braunschweig Druck.

Laswell, H.D. (1974). The structure and function of Communication in the Society. In: W. Schramm & D.F. Roberts, *The process and effects of mass communication*. Illinois: University of Illinois Press.

Lee, S.G. (1953). *A preliminary investigation of personality of the educated African by means of a projective technique*. (Unpublished M.A. dissertation). Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Lefkowitz, M.M., & Huesmann, L.R. (1980). Concomitants of television violence viewing in children. In: E.L. Palmer & A. Dorr (Eds.), *Children and the faces of television*. New York: Academic Press.

Leifer, A.D., Gordon, N.J., & Graves, S.B. (1974). Children television: More than mere entertainment. *Harvard Educational Review*, 44, 213-245.

Leifer, A.D. & Roberts, D.F. (1972). Children's responses to television violence. In: J.P. Murray, E.A. Rubinstein & G.A. Comstock (Eds.), *Television and social behavior, Vol. 2: Television and social learning*. Washington: Government Printing Press.

Lerner, D. (1958). *The Passing of Traditional Society: Modernizing the Middle East*. New York: Free Press.

Lewis, J. (1990). Are you receiving me? In: A. Goodman & G. Whannel. *Understanding Television*. London: Routledge.

Lessa, W., & Spiegelman, M. (1954). *Ulithian personality as soon through ethnological materials and thematic test analysis*. University of California Publications in Culture and Society, 2, 243-301.

Linton, R. (1945). *The cultural background of personality*. New York: Appleton-Century Company.

Liebert, R.M., & Baron, R.A. (1972). Short-term effects of televised aggression on children's aggressive behavior. In: J.P. Murray, E.A. Rubinstein, & G.A. Comstock (Eds.), *Television and behavior. Vol. 2. Television and social learning*. Washington, DC: U.S. Government Printing Office.

Liebert, R.M., Sprafkin, J.N., & Davidson, E.S. (1982). *The early window: effect of television on children and youth*. New York: Pergamon Press.

/...

Lindzey, G. (1961). *Projective Techniques and Cross-cultural Research.* New York: Appleton-Century-Crofts.

Lloyd, M.A. (1985). *Adolescence.* Cambridge: Harper & Row.

Lorch, E., Anderson, D., & Levin, S. (1979). The relationship of visual attention to children's comprehension of television. *Child Development,* 50, 722-727.

Lötter, J.M. (1979). The effect of urbanization and education on the fertility of Blacks in South Africa. In: J.M. Lötter. *Sosiale probleme in die RSA.* (Red). Pretoria: RGN.

Lueptow, L.B. (1984). *Adolescent sex roles and social change.* New York: Columbia University Press.

Lull, J. (1980). Family communication patterns and the social uses of television. *Communication Research,* 7(3), 319-334.

Lyle, J., & Hoffman, H. (1972). "Children's Use of Television and Other Media". In: E. Rubinstein, G. Comstock, and J. Murray (Eds.), *Television and Social Behavior, Vol. IV, Television in Day-to-Day Life: Patterns of Use.* Washington, DC: US Government Printing Office.

Lynn, D.B. (1966). The process of learning parental and sex-role identification. *The Journal of Marriage and the Family,* 28, 466-470.

Maccoby, E.E. (1951). Television: Its impact on school children. *Public Opinion Quarterly,* 15, 421-444.

Malan, J.C. (1984). *Aggressie op TV3: 1983.* Pretoria: RGN.

Malan, H. (1987). Aggressie op TV3: 'n perspektief. *Communication,* 13(1), 21-25.

Malmquist, C.P. (1985). *Handbook of adolescence: Psychopathology antisocial development psychoteherapy.* New York: Jason Aronson.

Manaster, G.J. (1977). *Adolescent development and the life tasks.* Boston: Allyn & Bacon.

Marjoribanks, K. (1974). *Environments for learning.* Windsor: N.F.E.R. Publishing Co.

Martin, C.L., & Halverson, C.F., Jr. (1983). The effects of sex-typing schemas on young children's memory. *Child Development,* 54, 563-574.

Martin, C.L., & Halverson, C.F. (1981). A schematic processing model of sex-typing and stereo-typing in children. *Child Development,* 52, 1119-1134.

Mayer, P., & Mayer, I. (1974). *Townsmen or Tribesmen.* Cape Town: Oxford University Press.

McArthur, L.Z., & Resko, B.G. (1975). The portrayal of men and women in American television commercial. *Journal of Social Psychology,* 97, 209-220.

McGhee, P.E., & Frueh, T. (1980). Television viewing and the learning of sex-role stereotypes. *Sex Roles*, 6, 179-188.

McLeod, J.M., & O'Keefe, G.J., Jr (1972). The socialization perspective and communication behavior. In: F.G. Tichenor (Eds.), *Current perspectives in mass communication research*. Beverly Hills, CA: Sage.

McLuhan, M. (1964). *Understanding Media. The Extentions of Man*. London, Routledge & Kegan Paul.

McNeil, J.C. (1975). Feminism, feminity and the television series: A content analysis. *Journal of Broadcasting*, 19, 259-271.

McQuail, D. (1969). *Towards a sociology of mass communications.* London: Collier Macmillan.

McQuail, D. (1983). *Mass Communication theory: An introduction*. Beverly Hills, CA: Sage.

Meline, C.W. (1976). Does the medium matter? *Journal of Communication*, 26(3), 81-89.

Meichenbaum, D.H. (1971). *Implications of cognitive training research for educational television: Ways of improving Sesame Street.* Reprinted from the Proceedings of the 79th Annual Convention of the American Psychological Association, 195-196.

Messaris, P. (1986). Parents, children, and television. In: G. Gumpert & R. Cathcart (Eds.), *Inter/media. Interpersonal communication in a media world*. New York: Oxford University Press.

Messaris, P., & Kerr, D. (1983). Mothers' comments about TV: Relation to family communication patterns. *Communication Research*, 10(2), 175-194.

Milavsky, J.R., Kessler, R.C., Stipp, H.H., & Rubena, W.S. (1982). *Television and aggression. A panel study*. New York: Academic Press.

Miller, M.M., & Reeves, B. (1976). Dramatic TV content and children's sex-role stereotypes. *Journal of Broadcasting*, 20, 35-50.

Minnaar, G.G. (1975). *Die invloed van verwestersing op die persoonlikheid van 'n groep Zoeloemans*. (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Minnaar, G.G. (1976). *Die klassifikasie en ontleding van TAT-Z response*. Pretoria: RGN.

Mitchell, J.J. (1971). *Adolescence: Some critical issues*. Toronto: Holt, Rinehart & Winston.

Mkhabela, O.K. (1985). Problems in understanding an educating an adolescent in a traditional society, from the point of view of an adolescent, a parent and a teacher: A Psycholopedagogic Perspective. *Paidonomia*, 13, 45-62.

Montemayor, R. (1983). Parents and adolescents in conflict: All families some of the time and some families most of the time. *Journal of Early Adolescence*, 3, 83-103.

Moos, R., & Moos, B. (1981). A typology of family social environments. *Family Process*, 15, 357-371.

Morawetz, D. (1977). *Twenty-five years of economic development 1950-1975.* Baltimore: Johns Hopkins.

Morgan, M. (1982). Television and adolescents' sex-role stereotypes: A Longitudinal study. *Journal of Personality and Social Psychology*, 43, 947-955.

Morgan, M. (1987). Television, sex-role attitudes, and sex-role behavior. *Journal of Early Adolescence*, 7(3), 269-282.

Morgan, M., & Rothschild, N. (1983). Impact of the new television technology. *Youth and Society*, 15(1), 33-50.

Morgan, C.D., & Murray, H.A. (1935). A method for investigating fantasies: The Thematic Apperception Test. *Archives of Neurology and Psychiatry*, 34, 289-306.

Motshologane, S. R. (1974). *Influence of urbanization on the role and status of husband and wife in the Tswana family*. (Unpublished M.A. thesis). Turfloop: University of the North.

Murray, H.A. (1938). *Explorations in personality*. New York: Oxford.

Murray, H.A. (1943). *Thematic Apperception Test Manual*. Cambridge, Ma: Harvard University Press.

Mussen, P.H., Conger, J.J., & Kagan, J. (1974). *Child development and personality*. New York: Harper & Row.

Naisbitt, J. (1984). *Megatrends*. London: Futura Macdonald S Co.

National Institute of Mental Health. (1982). *Television and behavior*. U.S. Department of Health and Human Services. Maryland: Rockville.

Nel, A. (1977). *Verantwoordelikheid: 'n Opvoedkundige Perspektief Deel 2. Verantwoordelikheid by die Bantoe binne Westerse Kultuurverband.* Pretoria: RGN.

Nel, B.F. (1974). *Fundamental orientation in Psychological Pedagogics*. Pretoria: Academica.

Nel, C.F.B. (1970). *Some Aspects of Adulthood as seen in Philosophical-Pedagogical Perspective with reference to the Zulu's new image of man*. Inaugural Address, University of Zululand.

Nerfin, M. (1977). *Another development: Approaches and strategies*. Uppsala: Dag Hammerskӧld Foundation.

Ngendane, Z.V. (1985). Adolescence a critical stage for the individual. *Matlhasedi education bulletin*, Vol. 4, No. 1.

Noller, P., & Callan, V. (1991). *The adolescent in the family*. London: Routledge.

Nielsen, L. (1987). *Adolescent psychology: A contemporary view*. New York: Holt, Rinehart & Winston.

Oluyitan, E. F. (1980). *Training for national development: The case of the Nigerian Television Authority (NTA)*. Unpublished doctorate. Indiana University.

Palmer, E.L. (1984). Providing quality television for America's children. In: J.P. Murray & G. Salomon (Eds.), *The future of children's television*. Boys Town, NE: Father Flanagan's Boys' Home.

Parsons, T. (1977). *The evolution of societies*. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

Pearce, W.B., & Kang, K.W. (1987). Conceptual Migrations: Understanding "Travelers' Tales" for Cross-Cultural Adaptation. In: Y.Y. Kim & W.B. Gudykunst (Eds.), *Cross-cultural adaptation: Current approaches*. Newbury Park: Sage.

Perloff, R.M. (1977). Some antecedents of children's sex-role stereotypes. *Psychological Reports*, 40, 463-466.

Pervin, L.A. (1970). *Personality: Theory, Assessment and Research*. New York: John Wiley.

Pervin, L.A. (1978). *Perspectives in Interactional Psychology*. New York: Plenum Press.

Petersen, A.C., & Taylor, B. (1980). The biological approach to adolescence: Biological change and psychological adaptation. In: J. Adeson, *Handbook of Adolescent Psychology*. New York: Wiley.

Pingree, S. (1978). The effects of nenexist television commercials and perceptions of reality on childrens attitudes about women. *Psychology of Women Quarterly*, 2, 262-277.

Pitout, M. (1985). *Televisiekykpatrone van die skoolgaande jeug: sekondêreskoolleerlinge*. Navorsingsbevinding Komm N-107. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Pleck, J.H. (1981). *The myth of masculinity*. Cambridge, MA: MIT Press.

Poole, M.E., & Cooney, G.H. (1985). Careers: Adolescent awareness and exploration of possibilities for self. *Journal of Vocational Behavior*, 26, 251-263.

Potter, W.J. (1986). Perceived reality and the cultivation hypothesis. *Journal of Broadcasting and Electronic Media*, 30(2), 159-174.

Pratt, M. (1980). *Mugging as a social problem*. London: Routledge and Kegan Paul.

Pretorius, J.W.M. (1981). *Opvoeding, samelewing, jeug*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Pretorius, J.W.M. (1985). Kompensatoriese onderwys: 'n navorsingsbehoefte by opvoedkundige radio en televisie. *RTV 1985*, Vol. 1(1), 9-16.

Pretorius, J.W.M. (1986). *Kompensatoriese onderwys - 'n struktuuranalise en -beskrywing.* Pretoria: (ongepubliseerde verslag), Navorsingseenheid: Nieformele onderwys: Universiteit van Pretoria.

Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing. (1984). *Die benutting van die radio en televisie in onderwys en opleiding - Verslag van die hoofkomitee van die RGN-onderwysprogram.* Pretoria: RGN.

Rice, F.P. (1978). *The Adolescent* (2nd edition). Boston: Allyn & Bacon.

Rice, F.P. (1984). *The Adolescent* (4th edition). Boston: Allyn & Bacon.

Riegel, K.F. (1979). *Foundations of dialectical psychology*. New York: Harper & Row.

Roberts, E. (1982). Television and sexual learning in childhood. In: D. Pearl, L. Bouthilet & J. Lazar (Eds.), *Television and behavior: Ten years of scientific progress and implications for the eighties.* Rockville: NIMH.

Roberts, K. (1983). *Youth and Leisure*. London: George Allen & Unwin.

Rogers, D. (1985). *Adolescents and youth*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.

Rorschach, H. (1942). *Psychodiagnostics*. Berne: Verlag Hans Huber.

Rosengren, K.E. (1984). Cultural indicators for the comparative study of culture. In: G. Melischek, K.E. Rosengren, & J. Stappers (Eds.), *Cultural indicators: An international symposium* (pp. 11-32). Vienna: Akademie der Wissenschaften.

Rosenthal, D.A. (1984). Intergenerational conflict and culture: A study of immigrant and non-immigrant adolescents and their parents. *Genetic Psychology Monographs*, 109(1), 53-75.

Roskam, E. (1985). *Measurement and personality assessment*. Amsterdam: North-Holland.

Rothschild, N. (1984). Small group affiliation as a mediating factor in the cultivation process. In: G. Melischeck, K.E. Rosengren, & J. Stappers (Eds.), *Cultural indicators: An international symposium*. Vienna: Osterreichischen Akademie der Wissenschaften.

Rubin, A.M. (1977). Television usage, attitudes and viewing behaviors of children an adolescents. *Journal Broadcasting*, 21, 355-369.

Rubin, A.M. (1984). Ritualized and instrumental television viewing. *Journal of Communication*, 34(3), 67-77.

Rubin, A.M. (1985). Media gratifications through the life cycle. In: K.E. Rosengren, L.A. Wenner, & P. Palmgreen (Eds.), *Media gratifications research: Current perspectives*. Beverly Hills, CA: Sage.

Rubin, A.M. (1986). Uses, gratifications, and media effects research. In: J. Bryant & D. Zillmann (Eds.), *Perspectives on media effects*. Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.

Rubin, A.M., & Perse, E.M. (1987). Audience activity and television news gratifications. *Communication research*, 14(1), 58-84.

Salomon, G. (1981). *Communication and education. Social and psychological interactions*. Beverly Hills, CA: Sage.

Santrock, J.W. (1972). Relation of type and onset of father absence to cognitive development. *Child Development*, 43, 455-469.

Santrock, J.W. (1983). *Life-span development*. Dubuque, IA: Wm.C. Brown.

Santrock, J.W. (1984). *Adolescence*. Dubuque, IA: Wm.C. Brown.

SAS Institute (1989). *SAS/STAT User's Guide*, Vol. 1, Version 6. New Canada.

SAS Institute (1989). *SAS Procedures Guide*, Vol. 1, Version 6. New Canada.

Schoombee, G. F., & Montzaris, E.A. (1986). Attitudes of South African Indians towards westernization and its effects on their family life: A pilot study. *South African Journal of Sosiology*, 17(1), 17-21.

Schramm, W. (1964). *Mass Media and National Development*. Standford, Cal.: Stanford University Press.

Schramm, W., Lyle, J., & Parker, E.B. (1961). *Television in the lives of our children*. Standord, CA: Stanford University Press.

Schuetz, S., & Sprafkin, J.N. (1978). Spot messages appearing within Saturday morning television programmes. In: G. Tuchman, A. K. Daniels & J. Benet (Eds.), *Hearth and home: Images of women in the mass media*. New York: Oxford University Press.

Seward, G. (1956). *Psychotherapy and culture conflict*. New York: Ronald Press.

Sherwood, E.T. (1957). On the designing of TAT pictures with special reference to a set for an African people assimilating Western culture. *Journal of Social Psychology*, 45, 161-190.

Signorielli, N., Gross, L., & Morgan, M. (1982). Violence in television programs: Ten years later. In: D. Pearl, L. Bouthilet, & J. Lazar (Eds.), *Television and behaviour: Ten years of scientific progress and implications for the eighties*. Vol. 2. Rockville, Md.: NIMH.


/...

Simkins, C.E.W. (1984). The Carnegie Conference on poverty and development in South Africa. *Development Southern Africa.* Vol 1 August 1984.

Simkins, C.E.W. (1985a). Projecting African population distribution and migration to the year 2000. *RSA 2000*, Vol. 7(1), 41-46.

Simkins, C.E.W. (1985b). Patters of urbanisation in South Africa: Past Present and Possible Future. *Economics Learning Resource* No. 7. Rondebosch: UCT School of Economics.

Simkins, C.E.W. (1988). The structural and economic implications of urbanization. *Development Southern Africa*, 5(4), 406-419.

Singer, D.G. (1982). Television and the developing imagination of the child. In: D. Pearl, L. Bouthilet, & J. Lazar (Eds.), *Television and behavior: Ten years of scientific progress and implications for the eighties.* Vol. 2. Rockville, Md.: NIMH.

Singer, J.L., & Singer, D. G. (1981). *Television, imagination and aggression: A study of preschoolers' play.* Hillsdale, NJ: Erlbaum.

Singer, J.L. & Singer, D.G. (1983). Psychologists look at television: Cognitive, developmental, personality, and social implications. *American Psychologist*, 38, 826-834.

Singer, J.L. (1980). The power and limitations of televion: A cognitive-affective analysis. In: P.H. Tannenbaum .. (ed.), *The entertainment functions of television.* Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.

Sinha, D. (1990). Interventions for development out of poverty. In: R.W. Brislin, *Applied corss-cultural psychology.* Newbury Park, California: Sage Publications.

The Sowetan, (1989). *The Sowetan*, Mob rule. 1 September 1989:6.

Sternglanz, S.H., & Serbin, L.A. (1974). Sex-role stereotype on children's television programs. *Development Psychology*, 10, 710-715.

Steyn, A. F., & Breedt, A. (1977). *Die veranderende gesin.* Pretoria: Academica.

Steyn, A. F., & Rip, C.M. (1968). The changing urban Black family. *Journal of Marriage and the family*, 30(3), 499-517.

Steyn, A.F., Van Wyk, D., & Le Roux, T. (1987). *Die gesin: gister en vandag.* Pretoria: Academica.

Stoessel, R.E. (1972). *The effects of televised aggressive cartoons and children's aggressive behavior.* Unpublished doctoral dissertation, St. John's University.

Stone, L.J., & Church, J. (1979). *Childhood and adolescence: a psychology of the growing person.* New York: Random House.

Strijdom, H.G., & Van der Burgh, C. (1979). Rolverdeling en rolverwagting by die hedendaagse Swart gesin in 'n stedelike gemeenskap. In: J.M. Lotter (Red). *Sosiale probleme in die RSA*. Pretoria: RGN.

Strijdom, H.G., & Van der Burgh, C. (1980). *Rolverdeling en rolverwagting in die stedelike Swart gesin: 'n verkenning*. Pretoria: RGN.

Stevens-Long, J. & Cobb, N.J. (1983). *Adolescence in early childhood.* Palo Alto, California: Mayfield Publishing Co.

Sundberg, N.D. (1977). *Assessment of Persons*. New Jersey: Pretoria Hall.

Szczepanksi, J. (1979). *Integration of theory and practice: The future of formal education*. Stockholm-Swede: Almquist & Wiksell International.

Taft, R. (1977). Coping with unfamiliar cultures. In: N. Warren (Ed.), *Studies in cross-cultural psychology*, Vol. 1. New York: Academic Press.

Tan, A. S. (1981). *Mass Communication Theories and Research*. Columbus: Grid Publishing.

Thom, D.P. (1984). Adolessensie. In: D.A. Louw, L.C. Gerdes & W.F. Meyer (Reds). *Menslike ontwikkeling*. Pretoria: HAUM.

Thom, D.P. (1988). *'n Psigologiese ontleding en vergelyking van die Blanke en Swart adolessent ten opsigte van ouer-kindverhoudings, portuurverhoudings, identiteitsontwikkeling en die vorming van 'n beroepsidentiteit*. Pretoria: UNISA.

Thomas, S. (Ed) (1981). *Studies in mass communication and technology*. Norwood, New Jersey: Ablex Publishing Corporation.

Thompson, C. E. (1949). The Thompson modification of the thematic Apperception Test. *Journal of projective Techniques*, Vol. 13, 469-478.

Thompson, A.M., & Coetzee, S. F. (1987). Urbanization and urban development. *Development Southern Africa*, Vol. 4, No. 1, 2-6.

Thorndike, E.L. (1918). The nature, purposes and general methods of measurements of educational products. *Seventeenth Yearbook of the National Society for the Study of Education Part II: Measurement of Educational Products*. Bloomington, Ill: Public.

Toffler, A. (1971). *Future shock*. London: Pan Books.

Toffler, A. (1980). *The Third Wave*. New York: Collins.

Ugboajah, F.O. (1985). *Mass Communication, Culture and Society in West Africa*. München, Hans Zell Publishers.

Van den Berg, D. J. (1980). Black education - a new perspective on developing the potentialities of the Black pupil. *Humanitas RSA*, 6(2), 97-110.

Van der Stoep, F. (1983). *Nie-formele onderwys: Oorwegings vir die Suid-Afrikaanse bedeling.* Pretoria: Van Schaik.

Van der Vliet, V. (1974). Growing up in traditional society. In: W.D. Hammond-Tooke (Ed), *The Bantu-speaking peoples of Southern Africa*. London: Routledge & Kegan Paul.

Van der Walt, J.L. (1987). The struggle for relevance of the Black school in South Africa. *Fokus 2000*, Vol. 15, 281-300.

Van der Walt, J.L. (1991). Societal and community factors which may have directly influenced the 1989 matriculation results of urban Blacks in South Africa. *Fokus 2000*, Vol. 19, No. 1 & 2, 18-28.

Van der Westhuizen, G.J. (1987). *Die voorspelling van die akademiese prestasie van swart leerlinge*. D.Ed.-proefskrif, Potchefstroom: PU vir CHO.

Vander Zanden, J.J. (1989). *Human Development*. New York: Alfred A. Knopf.

Van Dyck, N.B. (1984). Families and television. In: J.P. Murray & G. Salomon (Eds.), *The future of children's television*. Boys Town, NE: Father Flanagan's Boys' Home.

Van Dyk, T.A. (1964). Enkele aspekte van die sielkunde van die Bantu ('n Kultureel-psigologiese benadering). *Geneeskunde*, 6(13), 378-383.

Van Vuuren, D.P., Pitout, M., Van Deventer, M. (1984). *Televisiekykpatrone en videogebruik by die skoolgaande jeug: 1983 - 'n telefoonopname*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Van Zyl, P.J. (1985). Educational Programmes RTV1: Development and Approach. In: *Educational Programmes RTV1*. Vol 1 No 1 (pp. 5-9.

Verhaegen, P. (1956). Study of the African personality in the Belgian Congo. *Psychology Applied*, 6, 139-151.

Vilakazi, A. (1965). *Zulu Transformations*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Volgy, T., & Schwartz, J. (1980). Television entertainment programming and sociopolitical attitudes. *Journalism Quarterly*, 57, 150-155.

Wackman, D.B., Wartella, E., & Ward, S. (1977). Learning to be consumers: The role of the family. *Journal of Communication*, 27(1), 138-151.

Wade, S.E. (1971). Adolescence, creativity and media. *American Behavioral Scientist*, 14, 341-351.

Wahlberg, H.J. (1984). Families as partners in educational productivity. *Phi Delta Kappan*, 65(6), 397-400.

Walters, R.H., & Parke, R.D. (1964). Influence of response consequences to a social model on resistance to deviation. *Journal of Experimental Child Psychology*, 1, 269-280.

Warren, N. (1977). *Studies in Cross-cultural psychology*. London: Academic Press.

White, J.L. (1980). Toward a Black Psychology. <u>In</u>: R.L. Jones (Ed.), *Black Psychology . New York*: Harper & Row.

Wilber, C.K. (1979). *The political economy of development and underdevelopment.* London: Random House.

Williams, W. (1980). *Die korttermyninvloed van die toegang tot 'n televisiestel tuis op enkele persoonlikheidstrekke van 'n groep blankes van 18 jaar en ouer.* Pretoria: RGN.

Williams, T.M. (1981). How and what do children learn from television? *Human Communication Research*, 7(2), 180-192.

Williams, T.M. (1986). Summary, conclusions, and implications. <u>In</u>: T.M. Williams (Ed.), *The impact of television: A natural experiment in three communities.* Orlando, FL: Academic Press.

Williams, T.M., Zabrack, M.L., & Joy, L.A. (1977). *A content analysis of entertainment television programming.* Report of the Ontario Royal Commission on Violence in the Communications Industry, Vol. 3. Toronto.

Williams, T.M., Zabrack, M.L., & Joy, L.A. (1982). A portrayal of aggression on North American television. *Journal of Applied Social Psychology*, 12(5), 360-380.

Winn, M. (1985). *The plug-in drug.* New York: Penguin Books.

Wright, C.R. (1986). *Mass communication. A sociological perspective* (3rd Ed.). New York: Random House.

Wright, J.C., & Huston, A.C. (1983). A matter of form: Potentials of television for young viewers. *American Psychologist*, 38, 835-843.

Zillmann, D. (1985). The experimental exploration of gratifications from media entertainment. In K.E. Rosengren, L.A. Wenner, & P. Palmgreen (Eds.), *Media gratifications research. Current perspectives* (pp. 225-239). Beverly Hills, CA: Sage.

Zillmann, D., & Bryant, J. (1985a). Selective-exposure phenommena. <u>In</u>: D. Zillmann & J. Bryant (Eds.), *Selective exposure to communication.* Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.

Zillmann, D., & Bryant, J. (1985b). Affect, mood and emotion as determinants of selective exposure. <u>In</u>: D. Zillmann & J. Bryant (Eds.), *Selective exposure to communication.* Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.

Zillmann, D., & Bryant, J. (1986). *Perspectives on media effects.* Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.

Zimmerman, B.J., & Blotner, R. (1979). Effects of model persistence and success on children's problem solving. *Journal of Educational Psychology*, 71(4), 508-513.

Zimmerman, B.J., & Kinsler, K. (1979). Effects of exposure to a punished model and verbal prohibitions on children's toy play. *Journal of Educational Psychology*, 71(3), 388-395.

Zimmerman, B.J., & Rosenthal, T.L. (1974). Observational learning of rule-governed behavior by children. *Psychological Bulletin*, 81, 29-42.

Zuckerman, M. (1978). Sensation seeking and psychopathy. In: R. Hare & D. Schalling (Eds.), *Psychopathic behavior*. New York: Wiley.

# BYLAE A

## PROGRAMSKEDULE

| SONDAG 1 | TYDSDUUR (MINUTE) |
|---|---|
| Readalong 1 | 10 |
| The tale of the ugly duckling | 8 |
| Animal life: How do they move? | 6 |
| Hamlet 1 | 30 |
| The great plains | 15 |
| The symphony orchestra | 14 |
| Learning to read maps | 12 |
| Culture and costumes | 19 |
| Atmosphere in motion | 20 |
| Distribution of plants and animals | 16 |
| Play the shopping game | 20 |
| **SONDAG 2** | |
| Readalong 2 | 10 |
| The monkey who would be king | 11 |
| Animals in summer | 11 |
| Hamlet 2 | 30 |
| Changing seasons | 12 |
| Using maps | 12 |
| What is ecology? | 21 |
| Heartbeat of a volcano | 21 |
| Safety in the home | 12 |
| Seed dispersal | 30 |
| Automating the office 1 | 30 |
| **SONDAG 3** | **TYDSDUUR (MINUTE)** |
| Readalong 3 | 10 |
| The day the colours went away | 10 |
| Traffic watcher | 15 |
| Hamlet 3 | 30 |
| Final chapter | 75 |
| Automating the office 2 | 30 |

| SONDAG 4 | TYDSDUUR (MINUTE) |
|---|---|
| Readalong 4 | 10 |
| The tale of king Midas | 18 |
| Life in the sea | 11 |
| Hamlet 4 | 30 |
| Rescue squad | 14 |
| Care of pets | 13 |
| Eclipses of the sun and the moon | 11 |
| Worms: the Annelida | 13 |
| Build your economic power | 20 |
| Automating the office 3 | 30 |
| **SONDAG 5** | |
| Readalong 5 | 10 |
| Pandas: a gift from China | 14 |
| Hamlet, the Dane | 90 |
| Choosing what to buy | 15 |
| Automating the office 4 | 30 |
| **SONDAG 6** | |
| Readalong 6 | 10 |
| Animals in Spring | 11 |
| Boats and ships | 14 |
| The novel: What it is, what it is about... | 35 |
| The desert community | 12 |
| Simple machines | 17 |
| Plankton | 19 |
| Julius Ceasar | 22 |
| Automating the office 5 | 30 |

| SONDAG 7 | TYDSDUUR (MINUTE) |
|---|---|
| Readalong 7 | 10 |
| Bird homes | 11 |
| Child of rural Thailand | 14 |
| Great expectations 1 | 35 |
| Life in the desert | 11 |
| Gravity: How it affects us | 11 |
| Consumer economics and you | 18 |
| TV news: Behind the scenes | 27 |
| Automating the office 6 | 30 |
| **SONDAG 8** | |
| Readalong 8 | 10 |
| Animals in Autumn | 11 |
| Child of Papua and New Guinea | 14 |
| Great expectations 2 | 35 |
| Life in the sea | 11 |
| Sound and how it travels | 11 |
| Venezuela | 17 |
| Contraversy over the moon | 16 |
| Emergency care: To save a life | 15 |
| Automating the office 7 | 30 |
| **SONDAG 9** | |
| Readalong 9 | 10 |
| Robin Redbreast | 11 |
| Child of the Philipines | 14 |
| The gift of the Magi | 15 |
| What is a short story? | 14 |
| Beach and sea animals | 11 |
| Learning about light | 15 |
| Zebra | 10 |
| The moon: A giant step in geology | 24 |
| The Canadians: Their land | 16 |
| Automating the office 8 | 30 |

| SONDAG 10 | TYDSDUUR (MINUTE) |
|---|---|
| Readalong 10 | 10 |
| Mother rabbit's family | 11 |
| Sean: An Irish boy | 16 |
| Animals: Ways they move | 11 |
| The necklace | 20 |
| The magic shop | 12 |
| The cheetah | 11 |
| The Everglades | 11 |
| Introduction to holography | 17 |
| Energy from the sun | 18 |
| Body defences against disease | 14 |
| Automating the office 9 | 30 |
| **SONDAG 11** | |
| Readalong | 10 |
| Environment (kingdom of could be you) | 6 |
| Mexican boy: The story of Pablo | 22 |
| The age of Sophocles 1 | 30 |
| The Canada goose adventure | 11 |
| The temporate deciduous forest | 17 |
| Airplanes: How they fly | 11 |
| Art in action: What is art? | 11 |
| What makes rain? | 22 |
| Countries and people (Egypt) 1 | 30 |
| **SONDAG 12** | |
| Readalong 1112 | 10 |
| Manufacturing (kingdom of could be you) | 6 |
| Costa Rica: My country | 14 |
| The character of Oedipus 2 | 30 |
| Elephant baby | 11 |
| Succession on lava | 14 |
| Banana fever | 11 |
| Art in action: Brush techniques | 11 |
| Land of friendly animals | 11 |
| Storms: The restless atmosphere | 22 |
| Countries and people (Portugal) 2 | 30 |

| SONDAG 13 | TYDSDUUR (MINUTE) |
|---|---|
| Readalong 13 | 10 |
| Communication (kingdom of could be you) | 6 |
| The Israeli boy: Life on a Kibbutz | 17 |
| Oedipus Rex: Man and God 3 | 30 |
| The elephant | 11 |
| Ecology of a hot spring | 15 |
| King Vat (Maths) | 13 |
| Art in action: Light and dark | 6 |
| Diffusion and osmosis | 14 |
| Groundwater | 18 |
| Countries and people (Greece) 3 | 30 |
| **SONDAG 14** | |
| Readalong 14 | 10 |
| Consumer homemaking (kingdom of could be you) | 6 |
| Linda and Billy Ray from Appalachie | 15 |
| The recovery of Oedipus 4 | 30 |
| Dolphins in the zoo | 11 |
| Learning about flowers and their seeds | 14 |
| The magic rectangle (Maths) | 11 |
| Art in action: Colour | 6 |
| Magnets | 15 |
| Continental drift | 22 |
| Countries and people (Spain) 4 | 30 |
| **SONDAG 15** | |
| Readalong 15 | 10 |
| Marine science (kingdom of could be you) | 5 |
| Chicano from the South West | 15 |
| Understanding the opera 1 | 58 |
| Artmus and old laces (Maths) | 13 |
| Art in action: Farm | 6 |
| The life of a plant | 11 |
| Energy: A matter of choices | 22 |
| Countries and people (Brazil) 5 | 30 |

/...

| SONDAG 16 | TYDSDUUR (MINUTE) |
|---|---|
| Readalong 16 | 10 |
| Business and office (kingdom of could be you) | 6 |
| Johnny from Fort Apache | 15 |
| Understanding the opera 2 | 58 |
| Captain Huff and Harry (Maths) | 15 |
| The ancient Aztec Indians | 8 |
| Roots of plants | 11 |
| The lungs | 17 |
| Countries and people (the Vatican) 6 | 30 |
| **SONDAG 17** | |
| Readalong 17 | 10 |
| Public service (kingdom of could be you) | 4 |
| The tale of Rimpelstiltskin | 21 |
| Understanding the opera 3 | 58 |
| Much ado about nut things (Maths) | 13 |
| The ancient Maya Indians of Central America | 9 |
| What plants need for growth | 11 |
| Ocean tides (Bay of Fundy | 14 |
| Countries and people (Israel) 7 | 30 |
| **SONDAG 18** | |
| Readalong 18 | 10 |
| Personal service (kingdom of could be you) | 5 |
| Where is deed? | 19 |
| Understanding the opera 4 | 38 |
| The winner (Maths) | 16 |
| The great lakes: How they were formed | 8 |
| The life story of a grasshopper | 11 |
| Earthquakes | 13 |
| Countries and people (Italy) 8 | 30 |

/...

| SONDAG 19 | TYDSDUUR (MINUTE) |
|---|---|
| Readalong 19 | 10 |
| Marketing and distribution 5 | |
| The golden lizard | 19 |
| I live for art: Tosca | 60 |
| Mesa Verde | 14 |
| The frog | 9 |
| Ocean dynamics: The work of the sea | 23 |
| Countries and people (Venezuela) 9 | 30 |
| **SONDAG 20** | |
| Readalong 20 | 10 |
| Fine arts and humanities | 5 |
| The house that wasn't there | 13 |
| The humanities: A bridge to ourselves | 29 |
| Big animals of Africa | 11 |
| The caretaker's dilemma (Maths) | 10 |
| Protozoa: One celled animals | 11 |
| The San Andreas fault | 21 |
| Vista 1 | 60 |
| **SONDAG 21** | |
| Readalong 21 | 10 |
| The kingdom of could be you | 6 |
| The mystery map | 13 |
| Theatre: One of the humanities | 30 |
| Looking at birds | 11 |
| Maps for a changing world | 18 |
| Biological rhythms | 22 |
| Vista 2 | 60 |

/...

| SONDAG 22 | TYDSDUUR (MINUTE) |
|---|---|
| Readalong 22 | 10 |
| Agribusiness (kingdom of could be you) | 5 |
| The lighthouse | 12 |
| All the wonderful things that fly | 13 |
| Macbeth: The politics of power 1 | 28 |
| The Housefly | 16 |
| The language of maps | 11 |
| Meiosis | 15 |
| Vista 3 | 60 |
| **SONDAG 23** | |
| Readalong 23 | 10 |
| Construction (kingdom of could be you) | 5 |
| Insect zoo | 11 |
| Profit/a lure at risk | 8 |
| Macbeth: The themes of Macbeth 2 | 28 |
| Whazzat | 11 |
| Learning about sound | 17 |
| The living cell: An introduction | 20 |
| Vista 4 | 60 |
| **SONDAG 24** | |
| Readalong 24 | 10 |
| Health (Kingdom of could be you) | 5 |
| Birds in Winter | 11 |
| Trader Vic's used cars | 10 |
| Macbeth: The secret'st man 3 | 33 |
| Echinoderms | 17 |
| Mitosis | 14 |
| If you could see the earth | 10 |
| Vista 5 | 60 |

| SONDAG 25 | TYDSDUUR (MINUTE) |
| --- | --- |
| Readalong 25 | 10 |
| Recreation - hospitality - tourism | 5 |
| Colour in nature | 12 |
| The tradegy of Julius Ceasar | 33 |
| Spiders | 11 |
| The great lakes of North America | 17 |
| Communicating with the public | 12 |
| Fire in the sea | 10 |
| Vista 6 | 60 |
| **SONDAG 26** | |
| Readalong 26 | 10 |
| Transportation (Kingdom of could be you) | 5 |
| Living things depend on each other | 11 |
| Ceasar and Cleopatra | 35 |
| Lion | 11 |
| The ageing of lakes | 14 |
| Volcano: The birth of a mountain | 24 |
| Vista 7 | 60 |

# BYLAE B

**Beskrywing van die TAT-Z persoonlikheidsareas soos voorgestel op die onderskeie kaarte**

Die volgende beskrywing is 'n kort oorsig oor die tien persoonlikheidsareas wat in die TAT-Z betrek word. Die eerste (Kaart 1) en die laaste persoonlikheidsarea (Kaart 10) het geen keusekaart nie terwyl die oorblywende kaarte (Kaarte 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8 en 9) almal oor keusekaarte beskik.

## 1. **KAART 1** Kultuurkontakkaart (akkulturasie)

Die doel met die kaart is om die respondent se aard van kultuurkontak as òf oorwegend tradisioneel òf oorwegend Westers vas te stel.

Dit bestaan uit 'n illustrasie van 'n stadstoneel (links op die prent) en 'n Zoeloestat (regs op die prent). Beide lê op die agtergrond. Die stad en stat word geskei deur 'n plantasie.

Die respondent kies hier dus nie tussen twee kaarte nie, maar die hipotese is dat hy in sy verhaal vir die persoon op die voorgrond wat by die kruispaaie staan, 'n keuse tussen stad en stat sal doen; of hy sal hieroor ambivalent wees. Sy besondere "keuse" sal dan aandui in watter mate die respondent stedelik (Westers) of landelik georiënteerd is, of ambivalent hieroor voel.

## 2. **KAARTE 2(T) EN 2(W)** Gesinsverhoudings

Dit is die eerste van 8 keusekaarte. Op die tradisionele (T) prent word die Swart gesin met tradisionele drag rondom 'n vuur uitgebeeld. Op die Westerse prent word 'n Swart gesin (ouers en drie kinders) uitgebeeld. Die kaart toon Westers geklede ouers op 'n sofa met hul drie kinders wat in 'n boek kyk. Die doel hiermee is om die aspek van persoonlikheid te bepaal wat betrekking het op die verhouding tussen kinders en hul ouers.

/...

3. **KAARTE 3(T) EN 3(W)** Vader-seun-verhouding

Kaart 3(T) toon 'n vader en seun wat by 'n beeskraal staan. Die vader het die een hand op die seun se skouer en wys met die ander na die beeste in die kraal en terwyl hy na die seun kyk, kyk die seun in die rigting van die beeste.

Kaart 3(W) toon 'n vader en seun wat aan eettafel sit, met 'n koolstoof op die agtergrond; die vader se hand rus vertroulik op die seun se skouer en die seun kyk op na die vader, wat ook na hom kyk.

Die doel met dié kaart is om die verhouding vader-seun te peil, soos dit in 'n oorwegend tradisioneel georiënteerde òf teen 'n oorwegend Westers georiënteerde lewenswyse by die bepaalde respondent vorm aangeneem het.

4. **KAART 4(T) EN 4(W)** Moeder-seun-verhouding

Kaart 4(T) toon 'n moeder en seun wat voor 'n byekorfhut in gesprek met mekaar verkeer, hulle sit en kyk na mekaar.

Kaart 4(W) toon 'n moeder en seun by 'n gedekte tafel in die kombuis met 'n koolstoof op die agtergrond, waar hulle weereens in gesprek verkeer.

Die doel met hierdie kaarte is om die moeder-seun-verhouding as òf tradisioneel òf Westers te bepaal, na gelang van die keuse van die respondent.

5. **KAARTE 5(T) EN 5(W)** Outoriteitskaarte (houding tot Swart outoriteit)

Kaart 5(T) beeld 'n situasie uit waar 'n tipiese Swart despoot - vet en lywig - voor 'n byekorfhut sit. Die linkerhand, sydelings uitgestrek, is om 'n knopkierie geklem wat hy regop vashou en wat op die grond druk. Op die voorgrond en wel in die regterkantste hoek van die kaart aan die linkerkant van die despoot, staan 'n figuur (jong Swartman in tradisionele drag) rug na die beeld; hy en die despoot kyk na mekaar. Sy linkerhand is in 'n groet omhoog, in die regterhand hou hy 'n assegaai vas. Die lem is na bo gerig, die ander punt rus op die grond en sy arm is eweneens uitgestrek soos hy die assegaai vashou.

Kaart 5(W) toon 'n Westerse geklede Swartman wat agter 'n lessenaar sit. Hy het 'n bril op. Op die lessenaar lê sy hoed. Sy arms rus op die lessenaar. In een mondhoek is 'n sigaar. Hy kyk na 'n Swartman in 'n oorpak geklee, wat teenoor hom staan. Tussen hulle, geleun teen die muur, is 'n knopkierie en assegaai.

Hierdie kaarte gee 'n aanduiding van die toetsling se houding en gesindheid jeens die Swart outoriteitsfigure.

6. **KAARTE 6(T) EN 6(W)** Houding teenoor Blanke gesag

Kaart 6(T) toon 'n Swartman met 'n graaf in die een hand; hy kyk na 'n Blanke wat teenoor hom staan en na 'n bos op die agtergrond wys. Die Swartman is in 'n oorpak geklee, die Blanke in 'n safaripak.

Kaart 6(W) toon 'n Blanke geklee in 'n pak klere wat in 'n kantoor agter sy lessenaar sit. Hy kyk na 'n Swartman wat teenoor hom staan, ook in 'n pak klere geklee. Die Blanke beduie met sy hand na iets by die venster uit. Die Swartman het 'n wandelstok in sy linkerhand. Die wandelstok staan op die grond en hy druk met sy hand daarop.

Die doel met dié twee kaarte is om die respondent se houding jeens Blanke gesag vas te stel.

7. **KAARTE 7(T) EN 7(W)** Selfbeeld

Kaart 7(T) toon 'n tradisionele geklede Swartman wat na sy eie refleksie in water kyk.

Kaart 7(W) toon 'n Westers geklede Swartman wat in 'n spieël kyk.

Die doel met hierdie twee kaarte is om die siening van die self te bepaal.

/...

8. **KAARTE 8(T) EN 8(W)** Heteroseksuele verhouding

Kaarte 8(T) beeld 'n Swartman en -meisie, tradisioneel gekleed, langs 'n waterstroompie uit. Sy staan half verskuil agter haar een hand; hy hou met sy linkerhand om haar bo-arm vas; die regterhand het die string krale wat om haar nek hang vas, in geligte posisie. Agter hulle, onder 'n boom, lê 'n slaapmat. Op die agtergrond is daar verskeie bome. Langs die boom waar die slaapmat lê, staan 'n kleipot op die grond.

Kaart 8(W) toon 'n illustrasie van 'n Swartman en -meisie wat op 'n deurmekaar bed sit. Haar rok is opgeskuif. Die man se bolyf is kaal. Hy sit met sy regterhand om haar skouers en sy linkerhand is hoog op haar been geplaas. Agter hulle hang 'n almanak aan die muur met 'n tekening van 'n skamel geklede meisie.

Die doel van hierdie kaarte is om die respondent se hantering van heteroseksuele situasies te toets.

9. **KAART 9(T) EN 9(W)** Groepsidentifikasie (sosiale aanpassing)

Kaart 9(T) toon 'n danstoneel van mans in tradisionele drag. Teenoor die groep dansers staan vroue wat sing en hande klap. Links op die voorgrond staan 'n man in dieselfde drag, asof hy net op die toneel verskyn het, en in die rigting van die groep kyk.

Kaart 9(W) beeld 'n Westerse dansparty uit. Links op die voorgrond staan 'n man asof hy net op die toneel verskyn het en in die rigting van die groep kyk.

Die doel van die twee kaarte is om identifikasie in groepssituasies te bepaal.

10. **KAART 10** Aggressiekaart (emosionele stabiliteit)

'n Groep Swart krygers word uitgebeeld. Tussen hulle, half verskuil, is sowel 'n Blanke in militêre of polisie-uniform as 'n Swart indoena met 'n veer in sy hooftooisel. Die krygers het skildvelle en knopkieries. Die toneel kan gesien word as 'n fees; of aggressie wat gerig kan wees teen die Blanke; of die groep kan in onderlinge aggressie verkeer.

/...

Die doel met die kaart is om vas te stel watter mate van onderliggende aggressie daar teen die Blanke bestaan of watter mate van aggressie tussen Swartes onderling bestaan.

**Realisme**

'n Verdere veld word onderskei naamlik Realisme. Dit verskaf 'n aanduiding van die akkuraatheid waarmee die respondent sy wêreld waarneem.

# BYLAE C

## KWANTITATIEWE RESULTATE

Die resultate van die statistiese ontledings word vervolgens gerapporteer. Waar die betrokke konstruk nie 'n keusekaart bied nie (kaarte 1 en 10), word slegs die resultate van die **T-toets vir Tweegroepe** gerapporteer. In die geval van konstrukte waar daar wel keusekaarte voorkom (kaarte 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8 en 9), word die resultate van die **M-tekentoets** gerapporteer vir onderskeidelik die totale groep, die eksperimentele groep asook die kontrole groep. Hierdie resultate word dan gevolg deur die resultate van die T-toets vir Tweegroepe. Vir die M-tekentoets, wat in kwadrant-formaat weergegee word, verteenwoordig die eerste kwadrant (1) 'n keuse van 'n tradisionele kaart met die eerste en tweede toetsings (T®T). Die tweede kwadrant (2) verteenwoordig 'n keuse van 'n tradisionele kaart met die eerste toetsing en 'n keuse van 'n Westerse kaart met die tweede toetsing (T®W). Die derde kwadrant (3) verteenwoordig 'n Westerse keuse uit 'n paar tydens die eerste toetsing en 'n keuse van 'n tradisionele kaart uit die paar met die tweede toetsing (W®T). Die vierde kwadrant (4) verteenwoordig 'n Westerse keusekaart tydens die eerste sowel as die tweede toetsings (W®W).

<u>Kaart 1</u>: Kultuurkontakkaart (akkulturasie)
(Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie)

Tabel 1

| | N | X | Sa | T-WAARDE | df | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eksperimenteel | 62 | 0,7097 | 2,3705 | | | |
| Kontrole | 48 | 0,3958 | 2,5242 | 0,6694 | 108 | 0,5047 |

Daar is statisties geen betekenisvolle verskuiwing op die 5%-peil van beduidenheid op hierdie kaart gevind nie.

/...

Kaart 2: Gesinsverhoudings (Kaart 2T en 2W)

Tabel 2 **Totale groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 51 | [2] 15 | 66 |
| W | [3] 17 | [4] 27 | 44 |
| Totaal | 68 | 42 | 110 |

$p = 0{,}86$

Tabel 3 **Eksperimentele groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 31 | [2] 8 | 39 |
| W | [3] 11 | [4] 12 | 23 |
| Totaal | 42 | 20 | 62 |

$p = 0{,}65$

Tabel 4 **Kontrolegroep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 20 | [2] 7 | 27 |
| W | [3] 6 | [4] 15 | 21 |
| Totaal | 26 | 22 | 48 |

$p = 1{,}00$

/...

Tabel 5

| | N | X | Sa | T-WAARDE | df | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eksperimenteel | 43 | 0,5349 | 0,8309 | | | |
| Kontrole | 35 | 0,4143 | 2,7308 | 0,3621 | 76 | 0,7183 |

Geen betekenisvolle verskille is gevind tussen die voor-toets en die na-toets by die eksperimentele of kontrole groep nie. Die t-toets het ook geen betekenisvolle verskuiwing op die tellings aangetoon nie.

Kaart 3: Vader-seunverhouding (Kaart 3T en 3W)

Tabel 6 **Totale groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | 1: 63 | 2: 12 | 75 |
| W | 3: 23 | 4: 12 | 35 |
| Totaal | 86 | 24 | 110 |

p = 0,09

Tabel 7 **Eksperimentele groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | 1: 32 | 2: 5 | 37 |
| W | 3: 19 | 4: 6 | 25 |
| Totaal | 51 | 11 | 62 |

p = 0,007*

/...

Tabel 8 **Kontrolegroep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 31 | [2] 7 | 38 |
| W | [3] 4 | [4] 6 | 10 |
| Totaal | 35 | 13 | 48 |

p = 0,55

Tabel 9

| | N | X | Sa | T-WAARDE | df | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eksperimenteel | 38 | 0,2105 | 2,2917 | | | |
| Kontrole | 37 | 0,3514 | 1,8442 | -0,2927 | 73 | 0,7706 |

*Beduidend op die 5% peil van betekenis.

Uit die resultate van Tabel 7 is dit duidelik dat daar 'n betekenisvolle verskuiwing by die eksperimentele groep voorgekom het (p = 0,007). Die eksperimentele groep het meer Westerse kaarte met die tweede toetsing gekies as met die eerste toetsing. Dit wil dus voorkom asof die blootstelling aan televisie ten opsigte van die konstruk Vader-seunverhouding, 'n verskuiwing na die keuse van oorwegend meer Westerse gedragsrolle meegebring het.

Met die T-toets is gevind dat geen betekenisvolle verskuiwing ten opsigte van die tellings verkry is nie (Tabel 9).

Dit wil dus voorkom asof respondente wat nie met betrekking tot T- en W-keuses van die eerste na die tweede toetsing verskuif het nie, ook nie met betrekking tot hul hantering van die konstruk in terme van hul tellings enige verandering getoon het nie.

Kaart 4: Moeder-seunverhouding (Kaart 4T en 4W)

Tabel 10 **Totale groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 57 | [2] 16 | 73 |
| W | [3] 17 | [4] 20 | 37 |
| Totaal | 74 | 36 | 110 |

p = 1,00

Tabel 11 **Eksperimentele groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 31 | [2] 7 | 38 |
| W | [3] 12 | [4] 12 | 24 |
| Totaal | 43 | 19 | 62 |

p = 0,36

Tabel 12 **Kontrolegroep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 26 | [2] 9 | 35 |
| W | [3] 5 | [4] 8 | 13 |
| Totaal | 31 | 17 | 48 |

p = 5,12

/...

Tabel 13

| | N | X | Sa | T-WAARDE | df | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Eksperimenteel** | 43 | 0,6744 | 2,3474 | | | |
| **Kontrole** | 34 | 1,2353 | 2,0898 | -1,0977 | 75 | 0,2783 |

**Geen statisties betekenisvolle verskuiwing ten opsigte van T- of W-keuses is vir die konstruk Moeder-seunverhouding gevind nie. Daar was ook geen betekenisvolle verskuiwing in die tellings soos gemeet deur die T-toets vir Tweegroepe op die 5%-peil van beduidendheid nie.**

<u>Kaart 5</u>: Houding tot Swart outoriteit (Kaart 5T en 5W)

Tabel 14 **Totale groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | 1: 50 | 2: 11 | 61 |
| W | 3: 25 | 4: 24 | 49 |
| Totaal | 75 | 35 | 110 |

p = 0,03*

Tabel 15 **Eksperimentele groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | 1: 29 | 2: 5 | 34 |
| W | 3: 16 | 4: 12 | 28 |
| Totaal | 45 | 17 | 62 |

p = 0,03*

/...

Tabel 16 **Kontrolegroep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 21 | [2] 6 | 27 |
| W | [3] 9 | [4] 12 | 21 |
| Totaal | 30 | 18 | 48 |

p = 0,61

Tabel 17

| | N | X | Sa | T-WAARDE | df | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eksperimenteel | 41 | 0,3902 | 4,5325 | | | |
| Kontrole | 33 | 2,6061 | 4,6699 | -2,7888 | 72 | 0,0068* |

*Beduidend op die 5% peil van betekenis.

Uit Tabel 14 is dit duidelik dat daar 'n betekenisvolle verskuiwing tussen die voor- en na-toets ingetree het, as alle toetslinge (eksperimentele sowel as kontrolegroep) saamgeneem word vir hierdie ontleding (p = 0,03). In 'n verdere ontleding (Tabelle 15 en 16) is dit duidelik dat die voorafgaande verskuiwing slegs deur die eksperimentele groep veroorsaak is (p = 0,03).

Voorts het daar ook 'n betekenisvolle verskuiwing in 'n negatiewe rigting ten opsigte van die tellings vir die eksperimentele groep voorgekom. In breë trekke sou daar enersyds gesê kon word dat televisie waarskynlik wel 'n invloed uitgeoefen het. Andersyds wil dit voorkom asof daar 'n herwaardering ten opsigte van die houding teenoor Swart outoriteit in die eksperimentele groep te bespeur is (p = 0,0068).

Kaart 6: Houding teenoor Blanke gesag (Kaart 6T en 6W)

Tabel 18 **Totale groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 18 | [2] 15 | |
| W | [3] 17 | [4] 60 | |
| Totaal | | | |

p = 0,86

Tabel 19 **Eksperimentele groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 9 | [2] 9 | 18 |
| W | [3] 9 | [4] 35 | 44 |
| Totaal | 18 | 44 | 62 |

p = 1,00

Tabel 20 **Kontrolegroep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 9 | [2] 6 | 15 |
| W | [3] 8 | [4] 25 | 33 |
| Totaal | 17 | 31 | 48 |

p = 0,79

/...

Tabel 21

| | N | X | Sa | T-WAARDE | df | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eksperimenteel | 44 | 1,2500 | 4,1097 | | | |
| Kontrole | 34 | 0,5588 | 4,3007 | 0,7218 | 76 | 0,4726 |

Met betrekking tot die konstruk "houding teenoor Blanke gesag" (Kaarte 6W en 6T) is geen statistiese verskille van betekenisvolle aard by die eksperimentele groep of kontrole groep in hul voor- en na-toetsings gevind met betrekking tot sowel hul W- en T-keuses, as hul kaarttellings nie.

Kaart 7: Selfbeeld (Kaart 7T en 7W)

Tabel 22 **Totale groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 57 | [2] 9 | 66 |
| W | [3] 24 | [4] 20 | 44 |
| Totaal | 81 | 29 | 110 |

p = 0,01*

Tabel 23 **Eksperimentele groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 30 | [2] 4 | 34 |
| W | [3] 14 | [4] 14 | 28 |
| Totaal | 44 | 18 | 62 |

p = 0,03*

/...

Tabel 24 **Kontrolegroep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 27 | [2] 5 | 32 |
| W | [3] 10 | [4] 6 | 16 |
| Totaal | 37 | 11 | 48 |

p = 0,30

Tabel 25

| | N | X | Sa | T-WAARDE | df | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eksperimenteel | 44 | -0,2954 | 3,1147 | | | |
| Kontrole | 33 | 0,0606 | 2,9148 | 0,5101 | 75 | 0,6115 |

*Beduidend op die 5% peil van betekenis.

By kaart 7W en 7T (selfbeeld) is daar, soos uit Tabelle 22 en 23 blyk, 'n betekenisvolle verskuiwing van 'n oorwegend tradisionele kaartkeuse (eerste toetsing) na 'n oorwegend Westerse kaartkeuse (tweede toetsing) gevind. Dit dui waarskynlik daarop dat televisieblootstelling 'n Westerse selfbeeld tot stand kan bring. Tabel 25 toon dat waar geen verskuiwing in kaartkeuses voorgekom het nie, daar ook geen beduidende verskuiwing in tellings voorgekom het nie.

<u>Kaart 8</u>: Heteroseksuele verhouding (Kaart 8T en 8W)

Tabel 26 **Totale groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 74 | [2] 12 | 86 |
| W | [3] 12 | [4] 12 | 24 |
| Totaal | 86 | 24 | 110 |

p = 1,00

Tabel 27 **Eksperimentele groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 43 | [2] 5 | 48 |
| W | [3] 5 | [4] 9 | 14 |
| Totaal | 48 | 14 | 62 |

p = 1,00

Tabel 28 **Kontrolegroep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 31 | [2] 7 | 38 |
| W | [3] 7 | [4] 3 | 10 |
| Totaal | 38 | 10 | 48 |

p = 1,00

/...

Tabel 29

| | N | X | Sa | T-WAARDE | df | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eksperimenteel | 52 | 0,2115 | 1,7302 | | | |
| Kontrole | 34 | 0,4412 | 1,3749 | -0,6507 | 84 | 0,5170 |

Geen betekenisvolle verskuiwings op die 5%-peil van betekenis is by die kontrolegroep of eksperimentele groep gevind by hul voor- of na-toetsings met betrekking tot kaart 8W en 8T (heteroseksuele verhoudinge) nie. Voorts het daar ook geen betekenisvolle verskuiwing met betrekking tot die kaarttellings op die 5%-peil van betekenis voorgekom nie.

Kaart 9: Groepsidentifikasie (Kaart 9T en 9W)

Tabel 30 **Totale groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | 1: 78 | 2: 11 | 89 |
| W | 3: 11 | 4: 10 | 21 |
| Totaal | 89 | 21 | 110 |

p = 1,00

/...

Tabel 31 **Eksperimentele groep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 44 | [2] 3 | 47 |
| W | [3] 7 | [4] 8 | 15 |
| Totaal | 51 | 11 | 62 |

p = 0,34

Tabel 32 **Kontrolegroep**

| | T | W | Totaal |
|---|---|---|---|
| T | [1] 34 | [2] 8 | 42 |
| W | [3] 4 | [4] 2 | 6 |
| Totaal | 38 | 10 | 48 |

p = 0,39

Tabel 33

| | N | X | Sa | T-WAARDE | df | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eksperimenteel | 52 | -1,3269 | 2,3905 | | | |
| Kontrole | 36 | -1,1111 | 2,7957 | 0,3883 | 86 | 0,6987 |

Geen statisties betekenisvolle verskuiwings ten opsigte van die konstruk Groepsidentifikasie (Kaarte 9T en 9W) is gevind nie.

/...

Kaart 10: Aggressie

(Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie)

Tabel 34

| | N | X | Sa | T-WAARDE | df | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eksperimenteel | 62 | 0,8387 | 6,3225 | | | |
| Kontrole | 48 | 0,6458 | 5,7148 | 0,1654 | 108 | 0,8689 |

Geen statisties betekenisvolle verskille op die 5%-peil is gevind nie.

Realiteitstelling

Tabel 35

| | N | X | Sa | T-WAARDE | df | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eksperimenteel | 62 | -0,2581 | 1,2667 | | | |
| Kontrole | 48 | -0,1458 | 0,9222 | -0,5167 | 108 | 0,6064 |

Geen statisties betekenisvolle verskille ten opsigte van die veld Realiteit is op die 5%-peil gevind nie.

# BYLAE D

## 'N KWALITATIEWE ONTLEDING VAN ENKELE PROTOKOLLE

Geval 1

Die respondent wat die grootste T:W verskuiwing in die toets-hertoets verspreiding getoon het.

**Identifiserende gegewens**

| | | |
|---|---|---|
| Geslag | : | Vroulik |
| Ouderdom | : | 15 |
| Beroep | : | Skolier |

**Ontleding van protokol**

(a) Eerste toetsing

Aantal W-kaarte gekies: 3
Aantal T-kaarte gekies: 5

**KAART 1: AKKULTURASIEKAART**
(Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie)

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture these a person looking at houses, trees and the very nice green grass*

Sy is 'n passiewe aanskouer van haar omgewing (looking at). Sy neem die omgewing ook in konkrete terme waar (houses, trees .... green grass). Daar is desnieteenstaande ook 'n element van emosionele betrokkenheid (very nice green grass).

*This person seem to like the place a lot*

Die respondent toon sterk identifikasie met die situasie (This person) en raak sterk betrokke (like the place a lot).

*These are houses and homes*

Sy staan konkreet en onpersoonlik teenoor die Westerse deel van haar omgewing (houses) maar identifiseer op groter emosionele grondslag met die tradisionele deel van die prent (homes). "Homes" het meer 'n konnotasie van huis en haard as "house". "House" is vir enigiemand terwyl "home" nader is aan die eie emosionele behoeftes. Hieruit wil dit voorkom asof sy steeds oorwegend meer by die tradisionele omgewing betrokke is. Hierdie feit word bevestig deur die keuse van meer T-kaarte uit die stel.

*The houses are using electricity and the homes are not using electricity*

Sy weeg die twee omgewings onpersoonlik en konkreet teenoor mekaar op.

*There are roads which leads you to the homes and the houses*

Dit is duidelik dat sy die twee omgewings se konkrete waardes teenoor mekaar opweeg. Sy besef ook dat sy toegang tot albei het (roads).

*The person at this picture is looking at this nice place*

Alhoewel sy aangetrokke voel tot die situasie staan sy steeds passief daarteenoor.

*This person decision is to go to the house and to pass the greeny grass and to go and see what is happening there*

Daar is 'n poging om haar passiwiteit te oorkom en by die Westerse omgewing betrokke te probeer raak. Sy voel dat sy nog nie gearriveer het nie en sekere ondersoekende stappe sal moet neem na betrekking van die nuwe omgewing.

*He is going to fulfill his decision and go where he decided to go*

Sy besluit om betrokke te raak by die Westerse omgewing.

*I think when he rich the place his or her heart will be filled by joy*

Alhoewel sy onseker is van haar besluit neem sy 'n positiewe houding met betrekking tot die afloop in.

*He feel very happy because he has been willing to go there*

Sy identifiseer sterk met die besluit wat sy geneem het en bevestig haar behoefte om betrokkenheid met die Westerse omgewing.

*He will live in peace because he got what he was wishing to have*

Daar is geen skuldgevoelens oor haar verbreking van haar bande met haar ou leefwyse en identifikasie met die nuwe nie.

**BESPREKING (KAART 1)**

Die respondent sien die keuse tussen die Eerste- en Derde Wêrelde implisiet duidelik. Sy begryp ook implisiet dat sy voor 'n keuse staan. Alhoewel sy aanvanklik momenteel passief voor hierdie keuse te staan kom neem sy haar besluit om weg te beweeg van haar Derde Wêreld posisie en die Eerste Wêreld ondersoekend te betree sonder enige aanduidings van psigologiese remming. Sy toon ook geen ambivalensie ten opsigte van haar uiteindelike besluit nie. Daar kan gespekuleer word dat sy weens haar positiewe houding geredelik by haar nuwe omgewing sal inskakel.

**KAART 2: GESINSVERHOUDINGE**

**KAARTKEUSE: 2T**

By hierdie persoonlikheidsarea wat gesinsverhoudinge betrek, kies sy die tradisionele kaart vir haar responsies. Hiervan kan afgelei word dat haar gesinsopset tans nog redelik Derde Wêrelds is.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture there is a family and fire that seem to be cold*

Sy neem die gesinsverband duidelik waar (there is a family). Sy is onseker of die ou gesinsverband nog sekuriteit bied (seem to be cold).

*There are three children on fire*

Sy identifiseer met die rol van die kinders in die gesinsituasie en ook met die behoefte aan gesinswarmte en betrokkenheid - neem waar dat hulle na aan die vuur sit.

*The mother and father is sitting on their traditional chairs and the children are sitting on the floor*

Sy neem die verhouding tussen die gesinslede as passief konkreet en gegewe waar. Tipies van die sanksionele kenmerke van die tradisionele gesin, ontbreek 'n waarneming van gemoedelike kommervrye en emosionele gesinsverhouding.

*The fire seem to be nice and warm*

Alhoewel sy onseker is van die gesinssekuriteit en warmte (seem) is daar 'n behoefte aan hierdie kenmerke (nice and warm).

*The mother is the very important person*

Hieruit blyk moontlike tekens van subtiele opstand teen die patriagale stelsel. Om die moeder as belangrik in 'n patriargale opset te beskryf, is 'n skop in die tande vir die patriarg, want die kultuurvoorskrif dat die vrou nie belangrik is nie, is absoluut.

*The mother think about she is going to cook for her family today*

Die moeder word klaarblyklik gesien as die meer besorgde persoon betreffende die basiese gesinsbehoeftes.

*She also feels pitty about her children which are still very young*

Die moeder word ook gesien as faktor wat emosionele sekuriteit vir die afhanklike kind bied.

*This people are all the family*

Daar is sterk identifikasie met die gesinssituasie.

*If the mother is prepared to fulfill her wish the family will get all what they wish to have but they are going to use their own tradition*

Sterk afhanklikheid van die moeder in die gesinsituasie verraai moontlik subtiele opstand teen vaderlike gesag, want die kultuurvoorskrif is absoluut: die gesin kan nie alles wat hulle wens om te hê, deur die nie-patriarg verkry nie. Daar is ook tekens dat hierdie persoonlikheidsarea nog sterk tradisiegebonde is.

**BESPREKING (KAART 2)**

Die Derde Wêreldse gesinsituasie word met gevoelens van onsekerheid waargeneem betreffende sy sekuriteitbiedende moontlikhede. Daar is tekens van subtiele opstand teen vaderlike gesag. Dit kan 'n aanduiding wees van 'n diepliggende opstand teen die patriargale ouwêreldse tradisie. Dit is egter duidelik dat daar deur die moeder nog sterk identifikasie is met die Derde Wêreldse elemente van hierdie besondere persoonlikheidsarea. Daar kan voorspel word dat in die beweging na die Eerste

Wêreldse omgewing relatief moeiliker by Eerste Wêreldse gesinsopset ingeskakel sal word.

**KAART 3: VADER-SEUNVERHOUDING**

**KAARTKEUSE: 3T**

Die keuse van die T-kaart by hierdie persoonlikheidsarea mag daarop dui dat daar nog oorwegend met tradisionele vaderlike gesag geïdentifiseer word.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*It is in the homelands*

Vaderlike gesag word konkreet as relatief absoluut tradisioneel waargeneem - dit is verwyderd in ruimte en tyd (homelands). Homelands is psigodinamies die "embrio" van die tradisionele kultuur en voorskrifte.

*The father is telling his son how to deal with cattles*

Vaderlike gesag word as absoluut en voorskrywend gesien (telling).

*The cattles are not yet out for grazing*

Die absoluutheid van die vaderlike gesag wek angs en dui oënskynlik tot die soek van konkrete afleiers.

*The father is showing the son where to put the cattles for grazing*

Sy slaag klaarblyklik nie daarin om die absolute gesag se invloed te systap nie en dit bly oorheersend.

*The father is the most important person*

Dit bevestig die klaarblyklike absoluutheid van die patriargale gesag.

*They are the family even though the mother is missing*

Subtiele opstand teenoor hierdie absolute vaderlike gesag spreek uit die pogings om die afwesige moeder steeds in die situasie te betrek. Murray (1938) het met die oorspronklike TAT reeds beweer dat dit van groot psigodiagnostiese betekenis is as respondente afwesige persone in hul TAT-stories betrek.

*The father thinks about his sons future and he is training him*

Die vader se absolute gesag skyn bevestig te word deur die feit dat hy sonder die seun se aktiewe deelname oor sy toekoms besluit en hom daarvoor voorberei.

*He thinks that he is now old and he much teach his son before he dies*

Die subtiele opstand teenoor vaderlike gesag spreek uit 'n waarskynlike doodsvonnis met betrekking tot die vader, wat op hierdie wyse dan afstand van sy absolute gesag sal moet doen. Murray (1938) het reeds met die oorspronklike TAT gesê dat enige respons wat 'n persoon "kastreer" subtiele opstand reflekteer, byvoorbeeld "hy is oud", "hy is siek","hy is gebreklik", "hy is grys", ensovoorts.

*He is a person who believes in tradition*

Die vader word in Derde Wêreldse verband gesien.

*The son is going to get all the knowledge from his father and get to know everything about life*

Die vader se Derde Wêreldse gesag word klaarblyklik submissief aanvaar.

**BESPREKING**

Klaarblyklik word steeds sterk met die Derde Wêreldse elemente van vaderlike gesag geïdentifiseer. Hierdie gesag, wat as absoluut waargeneem word, word oënskynlik bewustelik sonder teenspraak aanvaar. Daar is egter tekens van diepliggende subtiele opstand en 'n behoefte om eerder met die moeder as gesinshoof te identifiseer.

**KAART 4: MOEDER-SEUNVERHOUDING**

**KAARTKEUSE: 4T**

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*The mother and father are discussing about what to do in future*

Die situasie word waargeneem as tussen moeder en vader en nie as tussen moeder en seun nie. Daar word kommunikasie tussen vader en moeder waargeneem.

*They seem to have no children or I can say even a child*

Daar is subtiele opstand teen hierdie situasie soos uit die feit blyk dat daar nie kinders in die gesin is nie.

*They are also discussing about money*

Daar is 'n behoefte om 'n Eerste Wêreldse element in die gesinsverhouding in te bring (money).

*Of course they can't live without money*

Daar is tekens van 'n gevoel dat verwestering onafwendbaar is (can't live without money).

*They both are important*

Daar is tekens van subtiele opstand teen die absolute vaderlike gesag in die Derde Wêreldse verband, want die patriarg word subtiel gestraf deur die submissiewe vrou net so belangrik soos hy te maak. Dit is absoluut onaanvaarbaar in die Swart patriargale kulture.

*They are married people*

Daar word waargeneem dat daar 'n konkrete verband tussen die figure bestaan.

*They about how to multiply their number inside the house*

Daar is 'n behoefte aan kinders in die gesin (multiply). Dit mag dui op subtiele straf teen die tradisionele gesin deur hulle van die belangrike faset van kinders in Derde Wêreldse terme te ontneem en hulle hieroor skynbaar ongelukkig te maak - hulle is kinderloos en moet nog kinders "maak". Die normale respons in Swart kultuur is "They have many children".

*They feel pitty for each other*

Die strafsanksie blyk nou duideliker (pitty). Hulle is jammer vir mekaar omdat hulle maar nog net "about to multiply" is.

*They both have something on their minds*

Die vader en moeder word hier as ongelukkig gesien - albei het iets in gedagte wat hulle oënskynlik aan dink wat hulle bekommer.

*They are going to multiply a family and get children or a child which is going to add the number of the people inside the house*

Daar is waarskynlik onderliggende skuldgevoelens oor die strafoplegging en die opstand teen hierdie Derde Wêreldse gesin. Hy sê inderdaad onbewustelik vir homself "Ja, ek moet die feit dat ek hulle nie kinders gee nie, regstel". Die skuldgevoel word gehanteer deur die feit dat daar nie kinders is nie (strafsanksie) weg te rasionaliseer met die toekomstige hoop dat daar kinders sal wees. Die feit dat daar kinders sal wees lei egter tot verdere opstandigheid en word dan besluit om dit een kind te maak wat steeds in Derde Wêreldse terme subtiele opstandigheid teen die gesin uitbeeld wat dan gestraf word met die betrekking tot een kind. Die tipiese Murray-respons op kaart 1 van die oorspronklike TAT is: "Hy kan nie viool speel nie want sy ouers is arm. Hulle sal geld leen en hom lesse laat neem".

**BESPREKING (KAART 4)**

Die moeder-seunverband word nie waargeneem nie, die opset word as man en vrou waargeneem. Hierdie gesinsituasie word met skynbare onderliggende subtiele opstand waargeneem. Dit blyk uit die strafoplegging dat die gesin kinderloos is. In

Derde Wêreldse verband is kinderloosheid 'n besondere en ernstige probleem. Die grootste straf wat waarskynlik vir die tradisionele gesin uitgedink kan word is om kinderloos te wees. Hierdie opstandigheid wek oënskynlik angs en lei daartoe dat skuldgevoelens ontstaan. Die respondent verwerk dit dan deur die vader en moeder te laat beplan om in die toekoms kinders te hê. Hierdie waarneming is egter ook nie heeltemal aanvaarbaar nie en die "aggressiwiteit" slaan nog deur deurdat sy uiteindelik bevind dat hulle een kind sal hê - want die Swart gesin (vader) verlang baie kinders want sy rykdom deur labola lê daarin; ook die bewys vir sy vrugbaarheid en viriliteit. Uit die tradisionele gesinsoogpunt waar 'n groot familie, van uiterste belang is, is dit nog steeds 'n strafoplegging by wyse van kompromis. Daar is ook die subtiele gevoel dat die gesin gedwonge is om mettertyd te verwester (money). Dit is duidelik dat die gesinsopset in die proses van verwestersing sekere probleme vir hierdie respondent skep.

**KAART 5(T): HOUDING TEENOOR SWART OUTORITEIT**

**KAARTKEUSE: 5T**

Die T-keuse hier dui waarskynlik daarop dat die respondent nog steeds met tradisionele outoriteit identifiseer.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*This person which is standing is called by his king to go and perform something for him*

Die tipiese Derde Wêreldse gesagsopset word waargeneem. Daar word op konkrete vlak met die elemente van hierdie gesagsverhouding geïdentifiseer.

*He has his weapon and the king also has his weapon*

Tradisionele gesag word as aggressief waargeneem.

*The king seem to have a very important deal to discuss with this person*

Daar is skynbare onsekerheid oor die oogmerke wat tradisionele gesag met sy onderdane het (seem to have).

*The king seem to be the most important person*

Daar is oënsklynlik subtiele opstand teen die absolute Derde Wêreldse gesag (king seem to be most important person) - die koning "seem" nie om belangrik te wees nie maar in die tradisionele (absolute) kultuur is hy die belangrikste persoon.

*It is a king and his warrior*

Die opset gesag-onderdaan word konkreet waargeneem. Daar word dus met die Derde Wêreldse situasie geïdentifiseer.

*The king think about how to declare law, peace and order*

Die gesagsfiguur word geassosieer met absolute gesag (law, peace and order).

*He thinks about this peoples adventures*

Die koning is só absoluut, hy dink (en besluit) alleen oor sy mense.

*He's wishing are going to be fulfilled and he is going to send this person to his people to be at their homes at their families*

Dit is duidelik dat die koning die absolute besluitnemer is en dat hy in hierdie besluitneming slegs in een rigting kommunikeer (opdragtelik na die onderdane).

**BESPREKING (KAART 5)**

Uit voorafgaande blyk dit duidelik dat die tradisionele gesag konkreet as absoluut waargeneem word. Dat daar onderliggende subtiele opstandigheid kan wees spreek uit die gebruik van woorde soos 'seem' met verwysing na die outoritêre gesag. Daar kan voorsien word dat die gesagsiening in die proses van verwestersing by hierdie respondent waarskynlik relatief problematies kan wees betreffende die akkulturasieproses.

**KAART 6: HOUDING TEENOOR BLANKE OUTORITEIT**

**KAARTKEUSE: 6T**

Die keuse van die T-kaart mag dalk dui dat Blanke gesag in die tradisionele konteks waargeneem word.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*This is a person and his boss*

Daar is sterk identifikasie met die situasie (this). Die gesagsverhouding word aanvanklik konkreet waargeneem (person and his boss).

*The boss is telling his person what to do*

Die gesag tussen die Blanke en die ander persoon word as absoluut waargeneem. Die baas vertel die persoon wat om te doen.

*The person is holding his digging instrument*

Die outoriteit wat by die baas geleë is wek oënskynlik angs en lei tot konkretisering. Daar word 'n konkrete beskrywing gegee van die feit dat die persoon die graaf vashou.

*He seem to be tired and first*

Dat daar onsekerheid is oor sy eie gevoelens word bevestig (seem). Dat hy huiwer om sy eie gevoelens in die situasie te reflekteer blyk uit die feit dat hy sê dit wil voorkom dat hy moeg en dors is - met ander woorde, hy ervaar ongemak in hierdie verhouding alhoewel die aanvaarding van die gesag op konkrete vlak submissief is, dui dit op moontlike onderliggende opstandigheid.

*The most important person the person which is the worker*

Die feit dat die werker as die belangrikste persoon gesien word, is waarskynlik die beste aanduiding van sterk onderliggende opstand op onbewuste vlak teen hierdie Blanke gesagfiguur.

*It is the employer and his employee*

Die verhouding tussen die twee persone word verder verkonkretiseer en derhalwe gedistansieer - dus maar bloot werkgewer en werknemer. Deur die konkrete beskrywing word die emosionele aspek vermy. Volgens Murray (1943) (oorspronklike TAT) is konkrete beskrywing 'n aanduiding van angs wat juis tot beskrywings eerder as emosionele betrokkenheid lei.

*He thinks it is simple to do what this man is doing because he does not do that*

Die subtiele opstand teen die Blanke wat blykbaar geen gevoel het vir die inset van die Swarte in die taak wat hy doen nie (simple) blyk uit die responsie.

*He thinks that this person must work hard in order to get his pay*

Die Blanke figuur word as onredelik waargeneem in sy verhouding tot die werker.

*The person will do what his boss wants him to do*

Die onderliggende aggressie van die persoon wat onderdanig is in hierdie opset word met 'n masker van submissiwiteit verberg.

**BESPREKING (KAART 6)**

Die verhouding baas-kneg word hier taamlik konkreet beskryf. Alhoewel daar tekens is van onderliggende opstandigheid en van die gevoel dat die baas nie die gevoelens van die onderdaan erken of respekteer nie tree die onderdaan hier submissief teenoor die baas op. Daar kan dus verwag word dat in 'n verhouding tot Blanke gesag hierdie respondent op die oppervlak submissief sal wees maar onderliggend heelwat opstandigheid sal ervaar.

**KAART 7: SELFBEELD**

**KAARTKEUSE: 7W**

Dit is hierdie respondent se eerste keuse van 'n Westerse kaart uit die stel. Dit is opvallend dat die eerste keuse hier verband hou met die selfbeeldkonsep. Die hipotese is dat hierdie respondent alreeds vir homself die feit uitgemaak het dat sy wil verwesters - dat sy met ander woorde vanaf die Derde Wêreld na die Eerste Wêreld wil beweeg.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*This is a person looking himself at a mirror*

Die respondent skyn bewus te wees dat sy besig is om introspektief na haarself te kyk.

*This person seem to be going somewhere where he is invited for a special occasion*

Alhoewel daar nog tekens is van ietwat onsekerheid (seem) is die respondent skynbaar heel bewus van die feit dat die Westerse kultuur haar "uitnooi" tot kulturele verskuiwing vanaf 'n oorwegend tradisionele wêreld na die Eerste Wêreld.

*The person in this picture is looking himself at the mirror*

In hierdie stadium is dit oënskynlik so dat die respondent nog passief teenoor hierdie "uitnodiging" staan. Sy is nog besig met 'n sielkundige bestekopname omtrent haar moontlikhede om te slaag met haar missie tot verwestersing.

*He sees himself at the mirror and he feels that he is very nice*

Sy voel seker dat sy in staat is as 'n persoon om die uitdaging te aanvaar.

*He will like to go somewhere*

Hierdie responsie van die respondent skyn die voorafgaande afleiding te bevestig.

*He is going to go there maybe to a wedding or whatsoever*

Alhoewel sy onseker is van al die eise wat die nuwe wêreld aan haar gaan stel, is sy skynbaar oortuig van die feit dat sy die uitdaging gaan aanvaar.

**BESPREKING (KAART 7)**

Die respondent aanvaar die selfbeeldimplikasie by hierdie kaart.. Sy neem haarself met sekerheid oor haar eie vermoëns waar. Sy is ook bewus van die toekomsvisie wat sy het om sekere uitdagings te aanvaar wat klaarblyklik in hierdie situasie verband hou met beweging vanaf 'n Derde- na 'n Eerste Wêreld opsie. Let op die verband wat hierdie stellinginname hou met die verhaal wat op Kaart 1 van die TAT-Z vertel is - aanvanklike passiwiteit het verander na die besluit om tot aksie in die rigting van die Eerste Wêreld oor te gaan.

**KAART 8: HETEROSEKSUELE VERHOUDINGS**

**KAARTKEUSE: 8W**

Let op dat die persoon in hierdie persoonlikheidsarea die W-kaart kies. Sy identifiseer dus met die Westerse konsep van seksualiteit.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*It is a boy and his girlfriend sitting on the bed and having some feelings*

Die seksuele implikasies van hierdie kaart word op konkrete sowel as gevoelsvlak onmiddellik waargeneem.

*It is in the morning and they are out of bed*

Die voortgesette beskrywing van die konkrete opset van die illustrasie, dui volgens Murray (1938) se tradisionele voorskrifte by die TAT waarskynlik op vermyding van betrokkenheid weens angs.

*The girl is the most important person*

Gesien die feit dat respondent self vroulik is, is dit te aanvare dat sy met die vroulike figuur in die prent sal identifiseer.

*They are lovers*

Die persoonlikheidsarea van seksualiteit word duidelik waargeneem.

*The girl thinks that the boy does not love her and she loves him a lot and wish that they may have successes on their lives*

Daar is 'n onderliggende subtiele gevoel dat sy deur die man verwerp word.

*They are going to have sex together and prove their love*

Daar is 'n skerp behoefte om te identifiseer met die gesagsfiguur in die seksuele relasie en om deur die figuur aanvaar te word - want hulle gaan seks hê (together) om hulle liefde te bewys - dus die feit dat outoriteit haar nodig het en dus moet aanvaar.

*What they are going to do that on their own risks*

Daar skyn onderliggende gevoelens van subtiele skuld te wees oor seksuele behoeftes.

**BESPREKING (KAART 8)**

Die seksuele implikasies van die verhouding word waargeneem. Alhoewel daar met hierdie implikasies geïdentifiseer en daaraan meegedoen word is daar tog tekens van onderliggende onsekerheid wat betref hierdie verhoudingsituasie. Dit sou aansluiting vind by wat op Kaarte 2, 3, 4 en 5 van hierdie respondent se verhouding tot manlike gesag gesê is. Let op dat daar by genoemde kaarte probleme geïdentifiseer is om met manlike gesag te identifiseer. In die seksverhouding gaan dit nou ook om gesag - die seksuele aanvaarding deur die man.

**KAART 9: GROEPSIDENTIFIKASIE**

**KAARTKEUSE: 9W**

Die feit dat die W-keuse hier gemaak is dui ook waarskynlik op die respondent se gewilligheid om met Westerse sosiale situasies te identifiseer.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Their are six people dancing three boys and three girls*

Die situasie word konkreet beskryf.

*This is also the abjudicator next to them*

Daar is 'n gevoel van kompetisie binne in die Eerste Wêreldse opset. Dit mag ook daarop dui dat die respondent bewus daarvan is dat prestasie in hierdie omgewing belangrik is.

*They are competing*

Die element van kompetisie in die Eerste Wêreld gemeenskap word sterk waargeneem.

*The dancers are the most important*

Daar skyn die gevoel te bestaan dat diegene wat deelneem aan die 'Eerste Wêreldse spel' as individue belangrik is.

*They think that they must be the most important dancers*

Daar skyn 'n bewustheid te wees daaraan dat individuele prestasie in die Eerste Wêreldopset van groot belang is.

*So as that the abjudicator could regard as the winners*

Daar is die gevoel dat prestasie in die Westerse omgewing belangrik is en 'n oordeel daaroor uitgespreek word.

*They are partners*

Die gevoel van die individuele prestasie kan waarskynlik nie heeltemal gehanteer word nie en lei tot 'n aanvaarding van die feit dat prestasie steeds nog in groepsverband (partners) plaasvind.

*The two are going to win and the four are going to loose*

Daar is die klaarblyklike gevoel dat die afloop van prestasie beteken dat daar meer verloorders en minder wenners moet wees.

**BESPREKING (KAART 9)**

Die respondent identifiseer klaarblyklik met die Eerste Wêreldse opset van kompetisie en individualisme. Die klem op individualisme kan skynbaar nie heeltemal verwerk word in hierdie stadium nie, gevolglik is daar 'n behoefte aan gemeensaamheid binne die kleiner groepsverband. Daar is die bewustheid dat kompetisie in die Eerste Wêreld lei tot wenners en verloorders en dat prestasie afhang van 'n individuele inset. In hierdie stadium skyn die respondent op 'n afstand na hierdie opset te kyk maar daar is 'n behoefte om waarskynlik daaraan deel te neem.

**KAART 10: AGGRESSIEKAART**
(Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie)

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*They are Zoeloe people fighting*

Die aggressiewe implikasies word konkreet waargeneem. Hierdie implikasies word voorts in Derde Wêreldse verband waargeneem (Zoeloe people).

*They are all armed and having something to protect them*

Aggressie word klaarblyklik as bedreiging waargeneem in die tradisionele gemeenskap.

*They are also having a policemen next to them*

Klaarblyklik word op konkrete vlak waargeneem dat aggressie deur outoriteit beheer behoort te word.

*They are fighting against some people*

Die aggressiewe implikasies op hierdie kaart word as vaag gerig waargeneem. Dit is gerig op 'some people', nie duidelik op 'n gegewe teiken nie.

*The policemen is the most important person*

Dit skyn asof die beheer van aggressiwiteit deur outoriteit vir hierdie respondent van groot belang is.

*This person don't know what do*

Daar is 'n gevoel dat outoriteit onseker is van hoe om "onbeheersde" aggressie te hanteer - "they are fighting against some people" is reeds vroeër gesê.

*He thinks this people are going to hit him*

Die siening is skynbaar dat outoriteit bedreig voel deur aggressiwiteit.

*He is going to leave them and go back because he is alone and he can't do nothing*

Dit wil voorkom asof hierdie persoon nie weet hoe om aggressiwiteit vanuit die omgewing te hanteer en te verwerk nie.

*They are also going to go back from where they comes from*

Klaarblyklik probeer hierdie respondent aggressie hanteer deur die bestaan "daarvan bloot te ontken" - hulle sal nie aggressief handel nie, maar teruggaan na waar hulle vandaan kom.

**BESPREKING (KAART 10)**

Dit wil voorkom asof hierdie respondent taamlik onseker voel oor aggressie vanuit haar omgewing. Aggressie word hanteer deur die ontkenning dat dit bestaan - die persone op kaart 10 sal bloot teruggaan na waar hulle vandaan kom. Dit wil ook voorkom asof hierdie respondent nie seker is of outoriteit in die gemeenskap werklik beheer oor aggressie kan uitoefen nie.

(b) Tweede toetsing

Aantal W-kaarte gekies: 7
Aantal T-kaarte gekies: 1

**KAART 1: AKKULTURASIEKAART**
(Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie)

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture these are a person looking at a difference places*

Die respondent skyn bewus te wees van die verskil tussen die twee wêrelde (different places).

*It seem as if he is undecisive*

Sterk onsekerheid blyk uit hierdie responsie.

*There are two ways. One is going to the homes and one to the countries*

Die persoon is klaarblyklik sterk bewus van twee wêrelde. Een met die huise en 'n oënskynlik afgeleë ander wêreld (countries).

*There are trees and grasses between*

Die respondent skyn konkreet bewus te wees van die groot afstand tussen hierdie twee wêrelde.

*The person in this picture is looking at the different ways and houses*

Die respondent skyn ook sterk bewus te wees van die verskille tussen die twee wêrelde.

*He will decide to go to the country because we people of today like nice homes and good things*

Die responsie mag op verwarring in die gemoed van die respondent dui omdat die 'country' verwar word met mooi huise en dinge.

*He will feel good because the decision here is taken is satisfied*

Dit wil voorkom asof die persoon haarself probeer oortuig dat sy tevrede moet wees met die keuse van 'country' met 'nice homes' en 'good things', soos uit die vorige respons blyk.

*He feels good and free*

Dit klink hier asof die respondent haarself probeer oortuig.

*He will feel free and be comforted*

Hierdie responsie gesien teen die verwarring wat vroeër aangedui ("it seems as if he is undecisive") is mag waarskynlik daarop dui dat die respondent weens diep onderliggende angs haarself probeer oortuig van tevredenheid. (He will feel free and be comforted).

**BESPREKING (KAART 1)**

Die responsie op Kaart 1 wek kommer. Dit wil voorkom asof toenemende kontak met die Westerse omgewing aanvanklike verwarring by die respondent kon geskep

het. Die verwysing na 'good things' in assosiasie met 'country' dui op 'n teenstelling. Die hipotese word in hierdie stadium gestel dat 'n toenemende aanraking met die Westerse omgewing hierdie respondent waarskynlik in 'n mate gelei het tot wat Erasmus (1975a) akkulturasie-konflik noem.

**KAART 2: GESINSVERHOUDINGE**

**KAARTKEUSE: 2W**

Die opvallende aspek is dat waar by die vorige protokol by hierdie respondent die T-keuse gemaak is, die W-keuse nou ten opsigte van kaart 2 gemaak is.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture I can see a family together - mother, father and three children*

Die 'saamheid' van die gesin word hier waargeneem (together). Die gesinslewe word as 'n eenheid waargeneem (mother, father and three children).

*The parents are reading a story to their children*

Kommunikasie tussen die ouers en kinders word waargeneem. Alhoewel die kommunikasie van die ouers se kant af kom en die kinders passiewe deelgenote is. Opvallend is egter die feit dat sowel die vader as moeder hier op oënskynlik gelykwaardige grondslag met die kinders kommunikeer.

*The father is the most important person*

Die verdere opvallende feit is dat die vader hier as die gesagsfiguur in die gesin waargeneem word, in teenstelling met die moeder by die eerste toetsing.

*This person in the picture thinks about her wife and the future of his children*

Die vader word duidelik as die gesagsfiguur waargeneem wat begaan is oor die toekoms van die gesin.

*He feels proud about his family*

Die gesagsfiguur word in 'n positiewe verhouding tot die gesin waargeneem en met betrekking tot sy verantwoordelikhede met die gesin.

*People in this picture are all belonging to the family*

Die samehorigheid van die gesin word beklemtoon. Daar word sterk met die situasie geïdentifiseer en met die samehorigheid tussen die gesinslede.

*After the parents have read a story to the children, they will all go to bed and sleep*

Daar is 'n element van "histeriese onttrekking" aan die einde van die verhaal - hulle gaan slaap. Al die gesinslede sal gaan slaap. Die kommunikasie word totaal verbreek en die gesin disintegreer "sielkundig" gesproke.

**BESPREKING (KAART 2)**

Die aanvanklike waarneming van 'n gesin met goeie verhoudings wat veral van die ouers af na die kinders gaan, nie andersom nie, eindig met 'n totale passiwiteit aan die einde van die verhaal - (hulle verskuif van die aktiwiteit van lees na die passiwiteit van slaap). Dit laat die hipotese ontstaan dat die relasie tussen die gesinslede so kunsmatig is dat dit op die lang duur nie gehandhaaf kan word nie. Dit eindig met totale passiwiteit waar die gesinslede gaan slaap en waar die gesinsverhoudings inderdaad disintegreer.

**KAART 3: VADER-SEUNVERHOUDING**

**KAARTKEUSE: 3W**

Let daarop dat die respondent die (W) keuse hier maak. Daar word dus oënskynlik geïdentifiseer met Eerste Wêreld gesagsverhoudings.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*It is in the morning*

Daar word op konkrete vlak onmiddellik met die situasie en die gedagte van 'n nuwe dag hier geïdentifiseer.

*The father and his child are drinking*

'n Konkrete waarneming van die opset tussen vader en seun word gerapporteer.

*The father is talking to his son*

Kommunikasie tussen die vader en seun word met die vader in die outoriteitsposisie gesien. "Talking" is aktief - geen aktiwiteit word by die seun gesien nie.

*It seem as if he's giving him some job or work to do*

Daar is onsekerheid (seem) oor die gesagsrelasie van die vader met die seun.

*The farther is the most important person*

Die gesagsposisie van die vader word op byna patriargale wyse waargeneem.

*They are a family but is short of one person - mother*

Die afwesigheid van die moeder in die gesagsituasie word gerapporteer en mag daarop dui dat die respondent makliker met vroulike figure in gesagshoedanigheid sal identifiseer - daarom betrek hy haar in die situasie waar sy afwesig is.

*This person thinks about the future of his son and feels proud for having such a son*

Die gevoel van die outoriteitsfiguur word waargeneem en beskryf maar nie noodwendig in die relasie met die seun gekommunikeer nie.

*The son will go and do his work*

Min emosie word in die situasie waargeneem en die kontak tussen vader en seun bly kontak - die seun sal gehoorsaam deur sy werk sonder teenspraak te gaan doen.

**BESPREKING (KAART 3)**

Alhoewel die verhouding vader en seun waargeneem word is die beskrywing daarvan oorwegend konkreet. Die vader word in die gesagsposisie waargeneem met 'n hunkering na die moeder se betrokkenheid op gesagsvlak - betrek haar in 'n opset waar sy afwesig is. Die relasie skyn nie van diepgaande aard te wees in die oë van die respondent nie omdat die seun wegbeweeg van die gesagsfiguur om te gaan werk. Die relasie word dus oorwegend konkreet en emosioneel oppervlakkig gesien.

**KAART 4: MOEDER-SEUNVERHOUDING**

**KAARTKEUSE: 4W**

Die respondent kies die W-kaart vir haar responsies.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*It is in the house*

Die situasie word aanvanklik konkreet beskryf.

*The two married people are sitting together drinking tea and discussing*

Die relasie word as die van man en vrou waargeneem in kommunikasie met mekaar.

*Both are important*

Absolute manlike gesag soos in die tradisionele situasie geld, word oënskynlik ontken deur albei persone belangrik te maak.

*The two are married*

Geïnstitusionaliseerde emosionele betrokkenheid word waargeneem - getroud.

*The two of them are thinking about each other*

"Passiewe relasie" word waargeneem waar die twee mense oënskynlik stilswyend aan mekaar sit en dink en dus nie aktief kommunikeer nie.

*And feels free, proud and comfortable of being together*

'n Soort van 'unity without conversation' word hier beskryf - die emosionele betrokkenheid wat met "married" waargeneem is, word gepassifiseer.

*The topic will end and they will all go to their different jobs*

Enige emosionele kontak word met onttrekking ontken - hulle gaan uiteen om aandag aan hul afsonderlike take te gee.

**BESPREKING (KAART 4)**

Die verhouding wat "deurgaans passief" is word nie deurgevoer nie en die situasie verbrokkel - elkeen gaan sy eie gang. Daar is in hierdie prent tekens van ontkenning van die emosionele betrokkenheid en duidelike konkretisme. Dit mag te wyte wees aan pogings om met 'n Westerse situasie (W-kaartkeuse) te identifiseer wat die persoon nie werklik kan verander nie ("... go to their different jobs"). Die relasie kan slegs op die konkrete vlak en op hoogs passiewe wyse gehandhaaf word.

**KAART 5: HOUDING TEENOOR SWART OUTORITEIT**

**KAARTKEUSE: 5W**

Die W-kaart word gekies.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*This person inside his bosses room and he is greeting his boss*

Die situasie word as een van outoriteit-onderdaan waargeneem en konkreet beskryf.

*It seem as if he is going ask or tell him something*

Daar is duidelike tekens van onsekerheid oor die werklike relasie tussen die twee figure.

*This person is the most important*

Aangesien hiervan nie afgelei kan word wie 'this person' is nie wil dit voorkom asof die respondent self verward is en definitiewe aanduiding in terme van wat die toets vereis vermy - hy dui nie aan watter persoon hy na verwys nie.

*It is the employer and the employee*

Die situasie word van enige emosionele mening ontneem deur dit as 'n relasie tussen werknemer en werkgewer te beskryf.

*He feels very to work for such a boss*

Die responsie is inderdaad hoogs neutraal en hoegenaamd nie aanduidend van wat die respondent bedoel nie. Die responsie kan ook gesien word as klaarblyklik 'n subtiele poging om enige werklike betrokkenheid en betekenisvolle beskrywing van die situasie te vermy - hy sê nie "very" wat nie.

*The boss heel and he will go away*

Let op dat in die geval van die laaste twee responsies die respondent dit onsamehangend weergee. Die rede is waarskynlik omdat die relasie wel angs wek en op die ou end reageer die respondent met duidelike onttrekking. Dit kom dus voor asof die respondent die relasie nie ten volle begryp op die emosionele vlak nie en dus nie kan hanteer nie.

**BESPREKING ( KAART 5)**

Dit is opvallend dat die laaste twee response nie sin maak nie. In vergelyking met vorige responsies van die betrokke respondent is hierdie feit te meer opvallend. Dit kan toegeskryf word aan verdedigingmeganisme wat deur die situasie uitgelok word. Dit sou ook verband kon hou met die ongemotiveerde onttrekking uit die situasie by die laaste responsie van die respondent. Daar is duidelike emosionele vervlakking en 'n toenemende hantering van situasies op suiwer konkrete vlak.

**KAART 6: HOUDING TEENOOR BLANKE GESAG**

**KAARTKEUSE: 6T**

Let hier op dat die respondent die enigste T-keuse op hierdie protokol op hierdie kaart maak. Dit dui op 'n onvermoë om die verhouding met Blanke outoriteit op enige ander vlak as die Derde Wêreldsvlak waar te neem - met die eerste toetsing het die respondent hier ook T gekies.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*There are two people - a prisoner and a police*

Die verhouding Blanke outoriteit Swart onderdaan word as uiters onderdrukkend waargeneem.

*The police is showing the prisoner where to work*

Die opset is konkreet-outoritêr (the police is showing) - submissief (die "prisoner" word net gewys "where to work").

*Police are the most important person*

Die Blanke outoriteitsfiguur word as totaal dominant waargeneem.

*They are the police and the prisoner*

Hierdie responsie bevestig die voorafgaande afleiding.

*The police thinks that if this person will run away he will kill and he will feel very proud about this person because he is working for him*

Die respondent voel totaal bedreig deur die verhouding tussen die twee figure.

*The prisoner will work and the police will see how he works*

Die submissiwiteit bereik die vlak van patologiese onderdanigheid en afhanklikheid - die gevangene "will work" en die polisieman "will see" hoe hy werk - die patologiese lê in die gevolge van die dwangelandy van die Apartheidsbeleid.

**BESPREKING (KAART 6)**

Die responsies op hierdie kaart is totaal konkreet en bereik uiterstes in die beskouing van die situasie, as onderdrukkend. Die storie op hierdie kaart sou klaarblyklik as patologies geklassifiseer word.

**KAART 7: SELFBEELD**

**KAARTKEUSE: 7W**

Let op dat die W-keuse hier gemaak word ten opsigte van die selfbeeld teenoor die T-keuse by die eerste toetsing.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*This man is himself on a mirror*

Daar is klaarblyklike sprake van patologiese oor-identifikasie tussen die figuur en die spieëlbeeld - (is himself on a mirror). Daar word uitdruklik vermeld dat hy 'himself' is in die weerkaatsing in die spieël. Die responsie mag op 'n distorsie dui -die man is op die spieël (is die spieël).

*He want to make it a point that he looks cute*

Daar is 'n byna "patologiese" beheptheid daarmee om goed te lyk - hy wil "cute" lyk.

*He is looking on the mirror*

Daar mag tekens wees van histeriese oor-identifikasie met die selfbeeld.

*He sees himself on the mirror and he feels proud of himself and of how he is looking*

Daar is 'n bykans onkritiese aanvaarding van die beeld soos dit gereflekteer word in die spieël.

*He will like to prepare himself nicely*

Daar is skynbaar oormatige behoeftes om oor die eise wat gestel word, te kom.

*He will prepare himself and then off he goes*

Daar is 'n sterk behoefte om selfaanvaarbaar te wees en by die nuwe omgewing betrokke te raak.

**BESPREKING (KAART 7)**

Daar is tekens van 'n oormatige begeerte aan identifikasie. Die woordjie 'te' skyn deurgaans in die responsies op hierdie kaart van toepassing te wees. Let op die oormatige konkretisering in die repsonsies van die respondent. Daar is sprake van 'n proses van oor-identifikasie in die histeriese sin.

**KAART 8: HETEROSEKSUELE VERHOUDINGS**

**KAARTKEUSE: 8W**

Soos met die vorige protokol weer eens die W-kaart.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*This two people in this picture are lovers*

Daar is sterk identifikasie met die situasie ("This ... this") en 'n duidelike waarneming van die konstruk ("lovers").

*The male seem to be convincing the women to have sex with him*

Die waarneming van die seksuele implikasies van die kaart is meer oorweldigend as met die eerste protokol. Die man word as die leidende figuur en dominant waargeneem (oortuig haar).

*The female are the most important person*

Subtiele opstand teen die man - alhoewel hy die dominerende rol inneem - is die (passiewe) vrou steeds die belangrikste.

*They are lovers*

Die seksualiteit van die konstruk ("lovers" - sekskaart) word weer waargeneem en bevestig.

*This female feels to be convinced. She thinks she can have sex with this male*

Sy soek oortuiging (convinced) dat sy deur die man aanvaar word - "she thinks she can have sex with the male".

*They will both have sex*

Hierdie responsie reflekteer 'n behoefte aan aktiewe deelname in die relasie - "they will both have sex" - 'n "oorstelling".

**BESPREKING (KAART 8)**

Die behoefte om herverseker te word van haar rol is die oorheersende faktor by die ontleding van die protokol in hierdie konstruk - "they will both have sex". Dit dui op moontlik inherente onsekerheid en 'n diepliggende behoefte aan aanvaarding wat keer op keer herbevestig moet word.

**KAART 9: GROEPSIDENTIFIKASIE**

**KAARTKEUSE: 9W**

Die W-keuse word weer eens hier gedoen soos by die vorige protokol.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*It is in the hall that people are dancing and the other person is looking at them*

Die gemeensaamheid word waargeneem tussen die dansmaats. Daar is egter nou 'n groter passiwiteit aan die kant van die enkeling - hy kyk net toe.

*He seem to be the abjudicator*

Daar is onsekerheid ("seem to be") oor die werklike rol van die toeskouer.

*The dancers are the most important*

Die groepsaksie word as belangrik waargeneem.

*They feel they are very proud of being the dancers and they thinks they are going to win*

Die behoefte aan deelname in die situasie en sterk identifikasie daarmee asook met die gedagte van kompetisie en prestasie word beklemtoon.

*They are partners and a abjudicator*

Die verhouding tussen die deelnemers gesien teenoor die rol van die beoordeelaar word weereens beklemtoon.

*The abjudicator will choose the winner*

Sterk outoriteitsrol word aan die beoordeelaar toegeken. Sy outoriteitsposisie word sonder enige kritiek aanvaar.

**BESPREKING (KAART 9)**

Dit is opvallend in die beskrywing van hierdie situasie enersyds in belangrike opsigte ooreenstem met die responsie op dieselfde kaart tydens die eerste protokol; andersyds is dit egter ook opvallend dat die beskrywing baie meer konkreet van aard is. Dit mag dui op verhoogde angs en 'n gebrek aan werklike emosionele betrokkenheid in die situasies wat hier uitgebeeld word. Wat die aspek van kompetisie betref wat deel van die konstruk is, neem die respondent dit bloot waar maar weet skynbaar nie hoe om hierdie tipiese Westerse verskynsel te hanteer nie.

**KAART 10: AGGRESSIEKAART**

(Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie)

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*The people in this picture striking and they want to kill the police*

Die aggressie wat hier aan die onkontroleerbare grens is opvallend.

*They are fighting*

Die aggressie word duidelik in die situasie waargeneem.

*The police are the most important*

Hierdie responsie mag dui aan 'n behoefte om hierdie ongekontroleerde aggressie wat geprojekteer is te probeer beheer.

*He think that this people are going to kill him and he feels very sorry for them because they are going to arrested*

Daar is die vrees dat aggressie impulse nie werklik beheer sal kan word nie en daar mag mate van skuldgevoelens hieroor ontstaan.

*He will stop the fight and tip those people*

Dit wil voorkom asof die aggressie tog nog beheer kan word.

*They will go back to their places*

Aggressie word uiteindelik steeds met ontkenning of onttrekking gehandhaaf.

**BESPREKING (KAART 10)**

Daar is tekens van meer onbeheerbare aggressie as tydens die eerste protokol. Nogtans wil dit voorkom asof die respondent, alhoewel op 'n basis van noodmaatreël, haar aggressie kan beheer. Daar is tekens van skuldgevoelens oor hierdie aggressie. Uiteindelik word aggressie steeds met onttrekking en ontkenning beheer ("They will go back to their places").

Geval 2

Die respondent wat geen T:W verskuiwing tussen die eerste en tweede protokol getoon het nie.

**Identifiserende gegewens**

| | | |
|---|---|---|
| Geslag | : | Manlik |
| Ouderdom | : | 15 |
| Beroep | : | Skolier |

**Ontleding van protokolle**

(a) Eerste toetsing

Aantal W-kaarte gekies: 4
Aantal T-kaarte gekies: 4

**KAART 1: AKKULTURASIEKAART**

(Geen keusekaart is by die konstruk beskikbaar nie)

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture this man is thinking of the town and the farm*

Daar is duidelike sterk identifikasie met die situasie (die gebruik van 'this' kom twee maal voor). Daar is ook 'n duidelike waarneming van die keuse-situasie tussen die landelike en stedelike aspekte van die prent.

*He saw that the town is big and the farms are small*

Die grootheid van die Eerste Wêreld in vergelyking met die relatiewe kleinheid van die Derde Wêreld word duidelik waargeneem.

*He want to make the decision where should he go*

Die respondent neem ook duidelik waar dat hy voor 'n keuse staan en hy die keuse moet uitoefen.

*To the plaas or to town*

Dit bevestig dat die keuse waarvoor hy staan duidelik waargeneem word.

*This person is thinking*

'n Passiewe houding word teenoor die probleem aangeneem - "thinking" beteken 'n onttrekking na die eie denkwêreld eerder as aktiewe deelname wat andere betrek. "Thinking" word by die TAT met fisiese passiwiteit en introspektiwiteit wat andere uitsluit, geassosieer (Murray, 1938).

*His decision is to go to town because this place is big and he could get a job.*

'n Keuse word egter byna onmiddellik uitgevoer en die respondent identifiseer die keuse wat hy uitgevoer het.

*He will get the job and get money for his family*

Hy weet duidelik wat hy wil doen en konstateer dit - hy wil in die materiële behoeftes van sy gesin voorsien.

*I think he's feeling okay and he is safe*

Daar is 'n behoefte om wel met die keuse te identifiseer maar dit gaan gepaard met 'n mate van onsekerheid ("I think ..." - hy is nie seker nie).

*This man will get educated and better life*

Die voordele van die keuse word waargeneem en beskryf.

**BESPREKING (KAART 1)**

Die persoon kom voor 'n keuse te staan en hy neem hierdie keuse duidelik waar. Hy oefen sy keuse uit, hy sien die voordele in vir keuse wat hy uitoefen en doen iets positief hieromtrent nadat hy die situasie aanvanklik passief ("thinking") gehanteer het. Sy dinamika is duidelik - hy onttrek aanvanklik om hom te probeer aktivieer vir aktiewe optrede, maar hy doen dit op fantasievlak ("thinking"). Hy het dit nog nie reggekry nie - hy visualiseer dit net. Dit wil sê, wat hy wil doen, nie wat hy reeds doen of gedoen het nie.

**KAART 2: GESINSVERHOUDINGE**

**KAARTKEUSE: 2W**

Daar word in hierdie konstruk met die Westerse omgewing geïdentifiseer.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*This picture shows us the people who stays in town*

Die respondent neem die opset konkreet waar soos dit in hierdie konstruk uitgebeeld word.

*That a town we have safety stoves that when we make fire we don't make it outside*

Die konkrete simbole van die Westerse omgewing word waargeneem en beskryf 'n relatiewe voorsprong bo die landelike ekwivalent.

*The children are not safe that fire because they will touch it*

Daar word gerasionaliseer oor waarom die stedelike situasie meer aanvaarbaar is as die landelike - in die geval van die stedelike situasie is kinders byvoorbeeld wat vuur betref veiliger en meer beskerm as in die landelike situasie.

*The most important person in this picture is the father*

Die vaderlike outoriteit word waargeneem en oënskynlik aanvaar.

*View that they could get educated so that they could work hard and get the things which he has*

Daar is 'n behoefte om te identifiseer met die Westerse simbole van opvoeding.

*They are related because they are the grandmother and grandfather*

Die verhouding tussen die respondente word gedistansieer deurdat die figure as grootouers en nie as ouers van die kinders nie waargeneem word nie.

*This person will live better life and educated as the others*

Die voordele van 'n Eerste Wêreld gemeenskap in terme van opvoeding word raakgesien en daar word hiermee geïdentifiseer.

**BESPREKING (KAART 2)**

Daar word met die Westerse gesinsopset geïdentifiseer. Die responsies rondom hierdie situasie is aanvanklik konkreet maar tog word die waarde van die identifikasie met Westerse simbole, veral opvoeding, waargeneem en gerapporteer. Daar is nie tekens van angs nie, daar is wel tekens van 'n praktiese benadering tot die situasie wat na aan die konkrete vlak lê.

**KAART 3: VADER-SEUNVERHOUDING**

**KAARTKEUSE: 3W**

Let daarop dat die Westerse persoonlikheidsarea hier vir die respondent se response gekies word.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture the grandfather is telling a story to his small boy that what was happening during the time and they are drinking tea*

Die afstand tussen die twee figure word vergroot deurdat die generasiegaping verbreed word - grootouer en kleinkind. In dieselfde proses word die kleinkind afhanklik aan outoriteit van die grootvader gestel omdat die kleinkind as jonk beskryf word en op hierdie wyse in 'n mate onvermoënd gelaat word.

*The most important person in this picture is the grandfather*

Outoriteit word steeds as absoluut gesien maar seinde 'n grootvader word dit as 'n relatiewe afstand van die huidige generasie beskryf.

*The grandfather is the father to the smaller boys' father*

Die situasie word verwring deurdat dit uiters gekompliseerd gesien word soos uit die wyse waarop dit beskryf word blyk.

*He think that these person must sell their cows and get money so that they could buy a new house look like their ones and the better life*

Daar is 'n poging om die tradisionele te 'verruil' vir die Eerste Wêreldse simbool van geld.

*Small boy will go to sleep*

Hierdie siening wek oënskynlik angs en lei tot histeriese onttrekking (slaap) - die klein kind sal gaan slaap - slaap is slegs psigoanalities 'n projeksie van totale, en dus histeriese, onttrekking.

**BESPREKING (KAART 3)**

Daar is 'n behoefte om hom los te maak van die tradisionele en te identifiseer met die Eerste Wêreld simbole, byvoorbeeld geld. Daar is 'n poging om te rasionaliseer waarom dit gerade is om dit te doen. Hierdie pogings slaag nie heeltemal nie. Die gevolg is dat die respondent die figure waarneem as grootouer en kleinkind wat impliseer dat die gaping tussen die twee wêrelde as besonder groot waargeneem word. Daar word pogings aangewend, waarskynlik van 'n histeriese aard (slaap) om hierdie gaping te vernou. Die kind word as klein gesien waarskynlik in 'n onvermoë om na homself om te sien. Hy word ook waargeneem as nie in staat om werklik te voldoen aan die eise wat aan hom gestel word nie - hy onttrek dan ook en gaan slaap.

**KAART 4: MOEDER-SEUNVERHOUDING**

**KAARTKEUSE: 4T**

Die respondent verkies hier die tradisionele konstruk, wat daarop kan dui dat hierdie konstruk (Moeder-seun) nog tradisioneel-gerig is.

By hierdie konstruk kies die respondent die T-kaart. Dit is belangrik dat hy hier met die tradisionele Moeder-seunkonsep identifiseer. Dit impliseer dat sy rolverwagtinge in hierdie area waarskynlik deur 'n tradisionele verwysingsraamwerk beheers word.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here in this picture we see a mother and a father*

Daar is sterk identifikasie met hierdie situasie (here in this picture). Die verhouding word gesien as tussen man en vrou.

*They are sitting outside of their house - they are talking to each other*

Die situasie word konkreet beskryf. Daar word egter 'n tweerigting kommunikasie tussen die twee figure deur die respondent waargeneem.

*The most important person in this picture is father*

Die vaderlike gesag word erken.

*They are related of being parents to us*

Die situasie word konkreet waargeneem in terme van die tradisionele opset.

*He thinks that they are rich, they are educated and they have better homes*

Daar is aanduidings dat hy gretig is om tog Westerse elemente by hierdie konstruk te betrek - die verwysing na "educated" en "better homes" blyk op hierdie behoefte te dui.

*The mother and father will finely get into their work*

Die ouers word waargeneem as nie werklik betrokke by die situasie wat beskryf word nie - hulle sal egter 'finally' betrokke raak in die opset wat vir hulle voorgehou word.

*Mother will go to cook and father will go to plough in the field*

Uiteindelik word daar teruggekeer na die tradisionele rolle en word die klaarblyklike ontvlugting na 'n Westerse opset oorboord gegooi.

**BESPREKING (KAART 4)**

Daar is pogings om hierdie tradisionele figure met 'n meer Eerste Wêreldse opset te probeer assosieer. Hierdie poging slaag nie en lei uiteindelik tot 'n terugval (regressie) na die keuse van die tradisionele opset, wat reeds met die keuse van 'n T-kaart gevestig is.

**KAART 5: HOUDING TEENOOR SWART OUTORITEIT**

**KAARTKEUSE: 5T**

Die tradisionele persoonlikheidsarea word hier vir identifikasie gekies.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture there are two men outside the house. One is sitting and the other one is standing*

Die situasie word konkreet waargeneem. Daar word sterk geïdentifiseer daarmee.

*They are holding weapons other one is going to the war*

Die konkrete beskrywing word verder gevoer deurdat die sigbare aspekte van die situasie beskryf word. Dit word bevestig deurdat die persoon op pad is oorlog toe - dit mag op 'n projeksie van aggressiwiteit dui.

*The most important person is the father*

Outoriteit word duidelik as absoluut waargeneem.

*They are related because they are neighbours*

Daar mag hieruit 'n poging spreek om die dominansie van die outoriteitsfiguur oor die onderdaan te probeer neutraliseer. Hulle word as 'neighbours' op dieselfde vlak geplaas.

*He feel that his neighbour must come back again he must fight well to the war*

Daar is 'n poging om die gesagsposisie van die een figuur teenoor die ander te ontken. Hulle word as bure op gelyke vlak geplaas.

*The father will go back to his house because the other has gone*

Die outoriteitsposisie van die gesagsfiguur word enersyds gehandhaaf en andersyds ontken. Enersyds word dit gehandhaaf deurdat die outoriteitsfiguur as 'n vader (tradisioneel dus 'n absolute outoriteit) beskryf word nadat die ander figuur weg is; andersyds word die ander figuur weggestuur ten einde die gesag van die vader op hierdie manier te kan herstel.

**BESPREKING (KAART 5)**

Die tradisionele outoriteitsopset word konkreet waargeneem en beskryf. Dit wil egter vookom asof die persoon ietwat onderliggend opstandig mag wees teen die tradisionele gesagsrol. Om daardie rede word die onderdaan verhef tot die vlak waar die twee figure as bure beskryf word. Dit kan egter nie gehanteer word nie en word verwerk deur die onderdaan stil-stil te laat onttrek, klaarblyklik om die "onbetwisbare" gesag van die vaderfiguur te kan herstel - daar is dus niemand om sy gesag uit te daag of the betwyfel nie.

**KAART 6: HOUDING TEENOOR BLANKE GESAG**

**KAARTKEUSE: 6T**

Die verhouding met die Blankefiguur word op tradisionele Derde Wêreldse vlak waargeneem.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*The picture shows us two people*

'n Konkrete beskrywing word gegee en die situasie word gedistansieer na dit van 'n prent.

*The other one is showing the black man where should he start to work*

Die Swartman word hier onderhewig aan Blanke gesag gestel.

*The man who is working is the most important person*

Daar is subtiele opstand aan die kant van die Swartman teen die Blankegesagsfiguur deur die Swartman die mees belangrike persoon in die prent te maak.

*They are related to each other by work*

Die situasie word verkonkretiseer deur die verhouding tussen die twee mense nie as 'n direkte verhouding tussen mense te sien nie, maar as 'n verhouding deur werk.

*He feel that they are educated and they could communicate with other persons*

Daar is 'n poging om die situasie te rasionaliseer en die twee figure tog as mense teenoor mekaar te stel.

*And they are going to get better jobs than man working on a farm*

Daar is 'n poging om die twee figure te onttrek van hul Derde Wêreldse omgewing en hulle op 'n vlak te plaas waar hulle wel kan kommunikeer.

*This man will finally to nightschools so that he could learn and get educated so that he could get good job*

Daar is subtiele opstand aan die kant van die Swartman teen die Blankefiguur deurdat die Swartman nie sy posisie ombevange aanvaar nie maar homself in Eerste Wêreldse terme probeer verhef om daaruit te kom.

**BESPREKING (KAART 6)**

Die situasie word konkreet waargeneem vir wat dit is : Blanke baas teenoor Swart onderdaan. Die situasie kan egter skynbaar nie verwerk word nie en daar is subtiele opstandigheid teen die opset. Die respondent probeer om hierdie situasie te omseil deur die Swartman op te hef. Dit word egter gedoen sonder dat aggressie teen die Blanke in die proses gebruik word.

**KAART 7: SELFBEELD**

**KAARTKEUSE: 7W**

Let hier op dat die respondent 'n Westerse selfbeeldsituasie vir sy responsie neem.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture we see one person. This person is looking himself to the mirror*

Die selfbeeld implikasies van die konstruk word waargeneem.

*So that he could see his mistakes on his wearing*

Daar is 'n definitiewe bewustheid van die eie gebreke en 'n behoefte om daar kennis van te neem.

*This person is looking himself on the mirror*

Introspeksie word gesuggereer met hierdie respons.

*He see himself whether he is very good or not*

Die doel van die introspeksie is om sy eie waarde te beoordeel.

*He feel that he is wearing good*

Daar is 'n gevoel van tevredenheid en aanvaarding van die self soos dit is.

*He would like to clarify himself*

Daar is 'n behoefte om te voldoen aan die vereistes wat die figuur hom stel.

*He will finally go to work*

Daar is 'n gevoel dat hy in staat sal wees om effektief te kan deelneem aan die eise van sy omgewing.

**BESPREKING (KAART 7)**

Die respondent is bewus van die feit dat hy aan sekere standaarde moet voldoen betreffende sy selfbeeld. Die respondent volg die weg van introspeksie om te probeer vasstel in watter mate hy wel aan die vereistes wat sy omgewing stel, voldoen. Daar is 'n oënskynlike selftevredenheid met sy selfbeeld (hy "aanvaar" homself). Die respondent is ook oortuig daarvan dat hy daarin sal slaag om aan die eise wat sy omgewing aan hom stel te voldoen.

**KAART 8: HETEROSEKSUELE VERHOUDINGE**

**KAARTKEUSE: 8T**

Let daarop dat die tradisionele seksualiteitsbelewenis hier vir die responsies geneem word.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture we see two persons. It is a male and a female. They are in the river*

Die verhouding tussen manlike en vroulike persoon word waargeneem vir wat dit konkreet uitbeeld.

*This man need this woman. He is showing that he loved her*

Die seksuele implikasie van die kaart word konkreet waargeneem en die respondent identifiseer daarmee en ook sy afhanklikheid ("need") van die vrou.

*The most important person in this picture is the woman*

Die vrou word gesien as die belangrike faktor in die seksualiteitsopset - hy is bewus van sy onmiddellike afhanklikheid van die vrou wat hy "need".

*They are related because they love each other*

Die relasie word op emosionele vlak waargeneem en aanvaar.

*She think that the man is handsome*

'n Gesonde seksuele verhouding word waarskynlik hiermee gereflekteer.

*They are going to be married and they will have children*

Die relasie man en vrou word op konkrete vlak waargeneem en beskryf.

**BESPREKING (KAART 8)**

Die seksuele relasie word op relatief konkrete wyse waargeneem en beskryf. Die responsies voldoen aan die Derde Wêreldse konkretisme in hierdie verband. Daar is geen tekens van enige probleme op seksualiteitsvlak nie.

**KAART 9: GROEPSIDENTIFIKASIE**

**KAARTKEUSE: 9W**

Let hier op dat die Westerse keuse deur die respondent gemaak word vir sy responsies.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture we see peoples are dancing and somebody is watching whether they are doing the right thing*

Die situasie word konkreet waargeneem vir wat dit uitbeeld. Daar is egter die gevoel dat hy van die eise wat die omgewing stel bewus is.

*The most important is the person that is watching*

Die waarnemer word as die outoriteitsfiguur uitgesonder.

*He feel that they could dance hard so that they could do competitions*

Die kompetisie-aspek van die betrokke omgewing word waargeneem en die klem val op prestasie.

*He is related to each other because they are the youth*

Die aspek van verband tussen mense in bepaalde groep (jeug) word beklemtoon.

*They will dance and they will be professional*

Die prestasie-aspek word as belangrik beskou.

**BESPREKING (KAART 9)**

Die Westerse opset word waargeneem en die element van kompetisie word beklemtoon. Daar is die gevoel dat prestasie vereis word deur die outoriteitsinslag van die Eerste Wêreld se gemeenskap. Daar is pogings om aan hierdie verwagtinge te voldoen. Die tradisionele begrip van groepsgebondenheid en ouderdomsgroep word egter op hierdie nuwe situasie oorgedra (youth).

**KAART 10: AGGRESSIEKAART**
(Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie)

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture we see many people. They are fighting.*

Die aggressiewe implikasies van die kaart word waargeneem.

*This people in this picture are fighting against others*

Aggressiwiteit word gerapporteer.

*There is no most important person in this picture*

Daar is die gevoel dat kontrole deur outoriteit in die geval van aggressiwiteit afwesig is.

*I don't see the most important person because this people are fighting*

Die responsie mag waarskynlik sterk daarop dui dat die persoon se kontrole meganismes in die geval van aggressie nie behoorlik ontwikkel is nie.

*Nothing will happen to you*

Daar is 'n onvermoë om waar te neem wat die gevolge van aggressie mag wees.

*They will die other will get injured*

Die gebrek aan kontrole oor aggressiewe response word waarskynlik hiermee bevestig.

**BESPREKING (KAART 10)**

Daar is tekens van moontlike onbeheersde aggressiwiteit by hierdie respondent. Die opvallende feit is dat kontrole meganismes oor aggressie afwesig mag wees. Die respondent mag in onvermoë wees om te besluit wat die gevolge van aggressiewe handelinge kan wees ("Nothing will happen" teenoor "They will die").

Geval 2

(b) Tweede toetsing

Aantal W-kaarte gekies: 4
Aantal T-kaarte gekies: 4

**KAART 1: AKKULTURASIEKAART**
(Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie)

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture we see this person is thinking of a town*

Daar is sterk identifikasie met die situasie (this). Die landelike en stedelike implikasies van die situasie word waargeneem.

*And on the farm he see that in the town there are big houses*

Die respondent neem waar dat die stedelike omgewing "omvangryker" is as die landelike.

*And at the farm the houses are small and there is no care*

Hy neem ook waar dat die landelike omgewing in 'n belangrike sin afsteek.

*This person is imagining about that two places*

Die persoon word waargeneem waar hy besig is om oorweging aan twee situasies te skenk.

*His decision is that he go to town so that he can get to work for his family*

Daar word geïdentifiseer met die stedelike omgewing om rasioneel te wees - "go to town so that he can get to work for his family".

*He will work and benefit something*

Daar word nie hoë verwagting met betrekking tot sy eie prestasie gestel nie - "benefit something" - soos op die oorspronklike TAT Kaart 1 van Murray (1943) as die seuntjie die viool volgens 'n respondent net wil "speel", nie "bemeester" nie.

*He is feeling good about the decision he has taken*

Die respondent aanvaar sy identifikasie met Eerste Wêreld omgewing.

*He will get money and send it to home*

Die respondent sien egter nog die verband tussen die landelike omgewing vanuit sy posisie.

**BESPREKING (KAART 1)**

Die respondent neem die konkrete van die twee omgewings waar. Hy is in staat om te identifiseer met die eise wat die stedelike omgewing aan hom stel en hy aanvaar dit in 'n positiewe gees.

**KAART 2: GESINSVERHOUDINGE**

**KAARTKEUSE: 2W**

Die respondent se W-keuse word waarskynlik beïnvloed deur die feit dat hy lid van 'n stedelike gesin is en dit sy werklike bestaande verwysingsraamwerk vorm.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture we see mother and father with three children*

Die respondent identifiseer met wat die situasie aanbied (this). Hy neem ook die gesinsopset wat deur die konstruk uitgebeeld word duidelik waar.

*They are sitting down reading a book and they are town where they are safe*

Die respondent neem hierdie gesin in interaksie met behulp van 'n derde faktor (boek) met mekaar waar. Hy neem hulle ook waar as 'n Westersgeoriënteerde gesin in 'n Eerste Wêreldsomgewing.

*Both parents are important*

Die ouers word wel waargeneem maar daar mag subtiele opstand teen die manlike rol wees deur die vroulike gesag nie ondergeskik aan die man te stel nie.

*They feel they are in danger of sitting next to the fire because it is dangerous*

Die respondent toon onderliggende gevoelens van bedreigdheid vanuit die betrokke omgewing.

*They are related of grandmother and grandfather*

Die relasie word in 'n sin gedistansieer deur na die figure as grootouers te verwys - terwyl hy vroeër gesê het "Both parents are important". Tradisioneel is die grootouers verder verwyder van die individu as die ouers.

*They will go to eat or sleep*

Daar is skynbaar tekens van onsekerheid oor hoe die respondente die eise van hulle omgewing sal hanteer.

**BESPREKING (KAART 2)**

Alhoewel die respondent die konstruk van die gesin (ouers) waarneem en konkreet beskryf is daar tekens dat hy die gesagsopset op hierdie prent nie ten volle kan hanteer nie, daarom besluit hy dan dis grootouers. Daar mag tekens wees van opstandigheid teen manlike gesag deur die verheffing van die vrou na dieselfde vlak as die man - ("both ..." is belangrik). Daar is ook tekens dat hy bedreig mag voel deur die betrokke omgewing en nie behoorlik weet watter aksies om altyd aan te wend ten einde aan die eise van die betrokke omgewing te voldoen nie, daarom raak hulle in sy verhaal onseker en dan passief - "They will go to eat or sleep".

**KAART 3: VADER-SEUNVERHOUDING**

**KAARTKEUSE: 3W**

Die Westerse persoonlikheidsarea word vir die responsies gekies.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*We see grandfather and his son sitting on the table*

Die situasie word ietwat gedistansieer deur die gesagsfiguur 'n grootouer te maak - 'n laer generasie.

*They are drinking tea. Grandfather is talking with his son*

Die gesprek tussen die twee respondente is oorwegend eenrigting kommunikasie met die gesagsfiguur in die oorheersende posisie.

*Grandfather is the most important person in this picture*

Gesag word as absoluut beskryf.

*They are relate of that people in three T of son of grandfather*

Klaarblyklik is die situasie so angswekkend dat hy dit binne die W-opset nie kan hanteer nie. Hy gryp dan terug na die T-keuse. Omdat die T-konstruk as gevolg van die hele toetsopset nou uit die prentjie is, kan die "wilde" teruggryping òf histeries, en/òf ook op distorsie van die werklikheid dui.

*He think that he could come and stay together in town so that they can .......*

Daar is 'n klaarblyklike poging met die teruggryping op die T-kaart om in die beweging na die Eerste Wêreld om geanker te kan bly in die Derde Wêreld-sekuriteit en vandaar versigtig na die Westerse te reik - "... stay together in town" - dus hy en die simbole (grootouers) van die Derde Wêreld.

*Grandfather will like to get another cup of tea*

Simbolies word hierdeur bevestig dat 'n poging aangewend word om 'n aanvaarbare brug tussen die oue en die nuwe daar te stel ("cup of tea" vir "grandfather").

**BESPREKING (KAART 3)**

Op byna histeriese en distortiewe wyse word gepoog om enersyds ver-anker te bly in die oue en andersyds betrokke te raak by die nuwe. Die aanduidings van moontlike histerie en distorsie word gevind in die nie-realiteitsgebonde spronge van W- na T-kaarte en die ongefundeerde "integrasie" van Westerse en tradisionele omgewings, byvoorbeeld die tradisionele grootouers saam in die Westerse omgewing met hom. Die respondent voel die afstande in verhoudings en situasies oënskynlik sterker aan en wend pogings aan om dit te verwerp. Hierdie verwerking is nie altyd

suksesvol nie en daar kan voorsien word dat die respondent probleme sal hê om die eise van die nuwe wêreld behoorlik onder die knie te kry en te verinnerlik.

**KAART 4: MOEDER-SEUNVERHOUDING**

**KAARTKEUSE: 4T**

Die respondent kies ten opsigte van hierdie persoonlikheidsarea die T-kaart wat daarop dui dat hierdie konstruk waarskynlik nog oorwegend Derde Wêreldsgeoriënteerd sal wees.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture we see grandmother and grandfather sitting on the stones. They are looking at the children*

Die respondent gee hier weereens 'n konkrete beskrywing van die situasie. In die tweede plek is dit opvallend dat die respondent sterk identifiseer deur die gebruik van woorde soos 'this'. Die distansiering van die tradisionele outoriteitsgesag spreek waarskynlik uit die feit dat hy weer met grootouers se responsies werk. Daar kan wat afstand en toename in afstand betref, met die volgende "trappe van vergelyking" gewerk word: Respondent-Ouers-Grootouers. Dieselfde beginsel geld in die "Teken 'n Gesin"-toetskonsep in die Kliniese sielkunde, waar respondente gesinslede wat emosioneel verder van hulleself verwyderd "voel", verder weg van hulself teken. Dit mag dui op 'n neiging tot distorsie wat in sekere gevalle deur die respondent aangebied word om sy angs rakende verandering te probeer verwerk.

*Grandfather is thinking about his cattle*

Die situasie word fisies in passiewe terme en in 'n absolute Derde Wêreldopset beskryf - hy doen niks, hy dink net.

*Grandmother is the important person in this picture*

Die subtiele opstandigheid teen manlike outoriteit spreek waarskynlik hieruit deur die ouma te verhef tot die outoriteitsfiguur.

*Grandfather has married grandmother*

Hierdie konkrete beskrywing van die situasie is in 'n sin niksseggend en vanselfsprekend. Dit word waarskynlik gedoen in 'n poging om op regressiewe wyse die sekuriteit van die ou wêreld te bevestig.

*He feels that they are staying good in town*

'n Waarskynlik histeriese poging word aangewend om die ou wêreld en die nuwe wêreld met mekaar te versoen (die grootouers (tradisionele mense) bly "good in town").

*Grandmother will go to look for grandfather*

Die gevoel wat hier uitgespreek word is oënskylik dat die assosiasie met die Eerste Wêreld nie noodwendig 'n verbreking van die verbintenis met die Derde Wêreld impliseer nie.

**BESPREKING (KAART 4)**

Die responsies hier dui op 'n oorwegend konkrete benadering tot die lewe. Daar is 'n subtiele opstandigheid teen die manlike gesag in die Derde Wêreld konteks. Daar is 'n poging om die Derde Wêreld te distansieer deur die figure grootouers te maak en hulle te verbind met die Derde Wêreldse simbole (cattle). Nogtans word daar 'n poging aangewend om die Derde Wêreld en die Eerste Wêreld met mekaar te versoen (die grootouers bly in die stad). Die kerngedagte is dat die respondent waarskynlik nog nie ten volle daarin geslaag het om die assosiasie met die eise van die Eerste Wêreld te vervolmaak nie.

**KAART 5: HOUDING TEENOOR SWART OUTORITEIT**

**KAARTKEUSE: 5T**

Die keuse van 'n T-kaart in hierdie persoonlikheidsarea, wat spesifiek om gesag gaan, dui waarskynlik nog op die tradisioneel georiënteerde ingesteldheid.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture we see two people*

Die situasie word konkreet beskryf maar daar word weer eens sterk daarmee geïdentifiseer.

*It seems that the other one was paying a visit to his friend. Now he is shaking his hand saying good-bye to his friend*

Die relasie word as onseker waargeneem (seems). Die respondent neem nie die outoriteitsopset waar nie en neem die figure as vriende waar wat hande skud.

*The most important is the one that is sitting down*

Die respondent vermy die gesagsverhouding totdat hy direk gevra word wat die verhouding is. Vooraf is dit net "vriende" - op gelyke vlak.

*Because they are neighbours*

Die verheffing van die een persoon as die belangrikste wek waarskynlik angs en dit word gerasionaliseer - hulle is nou bure met die implikasie van geen gesag wat een werklik bo die ander stel nie.

*He think a lot about him*

Die respondent skyn passief bewus te wees van gesag in die Derde Wêreld waarin hy hom bevind - hy "dink" net daaroor, sê dit nie vir die ander nie, val nie op sy knieë voor die ander nie, of sit nie plat op die grond in tradisionele respekbetoning nie. Tradisioneel wys mens jou respek vir gesag op konkrete wyse want die kultuur skryf dit so voor.

*The one who is sitting down will get into the house*

Dit wil voorkom asof die onhanteerbaarheid van die situasie gehanteer word met onttrekking ("get into the house").

**BESPREKING (KAART 5)**

Die respondent kom steeds onseker voor met betrekking tot outoriteit. Alhoewel hy, wanneer hy met die vraag gekonfronteer word, die outoriteitsposisie van die sittende figuur waarneem, verwerk hy dit onmiddellik daarna deur die persone op gelyke vlak te plaas. Die respondent kom duidelik as ambivalent voor wat betref die oorgang vanaf die tradisionele na die Westerse lewenswyse. Die behoeftes om te identifiseer met die Westerse lewenswyse bestaan wel, maar die bande met die tradisionele is steeds sterk.

**KAART 6: HOUDING TEENOOR BLANKE OUTORITEIT**

**KAARTKEUSE: 6T**

Die tradisionele verhouding (Blanke baas, Swart onderdaan) word hier vir die responsie geneem. Dit is duidelik dat die verhouding met Blanke gesag steeds in Derde Wêreldse terme gesien word.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture we saw two people. The other one is showing his worker where to plough*

Die respondent sien die baas-kneg verhouding weer eens raak maar in teenstelling met sy responsies by die eerste toetsafname word die rasse-aspek nie in die responsies by hierdie toets betrek nie.

*The most important person is the worker*

Die werker word waarskynlik as 'n wyse om subtiele opstand teen Blanke gesag te vestig as die belangrikste persoon in die relasie beskryf.

*They are related of father and son*

'n Histeriese poging, deur die ontkenning van die rasse-aspek in die relasie, om die twee figure met mekaar op emosionele gronde te verbind, spreek uit die feit dat die respondent die figure in die illustrasie nou as vader en seun beskryf - die distorsie

om die Blanke en die Swarte vader en seun te maak is vergelykbaar met die tipies histeriese respons op Murray (1935) se TAT as die respondent die viool as 'n bord waarneem en dus verwring. Verwringing op TAT-tipe toetse word met onderliggende histerie geassosieer.

*He feels that they can not do without him*

Daar word 'n poging aangewend om 'n soort van emosionele kohesie tusen die baas en kneg te bewerkstellig. Dit word waarskynlik gedoen in 'n poging om brûe te bou in die verhoudings tussen mense uit twee wêrelde. Uit die konkrete feite op die betrokke kaart is hierdie respondent se waarneming egter 'n duidelike verwringing van die werklikheid. Die betrokke opset word selde of ooit deur respondente waargeneem as een waar die Blanke en die Swarte bloedverwante kan wees - dit is 'n verwringing soos wanneer die viool op Murray (1938) se TAT as 'n bord gesien word.

*He will work and get some money*

Daar is 'n behoefte om aan die verwagtinge te voldoen tot eie voordeel.

**BESPREKING (KAART 6)**

Dit is opvallend dat die respondent hierdie keer die feit dat een persoon Blank en die ander Swart is, ontken. Dit is waarskynlik 'n verwronge poging om die rasse-aspek in die Eerste Wêreldverband te ontken. Die rede vir sodanige ontkenning is waarskynlik om ten volle te kan identifiseer met die eise van Blank-Westerse Eerste Wêreld en volle deel te hê aan daardie lewenswyse. Die respondent voel die kleurfaktor, waarskynlik juis vir 'n Apartheidsgemeenskap, as 'n hindernis aan wat sy rol in die Eerste Wêreld mag beperk en hom volle kwalitatiewe deelname mag belet.

**KAART 7: SELFBEELD**

**KAARTKEUSE: 7W**

Dit is opvallend dat die respondent weer eens met 'n Westers georiënteerde selfbeeld identifiseer.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture we see father looking himself on the mirror*

Die situasie word konkreet beskryf maar die persoon in die prent word hierdie keer tot 'n gesagsposisie verhef.

*So that he can see a mistake on his clothes*

Daar is 'n gevoel dat hy nie ten volle aan die eise wat gestel word voldoen nie.

*He is looking himself on the mirror*

Daar is 'n behoefte om homself volledig waar te neem.

*He is looking himself in the mirror and feels good*

Daar is 'n behoefte om te voldoen aan die eise wat gestel word met betrekking tot selfbeeld.

*To wear good looking clothes*

Hy wil dit onder andere doen deur met die Westerse-simbole te identifiseer.

*He will go to his work*

Die situasie word op konkrete vlak geplaas wat aan hom bekend is en derhalwe weer hanteerbaar is - die uitoefening van sy werk.

**BESPREKING (KAART 7)**

Die respondent poog om sy selfbeeld op vaste grond te vestig deur met die figuur op die kaart in 'n gesagsposisie te identifiseer. Dit gebeur waarskynlik omdat die Westerse eise nie volledig begryp word nie en hy hoop om in beheer daarvan te bly deur dit vanuit 'n gesagsposisie te benader. Hierdie pogings slaag egter nie werklik nie en in 'n klaarblyklik volgehoue poging om in beheer te bly probeer hy vir die gebrek aan begrip van die eise wat aan hom gestel word vergoed deur aan die

konkrete werklikhede van die situasie vas te klou. Uiteindelik probeer hy om homself te laat geld deur te voldoen aan die konkrete verwagting om te werk.

**KAART 8: HETEROSEKSUELE VERHOUDINGE**

**KAARTKEUSE: 8T**

Let daarop dat die respondent by die keuse van die T-kaart hou wat hy ook in die eerste toetsafname vir hierdie konstruk (seksverhouding) gemaak het.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture whe see two people on the farm near the river*

Die situasie word beskryf soos dit konkreet uitgebeeld word op die betrokke kaart.

*This guy is proposing a girl giving a necklace showing he loves her*

Die opset word in sterker tradisionele terme beskryf as by die vorige toetsafname. Daar word verwys na die string krale wat by sekere Swart kulture simbolies is van seksualiteit in die verhouding tussen die geslagte.

*The most important person is a girl*

Die vrou word in die seksualiteitsopset verhef as die belangrikste persoon.

*They are related on one country*

Die verband tussen die twee mense word nou sterk in terme van die tradisionele verhouding gesien.

*He feels good*

Die respondent identifiseer positief met die situasie.

*They will get married and have their own children*

Die relasie word in terme van die tradisionele verwagtinge verwerk.

**BESPREKING (KAART 8)**

Die situasie word in sterk tradisionele terme gesien. Dit is opvallend dat dit sterker in tradisionele simbole waargeneem word as wat die geval was by die eerste toetsafname. Die seksualiteit van die situasie word konkreet en emosioneel 'korrek' beleef.

**KAART 9: GROEPSIDENTIFIKASIE**

**KAARTKEUSE: 9W**

Die respondent bevind hom in 'n Westerse omgewing en dit is waarskynlik waarom hy hier 'n W-keuse uitoefen.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture we see people dancing next to them this is a danceteacher watching at them dance*

Die situasie word waargeneem in terme van die opleiding van die dansers vir hulle taak.

*The important person is the danceteacher*

Daar word 'n outoriteitsinslag aan die situasie toegeken deur die belangrikste persoon die instrukteur te maak.

*He think they will be professional dancers*

Die doelwit om te presteer word beklemtoon.

*The are related at dance*

Die mense word as individue in groepsverband waargeneem.

*The will go to the dance competition*

Die aspek van kompetisie wat kenmerkend is van die Westerse samelewing word beklemtoon.

**BESPREKING (KAART 9)**

Die situasie word oorwegend konkreet in terme van sy kompetisie en prestasie-aspek waargeneem. Hierdie waarneming geskied binne die konteks van die individue in groepsverband. Dit geskied ook teen die agtergrond van 'n Westerse lewe. Opvallend is die feit dat die respondent oorwegend konkreet bly in sy beskrywings, maar wel sterk bewus is van die aspek van kompetisie wat kenmerkend is van die Westerse samelewing.

**KAART 10: AGGRESSIEKAART**
(Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie)

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*In this picture we see many people carrying sticks*

Die situasie word konkreet beskryf.

*They are fighting*

Die aggressiewe implikasies van die situasie word waargeneem.

*The most important person is the policeman*

Die outoriteitsaspek in die situasie word waargeneem.

*He feels that there must be a peace*

Die aspek van kontrole van aggressie word beklemtoon.

*He will make peace to this people*

Die beheer van outoriteit oor die situasie word eweneens beklemtoon.

*They will not fight and go to their home*

Hy is suksesvol in die beheersing van die aggressiewe implikasies van die situasie.

**BESPREKING (KAART 10)**

Die opvallende aspek hier is dat aggressie waargeneem word maar dat daar ook in geslaag word om hierdie aggressie effektief te beheer.

Geval 3

Die respondent wat die grootste regressie getoon het van W na T in die toets-hertoets verspreiding.

**Identifiserende gegewens**

| | | |
|---|---|---|
| Geslag | : | Manlik |
| Ouderdom | : | 16 jaar |
| Beroep | : | Skolier |

**Ontleding van protokolle**

(a) Eerste toetsing

Aantal T-kaarte: 3
Aantal W-kaarte: 5

**KAART 1: AKKULTURASIEKAART**

(Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie)

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*The person here is confused about which way to take*

Die respondent identifiseer met die opset en neem waar dat die persoon probleme het om 'n keuse te maak.

*The ways are two - the other way is leading to a city and the other way is leading to a farm or a homeland*

Daar word duidelik waargeneem dat daar 'n keuse is tussen twee wêrelde.

*The man is unable to decide on which way to take*

Die onsekerheid van die persoon om 'n keuse te maak word aangedui.

*The person here is standing and thinking about which decision to take*

Die persoon verwyl sy tyd om 'n keuse te maak tussen die twee wêrelde.

*Whether to go to the city or to go to the farm*

Hy is nie seker of hy die weg na die stad of die plaas behoort te volg nie.

*He going to follow it*

Geen eksplisiete keuse word gemaak nie. Daar word bloot gesê dat hy 'n keuse sal uitoefen.

*He feels not sure whether his it good or not*

Die respondent is onseker met betrekking tot sy keuse.

*The person will just do what he thinks is right*

Die respondent vermy 'n duidelike keuse.

**BESPREKING (KAART 1)**

Die respondent neem die keuse waarvoor hy te staan kom waar, maar is nie seker watter weg om te volg nie. Die respondent vermy dit om aan te dui watter van die twee wêrelde hy sal verkies.

**KAART 2: GESINSVERHOUDINGE**

**KAARTKEUSE: 2T**

Die respondent identifiseer hier met die tradisionele konstruk.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*The place here is in the homeland or far*

Die respondent neem waar dat die landelike omgewing hier te sprake is, maar is nie heeltemal seker presies watter parameters geld nie ("or far") - vaagweg "ver" wat impliseer "erens".

*The family here is feeling cold and they decided to sit around the fire*

Die gesingsopset is ontneem van warmte. Daar is egter 'n behoefte om hierdie warmte te bekom.

*The reason being to feel warm and relaxed*

Daar is 'n behoefte aan sekuriteit op emosionele vlak wat op die oomblik oënskynlik ontbreek.

*Mother is the most important*

Die subtiele aggressie teen manlike gesag spreek waarskynlik uit die feit dat die moeder tot belangrikste figuur verhef word.

*She feels great because she has made fire for them in order to feel warm*

Die moeder word gesien as die persoon in die gesin wat oor die potensiaal beskik om veiligheid en emosionele sekuriteit te bied.

*The three small ones are the children to the two elder ones who are the father and mother*

Die vader word emosioneel as afwesig waargeneem alhoewel hy fisies teenwoordig is.

*They are no more going to feel the cold before because of the fire they have sat around*

Daar is 'n gevoel dat daarin geslaag mag word om emosionele sekuriteit te bekom.

**BESPREKING (KAART 2)**

Dit is duidelik dat hierdie respondent heelwat emosionele sekuriteitsprobleme ervaar met betrekking tot hierdie konstruk. Daar is subtiele opstandigheid teen die vaderfiguur wat emosioneel as afwesig gesien word. Die moeder word as die potensiële bron vir emosionele sekuriteit waargeneem. Daar is 'n behoefte aan veiligheid. Daar is 'n soeke na veiligheid wat oënskynlik nie bestaan nie en waarna gestreef word.

**KAART 3: VADER-SEUNVERHOUDING**

**KAARTKEUSE: 3T**

Die keuse van 'n T-kaart sou waarskynlik voorspelbaar wees, gesien dat die respondent by die gesinsverhoudinge ook die T-konstruk gekies het, veral waar die verhouding vader-seun by kaart 3 ter sprake kom.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here the father is advising his child about how to take care of the cows and how important are they to them*

Die respondent identifiseer sterk met die situasie. Hy neem die vader-seunverhouding as 'n vader-kind verhouding waar. Die betekenis hiervan is waarskynlik daarin geleë dat die vaderlike gesag waargeneem word, maar dat die seun as afhanklik, moontlik oorafhanklik, van die vaderfiguur gesien word, omdat die seun 'verklein' word tot 'n kind - dieselfde siening geld in die ontleding van Murray (1938) se TAT as mense "kleiner" gemaak word, byvoorbeeld dogter of seun word kinders of dogter<u>tjies</u> of seun<u>tjies</u>.

*The father is the most important*

Die vaderlike gesag word oënskynlik sonder bevraagtekening aanvaar.

*The two people here is a father and his son*

Die verhouding word verwerk na die van vader en seun - die seun word dus vanaf kind tot seun verwerk en mag 'n poging reflekteer aan die kant van die respondent om tog meer verantwoordelikhede aan die seun toe te dig. Die rondval van "kind" na "seun" mag op onsekerheid oor die omvang en implikasies van die eie geslagsrol dui - die tipiese ontleding by alle TAT-tipe toetse wanneer met sodanige elemente in responsies "rondgespeel" word - dus moontlike rolverwarring.

*The father here feels that his son is now grown up*

Die vorige afleidings word klaarblyklik bevestig, want die seun het nou grootgeword. Die onsekerheid oor die geslagsrol spreek ook waarskynlik hieruit - die <u>vader</u> voel die seun is groot. Die <u>vader</u> besluit dus vir die seun oor sy waarskynlike rolrypheid.

*He thinks now he is able to take care of his cow and knows he is suppose to handle them*

Die responsie bevestig die voorafgaande afleiding blykbaar. Die vader begin voel dat die seun wel in staat is om sekere verantwoordelikhede te aanvaar, noudat hy besig is om groot te word.

*The boy is going to take what his father has told him into consideration and act it out*

Die seun is steeds van voorneme om in die skaduwee van die vader se outoriteit sy opdragte te aanvaar - "he is going to take what his father told him ... and act it out". "Speel" dus die rol wat pa voorskryf.

**BESPREKING (KAART 3)**

Die respondent identifiseer met die vader-kind-seun relasie in hierdie konstruk. Daar is aanvanklike onsekerheid of hy wel in staat is om sy verantwoordelikhede te aanvaar. Die respondent verwerk die situasie deur die aanvanklike "kind" 'n "seun" in sy responsies te maak, nie uit eie oortuiging nie, maar omdat die vader so besluit. Hy sal die rol dan ook vervul soos die vader voorskryf ("what his father told him ... and act it out"). Daar is egter oorheersend aan die einde van die verhaal die gevoel dat die respondent ietwat onseker mag wees van sy eie rol (hy sal met sy rol maak soos sy pa hom gesê het).

**KAART 4: MOEDER-SEUNVERHOUDING**

**KAARTKEUSE: 4W**

Die keuse van 'n W-kaart val hier as vreemd op aangesien daar in die lig van die T-keuse wat by kaart 2 gekies is en ook die keuse van 'n T-kaart by kaart 3 hier verwag sou word dat die respondent 'n T-keuse sou gemaak het. Die rede is daarin geleë dat die T-keuse by die gesinskaart (2T) die verwagting skep dat die ouerfigure wat op die kaart voorkom saam met die algemene gesinsverhoudings ook in tradisionele opset gesien word. Hierdie verwagting word bevestig as 3T (vader/seunkaart) nou gemaak word. As 4W (moeder/seunkaart) gekies word, word die verwagte korrelasie en die logiese keusepatroon by ouer-kindverhouding vir hierdie respondent dus versteur.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here the two people are sitting on the table*

Die respondent identifiseer sterk met die situasie. Hy neem die figure egter neutraal as 'people' waar.

*They have tea with them and are discussing*

Die respondent beskryf die opset konkreet, maar neem nogtans interaksie tussen die persone waar.

*The father is the most important*

Die tradisionele verwagting is dat die vader as die belangrike gesien sal word in verhouding tot die moeder.

*It is a husband and a wife*

Die waarneming is "korrek", maar die volgehoue konkrete beskrywing mag diagnostiese implikasies met betrekking tot emosionele betrokkenheid inhou.

*He feels very happy about her*

Die respondent benader die verhouding vanuit die oogpunt van die gesagsfiguur se gevoel oor die situasie.

*Because she's able to co-operate with him as she is able to share her time with him and discuss*

Die respondent slaan die interaksie tussen die twee figure in terme van die gesag van die manlike figuur aan. Hy is ook bewus van die moeder se onderdanigheid aan die vader soos tradisioneel voorgeskryf word en dra dit op die situasie oor.

*They are going to live happy because they like each other and love one another*

Die respondent neem 'n emosionele band tussen die figure waar.

**BESPREKING (KAART 4)**

Die respondent benader hierdie situasie aanvanklik met onsekerheid. Die onsekerheid blyk uit die feit dat die figure in hierdie konstruk aanvanklik onpersoonlik as persone waargeneem word, sonder 'n duidelike aanduiding van hulle relasie tot mekaar. Die respondent bly aanvanklik ook baie konkreet in sy beskrywing van die situasie. Mettertyd slaag die respondent daarin om die situasie te verwerk tot een waar die figure as man en vrou gesien word. Die gesag van die manlike figuur word ook uiteindelik gevestig. 'n Interaksie op emosionele sowel as persoonlike vlak word dan waargeneem en lei tot 'n bevredigende einde vir die opset wat die respondent hier waarneem en beskryf. Dit is ook in die lig van die keuses by die Gesinskaart (2T) opvallend dat die respondent hier 4W gekies het. Sy verhaal op die kaart is egter steeds in die dinamika van die tradisionele kultuur (die submissiewe eggenote). Dit mag dui op 'n behoefte om met die Westerse leefwyse te identifiseer, maar waaraan nog steeds inhoud in terme van 'n tradisionele verwysingsraamwerk gegee word.

**KAART 5: HOUDING TEENOOR SWART OUTORITEIT**

**KAARTKEUSE: 5T**

Die keuse van die T-keuse by hierdie gesagskaart kom "korrek" voor vir hierdie respondent - Gesinskeuse 2T, Vader-seunkeuse 3T. Daar sal dus verwag word dat hy ook tradisioneel met ander Swart outoriteitsfigure sal identifiseer - dus 5T.

*Here the person who is sitting down is teaching and advising the smaller one who is standing by*

Die situasie word konkreet "korrek" waargeneem en enigsins omvattend beskryf. Die respondent voel waarskynlik seker as hy sy omgewing en die implikasies daarvan "duidelik" en "volledig" op konkrete terrein kan verstaan.

*The teaching is about how to hold a speer*

Die respondent probeer meer spesifiek wees en sy responsie hier dui daarop dat dit hier inderdaad gaan om 'n konkrete les in selfgelding vir die jonger man - hoe om 'n spies "vas te hou". Die "vashou" is hier waarskynlik simbolies van die vermoë om

dit "reg te hanteer". Die "spies" is simbolies van aggressiwiteit of selfgeldende handeling.

*The most important is the one who is sitting down*

Die outoriteitsfiguur word as die belangrikste persoon in die prent gesien.

*It is the father and his son*

Die situasie word nou verwerk na 'n relasie tussen vader en seun.

*He thinks that his son is now grown up*

Die probleem wat by kaart 3 gevind is kom hier weer eens na vore. Dit gaan om die vermoë van die jonger man om uiteindelik verantwoordelikheid te aanvaar. Dit wil dus voorkom asof die respondent onseker is van sy eie vermoë in hierdie stadium om verantwoordelikheid te aanvaar.

*Therefore he feels he must now be able to hold his speer and how to use it during the time when necessary*

Daar is 'n behoefte om aggressie doeltreffend te beheer, maar is duidelik onseker oor sy eie vermoë.

*The boy is going to see how important is the lesson that his father taught him*

Die respondent het 'n behoefte daaraan om effektief met die gesagsfiguur te identifiseer en op sodanige wyse die gesag van die gesagsfiguur uiteindelik oor te neem.

*Thereafter he is going to be thankful*

Die respondent aanvaar sy afhanlikheid van die outoriteitsfiguur.

**BESPREKING (KAART 5)**

Die respondent het waarskynlik 'n probleem met betrekking tot selfgelding. Die respondent probeer in sy identifikasie met outoriteit sy eie plek in sy leefwêreld te

vestig. Hierdie vestigingsproses is egter nog iets waaroor hy skynbaar onseker is en waarmee hy stoei.

**KAART 6: HOUDING TEENOOR BLANKE OUTORITEIT**

**KAARTKEUSE: 6T**

**RESPONSIE-ONTLEDING**

Die keuse van die W-kaart by hierdie konstruk val enigsins vreemd op. Die populêre keuse hier is by meer as 70% respondente die T-keuse (Erasmus, 1976). Respondente wat òf oorwegend T òf "ambivalent" (4T:5T) kies, kies in 'n nog groter mate T by Kaart 6.

*Here he is in the managers office*

Die respondent identifiseer met die opset. Die respondent neem hier onmiddellik die outoriteitsposisie van die gesagsfiguur in die konstruk waar.

*The manager is showing his employee what to do*

Die ondergeskikte figuur se posisie word onduidelik waargeneem en beskryf. Die populêre reaksie is om die verhouding in rasseterme uit te druk - "White man" teenoor "Black man" eerder as "manager" en "employee" (Kyk Erasmus, 1976 en Minnaar, 1975).

*The one who is sitting down is most important*

Die rasseterme wat populêr gesproke in die reël gebruik word, word weer eens vermy.

*It is an employer and an employee*

Die werkgewer/werknemersopset word waargeneem, eerder as die populêre waarneming "A Black and and a White man".

*He thinks his employee must learn how to do his work*

Die betekenis van die verhouding met die implikasies daarvan word duidelik waargeneem - "must" is klaarblyklik gedwonge.

*And feels he's good because he's able to listen and co-operate on what he is being told*

Die ondergeskikte skyn veral positief te voel oor sy vermoë oor submissiwiteit en konformering.

*The employee is going to see the necessity why he was taught first before he can start with what he was to do*

Die respondent kom submissief in sy verhouding tot sy bogeskikte voor en gewillig om te konformeer met die eise wat aan hom gestel gaan word.

**BESPREKING (KAART 6)**

Die gesagsopset word onbevraagdtekend aanvaar. Dit is opvallend dat die respondent by hierdie konstruk onmiddellik die relasie van oorgeskikte/ondergeskikte waarneem, beskryf, aanvaar en daarmee konformeer.

**KAART 7: SELFBEELD**

**KAARTKEUSE: 7W**

Dit is waarskynlik betekenisvol dat by die selfbeeldkonstruk 'n Westerse keuse gemaak word. Moontlik verklaar dit die "vreemde" W-keuses by kaarte 4W en 6W, soos vooraf gemotiveer. Die respondent streef waarskynlik na die vestiging van 'n Westerse verwysingsraamwerk en selfbeeld.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*The man here is watching himself on a mirror in order to see himself properly and whether he is well dressed*

Daar is 'n sterk behoefte om homself waar te neem in terme van die eie vermoë om effektief te konformeer met die eise wat die (Westerse?) omgewing stel.

*He's watching himself on the mirror*

Die introspektiewe aard van die konsep word waargeneem. "Watching himself" mag dui op sterk selfkritiek - moontlik juis rondom die vraag of hy wel Westers-aanvaarbaar sal wees.

*He see himself and feels happy about it*

Die respondent skyn tevrede te wees met sy eie selfbeeld.

*Where like that and be like that allways*

Dit kom voor asof hy graag te alle tye effektief wil konformeer. Volgens Roskam (1985) is die "slip of the tongue" ("Where") is waarskynlik diagnosties van die respondent se eie onsekerheid rondom die situasie. Roskam (1985) skryf: "The first issue concerns slips of the tongue ... such a conseption does not illucidate their meaning" (p. 214).

*He's going to try to put his feelings into action and consider them*

Daar is 'n behoefte om sy eie gevoelens te beheer in terme van die eise wat die omgewing aan hom stel.

**BESPREKING (KAART 7)**

Daar skyn 'n behoefte te bestaan om effektief te konformeer. Die respondent doen sy introspeksie op 'n selfondersoekende wyse wat daarop gerig is om aan die eise van sy omgewing te voldoen. Daar is die gevoel dat hy wel in staat is om dit te doen. Die behoefte is om aan die eise van 'n Westerse omgewing te voldoen. Die

respondent is waarskynlik onseker hoe om aan hierdie eise te voldoen in sy behoefte om te verwester. Dit is waarskynlik hierdie respondent se primêre probleem. Hoe maak hy die sprong? Hierdie dilemma word ook deur die 3T:5W-verspreiding gereflekteer.

**KAART 8: HETEROSEKSUELE VERHOUDINGE**

**KAARTKEUSE: 8W**

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here the two people are ready to sleep and by then they are still dressing out*

Die respondent neem die opset waar en beskryf dit konkreet.

*The woman is the most important*

Die respondent stel die manlike figuur afhanklik van die vroulike gesag.

*It is a wife and a husband*

Dit is veral opvallend dat hy die man in 'n huweliksopset ondergeskik aan die vroulike gesag stel.

*He thinks he is right for her and feels happy and great to have such a wife*

Die relasie word implisiet in sy seksualiteitsverband waargeneem en ervaar.

*They will just go to sleep happily without a grudge or an argument*

Die respondent vermy in die finale instansie die seksualiteit van die situasie.

**BESPREKING (KAART 8)**

Die konstruk word waargeneem, maar in die finale instansie word die seksuele implikasies ontken. Dit is opvallend dat die man ondergeskik gestel word in die huweliksituasie aan die gesag van die vrou. Dit mag daarop dui dat die respondent

in die algemeen nog afhanlik voel soos uit die kaarte blyk waar hy hom aanvanklik as kind ondergeskik stel aan die gesagsfiguur.

**KAART 9: GROEPSIDENTIFIKASIE**

**KAARTKEUSE: 9W**

Die respondent het in sosiale situasies 'n klaarblyklike behoefte om met Westerse situasies te identifiseer.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here the other person is standing and watching the other ones dancing nicely*

Passiwiteit spreek uit die waarneming van die enkeling as "standing". Daar word egter onmiddellik met die opset geïdentifiseer.

*And he wishes to do that*

Die respondent voel oënskynlik nog onbetrokke by sy sosiale omgewing maar hy het 'n behoefte daaraan om betrokke te raak.

*The person who is standing alone is most important*

Die respondent identifiseer sterk met die enkeling.

*He think that it is a nice thing and they are do it*

Die respondent idealiseer die groepsaktiwiteit en wil graag betrokke daarby raak.

*He feels that he could be dancing together with them*

Die behoefte aan betrokkenheid word sterk geprojekteer.

*They are partners*

Die respondent sien 'n kohesie tussen die lede van die groep.

*The people who are dancing are going to be encouraged when they see the spectators*

Die respondent wil graag deur die groep waargeneem en aanvaar word.

*And also the spectator will enjoy watch*

Die behoefte om betrokke te raak op relatief passiewe wyse by die groep in hierdie stadium word sterk gereflekteer.

**BESPREKING (KAART 9)**

Die respondent skyn uitgesluit te voel by sy sosiale omgewing in hierdie stadium. Daar is oënskynlik sterk behoeftes om wel in hierdie opset opgeneem te word. Die respondent wil oënskynlik aanvanklik op 'n relatief passiewe wyse betrek word by die groep. Hy wil graag die aanvaarding van die groep hê.

**KAART 10: AGGRESSIEKAART**
(Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie)

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*The people here want to fight against one another*

Die aggressiewe implikasies van die situasie word waargeneem.

*The man in uniform is trying to stop them as not to fight*

Die gesagsfiguur as kontrolelement in die geval van aggressiwiteit word op die situasie geprojekteer.

*They want to fight*

Die respondent is bewus van sterk aggressiewe impulse.

*The man in the khaki uniform is the most important*

Die respondent is teen die agtergrond van hierdie sterk aggressiewe impulse bewus van die noodsaaklikheid van sterk kontrolemeganismes.

*He thinks that it is not necessary to fight because it helps not*

Die respondent rasionaliseer die feit dat kontrole oor aggressie moet uitgeoefen word.

*He feels bad about them when they fight*

Die respondent projekteer skuldgevoelens oor sy aggressiewe gevoelens.

*He's going to feel great when he see that the fight is no more going on*

Die respondent probeer op 'n ietwat passiewe wyse beheer oor sy aggressie te kry.

*They are going to see the importance of not fighting*

Die respondent poog om aggressiwiteit deur rasionalisasie te beheer.

*Again they will see the consequences of solving problems without fighting*

Die respondent rasionaliseer uiteindelik sy aggressiewe gevoelens.

**BESPREKING (KAART 10)**

Die respondent is bewus van aggressiewe gevoelens. Hy is ook bewus van die behoefte aan kontrolemeganismes. Die respondent is onseker van die mate waarin hy wel in staat is om sy aggressiewe impulse te beheer. Die aggressiewe impulse word uiteindelik beheer met rasionalisasie.

(b) Tweede toetsing

Aantal W-kaarte gekies: 2

Aantal T-kaarte gekies: 6

Die respondent wat die grootste verskuiwing getoon het vanaf W na T-response by hertoetsing.

**KAART 1: AKKULTURASIEKAART**

(Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie)

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here it show a person who has two choices to make*

Daar word sterk met die situasie geïdentifiseer ("here"). Daar word duidelik waargeneem dat die persoon te staan kom voor 'n keuse ("two choices").

*It is whether to go to an urban area or a rural one*

Die respondent beskryf die keuse waarvoor die persoon in die prent te staan kom, baie duidelik.

*Thinking of which choice to take*

Die persoon word in sy keuse as passief waargeneem ("Thinking" - geen eksterngerigte aktiwiteit).

*Either to go to a rural area or a urban one*

Onsekerheid oor sy keuse tussen tradisionele en Westerse wêreld word weer eens bevestig - "either/or".

*Take it a rightful consideration*

Daar is 'n behoefte om die keuse sinvol te maak ("rightfull").

*He is going to be sure about it and to have confidence*

Hy wil seker wees van sy keuse ("sure").

*The moment will either be joyous or sad*

Daar is duidelike twyfel by die respondent of die keuse negatiewe of positiewe gevolge vir hom sal hê op die emosionele vlak - die konkrete behoefte aan sekerheid bring dus nie emosionele sekerheid nie.

**BESPREKING (KAART 1)**

Die respondent neem die keuse-aspek duidelik waar. Hy identifiseer sterk met die situasie. Hy probeer die situasie ten volle evalueer deur dit vanuit elke moontlike hoek te bekyk en te beoordeel. Hy wil seker wees van sy keuse. Hy wil seker wees dat hy 'n keuse uitoefen wat positiewe gevolge sal hê. In hierdie stadium, is die respondent duidelik nie gereed om die keuse te maak nie en weerhou hom ook dan aan die einde van die storie tot die uitoefening van 'n keuse. Om te kies impliseer dus waarskynlik angs.

**KAART 2: GESINSVERHOUDINGE**

**KAARTKEUSE: 2T**

Die respondent kies by die gesinskonstruk wat deur hierdie persoonlikheidsarea uitgebeeld word die tradisionele kaart wat aandui dat hy nog oorwegend met die tradisionele opset in hierdie verband identifiseer.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here it is the family of four*

Die situasie word konkreet beskryf as 'n gesin van vier. Ook identifiseer die respondent onmiddellik met die opset.

*They are sitting near the fire*

Die konkrete beskrywing word voortgesit. Die warmte van die gesinsverhouding word blykbaar sonder voorbehoud aangevoel.

*It is the mother, father and children and they care very much of each other*

Die warmte van die situasie in terme van die sekuriteit wat dit op die emosionele vlak bied word deur die respondent bevestig.

*The father is the most important person*

Die gesag van die vader in die patriagale Derde Wêreldse opset wat hier ter sprake is, word op 'n konkrete vlak bevestig.

*He feel grateful to have them nearer to him so they can be loved*

Daar is 'n behoefte aan sekerheid deur die fisiese nabyheid van die gesin.

*Father, mother and the children, they are going to be happy*

Die situasie in sy Derde Wêreldverband word sonder voorbehoud aanvaar (die keuse is die T-kaart, naamlik die gesin in die Derde Wêreld- of tradisionele verband).

**BESPREKING (KAART 2)**

Die respondent is duidelik tradisioneel georiënteerd in sy lewensbeskouing. Die respondent neem sy omgewing konkreet-realisties waar. Hy aanvaar die Derde Wêreldverhoudings wat hier uitgebeeld word en vind daar is sekuriteit en emosionele warmte. Hy bevraagteken die situasie in geen opsig nie.

**KAART 3: VADER-SEUNVERHOUDING**

**KAARTKEUSE: 3T**

Die keuse van 'n T-kaart by die respondent is in terme van die responsies op Kaart 1 en 2 wel te verwagte - op Kaart 1 kies hy die tradisionele rigting, op Kaart 2 (Gesin) maak hy 'n T-keuse (tradisionele keuse).

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here the father is teaching his son how to take care of the herd of cattle and what is he*

Identifikasie met die situasie is weer eens sterk. Voorts aanvaar die respondent oënskynlik sonder teenspraak die outoritêre inslag waar die vader gesag oor die seun voer.

*The father is the most important*

Hiermee bevestig die respondent dat die gesagsopset in die Derde Wêreldse patriagale verband sonder voorbehoud deur hom aanvaar word.

*It's father and son*

Die verhouding wat deur die konstruk uitgebeeld word, word sonder voorbehoud waargeneem.

*He feel that the child have to have the skill he have so that he can take off what was his*

Die tradisionele oorerwingsopset word op die konkrete vlak beskryf en aanvaar soos dit bestaan.

*The child is going to see the .... and the child is going to use the potential he has*

Die respondent identifiseer sonder teenspraak met die konvensionele opset in die tradisionele verband.

**BESPREKING (KAART 3)**

Hierdie respondent kom seker voor met betrekking tot die eise wat sy eie Derde Wêreld aan hom stel - "The child is going to see ... the child is going to use ...". Hy aanvaar die gesagstrukture teen die agtergrond van hierdie opset oënskylik sonder teenstand. Hy identifiseer daarmee en vind klaarblyklik emosionele sekerheid - hy gaan sy potensiaal (emosionele komponent) gebruik.

**KAART 4: MOEDER-SEUNVERHOUDING**

**KAARTKEUSE: 4T**

Die keuse van 'n T-kaart by hierdie konstruk sou inderdaad voorspelbaar wees uit die vorige toetsresponsies van die respondent - Gesinskaartkeuse (2T).

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here the picture shows the husband and wife*

Die relasie word weer eens duidelik waargeneem. Daar word sterk daarmee geïdentifiseer.

*They seem to be having a serious discussion*

'n Mate van onsekerheid mag uit die 'seem' spreek. Die situasie is van groot belang vir die respondent (serious). Hy neem interaksie op die vlak van kommunikasie tussen die figure waar.

*Father is the most important*

Die gesag van die man soos dit tradisioneel bestaan, word weer eens onbevraagtekend bevestig.

*It's husband and wife*

Die relasie word duidelik waargeneem.

*He feels he loves her and feel comfortable having her around near him*

Die opset is klaarblyklik bekend aan die respondent as deel van sy leefwêreld en hy aanvaar dit blykbaar sonder teenspraak en onbevraagtekend - "and feel comfortable having her around ...".

*They are going to have a nice time they never had in their lifetime*

Dit is duidelik dat die respondent sekuriteit soek in die situasie - iets wat hy "never" voorheen gehad het nie.

**BESPREKING (KAART 4)**

Die respondent is duidelik tradisioneel georiënteerd. Dit is ook klaarblyklik so dat hy hierdie oriëntasie in geen opsig bevraagteken nie en daarin emosionele sekuriteit vind. Die relasies teen die agtergrond van sodanige verwysingsraamwerk is vir hom duidelik en sekuriteitbiedend.

**KAART 5: HOUDING TEENOOR SWART OUTORITEIT**

**KAARTKEUSE: 5T**

Hier kan weer eens in die lig van die voorafgaande response waarskynlik voorspel word dat die respondent hierdie keuse sou maak - 2T, 3T, 4T en dus 5T ook, want dis die voorafgaande neiging wat deurgaans waar gesagsfigure betrokke is, gevolg is.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here it seems the elder is teaching the young one the skills of defence and how to fight*

Die respondent identifiseer weer onmiddellik met die opset. Daar mag 'n mate van onsekerheid uit die gebruik van die woord 'seems' spreek. Die verhouding word as instrukteur/leerling waargeneem en as sodanig beskryf.

*The elder one is the most important*

Die gesag wat in sodanige opset by die ouer persoon volgens die sanksie van die gemeenskap gestel word, word waargeneem en sodanig beskryf.

*It's father and son*

Die verhouding wat deur die konstruk uitgebeeld word, word duidelik waargeneem.

*He think they have to take lessons that are taken by each and every man around*

Die situasie word in terme van die leerproses wat kenmerkend van sodanige opset is, waargeneem en beskryf.

*The young one is going to use what he has been taught*

Die feit dat die jongeling sanksioneel in die gemeenskap voorgeskryf moet word deur die meer ervare en ouer persoon, word met hierdie responsie bevestig.

**BESPREKING (KAART 5)**

Die outoriteitsopset wat binne die bepaalde leefwêreld geld word waargeneem en sonder twyfel beskryf. Die situasie word onbevraagtekend aanvaar. Dit kom voor asof hierdie respondent met die leefwêreld wat hier uitgebeeld word identifiseer en daarin vertroue het.

**KAART 6: HOUDING TEENOOR BLANKE OUTORITEIT**

**KAARTKEUSE: 6W**

Die keuse van die W-kaart sou hier nie voorspel kon word uit hierdie voorafgaande response nie. Dit is in 'n sin waarskynlik 'n kontradiksie dat hy 'n W-keuse hier sou maak. Eerstens is die T-keuse hier die populêre reaksie. Tweedens het die respondent deurgaans waar outoriteit en gesag betrokke is, tot dusver T-keuses gemaak.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here a employer is a an exployter*

Die situasie word waargeneem en daarmee geïdentifiseer. Daar is opstandigheid teen die opset omdat die Blanke-outoriteitsfiguur as 'n uitbuiter waargeneem word.

*He is intruiting his employer and telling what to do in an urban area*

Hy neem die opset waar as Blank-Westers in 'n Eerste Wêreldopset en toon duidelike tekens van opstandigheid daarteen.

*The employee is the most important*

Die opstand word verder gevoer deur die ondergeskikte die belangrikste persoon in die konstruk te maak.

*The employer and employee*

Die relasie tussen werkgewer en werknemer word eweneens duidelik waargeneem.

*Because without him the employer can never do anything*

Die opstandigheid teen die bogeskikte word waargeneem deur die werkgewer subtiel afhanklik te stel van die werknemer.

*He needs his help and potential*

Die werkgewer word verder subtiel gestraf deur hom afhanklik te hou van die werknemers - hy het inderdaad die ondergeskikte se hulp en vermoë nodig.

*They are going to have success in what they are planning*

Die situasie word oënskynlik verwerk en gerasionaliseer na een waar daar 'n suksesvolle afloop sal wees.

**BESPREKING (KAART 6)**

Die situasie word binne die Eerste Wêreldverband waargeneem. Daar is tekens van opstandigheid teenoor die werkgewer in hierdie opset. Daar kan aanvaar word dat die respondent, alhoewel hy dit nie vermeld nie, die Blank/Swartopset van die konstruk duidelik waarneem en dat dit waarskynlik sy opstandigheid ten grondslag lê. Dit motiveer ook waarskynlik waarom hy hier 'n W-keuse maak omdat hy die opset waarin die Blanke in die konstruk verskyn met die Eerste Wêreld van die stedelike omgewing assosieer. Subtiele opstandigheid teen die Blanke word duidelik gemanifesteer in die responsies van die respondent. Hy verwerk dit egter suksesvol en slaag daarin om dit sodanig te rasionaliseer dat die afloop in belang van albei partye is.

**KAART 7: SELFBEELD**

**KAARTKEUSE: 7T**

In die lig van die eerste 5 kaarte se T-keuses sou dit verwag kon word dat die respondent by die selfbeeldkonstruk 'n T-keuse sou gemaak het, soos hy wel gedoen het.

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here the man watching his image in the mirror*

Die konstruk word baie duidelik in selfbeeldterme waargeneem. Hy identifiseer ook met die konstruk ("Here the man is watching his image ...").

*Or how he looks like*

Die respondent is bewus van die feit dat hy gekonfronteer word met die vraag tot introspeksie.

*The man is in a rural area*

Die respondent projekteer die feit baie duidelik hiermee dat hy homself in 'n Derde Wêreldverband sien.

*He's watching himself*

Die respondent se reaksie dui klaarblyklik op selfwaarneming.

*He feels grateful of himself because of his look*

Die respondent projekteer sy klaarblyklike tevredenheid met sy selfbeeld.

*To look better*

Daar is 'n behoefte om egter steeds te verbeter en te bou aan sy selfbeeld.

*He'll be happy and joyful of himself and his appearance*

Die respondent aanvaar sy selfbeeld sonder enige patologiese elemente.

**BESPREKING (KAART 7)**

Die respondent identifiseer klaarblyklik met 'n selfbeeld in terme van die Derde Wêreld waarin hy hom bevind. Hierdie Derde Wêreld word oorwegend met die landelike geassosieer. In vergelyking met die responsies op kaart 6, sou hier waarskynlik gesê kon word dat hierdie respondent waarskynlik op onderbewustelike vlak 'n onderskeid maak tussen die stedelike wêreld as Blank-Westers en die landelike wêreld as tradisioneel. Die respondent skyn tevrede te wees met sy selfbeeld teen die verwysingsagtergrond van die landelike waarin hy dit plaas.

**KAART 8: HETEROSEKSUELE VERHOUDINGE**

**KAARTKEUSE: 8W**

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here there are two people who are deeply in love and seem to be sharing to what they are suppose to*

Die respondent identifiseer skynbaar sterk met die konstruk van seksualiteit op die kaart op sowel konkrete as emosionele vlak.

*The man is the most important*

Die outoriteitsinslag van die situasie word in terme van die manlike wêreld waargeneem.

*They are lovers for each other*

Die seksualiteit van die situasie word waargeneem en bevestig.

*Because he is the one who is making a lot of love and showing to care after his girl*

Die seksualiteit word sonder voorbehoud beskryf en waargeneem.

*They will either marry or stay the same and develop more love*

'n Mate van onsekerheid word geprojekteer oor die standhoudendheid van die relasie ("either .... or ....").

**BESPREKING (KAART 8)**

Dit is vreemd dat die respondent hier die W-keuse maak gesien sy oorwegende oriëntasie, soos uit die res van die protokol blyk. Hy neem die seksualiteitopset egter sonder enige probleem waar. Daar is aan die einde slegs twyfel oor die langdurigheid van sodanige relasie (".... either marry ..... or develop more love"). As dit bloot om meer liefde gaan, is die band ("marry") afwesig.

**KAART 9: GROEPSIDENTIFIKASIE**

**KAARTKEUSE: 9T**

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here there is a teacher who is teaching young men and women traditional dance*

Die respondent identifiseer sterk met die opset. Hy neem die konkrete aspekte van die konstruk waar, asook die emosionele opset van wat hier aan die gang is.

*The teacher is the most important*

Die outoriteitsopset word waargeneem.

*Because he is delivering the lessons they are needed and that he had been taught in the past*

Die outoriteitsopset word in konkrete en tradisionele terme waargeneem en beskryf.

*They are boys and girls of the same location*

Die gebondenheid van die lede as mense van dieselfde groep en omgewing word in sterk konvensioneel-tradisionele terme gesien en beskryf.

*They are going to be great dancers*

Die respondent neem die opset in terme van sy konkrete werklikhede waar.

**BESPREKING (KAART 9)**

Die respondent se sosiale identifikasie is oorwegend tradisioneel van aard. Die respondent hou by hierdie identifikasie ook by die eise wat sanksioneel deur die omgewing waarmee hy identifiseer gestel word. Hy toon min twyfel oor die konkrete vereistes wat hierdie Derde Wêreld aan hom stel. Die respondent kom seker van homself en van sy inskakeling by sy eie omgewing voor.

**KAART 10: AGGRESSIEKAART**
(Geen keusekaart is by hierdie konstruk beskikbaar nie)

**RESPONSIE-ONTLEDING**

*Here people are fighting and there is a man who is trying to build peace amongst them*

Die respondent identifiseer onmiddellik met die situasie. Hy neem die aggressiewe implikasies van die kaart waar, maar in dieselfde asem projekteer hy kontrolemeganismes op die situasie.

*The man seems to be a policeman*

Die respondent neem die outoriteitsfiguur as 'n polisieman waar, maar is ietwat onseker hieroor.

*They are fighting*

Die aggressiewe implikasies word duidelik beskryf.

*The policeman is the most important*

Die outoriteitsfiguur word as belangrik waargeneem.

*He feel they should stop fighting and think of a better way to solve whatever problem they have*

Die kontrolefunksie van die outoriteitsfiguur word duidelik beskryf.

*He will either have his thought being made or not*

Daar is onsekerheid of hy daarin gaan slaag om die aggressiwiteit te beheer al dan nie.

*He either take the thought of the policeman or not*

Die respondent is onseker of die outoriteitsfiguur daarin gaan slaag om die aggressie te beheer of nie.

**BESPREKING (KAART 10)**

Die respondent mag probleme hê om aggressiewe impulse altyd onder beheer te bring. Die respondent is onseker oor hoe om aggressiewe impulse daadwerklik te beheer. Hy neem aggressiewe implikasies in situasies wel waar en hy is bewus van die feit dat dit beheer behoort te word.